# Die rol van hoop as teologiese konsep binne hedendaagse pastorale sorg

**L du Plooy**

**https://orcid.org/0000-0003-1361-8347**

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae Doctor in Teologie met pastorale studies* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Dr H Yates

Mede-promotor: Prof M Kotzé

Gradeplegtigheid: Junie 2025

## ERKENNINGS

“Daarop het Jesus gesê: Menslik gesproke is dit onmoontlik, maar by God is alles moontlik!” Matteus 19:26

Hierdie studie sou nie moontlik gewees het sonder die genade van God nie. Alle eer en lof aan Hom, wat my die geleentheid gegee het om oor hierdie onderwerp te reflekteer, dit neer te skryf, en dit toe te pas in beide my persoonlike en professionele lewe. Dit is 'n ervaring wat ek vir altyd sal saamneem, in my praktyk en in my verhouding met God. Ek dank Hom vir Sy nabyheid gedurende die studie, vir die leiding van die Heilige Gees en vir die voorreg om deel te kon wees van die verkondiging van Sy Goeie Nuus.

My opregte dank en waardering aan die volgende persone wat my bygestaan het tydens die skryf van hierdie verhandeling:

My man, Len. Ek wil net vir jou sê hoe dankbaar ek is vir al jou ondersteuning en liefde gedurende my studies. Dankie dat jy altyd daar is vir my, selfs wanneer dit moeilik of oorweldigend was. Jou geduld, aanmoediging en geloof in my het my deurgedra wanneer ek getwyfel het. Jy was my rots en ek waardeer jou meer as wat woorde kan sê. Ek weet ek sou dit nie kon doen sonder jou aan my sy nie. Ek waardeer jou opreg!

Aan my familie: Ek wil graag elkeen van julle uit die diepte van my hart bedank vir die ongelooflike ondersteuning en liefde wat julle vir my deur my studies gegee het. Julle aanmoediging, geduld en begrip het my gedra in moeilike tye en my geïnspireer om aan te hou, selfs wanneer dinge moeilik geraak het. Mamma en Pappa, dankie vir al die opofferinge, die wysheid en die geloof wat julle in my gehad het. Marsh, Marieks, Wik, Nak en Melis, julle motivering en geloof in my het my regtig gehelp om deur te druk. Julle is my anker, en ek is oneindig dankbaar dat ek deel is van so 'n liefdevolle en hegte gesin. Julle is vir my 'n groot voorbeeld.

Dr. Hannelie en Prof. Manitza. Ek wil graag my opregte dank uitspreek vir die ongelooflike ondersteuning en leiding wat julle vir my deur die verloop van my studies gegee het. Julle geduld, insig en raad het vir my nie net as akademiese leiding gedien nie, maar ook as bron van motivering en inspirasie. Dankie dat julle altyd tyd gemaak het om my vrae te beantwoord, vir die waardevolle terugvoer en vir die aanmoediging om altyd my beste te lewer. Ek is ongelooflik bevoorreg om onder julle leiding te kon studeer, en ek sal die kennis en wysheid wat ek opgedoen het vir altyd saam met my dra.

**OPSOMMING**

Hierdie studie fokus op die rol van hoop binne hedendaagse pastorale sorg, met die klem op die belangrikheid van hoop as 'n teologiese konsep. Hedendaagse pastoraat funksioneer binne 'n holistiese en sistemiese raamwerk, met 'n interdissiplinêre en span-gebaseerde benadering tot menslike en geestelike gesondheid. Die navorsing ondersoek hoe hoop as 'n pastorale hulpmiddel kan dien, en huidige pastorale praktyke kan rig en motiveer. Dit bring 'n teologiese perspektief op hoop, gewortel in eskatologie, in gesprek met kognitiewe vernuwing en transformasie. Die studie neem 'n teologies-interdissiplinêre benadering en betrek velde soos Sistematiese Teologie, met spesifieke fokus op Eskatologie, en Praktiese Teologie. Die sentrale tesis is dat die teologiese konsep van hoop die grondslag van hedendaagse pastorale sorg kan informeer en versterk, veral in verhouding tot vernuwing en verlossing. Die studie ondersoek in watter mate hoop die vernuwing van kognitiewe denke kan motiveer, soos aanbeveel in Romeine 12:2, en sodoende 'n proses van persoonlike transformasie kan aanmoedig.

**Sleutelkonsepte:** Pastorale sorg; praktiese teologie; hoop; verlossing; holistiese vernuwing; nuutwording

## ABSTRACT

This study focuses on the role of hope within contemporary pastoral care, emphasizing its significance as a theological concept. Modern pastoral practice operates within a holistic and systemic framework, adopting an interdisciplinary and team-based approach to human and spiritual health. The research explores how hope can serve as a pastoral tool, guiding and motivating current pastoral care practices. It brings a theological perspective on hope, rooted in eschatology, into dialogue with cognitive renewal and transformation. The study involves a theologically interdisciplinary approach, engaging with Systematic Theology, particularly Eschatology, and Practical Theology. The central thesis is that the theological concept of hope can inform and strengthen the foundations of contemporary pastoral care, especially in relation to renewal and salvation. It investigates the extent to which hope can motivate the renewal of cognitive thinking, as encouraged in Romans 12:2, leading to personal transformation. The study posits that hope is a critical element in pastoral care, providing the theological foundation for cognitive and spiritual transformation, and enabling individuals to engage with life's challenges through a renewed, faith-based perspective.

**Keywords:** Pastoral care; practical theology**;** hope; salvation; holistic renewal; transformation

## Definiëring van kernkonsepte

### PRAKTIESE TEOLOGIE

Praktiese Teologie word beskryf deur Pieterse (2017:5) as die wetenskaplike bestudering van die kritiese verhouding tussen teorie en praktyk. Pieterse (2017:5) verduidelik dat Praktiese Teologie die geloofshandelinge van mense in diens van die Evangelie bestudeer. Die fokus van Praktiese Teologie is handelinge (Pieterse, 2017:5). Volgens Pieterse (2017:6) bestaan daar drie paradigmas waarvolgens Praktiese Teologie beoefen word. Diakoniologie neem die Bybel as vertrekpunt. ’n Handelingswetenskaplike paradigma plaas fokus op die geloofshandelinge van mense in die lig van die Woord terwyl ’n post-moderne paradigma die verhale/narratiewe van mense as vertrekpunt neem. 'n Paradigma is die wetenskaplike term vir 'n verwysingsraamwerk of 'n vertrekpunt (Pieterse, 2017:6). Praktiese Teologie funksioneer vanuit spesifieke paradigmas. Hierdie drie paradigmas vorm die basis waaruit ’n teorie vir pastorale sorg ontwikkel word.

Volgens Tucker (2021:230) behels die term ‘praktiese teologie’ die verbinding van metodes, navorsing en teologie om bybelse doelwitte na te jaag. Tucker (2021:230) som die definisie van praktiese teologie op as: *“formally speaking, practical theology is a Christian trinitarian enterprise designed to enable God’s work through individuals, the church and in society to extend the influence of His kingdom.”* Tucker (2021:30) brei uit deur te verduidelik dat dit formeel beskryf kan word as 'n sistematiese onderskeid van die praktyk van mense vandag in die lig van 'n Bybelgebaseerde teologie. Daar word gebruik gemaak van 'n multidissiplinêre benadering om te verstaan watter tipe ingrypings en ontwikkeling nodig is deur kerke, regerings en individue om die bou van God se koninkryk te prioritiseer. Transformasie is die doelwit van praktiese teologie (Tucker, 2021:231), dit poog om die lewe van die Christelike gemeenskap en die samelewing waarin dit ingebed is, in 'n post-Christelike en post-Westerse wêreld te vorm (Ballard, *et al*., 2001:11).

### PASTORALE SORG

Pastorale sorg is ’n studieveld van Praktiese Teologie, of anders gestel, ’n sub-dissipline van Praktiese Teologie (Lartey, 1997:21; Louw, 2014b:i).

Volgens Heitink (199390) het die kerkopset in die vroeë jare nie oor ’n pastorale been beskik nie. Die term ‘*theologia pastoralis’* word die eerste keer in die sestiende eeu binne die Katolieke tradisie bekend (Heitink, 1993:90). Heitink (1993:90) beskryf pastorale teologie as die praktiese uitvoering van geloof met die Woord as riglyne.

Van Arkel (2000:142) noem dat die pastorale veld oor die afgelope paar dekades sterk beïnvloed is deur kulturele veranderinge, gemeenskaps- en politieke, kwessies asook ontwikkeling in die teologie en

gedragwetenskappe. Van Arkel se artikel (2000:142) fokus op die nuutste verwikkelings in die hedendaagse pastoraat met inaggenome die agtergrond van die geskiedenis van die pastorale veld van postmoderne kulturele ontwikkeling. Dit wys pastorale teologiese groei in wisselwerking met die (kulturele) ontwikkelings in die samelewing.

McClure (2012269) metaforiseer pastorale sorg as 'n herder wat omsien na die behoeftes van sy skape. Dit beteken dat pastorale beraders hul rol as versorger moet aan neem. Dit beklemtoon die tema van versorging as 'n empatiese besorgdheid oor ander. Pastorale sorg ondersteun mense in hul strewe na spirituele florering deur hulle te help om gesonde spirituele perspektiewe te ontwikkel en toegang te kry tot toepaslike spirituele bronne wat menslike groei en genesing kan bevorder. Mense wat gekonfronteer word met depressiewe gevoelens of gedagtes as gevolg van eksistensiële krisisse kan dit moeilik vind om met hoop te leef. Pastorale sorg is om hoop saam met mense te ontsluit waar die toekoms uitsigloos lyk. Daarom word pastorale versorgers in hedendaagse pastoraat as agente van hoop beskryf. Die taak van agente van hoop is ook om menswaardigheid te bevorder of te herstel. Hoopvolle sorg beteken liefdevolle sorg gegrond in liefde vir mense en gedryf en gemotiveer deur 'n Godsbeskouing van 'n liefdevolle God.

Louw (2014b:i) beskryf die term "pastoraal" as die sorg, heling en genesing wat ontstaan vanuit die geestelike realm. Hy verbind heelheid en menslike gesondheid aan wysheid. Louw (2014b:ii) beskryf pastorale sorg vanuit 'n interdissiplinêre benadering wat die holistiese aard van heling beklemtoon - hy noem dat heling nie beperk word tot die terapie van 'n individu binne 'n formele spreekkamer nie, maar dat die persoon se werklikheid, totaliteit en realiteit in ag geneem moet word. Louw (2014c:48) verduidelik ook dat pastorale sorg meer inhou as bloot goeie kommunikasie- en luistervaardighede. Dit het te make met innerlike genesing en om diegene in nood te ondersteun. Dit behels om hoop, genesing en groei te bring vir diegene wat emosioneel ly (Louw, 2014c:48).

Dreyer (2016:44) fokus op die rol van die narratief om die doel van pastorale sorg te verduidelik. Dreyer (2016:44) noem dat die doel van pastorale sorg is om mense te help om die wêreld daarbuite te vergroot en te herbedink, veral die beperkings van hul onmiddellike situasie. Vanuit 'n sosiale perspektief behels die narratiewe model van pastorale sorg om na die storie van die pastorant te luister en saam 'n toekomsverhaal van hoop te konstruktureer.

Dit is duidelik aan die orde van die bogenoemde definiëring dat daar ontwikkeling van die karakter van pastoraat ondergaan is en steeds voortgaan. Heitink (1993:90) se stelling: *"Situating the origins of practical theology in the nineteenth century may give the impression that praxis was never before in history the object of reflection."*

Die bogenoemde stelling dui daarop dat pastoraat, en breër gesien, praktiese teologie, voortdurend aan verandering en ontwikkeling onderworpe is. Heitink (1993:90) wys daarop dat die oorsprong van praktiese

teologie as 'n gedifferensieerde dissipline in die 19de eeu moontlik die indruk kan skep dat die refleksie oor praxis – die praktyk van geloof en bediening – slegs van daardie era af begin het. Hy wil egter hierdie misverstand uit die weg ruim deur te beklemtoon dat die nadenke oor praxis al lank deel is van die Christelike tradisie.

Hierdie insig is belangrik omdat dit bevestig dat pastoraat deur die eeue beïnvloed is deur verskillende kulturele, sosiale en historiese kontekste. In die vroeë kerk het pastoraat dikwels gefokus op die leiding en begeleiding van gelowiges binne gemeenskappe wat onder druk verkeer het, terwyl die Middeleeue meer gesistematiseerde benaderings tot teologiese refleksie oor die praktyke van die kerk gesien het (Heitink, 1993:90). In die moderne era het die opkoms van sielkunde, filosofie en ander dissiplinêre velde bygedra tot die verdieping en uitbreiding van pastorale sorg (Charry, 2011:283).

Heitink se argument bied 'n waardevolle perspektief: praktiese teologie, en spesifiek pastoraat, is nie staties nie, maar dinamies. Die voortdurende ontwikkeling van pastoraat weerspieël die behoefte om tradisie met kontemporêre insigte te integreer. Die ontwikkeling van pastoraat word in diepte in hoofstuk 2 bespreek.

**HOOP**

Hoop word gevind in die besef dat God bestaan en in beheer is (Capps, 1999:137). Capps (1997:137) verwys na William James se werk oor die sielkunde van geloof wanneer hy sy "*pragmatic method of truth*" voorstel. Deur die metode poog James om die sielkunde van geloof in gesprek te bring met pastorale sorg (Capps,1999:139). Capps (1999:139) verduidelik dat die doel van hierdie metode is om die fondasie van sielkunde van geloof, naamlik hoop, te beklemtoon in pastorale sorg. James se sielkunde van geloof, daag die pastorale veld uit om meer aandag te gee aan sistematiese situasies soos innerlike persoonlike ervarings, veral wanneer die individu homself vind in paniek, verlies of vrees (Capps, 1999:139). Hy wil verder vastel of die fasilitering van hierdie tipe situasies die pastorant kan help om opnuut op God te vertrou en daardeur met hoop en 'n nuwe perspektief te leef.

Louw ondersoek hoop binne die unieke veld van hedendaagse pastoraat in sy artikel *"Cura animarum as hope care: Towards a theology of the resurrection within the human quest for meaning and hope."* Hy poog om 'n eiesoortige karakter aan hoop te heg deur hoop vanuit 'n teologiese, eskatologiese perspektief te benader. Louw (2014a:3), sowel as Moltmann (1995:12) praat van "opstandingshoop". Ook Capps beklemtoon die unieke rol wat hoop aan die veld van pastoraat bied (2001).

Louw (2014a:1) verduidelik dat hoop meer is as bloot positiewe denke of die wens vir 'n beter toekoms. Hoop moet dus nie beskou word as bloot die teenoorgestelde van wanhoop nie (Louw, 2014a:2). Hoop loop parallel met kognitiewe en geestelike vernuwing (Louw, 2014a:1). Hoop skep 'n verwagting, nie net vir 'n beter toekoms hier op aarde nie, maar in die lewe hierna. Eskatologiese hoop beïnvloed die mens se siening

oor lewe na die dood, maar ook oor die hede. Louw (2014a:2) elimineer die idee van hoop as teenmiddel vir angs of negatiwiteit. Hy beklemtoon hoop as nuutmaking in Christus, vernuwing van denke, verskuiwing van perspektief vanaf aardse tydelikhede of lyding na die genade en rus wat God bied. Louw (2014a:2) verduidelik dat hoop dit moontlik maak om te midde van aardse beperkings en realiteit, uit te sien na ’n lewe vry van seer. Hoop getuig daarvan dat die mens hunker na iets groter, dieper en meer permanent. Hoop ontwikkel die mens se gevoel van afhanklikheid van God en beklemtoon daardeur die mens se feilbaarheid. Eskatologiese hoop verduidelik die gevoel van leegheid in die mens, die feit dat die mens nooit ten volle tevrede of vervuld gaan voel hier op aarde nie- ons is nie bedoel om vir altyd hier te wees nie, daarom sal ons nooit ten volle tuis voel nie.

Hoop sorg begelei die pastorant om hom-/haarself as nuwe wese in Christus te aanvaar, om met Goddelike liefde en genade te leef (Louw, 2014a:5). Louw (2014a:1) beskryf hoop sorg as die middel wat die mens toerus en motiveer om nuut te word te midde van lyding. Du Rand (2014:3) verduidelik hoop sorg as vernuwing, hy definieer hoop as die transformering van die hede en noem dat hoop die pastorant opnuut laat kyk na die lewe. Dit plaas die pastorant in ’n “nuwe raamwerk van verstaan” (Du Rand, 2014:3). Capps (1999:139) verwys na William James se “sielkunde van geloof” wanneer hy sy “*pragmatic method of truth*” voorstel. Deur die metode poog hy om die sielkunde van geloof in gesprek te bring met pastorale sorg (Capps, 1999:139). Capps (1999:139) verduidelik dat die doel van hierdie metode is om die fondasie van sielkunde van geloof, naamlik hoop, te beklemtoon in pastorale sorg. Dreyer (2016:653) sluit aan by Louw se definisie van hoop in haar artikel “*Reframing youth: a narrative and the dream of a South African idol*” deur die storie van Lloyd Cele te vertel: sy storie getuig van hoop te midde van lyding. Hoop, soos beskryf deur Louw (2014a), rus individue om lyding te hanteer en 'n proses van vernuwing te ondergaan wat lei tot 'n hersiening van lewensperspektiewe.

# INHOUDSOPGAWE

**ERKENNINGS** ........ ii

**OPSOMMING** ........ iii

**ABSTRACT** ........ iv

**DEFINIËRING VAN KERNKONSEPTE** ........ V

Praktiese Teologie ........ v

PASTORALE SORG ........ v

Hoop ........ vii

**HOOFSTUK 1** ........ 1

**AGTERGROND VAN STUDIE** ........ 1

1.1 Die eiesoortige karakter van hedendaagse pastorale sorg ........ 1

1.2 Hoop as 'n spirituele kategorie binne hedendaagse pastorale sorg ........ 4

1.3 Hoop as teologiese tema ........ 5

1.4 Hoop as vernuwing ........ 8

1.5 Probleemstelling ........ 9

1.6 Navorsingsvraag en subvrae ........ 10

**1.6.1 Navorsingsvraag** ........ 10

**1.6.2 Sub-vrae wat uit die navorsingsvraag ontstaan** ........ 10

1.7 Navorsingsdoel en doelwitte ........ 10

**1.7.1 Navorsingsdoel** ........ 10

**1.7.2 Navorsingsdoelwitte** ........ 11

1.8 Sentraal Teoretiese Argument ........ 11

1.9 Navorsingmetodologie ........ 11

1.10 Etiese oorwegings ........ 13

1.11 Die beoogde bydrae van die studie ........ 13

**HOOFSTUK 2 ........ 14**

**DIE KARAKTER VAN HEDENDAAGSE PASTORAAT. 'N KONTEKSTUELE VERKENNING ........ 14**

2.1 Inleiding ........ 14

2.2. Paradigma skuiwe ........ 15

**2.2.1 Die Primitiewe kerk ........ 16**

**2.2.2 Die era van vervolging ........ 16**

**2.2.3 Die staatskerk na Konstantyn ........ 16**

**2.2.4 Die val van die Romeinse ryk en die verspreiding van die Christendom dwarsoor Europa ........ 16**

**2.2.5 Van die Middeleeue na die Reformasie ........ 17**

**2.2.6 Die Verligting ........ 17**

**2.2.7 Die era van vrywillige en private godsdiens ........ 17**

2.3 Konseptualisering van die verskillende vlakke van hulpverlening ........ 29

**2.3.1 Onderlinge sorg ........ 30**

**2.3.2 Pastorale sorg ........ 30**

**2.3.4 Pastorale berading ........ 32**

**2.3.4 Pastorale terapie ........ 33**

2.4 Die konteks van hedendaagse pastoraat ........ 33

2.5 Die pastorale proses .......... 37
**2.5.1 Die doel van die pastorale proses .......... 37**
**2.5.2 Die sessies .......... 38**
**2.5.3 Integrasieteorie .......... 39**
2.6 Belangrike bronne in die pastorale proses .......... 42
**2.6.1 Die Bybel .......... 42**
**2.6.2 Gebed .......... 44**
**2.6.3 Dogmatiek .......... 46**
2.7 Ondersteuningsisteme .......... 48
**2.7.1 Die gesin .......... 48**
**2.7.2 Die kerk .......... 49**
2.8 Die karakter van hedendaagse pastoraat .......... 49
**2.8.1 'n Multidissiplinêr aanslag tot hedendaagse pastoraat .......... 50**
**2.8.2 'n Interdissiplinêr aanslag tot hedendaagse pastoraat .......... 52**
2.9 Geleenthede vir hedendaagse pastoraat .......... 53
2.10 Samevatting .......... 54
**HOOFSTUK 3 .......... 55**
**HOOP AS TEOLOGIESE KONSEP .......... 55**
3.1 Inleiding .......... 55
3.2 Die teologiese karakter van hoop .......... 57
**3.2.1 Die wisselwerkende verband tussen lyding, verlossing en eskatologiese hoop .......... 59**
3.3 Hoop as 'n spirituele kategorie binne hedendaagse pastoraat .......... 63

3.4 ’n Interdissiplinêre benadering tot hoop ........ 64

3.5 Hoop as genesing en die dryfveer agter vernuwing ........ 73

3.6 Geleenthede vir hoop as teologiese bron in hedendaagse pastoraat ........ 78

3.7 Samevatting ........ 79

**HOOFSTUK 4 ........ 81**

**DIE RELEVANSIE VAN HOOP AS TEOLOGIESE KONSEP VIR HEDENDAAGSE PASTORALE SORG ........ 81**

4.1 Inleiding ........ 81

4.2 Die implikasies van hoop op hedendaagse pastoraat ........ 84

**4.2.1 Christelike spiritualiteit en hoop ........ 84**

**4.2.1.1 Spirituele heling, florering en hoop ........ 85**

**4.2.2 Verlossing en hoop ........ 88**

**4.2.3 Vergifnis van sonde ........ 89**

**4.2.4 Verlossing en die herstel van die verhouding met God ........ 92**

**4.2.5 ’n Nuwe identiteit in God ........ 99**

**4.2.6 Geluk ........ 103**

**4.2.7 Vernuwing ........ 106**

**4.2.8 Die rol van neuroplastisiteit op vernuwing ........ 116**

4.3 SAMEVATTING ........ 119

**HOOFSTUK 5 ........ 122**

**‘N PASTORALE RAAMWERK VIR HOOP AS TEOLOGIESE KONSEP ........ 122**

5.1 Inleiding ........ 122

5.2 Pastorale raamwerk vir hoop en vernuwing ........................................................................ 122

5.3 Praktiese riglyne ................................................................................................................... 129

**HOOFSTUK 6** ................................................................................................................ **133**

**BEVINDINGS EN AANBEVELINGS** ................................................................................ **133**

6.1 Inleiding ................................................................................................................................ 133

6.2. Algemene resultate met betrekking tot die navorsingsdoelwit en die studie se objektiewe ................................................................................................................................ 133

6.3 Bydrae van die studie tot die veld van Teologie ................................................................. 142

6.4 Voorstelle vir verdere studies ............................................................................................. 143

**1. Die rol van hoop in verskillende pastorale kontekste** ................................................ **143**

**2. Die effektiwiteit van 'n hoop-gebaseerde pastoraat in praktiese toepassing** ............ **143**

**3. Die impak van gemeenskapsbetrokkenheid op hoop en vernuwing** ........................ **143**

**4. Kognitiewe vernuwing en hoop: 'n interdissiplinêre benadering** .............................. **143**

**5. Verlossing en trauma: Pastorale sorg vir trauma** ...................................................... **144**

**6. Vernuwing van geestelike praktyke binne die pastorale konteks** ............................. **144**

**7. Die betekenis van eskatologiese hoop in pastorale sorg** ........................................... **144**

6.6 Slot ....................................................................................................................................... 144

**BRONNELYS** .................................................................................................................. **146**

**ADDENDUM A** ................................................................................................................ **155**

# HOOFSTUK 1

# Agtergrond van studie

### 1.1 DIE EIESOORTIGE KARAKTER VAN HEDENDAAGSE PASTORALE SORG

Die term "pastoraal" in pastorale sorg is afgelei vanaf die Latynse woord *Pastorem* wat 'herder' beteken en daarop dui om in kwesbare mense se behoeftes te voorsien (McClure, 2012:269). Pastorale sorg se fondasie is omgee vir jou medemens gegrond op God se medelye en deernis met mense (Louw 2014c:50). Pastorale sorg is om Goddelike liefde aan ander sigbaar te maak deur dit te beliggaam. Volgens Collins (2005:3) probeer pastorale sorg om bemoediging en leiding te verskaf aan mense wat verliese, besluite of teleurstellings in die gesig staar. Louw (2014b:iii) verduidelik verder dat pastorale sorg die pastorant toerus om toepaslike hanteringsmeganismes te ontwikkel as hulpbron tydens moeilike uitdagings. Pastorale sorg stimuleer persoonlike groei asook ontwikkeling. Dit help met die hantering van probleme, innerlike konflik en om verlammende emosies doeltreffend te hanteer (Collins, 2005:10). Die pastorale versorger poog om as mediator in mense se verhouding met God op te tree sodat verlossing en genesing by God gevind kan word. Louw (2014b:iii) steun die stelling van Collins deur te verduidelik dat 'n Christen versorger moet intree vir die pastorant, dit is die rol van die versorger om die pastorant te lei na God. Dit is ook nodig dat die versorger soos 'n skaapwagter moet wees en moet omsien na God se skape met sensitiwiteit en opregtheid. Hy vergelyk die versorger met 'n dienskneg wat moet omsien na die gelowiges se emosionele wonde en diensbaar moet wees.

Van Arkel (2000:162) is van mening dat pastorale sorg binne die gemeente gebou is op bemagtiging van die lidmate. Hy verduidelik dat om hulp te verleen aan lidmate meer vaardighede vereis as onderlinge sorg. Bezuidenhout (2015:119) definieer ook pastorale sorg as die bemagtiging van lidmate. Dit beteken om hul die nodige vaardighede aan te leer om in hul eie lewens te groei tot heelheid van elke faset van hul menswees, meer spesifiek, in die besonder 'n versterkte bewuswees van God in elke faset van hierdie menswees (Bezuidenhout, 2015:119). Pastorale sorg is om leiding te bied aan die gebrokene na heelheid onder die leiding van die Heilige Gees. Louw (2014b:iii) sluit aan by Bezuidenhout se stelling deur te verduidelik dat pastorale sorg die pastorant toerus om toepaslike hanteringsmeganismes te ontwikkel as hulpbron tydens moeilike uitdagings. Deur die pastorant toe te rus met die nodige vaardighede vir krisishantering, groei die pastorant spiritueel en geestelik. Dit bemagtig dus die pastorant en dra by tot florering van die mens.

Versorging stimuleer persoonlike groei asook ontwikkeling (Collins, 2005:3), wat aansluit by menslike vooruitgang en wat hoop tot gevolg het. Louw (2014b:ii) ondersteun hierdie stelling van Collins deur te verduidelik dat pastorale sorg menswaardigheid bevorder en die pastorant help om 'n florerende en geestelike siening vir die lewe te ontwikkel. Dit help met die oplossing van probleme, innerlike konflik en om pynlike emosies doeltreffend te hanteer.

Louw (2014b:iv) beskryf die rol van pastorale versorging as ’n middel om gelowiges toe te rus om te midde van lyding met hoop en betekenis te leef. Pastorale versorging is om hoop te vestig sodat geloof 'n volhoubare bron van mense se hanteringsmeganismes kan word (Louw, 2014b:iv). Dit is om met deernis en liefde vir die gelowige ’n plek van veiligheid te bied, waar hulle hul emosies en uitdagings voor God kan neerlê (Louw, 2014b:iv). Volgens Louw (2014b:iv), is dit die versorger se plig om die Woord van God bekend te maak aan die gelowige sodat die gelowige blootgestel sal word aan God se beloftes wat hoop sal vestig in hul lewens. Louw (2014b:iv) som op deur te sê dat pastorale sorg mense toerus en bemagtig om sinvol en met hoop te leef. Capps beklemtoon ook die unieke rol wat pastors as agente van hoop speel; terwyl ander rolspeler ook hoop bied as ’n byproduk, is hoop sentraal tot die taak van die pastor en pastorale versorger (2001:1).

Pastoraat is ’n teologiese dissipline wat gerig is op die versorging van mense se spiritualiteit en wat gemotiveer en gerig word deur normatiewe hulpbronne in die Christelike geloof (Dreyer, 2003:716). Volgens Dillen (2017:3) is pastorale sorg daarop gemik om mense in geheel te versorg, met ‘n spesifieke fokus op die spirituele elemente waarvoor pastorale versorgers opgelei word. Louw (2014b:ii) verbind versorging, genesing en heling. Louw (2014b:ii) verduidelik verder dat pastorale sorg hoofsaaklik gebou is op simpatie en besorgdheid oor die lyding van ander. Dit fokus op die kwesbaarheid van mense (Louw, 2014b:ii). Louw (2014b:ii) verduidelik dat pastorale versorging verder gaan as bloot die erkenning van kwesbaarheid, maar dat dit binne die konteks van lyding, menswaardigheid verbeter en spirituele ontwikkeling wil meebring, wat die gelowige instaatstel om met hoop te leef temidde van lyding. Louw (2014b:v) noem dat heling ‘n gevolg van versorging is. Hy verduidelik deur uit te brei oor die doel van genesing en hoe dit die herstel van ‘n verlies impliseer en 'n soeke na integrasie en identiteit beklemtoon. Dit is om te vind wat verlore gegaan het of om nuwe hanteringsmeganismes te ontwikkel, of om bestaande konsepte en idees te herformuleer. Volgens Louw (2014b:v) is versorging ‘n holistiese en omvattende benadering tot genesing wat insluit: fisiese, sielkundige, relasionele, kontekstuele en geestelike genesing – wat die uniekheid van hedendaagse pastoraat beklemtoon.

Capps het reeds in 1997 begin werk aan die konsep van multi-dissiplinêre hulpverlening: *"Grounds for an alliance between psychology of religion and pastoral care clearly exist, both, for example, share a fundamental interest in personal transformation and integration"* (Capps, 1997:139). Hy poog om die veld verder uit te brei deur die konsep van “psychology of religion“. Capps berus sy navorsing op die werk van William James. William James praat van die sielkunde van geloof wanneer hy sy “*pragmatic method of truth*” voorstel. Deur die metode poog hy om die sielkunde van geloof, waarvan hoop die fondasie is, in gesprek te bring met pastorale sorg (Capps, 1997:139). Capps (1997:139) verduidelik dat die doel van hierdie metode is om die fondasie van sielkunde van geloof, naamlik hoop, te beklemtoon in pastorale sorg.

Louw (2014c:47) sluit aan by die werk van Capps: Hedendaagse pastoraat[1] word gekenmerk deur die interdissiplinêre aanslag daarvan (Louw, 2014c:47). Al meer erkenning word verleen aan die wete dat die mens kompleks is. So ook is eksistensiële en sosiale vraagstukke waarmee mense gekonfronteer word kompleks. Komplekse vraagstukke in pastoraat vereis 'n interdissiplinêre benadering waarin verskeie teologiese velde geïntegreer word. Hierdie aanslag stel pastoraat in staat om deur uiteenlopende perspektiewe en insigte gevoed te word, wat bydra tot die ontwikkeling van omvattende en toepaslike oplossings. Die bogenoemde stelling verduidelik die konteks van hedendaagse pastoraat en die holistiese karakter daarvan. Probleme en uitdagings waarmee mense en gemeenskappe gekonfronteer word, is dus sistemies van aard. Dit vra vir 'n inklusiewe, holistiese en interdissiplinêre benaderinge. Die unieke en kenmerkende bydrae wat pastorale berading bied tot versorging van pastorante, in 'n interdissiplinêre konteks van hulpverlening, is om vanuit 'n teologiese perspektief hulp te verleen binne 'n ondersteunende en koesterende omgewing terwyl die totaliteit van die mens in gedagte gehou word. Dit fokus op die emosionele, fisiese en geestelike behoeftes van die pastorant. Dit behels nie net die dogmatiese verheldering van verlossing nie, maar spesifiek om die teologiese konsep van hoop, wat verhelder word vanuit 'n dieper dogmatiese begronding as wat gewoonlik in pastorale studies gedoen word, en dat die nis-bydrae van die studie daarin lê. Dit tree dus as deel van die interpratiewe taak in gesprek met dogmatiese bronne oor hoop.

Hedendaagse pastoraat funksioneer met 'n holistiese en sistemiese gerigtheid en volgens 'n span benadering in die interdissiplinêre veld van menslike gesondheid en heling (Louw, 2014c:49). In hierdie dinamiese konteks van hulpverlening is voortdurende nadenke nodig oor wat tot die kern van die eiesoortigheid en uniekheid van 'n pastorale bydrae lê. In hedendaagse pastoraat word die teologiese karakter van pastoraat al meer onder die soeklig geplaas.

Die einddoel van pastoraat is om te verseker dat genesing en vernuwing, nie net by individue plaasgevind het nie, maar ook op strukturele vlak (Lartey, 1997:21). Pastoraat se ondersteuning van voortdurende lewensverandering – 'n vernuwing in gees en verhouding met God wat sigbaar word op private en publieke domeine van lewe en wat geïnformeer word deur God se verlossingswerk, kan beskou word as 'n geleentheid vir die verdere ontwikkeling van hedendaagse pastorale diskoers en praktyk.

Louw (2014c:48) verduidelik dat die teologiese karakter van pastorale sorg die interpretasie van die sorg en vertroosting van God binne die konteks van die lewe in die mens se blootstelling aan moeilike eksistensiële

[1] Hedendaagse pastoraat, volgens Louw (2014), behels 'n benadering tot pastorale sorg wat die unieke teologiese karakter daarvan beklemtoon. Hy beklemtoon die belangrikheid van 'n pastorale hermeneutiek wat die interpretasie van metaforiese taal in die Bybel insluit, wat die dieper betekenis van pastorale sorg en berading bevorder. Hierdie benadering fokus op die holistiese sorg vir die individu, wat nie net die emosionele en geestelike behoeftes aanspreek nie, maar ook die fisieke en sosiale dimensies van welstand. Deur 'n integrale en interkulturele perspektief te handhaaf, poog hedendaagse pastoraat om mense in hul geheel te ondersteun en te lei na 'n meer vervulde en betekenisvolle lewe.

realiteite soos die dood, lyding, siekte en pyn is. Louw (2014b:ii) beklemtoon dat die kern van pastorale sorg omgee, heling en genesing is, met die primêre doel om troos te bied aan diegene wat deur swaarkry of uitdagings gaan. "Sorg gaan fundamenteel oor deernis" (Louw, 2014b:ii). Dit fokus op die kwesbaarheid van mense. Louw (2014a:ii) gaan verder deur te verduidelik dat sorg menswaardigheid wil verbeter en nuutwording wil motiveer in die konteks van menslike swaarkry. In hierdie proses ontstaan vrae soos: hoe kan hoopsorg binne die pastoraat optree as instrument in die ontwikkeling van nuwe denke/denkwyses en geestelike groei? Hoe sal hoopsorg die pastorant motiveer om 'n nuwe perspektief op lyding te ontwikkel deur middel van die opstanding van Jesus Christus en die verlossingsbeloftes van God? Hoe kan hoopsorg, binne die konteks van pastorale sorg, die pastorant ondersteun, heling en troos bied, maar verder ook groei en vernuwing veroorsaak?

### 1.2 HOOP AS 'n SPIRITUELE KATEGORIE BINNE HEDENDAAGSE PASTORALE SORG

Louw (2014a:2) ondersoek hoop as pastorale middel en noem dat hoop nie bloot 'n positiewe gemoed en uitkyk teenoor eksistensiële krisisse is nie. Hy (Louw, 2014a:2) noem dat die mens 'n natuurlike verlange het na iets groter. Hoop verbind daardie verlange met uitsien na die toekoms en die ontmoeting met God, nie net in die lewe hierna nie, maar ook in die hede (Louw, 2014a:2). Positiwiteit of positiewe denke sal nie lyding of seer elimineer nie. Hoop bied meer as bloot 'n optimistiese uitkyk op die lewe. Hoop bring 'n hernude perspektief op lyding, met die wete dat God in beheer is en 'n doel het met elke lewe (insluitend lyding), soos beloof in Jeremia 29:11. Louw se mening sluit ook aan by die stelling van Capps. Capps (1997:143) verbind hoop aan spiritualiteit deur die stelling: "Materialisme beteken bloot die ontkenning dat die morele orde ewig is, en die afsny van uiteindelike hoop; Spiritualisme beteken die bevestiging van 'n ewige morele orde en die loslaat van hoop." Louw (2014a:2) noem dat hoop 'n spirituele kategorie is. Spiritualiteit is inherent deel van die mens in totaliteit (Erickson, 1994:147). Spirituele ontwikkeling dui op 'n verdieping of verryking van die bewustheid van die transendente en die relasionele verwantskap tot ander, die self en die wêreld.

Dit verteenwoordig 'n diep hunkering na sin en doel, gekoppel met die wete dat die mens tog konkreet hier en nou in die hede, die wêreld waarin hy/sy leef, wil en kan behoort (Van Rooyen, 2010: 57).

> Christelike "[s]piritualiteit sluit die verstaan van God in (die impak van Godsbeelde op die interpretasie van lewensgebeurtenisse); die invloed van norme en waardes op houdings en lewenstyle; die menslike soeke na betekenis en doelgerigtheid; die kontekstuele faktore van kultuur en ritueel; die paradigmatiese gebied van geloofstelsels en godsdienstige belydenisse asook prosesse van konseptualisering oor die doel van die lewe (Louw, 2014b:ii-iii).

Louw (2014a:2) koppel die basis van Christelike spiritualiteit, binne die konteks van hoop as versorging, aan God se onvoorwaardelike liefde en verwys na "opstandingshoop" (Louw 2014a:3). Volgens Louw (2014a:3)

beteken dit dat hoop nie toestemming gee tot passiwiteit nie, maar dat dit eerder transformasie meebring. Louw (2014a:5) verduidelik dat hoop nie bloot die teenmiddel vir angs is nie, maar dat hoop, binne 'n Christelike spirituele konteks, handel oor hoop ten spyte van angs. Louw se stelling sluit aan by die werk van Tucker wat noem dat die doel van praktiese teologie (waarvan Pastorale sorg 'n sub-dissipline is) transformasie is. Tucker (2021:230) verduidelik dat praktiese teologie die bevordering van geloof in aksie meebring. Dit beteken dat die waarhede wat die Woord van getuig steeds op toepassing is in die lewe in die hede, en daarom kan gelowiges met hoop leef- te midde van lyding.

Louw (2014a:3) haal die volgende stelling van Guthrie (1981:390) aan: "*the resurrection is not only important for the theme of hope, but it also has Christological signifiance."* Louw (2014a:4) brei uit oor die stelling deur te verduidelik dat die opstanding van Christus gepaard gaan met lyding; die twee temas staan in verhouding met mekaar. Louw (2014a:4) verduidelik dat die opstanding nie die lyding minag nie, maar dat die opstanding 'n hoopvolle perspektief op lyding plaas. Louw (2014a:5) verduidelik ook dat gelowiges nie hoop omdat hulle angstig is oor die toekoms nie, maar dat hulle kan hoop ten spyte van angs en lyding. Die oorwinning van Christus oor die dood is die fondasie van Christelike hoop.

In Du Rand se artikel *"Die Christelike hoop- 'n Bybelse eskatologiese belydenis? Deel 2: Teologiese besinning: Wat beteken die Christelike hoop?"* ondersoek hy die volgende vrae:

1. "Het hoop 'n verdiende hermeneutiese plek in na-Bybelse teologie en filosofiese denke?"
2. "Wat is die rol en funksie van hoop in teologiese en eskatologiese besinning?"
3. "Het die dominasie van Bybelse hoop na die teologiese eskatologie en apokaliptiek deurgefilter?"

Die bogenoemde vrae van Du Rand (2014:1) lei die ondersoek oor hoop as 'n teologiese tema. Volgens Du Rand (2014:2) vind hoop sy oorsprong in die geskiedenis en tydlyn van die begin van aardse bestaan. Du Rand (2014:2) verduidelik verder dat hoop moontlik is as gevolg van God se verlossingsdade regdeur die waarheid van Sy Woord en historiese tydlyn. Hoop is verder moontlik deur die besef dat God se verlossingsdade 'n toekomsverwagting inhou waar gelowiges vir ewig verlos gaan word van aardse tydelikhede en lyding (Du Rand, 2014:2). Hoop is dus geanker in God se verlossing deur die dood en opstanding van Jesus Christus (Du Rand, 2014:2). Volgens Du Rand (2014:2) berus hoop op die vervulling van God se beloftes, met klem op God se belofte om "die skepping tot volmaakte vervulling in 'n Goddelike ewigheid te bring." (1 Korintiërs 15:28).

## 1.3 HOOP AS TEOLOGIESE TEMA

Du Rand (2014:2) noem dat ewige, Bybelse eskatologiese hoop meer in hou as net die hoop vir 'n beter toekoms. Dit verwys na die hoop van God se beloofde toekoms, na die ewige einddoel, hy steun sy argument deur Openbaring 21:5 wat lees: "Kyk, Ek maak alles nuut". Hy interpreteer die bogenoemde vers

dat Christelike hoop nie bloot handel oor die 'laaste dinge' hier op aarde nie, maar ook oor dit wat God daarna belowe (Du Rand, 2014:2).

Alhoewel hoop sy oorsprong in geskiedenis het en ook toekoms-gesentreerd is, is hoop vir die nou, die hede, ook bestem. Eskatologiese hoop skep 'n verwagting dat die hede 'n groter doel inhou, dat dit deel is van 'n groter plan. Hoop motiveer die mens om hul identiteit in God te vestig omdat dit die mens se perspektief herfokus op die Bybelse gebeure van eskatologiese hoop (Du Rand, 2014:2). Du Rand (2014:2) koppel hoop aan 'n kosmiese betekenis deur die belofte van 'n nuwe Jerusalem en verduidelik dat dié nuwe skepping 'n eskatologiese realiteit is. Dit beïnvloed nie net die pastorant se toekoms nie, maar ook hede. Du Rand (2014:2) verduidelik verder deur te noem dat gelowiges wat hul hoop in God stel, deelneem aan God se groter plan vir die mensdom, reeds hier op aarde. Dit is, volgens Du Rand (2014:2), nie net 'n verandering in gedrag nie, maar ook om te lewe met die oog op God se toekomsplan. Christelike hoop is om te leef volgens God se opdrag met die einddoel in gedagte (Du Rand, 2014:2). Du Rand (2014:3) verduidelik sy bogenoemde stelling deur te sê dat hoop die pastorant se hede transformeer. Hoop is nie net beperk tot die toekoms nie, maar beïnvloed die gelowige se 'nou': "Die eskatologiese hoop is besig om die hede te transformeer" (Du Rand, 2014:3). Hoop lê daarin opgesluit om God te vertrou vir die hede en die uiteindelike toekoms met die wete dat God alreeds voorsien het (Du Rand, 2014:3).

Hoop verdiep die pastorant se geloof in die sin dat die gelowige nie op hom-/haarself staatmaak nie, maar op God (Du Rand, 2014:3). Die Heilige Gees word deur God vir die pastorant gegee om verseker te weet dat gelowiges nie alleen is nie. Eskatologiese hoop dra die pastorant deur moeilike krisisse (Du Rand, 2014:4). Die Heilige Gees gee aan die gelowige die "nuutwording" wat 'n gevolg is van hoop (Du Rand, 2014:3). "Dit is deur die Heilige Gees wat die vlam van eskatologiese hoop brandend hou" (Du Rand, 2014:4).

Hoop as teologiese tema berus dus in die opwekking van Jesus Christus uit die dood, die wederkoms van Christus, die oorwinning van die Antichris, die opwekking uit die dood, die finale oordeel, die bruilofsfees en die volkome erkenning van die koningskap van God; die koms van die Nuwe Jerusalem (Du Rand, 2014:3). Louw (2014a:2) steun die bogenoemde stellings van Du Rand deur 1 Korintiërs 15:17 aan te haal wat lees dat die fondasie van Bybelse hoop is dat as Christus nie opgewek is nie, is geloof nutteloos.

Hoop is dus om op God se verlossingsbeloftes en ewigheidsplan te vertrou, om die geskiedenis daar agter te erken en om uit te sien na die toekoms daarvan (Du Rand, 2014:7).

Verlossingsleer, die toepassing van die werk van Christus op menslike lewe, staan in Dogmatiek bekend as soteriologie. Soteriologie is die studie van godsdienstige leringe van verlossing (Charry, 1993:276). Die aanvang van verlossing bestaan uit roeping, bekering, en wedergeboorte (die subjektiewe aspekte) (Erickson, 2013:485) en die eenheid met Christus, regverdiging en aanneming (die objektiewe aspekte)

(Erickson, 2013:485). Die voortsetting en voltooiing van verlossing behels heiliging, volharding en verheerliking (Erickson, 2013:487). Aangesien die voortsetting van verlossing handel oor die proses waardeur die pastorant na die beeld van Christus vernuwe en verander word, is verlossing ook 'n belangrike tema vir Praktiese Teologie, en in besonder ook vir die Pastoraat.

Verlossing is 'n dogmatiese hulpbron van pastorale sorg (Charry, 2007:247). Dit is 'n hulpbron wat pastorante help tot genesing in die sin dat dit van hoop getuig. Die navorsing fokus op die invloed van hoop en die rol van hoop as middel van verlossing op die hedendaagse pastoraat. Louw (2014c:68) beskou verlossing as 'n simbool, beginsel en funksie van die pastoraat wat saam met die konsep "Godsbeeld van Verlosser" gaan. Die effek en impak wat hierdie Godsbeeld en simbool in die pastoraat op 'n persoon se gesindheid kan hê is troos, sekuriteit, hoop, heelheid, heling en vergifnis. Louw (2014a:2) noem ook dat hoop as verlossing vir die nou kan optree. Hoop en verlossing is nou verweef binne die konteks van hedendaagse pastoraat. Verlossing bied die fondament waarop hoop gevestig is, terwyl hoop die pastorant inspireer om die werklikheid van verlossing in Christus aan te gryp. Hierdie wisselwerking gee betekenis en doel aan die pastorale proses deur die fokus op geestelike groei, genesing en die herstel van 'n lewensverhouding met God te vestig. Soteriologie bespreek hoe Christus se dood die verlossing verseker van diegene wat glo- wat hoop vir die nou en toekoms bevestig. Keathley (2004:3) verduidelik dat die term verlossing omvat die totale werk van God waardeur Hy die mens red van die verwoesting, straf en krag van sonde. Dit beklemtoon God se mag, die rykdom van Sy genade, voorsiening vir oorvloedige lewe nou en die ewige heerlikheid (Efesiërs 1:3-8; 2:4-10; 1 Petrus 1:3-5; Johannes 3:16, 36; 10:10). Charry (2004a:23) noem dat Christelike geloof die basis vorm vir enige gelowige se soeke na identiteit. Om verlos te word beteken om 'n nuwe identiteit in Christus te vind en om in verhouding met God te tree. Om met hoop te leef beteken om met nuwe betekenis te leef en om 'n ewigheidsdoel te hê, soos om saam God te leef in die lewe hierna en ook in die hede. As die persoon 'n nuwe identiteit in Christus vorm (spirituele ontwikkeling) en Hom leer ken, sal hul verlossing en uiteindelik hoop ervaar. Verlossing bring hoop vir die nou en die toekoms (Charry, 2004b:294).

Hoop verteenwoordig 'n diep hunkering na sin en doel, gekoppel met die wete dat die mens tog konkreet hier en nou in die hede, die wêreld waarin hy/sy leef, wil en kan behoort (Louw, 2014a:2). Pastorale versorging is ook om hoop te bied waar die toekoms uitsigloos lyk. Hoop is 'n baie belangrike implikasie van verlossing en sluit aan by Charry se verduideliking dat verlossing menslike geluk voortbring wat hoop vir die nou en toekoms moontlik maak. Dit is belangrik vir die Christen gelowige om te weet dat verlossing vir die hier en nou is en nie net bedoel is vir "eendag in die toekoms" nie.

Om verlos te wees, is om vergewe te wees, geheilig, vrygespreek, vry, aangeneem en versoen te wees (sien ook Psalm 130:7-8, Lukas 2:38 en Handelinge 20:28). Om verlos te word deur God, beteken om Hom te ken en Hom bekend te maak deur jou lewe en jou lewensverhaal (Charry, 1997:18). God word geken

deur die ervaring van Sy genade, soos dit in die Bybel vervat is; hierdie besef bring hoop. In hoop is die mens gered, beide vir die hede en die toekoms (Romeine 8:24).

Charry (1993:103) sluit aan by die bogenoemde stelling deur te sê dat verlossing beteken om gered te wees in die hede en vir die toekoms. Dit beteken dat alhoewel die wederkoms van Christus diefinale verlossing bring, kan die mens nou al hier op aarde 'n gelukkige en florerende lewe saam met God kan hê (Charry, 2004a:20). Verlossing, in die hedendaagse pastoraat, lei die pastorant om 'n gelukkige en florerende lewe saam met God te leef. Dit bied riglyne oor hoe om jou nuwe identiteit in God te vestig. Dit is om ten spyte van lyding, met hoop te kan leef.

Louw (2014a:1) ondersoek die verband tussen hoop en die opstanding van Jesus. Hy ondersoek die betekenis van hoop in Christelike spiritualiteit en hoe dit verband hou met die opstanding. Louw (2014a:1) noem dat opstandingsleer hoop definieer as nuutwording. Hy steun die stelling deur 1 Korintiërs 15:17: "En as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof waardeloos en is julle nog vasgevang in julle sondes."

### 1.4 HOOP AS VERNUWING

Tydens die proses van nuutwording ondergaan die mens 'n reeks diepgaande veranderinge wat beide interne en eksterne aspekte van hul bestaan raak. Dit behels nie net die aanleer van nuwe kognitiewe denke nie, maar ook die transformasie van die mens se ingesteldheid en wêreldbeskouing. Hierdie proses help 'n mens om 'n vars uitkyk op die lewe, lyding en hul rol in die wêreld te ontwikkel. Lyding, wat vroeër as oorweldigend of betekenisloos beskou kon word, word gesien as 'n geleentheid vir groei en verdieping in geloof (Louw, 2014a:1).

Verder kan hierdie innerlike transformasie tot praktiese gedragsverandering lei. Dit sluit in hoe 'n mens hulself in verhouding tot ander en tot God sien, sowel as hul hantering van uitdagings en konflik. Nuutwording is dus nie net 'n intellektuele proses nie, maar beïnvloed die mens in totaliteit – denkpatrone, emosies, wil en optrede – en motiveer 'n lewe wat geanker is in hoop, geloof en die genade van God.

Louw (2014a:2) ondersoek verder die bydrae van 'n eskatologiese begrip van die toekoms tot vernuwing en gesondheid. Hy vra verder of dit moontlik is om hoop aan versorging, verandering en genesing te koppel? (Louw, 2014a:2). Louw (2014a:2) ondersoek ook die unieke eienskappe van hoop binne die Christelike tradisie. Hy bevraagteken of hoop bloot handel op emosionele vlak, m.a.w. die impak van hoop as 'n teenmiddel vir negatiewe gemoed? Louw (2014a:2) ondersoek verder die uniekheid van hoop deur vas te stel of hoop bloot die wens vir 'n beter toekoms is, en haal die werk van D. Augsburger aan wat die wese van versorging opsom: *"the purpose of counselling is threefold: choice, change and clarity*". Louw (2014a:4) noem dat teologie die ontwikkeling van 'n nuwe konseptuele, emosionele en geestelike uitkyk met betrekking tot situasies wat ervaar word, behels. Hy verduidelik verder deur spesifiek te fokus op die opstandingsleer: *"Resurrection hope does not lead to neutral passivity but is in essence transformative."* Guthrie (1981:390)

sluit aan by Louw se siening deur te verduidelik dat die opstanding nie bloot belangrik is vir die tema van hoop nie, maar dat dit die leer van God, die verstaan en werk van God insluit. Louw (2014a:4) verduidelik die werk van Guthrie verder deur te sê dat die opstanding en lyding nie geskei kan word nie. Die opstanding gee hoop vir die lydingstyd. Moltmann (1995:12) praat van "opstandingshoop."

Aangesien die opstanding nie net oor 'n nuwe perspektief gaan nie, maar as 'n historiese werklikheid beskou moet word, kan dit gevolge inhou vir hoop (Louw, 2014a:4). Dit is dus belangrik om die fondasie van hoop in die historiese gebeure van God se beloftes te grond. Daardeur bring die opstanding hoop vir die toekoms, maar ook vir die nou (Louw, 2014a:4). Louw kan spesifiek genoem word as 'n pastorale teoloog wat hoop as 'n teologiese konsep ernstig opneem, soos blyk uit die 2015 publikasie wat hierbo genoem is. Dit is egter merkwaardig dat, hoewel Louw dikwels na Moltmann se werk verwys, hy nie verwys na ander prominente Sistematiese Teoloë wat oor hoop skryf nie, soos byvoorbeeld Pannenberg.

Die teologiese verstaan van hoop kan dus 'n direkte verband hê met die manier waarop daar met die modus en inhoud van die pastoraat in diskoers en praktyk omgegaan word. Die fokus van die studie is nie net op die dogmatiese verheldering van verlossing nie, maar veral op die teologiese konsep van hoop, wat vanuit 'n dieper dogmatiese begronding verhelder word as wat gewoonlik in pastorale studies gedoen word. Dit is juis hierin waar die unieke bydrae van die studie lê. As deel van die interpretatiewe taak, word dogmatiese bronne oor hoop in die gesprek ingenooi.

### 1.5 PROBLEEMSTELLING

Ten spyte van die interdissiplinêre en holistiese aard van moderne pastoraat, is daar 'n behoefte aan dieper navorsing oor hoe hoop, gegrond in die eskatologie, kan bydra tot kognitiewe vernuwing en transformasie in pastorale versorging. Die vraag wat dus in hierdie studie aangespreek word, is in watter mate die teologiese begrip van hoop 'n rol kan speel in die vernuwing van die pastorant se denke en hoe dit gebruik kan word om die proses van verlossing en holistiese nuutwording te bevorder.

Die probleemstelling van hierdie studie ondersoek die relatiewe gebrek aan insig oor die funksie van hoop as 'n teologiese konsep binne die raamwerk van hedendaagse pastorale sorg. Hedendaagse pastoraat, wat gekenmerk word deur 'n holistiese, sistemiese en interdissiplinêre benadering, vereis 'n dieper teologiese begronding om ten volle die potensiaal van pastorale versorging te benut. Alhoewel daar in pastorale sorg reeds erkenning is vir die noodsaaklikheid van hoop, is daar 'n kennisleemte rakende die spesifieke rol wat hoop, veral vanuit 'n eskatologiese perspektief, kan speel in die vernuwing van die pastorant se kognitiewe denke en die bevordering van geestelike en emosionele heling.

Daar is 'n noodsaaklikheid om vas te stel hoe hoop, as 'n kern teologiese konsep, in die praktyke van die pastoraat geïnkorporeer moet word. As 'n dinamiese pastorale hulpmiddel kan hoop nie net die onmiddellike emosionele behoeftes van die pastorant aanspreek nie, maar ook 'n dieper

proses van transformasie en nuutwording moontlik maak, soos voorgestel in Romeine 12:2. Verder moet vasgestel word hoe hoop kan dien as katalisator vir verlossing en holistiese heling, met spesifieke klem op die interdissiplinêre aard van pastoraat wat areas soos geestesgesondheid, praktiese teologie en sistematiese teologie integreer. Die sentrale probleem is dus om te bepaal hoe die konsep van hoop effektief geïntegreer kan word in pastorale praktyk om kognitiewe en geestelike verandering te bewerkstellig, wat uiteindelik lei tot 'n omvattende proses van vernuwing.

## 1.6 NAVORSINGSVRAAG EN SUBVRAE

### 1.6.1 Navorsingsvraag

Hoe kan die teologiese konsep van hoop, veral vanuit 'n eskatologiese perspektief, 'n rol speel in die kognitiewe vernuwing en holistiese heling van die pastorant binne hedendaagse pastorale sorg?

### 1.6.2 Sub-vrae wat uit die navorsingsvraag ontstaan

Die navorsingsubvrae wat hierdie studie sal rig, word geformuleer as:

- Hoe lyk die karakter van hedendaagse pastoraat?
- Wat is die teologiese karakter van hoop?
- Hoe beïnvloed hoop as 'n teologiese hulpbron, die proses van nuutwording in hedendaagse pastoraat?
- Wat behels vernuwing?
- Hoe kan die teologiese karakter van 'n pastorale bydrae in die konteks van 'n teologies-interdissiplinêre benadering tot geestelike groei en vernuwing aan die hand van die teologiese konsep van hoop gemotiveer en gerig word?

## 1.7 NAVORSINGSDOEL EN DOELWITTE

### 1.7.1 Navorsingsdoel

Hierdie studie ondersoek die rol van hoop as 'n teologiese konsep in hedendaagse pastorale sorg, veral met betrekking tot sy eskatologiese aspek. Die doel van die studie is om uit te vind hoe hoop, in samehang met kognitiewe vernuwing en transformasie, pastorale praktyke kan rig en inspireer om die pastorant se geestelike, emosionele en holistiese vernuwing te bevorder.

### 1.7.2 Navorsingsdoelwitte

Die doelwitte van hierdie studie is:

- Om deur ‘n deskriptiewe studie die karakter van hedendaagse pastoraat te beskryf.
- Om hoop deur ‘n literatuurstudie te bespreek en aan te dui hoe hoop as ‘n teologiese hulpbron, ’n bydrae sou kon wees vir vernuwing binne hedendaagse pastoraat.
- Om aan te toon tot watter mate en hoe hoop as teologiese konsep relevant vir nuutwording binne hedendaagse pastoraat is, veral rondom temas soos verlossing en kognitiewe vernuwing.
- Om ’n teologies-interdissiplinêre benadering tot vernuwing - aan die hand van die teologiese konsep van hoop - te motiveer en te rig.

## 1.8 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat die teologiese konsep van hoop die teologiese karakter van hedendaagse pastoraat in die konteks van ’n teologies-interdissiplinêre benadering tot geestelike groei en vernuwing kan motiveer en rig.

## 1.9 NAVORSINGMETODOLOGIE

Hierdie studie sal gebruik maak van ’n literatuurstudie, wat op die beurt gebruik sal maak van die hermeneutiese metodologie soos voorgestel deur Osmer (2008) se vier take van Praktiese Teologie. Hierdie metodologie word as toepaslik beskou vir ’n studie van hierdie aard, aangesien Osmer (2008:163-164, 222) die belangrikheid van interdissiplinêre denke in die teologie onderstreep. As ’n teologies-interdissiplinêre studie wat die velde van pastoraat en dogmatiek met mekaar in gesprek bring, sou Osmer dus ’n sinvolle keuse vir ’n metodologie wees.

Die eerste taak in Osmer se model, die deskriptiewe taak, vra die vraag af: “Wat is besig om te gebeur?” (Osmer, 2008:4). Hierdie studie sal deur ’n deskriptiewe studie die karakter van hedendaagse pastoraat beskryf, deur middel van ‘n deskriptiewe literatuurstudie in hoofstuk 2. Die betrokke studie wil wys wat in die veld gebeur om sodoende nuwe moontlikhede in hierdie veld te ontgin wat die dissipline kan verryk.

Die tweede taak, die interpretatiewe taak, vra die vraag: “Waarom is dit besig om te gebeur?” (Osmer, 2008:6-8). Dit word gevra om tot ’n beter verstaan te kom van die huidige situasie, asook wat daartoe aanleiding gegee het. Die bydrae van hoop sal in hierdie studie deur ‘n literatuurstudie te bespreek word en aangedui word hoe hoop as ‘n teologiese hulpbron ‘n invloed sou kon hê op die hedendaagse pastoraat. Dit sal gedoen word deur ’n verkennende literatuurstudie in hoofstuk 3 (asook hoofstuk 4).

Die derde taak binne Osmer se hermeneutiese model vra: "Wat behoort te gebeur?" (Osmer, 2008:8-10). Dit is die normatiewe taak. Hierdie taak neem die Skriftuurlike as beginpunt, maar Osmer (2008:170) betrek ook insigte wat vanuit ander velde verkry kan word. Dit is daarom veral toepaslik vir 'n teologies-interdissiplinêre studie soos hierdie. As deel van die normatiewe taak bespreek Osmer ook die rol van profetiese onderskeiding; Christus, die Messias, as die agent van *verlossing* speel 'n belangrike rol in die spiritualiteit van profetiese onderskeiding (Osmer, 2008:135). In hierdie studie sal daar aangetoon word watter Skriftuurlike en teologiese perspektiewe identifiseer kan word met betrekking tot hoop binne pastorale sorg, veral rondom temas soos verlossing, geestelike groei en vernuwing. Die derde taak sal aangepak word deur 'n verkennende literatuurstudie in hoofstuk 3 en 4.

Die normatiewe taak behels die interpretasie van spesifieke omstandighede deur teologiese konsepte, wat dit moontlik maak om etiese norme te formuleer wat menslike response rig en insig bied in wat goeie praktyk behels (Osmer, 2008:4). In hierdie studie word daar veral op die normatiewe taak van prakties teologiese interpretasie gefokus, aangesien dit ook die geleentheid skep vir teologiese interdissiplinêre dialoog waarin Praktiese Teologie as 'n normatiewe dissipline in gesprek tree met ander velde (Osmer, 2008:132); in die geval van hierdie studie, met Dogmatiek.

Die vierde taak, die strategies-teoretiese of pragmatiese taak, vra: "Wat moet verander?" (Osmer, 2008:10-11). Binne hierdie taak word daar 'n strategie beplan wat die probleem kan aanspreek, in die geval van hierdie studie, om 'n teoretiese pastorale raamwerk te formuleer wat verlossing as 'n dogmatiese hulpbron gebruik tydens die pastorale genesingsproses om sodoende geestelike groei en vernuwing te bevorder. Hierdie studie sal 'n teoretiese pastorale raamwerk formuleer van hoe hoop as teologiese konsep gebruik kan word tydens die genesingsproses om daardeur groei en vernuwing te bevorder. Hierdie taak sal deur middel van 'n verklarende literatuurstudie aangepak word en word aangebied as deel van hoofstuk 5.

Die navorsingsverslag word op die volgende manier aangebied:

- Hoofstuk 1: Inleiding
- Hoofstuk 2: Die karakter van hedendaagse pastoraat: 'n kontekstuele verkenning
- Hoofstuk 3: Hoop as teologiese konsep
- Hoofstuk 4: Die relevansie van hoop as teologie konsep vir hedendaagse pastorale sorg
- Hoofstuk 5: 'n Pastorale raamwerk vir hoop as teologiese konsep
- Hoofstuk 6: Bevindings en aanbevelings

## 1.10 ETIESE OORWEGINGS

Hierdie studie sluit geen empiriese komponent in waar menslike deelnemers impliseer word nie en is slegs 'n literatuurstudie. As sodanig, is die etiese risiko vlak minimaal. Soos met alle navorsing, sal etiese riglyne gevolg word in die aanbied van die sieninge van alle outeurs op 'n billike en regverdige wyse, en word plagiaat vermy.

## 1.11 DIE BEOOGDE BYDRAE VAN DIE STUDIE

Die bydrae van hierdie studie lê in die ondersoek na die rol van hoop as teologiese konsep binne hedendaagse pastoraat, met 'n spesifieke fokus op kognitiewe vernuwing (Romeine 12:2) en hoe dit die proses van holistiese transformasie kan motiveer. Dit is dus noodsaaklik om die ontwikkeling van hedendaagse pastoraat te verstaan en om die bestaande literatuur oor hoop binne hierdie veld te verken. Hierdie studie tree in gesprek met die werke van teoloë soos Louw, McClure, Capps, Charry en Dreyer, onder andere, om hierdie begrip te verdiep. Die doel is om die karakter van hedendaagse pastoraat te begryp en te erken, wat kan bydra tot die verdere ontwikkeling daarvan. Hierdie studie gaan verder as die blote dogmatiese verheldering van verlossing; dit fokus spesifiek op die teologiese konsep van hoop, en benader dit vanuit 'n dieper dogmatiese begronding as wat gewoonlik in pastorale studies voorkom. Die unieke bydrae van hierdie studie lê in sy betrokkenheid by dogmatiese bronne oor hoop as deel van die interpretatiewe taak.

# HOOFSTUK 2

# Die karakter van hedendaagse pastoraat. 'n Kontekstuele verkenning

## 2.1 INLEIDING

In hierdie studie word die keuse gemaak om op 'n teologies-interdissiplinêre wyse die teologiese inhoud en betekenis wat aan die leer oor hoop vanuit 'n Christelike geloofsperspektief gegee word in dialoog te bring met hedendaagse pastoraat.

Hierdie hoofstuk is belyn met die eerste fase van Osmer se hermeneutiese metodologie van prakties-teologiese interpretasie. Die eerste taak in Osmer se model, die deskriptiewe taak, vra die vraag af: "Wat is besig om te gebeur?" (Osmer, 2008:4). Die navorsingsvraag wat hierdie hoofstuk rig, is in lyn met Osmer se vraagstelling, geformuleer as hoe lyk die karakter van pastoraat in hedendaagse konteks? Dié vraag bevat die fokus van die hoofstuk: 'n kontekstuele verkenning oor die ontstaan en ontwikkeling van die karakter van pastoraat om daardeur die konsep van hedendaagse pastoraat te kan beskryf. Hierdie hoofstuk sal dus deur 'n deskriptiewe literatuurstudie die ontwikkelende karakter van pastoraat binne 'n hedendaagse konteks ondersoek en beskryf.

Die eerste deel van die hoofstuk ondersoek die paradigmaskuiwe in die pastoraat. Dit ondersoek die verwikkelings wat gelei het tot nuwe horisonne vir pastoraat. Om die karakter van hedendaagse pastoraat te kan omskryf, is dit noodsaaklik om die ontstaan en verloop daarvan te bestudeer. Die volgende deel van die hoofstuk ondersoek die konteks van hedendaagse pastoraat waarin hierdie paradigmaskuiwe plaasgevind het- en steeds plaasvind. Die konteks van hedendaagse pastoraat kan egter nie beskryf word sonder 'n konseptualisering van die verskillende vlakke waarop die pastoraat funksioneer naamlik: onderlinge sorg, pastorale sorg, pastorale berading en pastorale terapie. Elke vlak stel 'n spesifieke manier van hulpverlening voor. Die omskrywing van die verskillende vlakke verteenwoordig die derde afdeling van die hoofstuk. In die volgende afdeling van die hoofstuk word die pastorale proses ondersoek. Daarna word verskillende pastorale benaderings bespreek, onder andere die intergrasieteorie. Unieke bronne in die pastoraat word volgende bespreek. Die belang van ondersteuningsisteme en die gemeenskap word daaropvolgend die fokus. In die laaste deel van die hoofstuk word fokus geplaas op geleenthede vir die verdere ontwikkeling van hedendaagse pastoraat.

Pastorale sorg is 'n sub-dissipline van Praktiese Teologie en fokus op die ondersteuning en begeleiding van individue in geestelike en emosionele behoeftes binne die konteks van geloof en gemeenskap. Lartey (1997:21) en Louw (2014b) beklemtoon dat pastorale sorg as 'n studieveld die toepassing van teologiese beginsels en praktyke in die lewens van mense behels, wat die geestelike groei, genesing en vernuwing van individue en gemeenskappe bevorder.

Volgens Pieterse (2017:5) is Praktiese Teologie die wetenskaplike bestudering van die kritiese verhouding tussen teorie en praktyk, waar dit fokus op die geloofshandelinge van mense wat in diens van die Evangelie gebeur. Dit behels nie net die teoretiese kennis van God en geloof nie, maar is prakties en handel oor die toepassing daarvan in die alledaagse lewe. Die fokus van Praktiese Teologie, as Pieterse (2017:5) verduidelik, is handelinge – dit is die konkrete aksies wat gelowiges neem as antwoord op die God se roeping en in samewerking met ander om die Evangelie in die wêreld uit te dra.

## 2.2. PARADIGMA SKUIWE

Van Arkel bestudeer die vroeë bewegings in pastoraat. Hy ondersoek dit teen die agtergrond van kulturele veranderinge, gemeenskaps- en politieke kwessies asook ontwikkelinge in teologie en gedragswetenskappe (Van Arkel, 2000:142).

Van Arkel se eerste fokus is die teorieë wat in die literatuur ontwikkel word, wat wys hoe pastorale teologie in wisselwerking tree met die belangrikste kulturele ontwikkelinge in die samelewing. Volgens Van Arkel (2000:143) demonstreer dit die invloed van globalisering, modernistiese teorieë, post-moderne kultuur en post-strukturalisme met die fokus op differensiasie, sekularisasie en rasionalisering. Van Arkel (2000:143) ondersoek die werk van Heitink, Miller-McLemore and Gill-Austern. Die beweging wat Van Arkel wil beklemtoon is die interdissiplinêre karakter wat die pastoraat begin aanneem. In dié geval verwys die interdissiplinêre aanslag na die effek wat die pastoraat het op die kerk, geloof, lidmate, spiritualiteit en persoonlike geloof. Van Arkel (2000:143) haal die bevinding van Miller-McLemore (1996) en Gill-Austern (1996) aan wat klem lê op die kompleksiteit van geloof wat die pastoraat aanspreek.

Van Arkel (2000:144) haal die werk van Tieleman (1995) aan wat 'n breër begrip van spiritualiteit beskryf as 'n manier om betekenis te heg aan tradisionele godsdiens wat in wisselwerking tree met kultuur, rasionaliteit en menslikheid. Verder verduidelik Van Arkel (2000:144) dat die pastoraat 'n gemeenskapsbenadering aanneem en moet fokus op geloofsdade en dat die skeiding van kerk en samelewing verdwyn.

Pastorale teoloë soos John Patton (1993), Deborah van Deusen Hunsinger (1995), Howard Stone (1996), Charles Gerkin (1997), Gerben Heitink (1998) en Suid-Afrika se Daniel Louw (1998) het almal sterk teologiese besprekings oor die teorieë van pastorale sorg. Daar is nuwe belangstelling in etiese probleme, veral waar die uitdagings die werk van pastorale sorg en hoe sorg aangebied word, beïnvloed. Dit neem plaas in 'n veranderende en toenemend gepolariseerde wêreld en behels sosiale verskille soos aborsies, rassisme, mishandeling en die verskille oor geslagsgelykheid (Van Arkel, 2000:144). Van Arkel (2000:144) noem dat in 'n konteks van verwarring en onsekerheid veroorsaak dit dat mense onseker is oor voldoende normatiewe en grense vir die lewe, of wanneer hulle seker is oor hul eie norme en waarders, verskil dit soms van die 'n samelewing en verskil die nuwe waardes van die wat hulle geken het. Gerkin (1997:74, 127, 128) beklemtoon dat pastorale sorg meer holisties moet omgaan met sosiale transformasie. Hy verduidelik dat

die leraar die gemeenskap moet begelei deur die verandering en dit in lyn bring met wat die Woord van God daaroor sê. Dit is die verantwoordelikheid van 'n leraar, volgens Gerkin (1997:74), om die gemeenskap te leer hoe belangrik dit is om die evangelie te verkondig. Om gemeenskapslede te inspireer en te toerus om aktief deel te neem aan die beoefening en deel van die geloof in hul omgewing. Dit behels ook die maatskaplike bediening vir hawelose en slagoffers van politieke en ekonomiese ongeregtigheid (Van Arkel, 2000:144).

Volgens Gerkin (1997) onstaan daar sewe eras in die historiese ontwikkeling van pastorale sorg. Die sewe eras staan bekend as:

### 2.2.1 Die Primitiewe kerk

Volgens Gerkin (1997:28) was pastorale sorg in die era gefokus daarop om die suiwerheid van die gemeente te behou in 'n vervalle wêreld. Pastorale versorgers se doel was om mense te leer om gehoorsaam te bly, om hulle geloof te behou omdat dit alles vir 'n groter doel is: die Wederkoms van Christus. Die leer van die versorger was: Hoop vir die gemeente en bewaring van geloof.

### 2.2.2 Die era van vervolging

In die era was daar geweldige spanning en druk op die Christelike geloof as gevolg van die Romeinse Ryk se heidense gebruike/gewoontes (Gerkin, 1997:29). Vervalling in dié kulturele gebruik was al hoe meer algemeen. Die rol van die pastorale leiers in die era was om hulle geloof en wette te behou en beskerm. Dit was om die mense te begelei om gehoorsaam aan die gemeente te wees en terug te draai na hulle geloof met ander woorde, berou, belydenis en versoening.

### 2.2.3 Die staatskerk na Konstantyn

Die vroeë vierde eeu (Gerkin, 1997:33). Dit was die einde van die vervolging. Volgens Gerkin (1997:33) het die gemeente 'n belangrike rol in die era gespeel en was die gemeente hoog geag. Die gemeente het die norm vir morele gedrag gestel waarvolgens [2]beraders mense geleer het om te leef. Siekesorg was belangrik in die era (salwing met olie).

### 2.2.4 Die val van die Romeinse ryk en die verspreiding van die Christendom dwarsoor Europa

Kulturele verskille het ontstaan as gevolg van die invloei van vreemdelinge. In die era het pastorale sorg baie staat gemaak op gebed, meditasie en spirituele dissipline (Gerkin, 1997:38) in die alledaagse lewe. Individualisme het ook 'n groot rol gespeel in die era.

---

[2] "In hierdie studie word die terme 'pastorale leiers,' 'beraders,' en 'versorgers' afwisselend gebruik om te verwys na pastorale hulpverleners wat geestelike sorg en begeleiding bied."

### 2.2.5 Van die Middeleeue na die Reformasie

Sakramentele genesing het in die era gedien as norm vir pastorale sorg (Gerkin, 1997:40). Die mense was gekenmerk deur hulle sonde. Dit is toe wat Franciscus van Assisi 'n nuwe voorbeeld stel deur sy werk onder die armes. Sy model getuig van nederigheid, genade en om jouself diensbaar te maak aan ander. Hy verduidelik ook die belangrikheid van 'n verhouding met God (Gerkin, 1997:41).

### 2.2.6 Die Verligting

Die era verwys na 'n "moderne" era. Hier was die fokus op spirituele gesondheid, 'n soeke na waarheid en 'n bron van geluk (Gerkin, 1997:46). Dit was 'n era waar God nie figureer nie. Die fokus hier was ook om die verkeerde te vermy. Gesinne- en gesinsverhoudinge speel 'n belangrike rol in die era.

### 2.2.7 Die era van vrywillige en private godsdiens

In die era groei die deelname aan godsdienstige aktiwiteite weer. Daar word gefokus op die mens in geheel. Bekering speel 'n groot rol in die era. Konteks is 'n belangrike element vir pastorale teologie se rol in transformasie (Van Arkel, 2000:144). Dit is belangrik dat die gemeente gefokus is op pastorale teologie se taak om by te dra tot die bou van etiese, geestelike en sielkundige volwasse gemeentes waar genesing, heling en groei kan plaasvind (Van Arkel, 2000:144).

Clinton *et a*l., (2005:4) bespreek die oorweldigende realiteit van die 21e eeu dat mens pyn het, en dat Christene net soveel deur die verskeie verskynsels en verslawings van die samelewing geraak word soos mense wat tot ander godsdienste behoort; die krisisse is selfs ook in die kerk (Clinton *et al*., 2005:9-12). Hulle onderstreep egter dan ook wat uniek is aan pastorale versorging as 'n respons op die mens se soeke na God: Die roeping tot versorging; berading wat werklik Christelik is; wysheid teologie as rigtinggewer vir versorging; versorging wat verandering kan bring; en versorging wat nie dieselfde as genesing is nie, maar nie daarteen staan nie (Clinton *et al*., 2005:13-21). In 'n vroeër publikasie, bied Clinton *et al*., (2002) ook 'n oorsig oor die teologiese, relasionele en praktiese fondamente vir Christelike versorging en bespreek verskeie verskillende spesialiteite van versorging. Clinton *et al*., (2005:12) dui veral op die oorvleueling tussen Christelike berading, psigologiese navorsing en spiritualiteit.

McClure (2012:269) ondersoek ook spesifiek die term pastorale sorg. Sy noem dat die terwyl die handeling daarvan verder strek as die konteks van die Christelike kerk, is die term pastorale sorg spesifiek en eie aan die Christelike tradisie. Dit het ontstaan en groei vanuit die Christelike kerk. Pastorale sorg is dus elementêr tot die godsdienstige organisasie (McClure 2012:269). McClure (2012:270) verduidelik verder dat binne die teologiese veld is pastorale sorg 'n sub-afdeling van praktiese teologie en dui op 'n vorm van godsdienstige betrokkenheid vir die doeleindes van geestelike genesing.

McClure (2012:269) is van mening dat pastorale sorg met vroeë temas assosieer, alhoewel dit in verskillende vorme in die hedendaagse samelewing voorkom. In McClure se studie om pastorale sorg te definieer ondersoek sy die ontwikkelinge wat in pastorale sorg plaasgevind het. Dit is gewortel in die tradisie van *"cura animarum"* wat verwys na die "genesing van siele" in die vroeë kerk. Pastorale sorg, as geloofsbeoefening, dateer uit die vroegste Christelike gemeenskappe en verteenwoordig 'n basiese vereiste van 'n geestelike lewe. McClure (2012:27) verduidelik die drie verskillende ontwikkelings wat die belangrikste veranderinge in pastorale sorg in die een en twintigste eeu verteenwoordig. (1) die wegbeweeg van die model van sorg vir 'n individu deur professionele persone na die model van sorg vir die gemeenskap deur die gemeenskap. (2) die ontwikkeling van pastorale sorg as publieke teologie; en (3) strategiese deelname eerder as persoonlike insig as einddoel.

McClure verduidelik dat die eerste beweging se fokus verander vanaf die individu na die gemeenskap en dat pastorale sorg op 'n meer informele platform kan plaasvind. Dit sluit indirek aan by die bogenoemde model waaroor Van Arkel skryf. Dié nuwe idee is minder beperk tot slegs professionele persone wat hulp kan verleen en verduidelik dat die gemeenskap mekaar as medegelowiges kan bystaan. McClure (2012:270) verduidelik dat die gemeente nog altyd ingestel is daarop om diegene te bedien wat sorg benodig. McClure identifiseer die tekort aan historiese geskrifte oor die wye verskeidenheid sorgpraktyke en noem dat dié wat wel beskikbaar is, geneig is om historiese afdelings aan te bied op grond van tipologieë wat nie diskreet is soos dit moes wees nie. Steeds, as gevolg van hul nuttige indeling van uiteenlopende praktyke oor eeue heen, word hierdie geskrifte steeds doeltreffend gebruik. McClure (2012:270) ondersteun hierdie stelling deur die werk van William Clebsch en Charles Jaekle (1975) te noem, wat die geskiedenis van pastorale sorg in agt tydperke verdeel. Hierdie tydperke strek van "primitiewe Christendom" tot "Middeleeuse Christendom" en eindig in wat hulle noem die "Post-Christelike Era," wat verwys na die tydperk waarin samelewings meer sekulêr geword het en tradisionele Christelike invloede in die samelewing afgeneem het.

McClure (2012:271) verduidelik verder dat Clebsch en Jaekle (1975) voorstel dat hoewel al vier funksies altyd teenwoordig is, word sekere funksies in bepaalde tydperke beklemtoon. Hulle gebruik Paulus as voorbeeld. Hy was een van die vroegste pastorale versorgers en het klem gelê op onderhouding en versoening. Paulus het van die vroegste pastorale ingrypings opgeteken toe hy sy Briewe aan die nuutgestigte gemeentes gestuur het. In die Briewe bied hy aan hulle leiding en ondersteuning deur moeilike eksistensiële krisisse en realiteite (McClure, 2012:271).

McClure (2012:271) verduidelik dat in die Middeleeue het die fokus van pastorale sorg geval op die sakramentele stelsel, met spesifieke klem op die doop en die nagmaal as primêre handelinge van versorging met die doel om te genees deur deelname aan die kerk se sakramentele gebeure. Dit sluit aan by die eerste beweging wat McClure uitlig oor die versorging van die gemeenskap deur sy lede. Hy verduidelik verder dat skuldbelydenis in dié tydperk beklemtoon is. Die doel was om in die regte verhouding met God te wees deur

deelname aan die sakramente (McClure, 2012:271). Versoening met God het die fokuspunt van pastorale sorg geword. Dit het al hoe belangriker geword het om bepaalde gedrag te verander en sekere praktyke te volg (McClure 2012:271). McClure (2012:271) brei uit en verduidelik dat pastorale sorg gefokus het op onderrig oor uitdagings hier op aarde om hulle op die Weg na persoonlike waardes, moraliteit en gepaste gedrag te lei.

Voor McClure verder verduidelik van die veranderinge in die een en twintigste eeu, sê sy dat dit belangrik is om die fokus van die twintigste eeu te noem. Sy verduidelik dat een van die mees merkwaardigste groei in pastorale sorg vind plaas in die 20ste eeu. McClure (2012:272) beskryf dat die mees aanduidende veranderinge in die uitkyk van pastorale sorg plaasgevind het toe die sielkunde en ander menslike gesondheidswetenskappe die praktyk van pastorale sorg innoveer het. Alhoewel dit 'n groot impak gemaak het op versorging is McClure van mening dat dit moeilik is om die impak van sielkundige interpretasies van menslike ervaring op die teorie en praktyk van pastorale sorg te meet. Sy verduidelik dat dit sommige geleerdes bekommer het dat sielkunde die teologie oorneem as die oriënteringsdissipline en dominante interpretatiewe lens van kontemporêre pastorale sorg. Ongeag die opinies is dit beslis waar, volgens McClure (2012:271), dat pastorale sorg in die twintigste eeu en daarna swaar geleun het op die bydrae van sielkunde en ander wetenskappe om die aard van menslike behoefte en lyding beter te verstaan en vanuit 'n holistiese lens te kyk. As gevolg hiervan is moderne modelle van pastorale sorg gevorm in die konneksie tussen teologie en sielkunde (McClure, 2012:272). McClure noem ook dat pastorale sorg die afgelope 20 jaar baat gevind het by verskeie sosiale velde, insluitend ras- en geslagsteorie, sosiologie en kultuurstudies. McClure (2012:275) verduidelik die eerste beweging verder deur te noem dat alhoewel pastorale sorg in die verlede meestal klem op die predikant as versorger geplaas het, word dit toenemend gesien as 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid van kerklidmate in 'n inklusiewe model van sorg. McClure (2012:275) noem dat die laasgenoemde dikwels gekenmerk word as gemeenskaplike-kontekstuele pastorale sorg. Daarmee word bedoel dat een van pastorale sorg se primêre verantwoordelikheid is om 'n gemeenskap te bou waarin lidmate mekaar ondersteun deur die vele kompleksiteite van die lewe (McClure 2012:275).

"McClure (2012:275) beskryf pastorale sorg as 'n openbare praktyk of publieke teologie wat heroorweeg moet word. Hy stel voor dat dit 'van die grond af' benader moet word, wat beteken dat daar 'n strategie nodig is om empaties na die ervarings van mense, en veral diegene in magsposte binne die kerk, te luister." Dit is McClure se tweede beweging. Dit moedig ook die magsverskuiwing van pastorale sorg aan. McClure verduidelik dat dit beteken dat teologiese werke, teorieë en praktyke van intervensie sensitief moet wees vir kulturele en sosiale kontekste (Lartey, 2004:90). Om pastorale sorg dus te sien as publieke sowel as private geleenthede kan daar tot vergelyking kom dat dit 'n onafhanklike en diep verweefde menslike toestand inhou en sluit persoonlike sowel as sosiale en strukturele komponente in. McClure (2012:276) verduidelik verder dat so 'n holistiese aanpak dui op die belangrikheid van deelname as beide 'n middel tot en 'n teken van genesing en heling. Dit sluit aan by McClure se derde beweging. Aansluitend brei McClure (2012:277) uit en sê dat in vandag se wêreld hou praktyke van sorg en genesing hoop in vir transformasie, bevryding en

heling, beide persoonlik en sosiaal. Alhoewel die geskiedenis en verskuiwings in die pastoraat sekere fokuspunte op sekere tye toon, onthul dit ook deurlopende temas soos noukeurige aandag, teologies ingeligte diagnose en deernisvolle ondersteuning of ingryping. Dit bly inderdaad die basiese elemente van pastorale sorg regdeur die jare. McClure (2012:273) verduidelik verder dat elke goeie pastorale versorger met aandag moet luister (om waar te neem en te luister), moet weet hoe om 'n diagnose te maak (om teologies die oorsaak van lyding te kan interpreteer en om te onderskei wat nodig is), en hoe om in te gryp (om begeleiding en ondersteuning te bied).

Grung (2023:2) ondersoek die konseptuele betekenis van geestelike sorg binne 'n "hospitaalkonteks". Dit weerspieël dat dié breë begrip van die term verband hou met spesifieke sorg (geestelik), maar dat eksistensiële en geestelike behoeftes en uitdagings wat gekoppel is aan siekte en binne krisis-situasies aangespreek word. Dit beteken dat geestelike sorg as primêr gesien word, maar dat die holistiese konsep van gesondheid in ag geneem word. Dit spreek ook die wisselwerkende verband tussen fisiese en geestelike gesondheid aan. Grung (2023:2) steun die argument deur die werk van Hvidt *et al*. (2020) wat noem dat in hospitaalstudies, navorsing toon dat geestelike sorg die lewenskwaliteit van die pasiënte verbeter. Die versuim daarvan kan negatiewe gevolge vir die pasiënt se gesondheid en welsyn inhou. (Hvidt *et al*., 2020:2).

Alhoewel geestelike sorg, volgens Grung (2023:4), binne 'n holistiese gesondheidskonsep bestaan, verduidelik sy ook dat geestelike sorg verder strek as gesondheidsinstellings en hospitale. Geestelike sorg het ook te make met die alledaagse praktyk van sosiale gemeenskappe en meen dat geestelike sorg universeel is en ook dus gemeenskapsgerig is. Sy verwys na dit as wedersydse sorg (Grung, 2023:4).

Grung (2023:7) verduidelik dat die bogenoemde "wedersydse sorg" konsep nodig is om aan te spreek as gevolg van die mens se verlange na gemeenskap en om iewers te hoort. Dit is 'n herinnering aan die diep menslike soeke na hoop in gemeenskap met ander. Grung (2023:9) se werk fokus op drie belangrike bydraes naamlik: 1) Die professionele taal en diskoerse van spirituele/geestelike sorg, 2) Religieuse sowel as eksistensiële konsepte wat verband hou met geestelike sorg en 3) Die opvoeding van geestelike versorgers. Die konteks waarin Grung geestelike sorg nagevors het, is binne die Europese en Noord-Amerikaanse milieu. Sy noem dat die wetenskaplike diskoerse oor geestelike sorg in Europa en Noord-Amerika, breë dissiplines soos sielkunde en teologie insluit. Hierdie twee dissiplines is op sigself baie anders gekonstrueer en het verskillende metodes en doelwitte (Gung, 2023:9). Sielkunde gebruik kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes en is meestal gemoeid met beskrywende en terapeutiese perspektiewe. Daarteenoor is teologie toenemend betrokke by verskillende metodes, en is gemoeid met die soeke na die sin van die lewe en maak gebruik van godsdienstige hulpbronne soos geskrifte en spesifieke perspektiewe op die lewe. Grung (2023:9) noem wel dat die sielkunde al hoe meer neig na die soeke na eksistensiële vrae en gesondheid buite die terapeutiese veld. Grung (2023:9) steun die bogenoemde stelling deur te verwys na Melder (2023) se werk wat ondersoek in stel oor die eksistensiële dimensie van gesondheid deur studies

van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) wat metodes en intervensies (sielkunde) in verband bring met meervoud- en intergeloofskontekste vir spirituele sorg. Gung (2023:9) brei uit vanuit 'n algehele gesondheidsperspektief. Sy noem dat Melder 'n uitgebreide samewerking tussen intergeloof- en geloofsgemeenskappe teenoor gesondheidsinstellings ondersoek om sodoende veerkragtige en effektiewe sorgstrukture binne samelewings te vestig.

Binne diskoerse van Praktiese Teologie, die tradisionele akademiese lokus vir geestelike sorg, is Christelike teologie steeds die belangrikste hermeneutiese raamwerk, alhoewel 'n meer plurale vorming van Praktiese Teologie in sommige instellings na vore kom.

Grung (2023:10) verduidelik dat haar fokus nie net die professionele paradigma van geestelike en eksistensiële versorgers ondersoek nie, maar ook die soeke na integriteit en die vaardighede van die versorgers self. Grung (2023:10) noem dat om die bogenoemde vas te stel, dit nodig is vir 'n skerp empiriese wending in die studie van geestelike sorg, ten einde navorsingsgebaseerde kennis te kry oor die behoeftes en hoe om daarin te voldoen.

Verder ondersoek Grung (2023:10) die konteks waarbinne geestelike sorg plaasvind, insluitend faktore soos die godsdienstige of nie-godsdienstige en kulturele agtergrond van beide versorger en pastorant. Ander veranderlikes wat sy in ag neem, sluit in moedertaal, geslag, en sosiale agtergrond, en hoe dit die versorgingsproses kan beïnvloed. Sy haal die werk van Liefbroer en Nagel (2021) aan om te redeneer dat hierdie faktore nie noodwendig in ooreenstemming hoef te wees vir geestelike sorg van hoë gehalte nie.

Speelman (2023:15) ondersoek ook die ontwikkeling van pastorale sorg. Sy werk handel oor die historiese ontwikkeling van verskillende sienings van pastorale sorg in die Wes-Europese Protestantse Christelike tradisie. Speelman (2023:15) benader pastorale versorging vanuit die narratiewe metode waar die vier dimensies gestalte kry in een-tot-een-sessies, waar die lewensverhale van versorgers gekoppel word aan bekende Christelike verhale. Hy ondersoek vanuit die postmoderne, interkulturele benadering en noem dat die vereenselwiging van narratiewe 'n beskeie, gasvrye en oop houding van die versorger vereis. Alle dimensies/vlakke moet spreek van die afwesigheid van oordeel en moet uniekheid koester.

Speelman (2023:15) begin sy ondersoek in die 1830's waar individualiteit beklemtoon word. Pastorale sorg in hierdie tydperk is gesien in die lig van die behoefte van die kerk om gelowiges te dissiplineer in die regte denkraamwerk. Speelman (2023:15) noem dat die mense in daardie era nie toeganklik was vir die moderne aard van pastorale sorg nie. Hy steun sy stelling deur die werk van Van Koetsveld wat beskryf dat daar 'n sterk neiging onder ortodokse gelowiges wat krities was oor die gematigde, moderne en liberale toon van hul predikante (Van Koetsveld 1978:186). Speelman (2023:16) verduidelik dat die enigste erkende vorm van pastorale sorg in daardie era was die besoek aan siekes. Die doel van dié besoek was bloot om troos en ondersteuning te bied (Speelman, 2023:16). Vir meeste jong predikante was die tema van dié gesprekke

die erkenning van sonde en voorbereiding vir die hiernamaals (Speelman, 2023:16). Speelman (2023:16) brei verder uit deur te verduidelik dat die gesprek sou draai na die kwessie van skuld, sonde en vergifnis, en soms bring die predikant 'n mate van verligting deur die boodskap van God se versoening met die sondaar (Van Koetsveld 1978:188). Die predikant was onder geweldig baie druk met so besoek weens 'n sterk verwagting onder gemeentelede oor die inhoud en vorm van die besoek (Speelman, 2023:16).

Speelman fokus op die werk en siening van Van Koetsveld wat vertel dat in sy studente dae het hy besef dat daar iets ontbreek in die Calvinistiese ritueel van die pastorale besoek in dié era. Die eerste fout wat hy vind is die afwesigheid van privaatheid tussen die pasiënt en predikant. Hy noem dat dié publieke aangeleentheid mense verhoed om eerlik, eg en kwesbaar voor die predikant te wees (Speelman, 2023:17). Die besef van Van Koetsveld is die begin van die individuele gesprekke van pastoraat (Speelman, 2023:17). Speelman (2023:17) noem dat die praktyk van pastoraat as individuele gesprek wat van Van Koetsveld in 1830 ontwikkel, later deel word van 'n nuwe vertakking van die teologie, naamlik: Praktiese Teologie. "Die eerste professor in Nederland op die gebied van 'Praktiese Teologie', professor Muurling, het 'n onderskeiding gemaak tussen "*cura speciali"s* (individuele geestelike sorg) en "*cura generalis"* (kollektief geestelike sorg met die oog op dissipline). (Speelman, 2023:17). Speelman verduidelik dat na dié bevinding het pastorale sorg meer en meer gefokus op die sorg van die individu, terwyl daar steeds die belangrike aspek van sorg in 'n gemeenskaplike en ritualistiese omgewing in ag geneem word.

Speelman se fokus val volgende op die "*Christian tradition as a chain of memory*". Dit handel oor die idee dat alle godsdienstige tradisies, op een of ander manier betrokke is by praktyke van geestelike sorg. Speelman (2023:18) definieer sy siening van geestelik sorg as "'n reaksie van verteenwoordigers van 'n godsdienstige tradisie aan individue of groepe in nood, om hulle te help in hul soeke na die sin van die lewe. Ek verstaan 'tradisie' hier as 'n kumulatiewe stel diskoerse en praktyke met wortels in die verlede, geïnstitusionaliseerde vorme in die hede en strategieë vir die toekoms." Hy brei verder uit oor sy verstaan van godsdiens as nie net 'n klomp emosionele ervarings of oortuigings oor die betekenis van die lewe nie, maar as iets gewortel in 'n tradisie wat gesien word as gesaghebbend (Speelman, 2023:18).

Speelman fokus verder op die verskuiwings op die gebied van pastorale sorg in die laat twintigste eeu om die konteks van hedendaagse geestelike sorg in Wes-Europa te verstaan. Hy noem dat as ons die toekoms van geestelike sorg wil vasvang, moet ons kyk na beide die hede en die verlede (Speelman, 2023:17).

In die vinnig ontwikkelende veld van holistiese en multidissiplinêre geestelike sorg is dit noodsaaklik om die oorsprong en ontwikkelinge binne spesifieke godsdienstige tradisies te ondersoek. Volgens Speelman (2023:18) is hierdie benadering nodig om die oorsprong van sekere aannames oor die konsep van "geestelike sorg" te verstaan. Verder is dit belangrik om te erken dat hierdie verskuiwings en aanpassings plaasvind binne uiteenlopende kerkgroepe en omgewings, wat die behoefte aan kontekstuele aanpassings verder beklemtoon (Speelman, 2023:18).

Speelman (2023:19) maak gebruik van die werk van Hervieu-Léger (2000) wat verduidelik dat die term geestelike sorg ontwikkel het tot pastorale sorg, binne die In die Christelike tradisie. Dit verwys na die Bybelse metafoor van die godsdienstige leier as 'n herder wat sy kudde lei, deur na hulle behoeftes om te sien. McClure (2014:269) metaforiseer ook pastorale sorg as 'n herder wat omsien na die behoeftes van sy skape. Dit beteken dat pastorale versorgers hul rol as versorger moet aan neem. Dit beklemtoon die tema van versorging as 'n empatiese besorgdheid oor ander.

Speelman (2023:19) gebruik die werk van Stephen Pattison (2000) wat onderskei tussen vier interverwante aspekte van pastorale sorg, binne die breër Christelike tradisie. Hy definieer dit as genesing, instandhouding, versoening en leiding. Hy brei uit deur te noem dat elke afdeling 'n tydperk van fokus geniet het. In verskillende tydperke het verskillende aspekte op die voorgrond getree (Pattison, 2000:7).

Speelman (2023:19) verduidelik dat die bogenoemde afdelings 'n wisselwerkende verband op mekaar het en holisties gesien moet word. Hy brei uit deur te verduidelik dat genesing verband hou met siekte. Omdat siekte eers daar is, moet dit in ag geneem word. Hy noem dat genesing alreeds 'n belangrike aspek van die pastorale werk van Jesus en die eerste apostels is, daar word na dit verwys in die Nuwe Testament. Speelman (2023:19) brei uit oor die holistiese aard van siekte deur te verduidelik dat dit duidelik is vanuit die verhale in die vroeë Christelike tradisie dat siekte nie gekonseptualiseer word as net van die liggaam óf net van die gees nie, maar as 'n kombinasie van albei. Speelman bekyk siekte ook vanuit 'n gemeenskap gebaseerde perspektief wat in Bybelse verhale gesien is as iets wat die sieke isoleer van die gemeenskap. Speelman (2023:19) noem verder dat vir genesing om plaas te vind, moet beide bogenoemde aspekte aangespreek word.

Hy fokus verder op die pastorale aspek van instandhouding. Dit verwys na die bied van ondersteuning en vertroosting (Speelman, 2023:19). Die volgende afdeling is versoening. Speelman (2023:20) verwys na twee vlakke van versoening naamlik versoening tussen medegelowiges en die versoening tussen mense en God. Die eerste aspek vra van die berader om die eienskappe van 'n goeie bemiddelaar te besit wat konflik goed kan bestee. Om na stories te luister en om dit in perspektief van Bybelse verhalings te plaas.

Die versoening tussen die individu en God is meestal as gevolg van sonde (Speelman, 2023:20). Die versorger luister na die belydenis van sonde en lei die pastorant na 'n gesprek met God. Dit is waar die vierde afdeling van pastorale sorg inkom, namens: begeleiding. Speelman (2023:20) noem dat dissipline en gehoorsaamheid aan God beklemtoon word in dié afdeling. Speelman brei uit oor die rol van die berader tydens begeleiding en noem dat die berader die pastorant moet kan onderrig en oplei met die nodige vaardighede om moeilike situasies te kan hanteer. Die werk van die versorger behels nie net kennis of vaardighede op die gebied nie, maar ook om die kennis te kan deel om sodoende die pastorant te kan toerus met die nodige vaardighede (Speelman, 2023:20). Dissipline speel 'n belangrike rol om die vaardighede dus

dan uit te oefen. Een besondere aspek van pastorale begeleiding is die motivering om 'n gedissiplineerde lewe van gebed en geestelike bronne te kweek (Speelman, 2023:20).

Speelman verduidelik hoe die vier afdelings 'n wisselwerkende verband uitvoer:

> *The four different dimensions are interrelated and the boundaries between them are permeable. Healing can be thought of as a form of inner reconciliation to suffering, or as a reconciliatory restoration between the patient and his social environment. There is a strong link between guidance and reconciliation, and between guiding and sustaining.*

In Speelman se volgende hoofstuk, fokus hy op die verskuiwende rol van beraders. Speelman bou op die werk van Charles Gerkin (1997). Hy beskou pastorale sorg in die klassieke tydperk as 'n proses wat plaasvind in die interaksie tussen vier pole naamlik: die Christelike tradisie, soos gevorm deur narratiewe en praktyke wat in die geskiedenis gewortel is. Speelman verduidelik dat dit bestaan uit (1), die samelewing waarin die Christelike gemeenskap funksioneer (2), Christelike individue en gesinne (3), en die Christelike gemeenskap. In 'n poging om die doeltreffendheid van hulpverlening te verbeter, is daar al gedeeltelik na die bevindings van sielkundiges en ander kundiges op die gebied van geestesgesondheid gaan kyk (Collins, 2005:10). Collins (2005:10) noem dat dit daartoe gelei het dat sommige skrywers sielkunde verwerp het en tot die gevolgtrekking gekom dat die Christenversorger niks meer as die Bybel nodig het wanneer daar hulp verleen word. Collins (2005:10) spreek die siening aan dat ware Christenskap meng nie goed met sielkunde nie. Adams noem aansluitend dat jy 'n bekwame Christenversorger kan wees sonder dat jy sielkunde bestudeer (soos aangehaal uit Collins, 2005:11). Louw (2012:73) daarteenoor noem dat die pastoraat en die sielkunde al hoe meer afhanklik van mekaar is. Die sielkunde erken dat geloof 'n belangrike fondasie van menswees uitmaak. Die pastoraat erken dat alle aspekte van die mens in geheel in ag geneem moet word en dat fisiese en geestelike gesondheid ook 'n invloed het op genesing. Daar is al vele debatte oor die saak en vele Christenversorgers, predikante en sielkundiges wat teen dit is, tog is daar wel 'n ontwikkeling wat besig is om te ontstaan onder die term "pastorale sielkunde". Charry (2011:283) beklemtoon ook die belang van 'n interdissiplinêre benadering tot gesondheid. Sy gaan so ver deur te verwys na *"Christian Psychology"* wat die samewerking van teologie en sielkunde uitbeeld. Charry (2011:285) beklemtoon die waarde van interdissiplinariteit deur te verklaar: *"Various theological doctrines understand themselves better because of contact with other fields."*

Die navorser ondersteun die bostaande standpunt van Charry en streef daarna om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n interdissiplinêre benadering tot gesondheid binne die konteks van hedendaagse pastoraat. Die rol wat hoop op die interdissiplinêre perspektief van hedendaagse pastoraat speel, is dat dit 'n effektiewe bydrae kan maak tot die pastorant se algehele gesondheid juis omdat hoop elke aspek van die mens aanraak. Deur die probleem vanuit 'n holistiese perspektief te benader word die pastorant op elke dimensie van menswees bedien.

Die bogenoemde verwys na 'n interdissiplinêre benadering wat al meer beklemtoon word in pastorale sorg. Die mens is kompleks. Menslike welstand behels die vervulling van 'n persoon se emosionele, fisiese, intellektuele en geestelike behoeftes. Om gesondheid te bevorder, is dit noodsaaklik om elke aspek van 'n mens se lewe in ag te neem sodat optimale groei en balans bereik kan word. Hoewel pastorale sorg 'n belangrike rol speel binne 'n multidissiplinêre span, besef beraders dat 'n omvattende benadering tot gesondheid noodsaaklik is. Omdat mense kompleks is, moet uitdagings vanuit 'n wyer perspektief benader word om meer effektiewe oplossings te vind. Daarom word sielkundige insigte tydens pastorale sessies geïntegreer sodat hierdie twee dissiplines mekaar kan aanvul en 'n holistiese benadering tot gesondheid verseker. Die primêre fokus is pastorale versorging en die uniekheid van spirituele genesing binne die multidissiplinêre span. Die ander komponente wat in die verhandeling integreer word, is slegs bydraend tot die volkome gesondheid van die pastorant. Holistiese spiritualiteit kombineer aspekte van sielkundige volwassenheid en aspekte van teologiese volwassenheid (Charry, 2011:283). Louw (2005:54) verduidelik dat holistiese spiritualiteit daarop gemik is om die gehalte van menswaardigheid te verhoog. 'n Ware verhouding met God behoort te lei tot respek en waardering vir alle mense. Dit vereis dat die innerlike, persoonlike dimensies van spiritualiteit geïntegreer word met die openbare lewe en die sosiale konteks. Op hierdie manier word spiritualiteit nie geïsoleer van gemeenskaplike en sosiale realiteite nie. Holistiese spiritualiteit word verkies omdat dit voorkom dat spiritualiteit slegs as 'n abstrakte, individuele belewenis beskou word wat net op die siel fokus. Dit brei eerder die dimensies van spiritualiteit uit na die volledige menslike ervaring.

Voor die pastorant "gediagnoseer" word, is dit belangrik om alle moontlike oorsake van die probleem te ondersoek. Dit is dus belangrik dat elke komponent van die pastorant ondersoek sal word. Dit sal help om enige bydraende faktore te identifiseer. Dit beteken dat die pastorant se vlak van fisiese gesondheid deur 'n mediese dokter ondersoek moet word om te bepaal of daar enige mediese faktore is wat kan bydrae tot die pastorant se uitdagings. Die belang van die pastorant se fisiese oefening en slaappatrone kan ook deur die dokter verduidelik word. Daar kan ook bepaal word of enige medikasie, wat die pastorant neem, bydraend is tot die probleem. Dit is ook belangrik om die pastorant se geestesgesondheid te ondersoek vir enige "abnormaliteite". Die sielkundige kan ook bepaal of dit 'n oorerflike probleem is. Die unieke en waardevolle bydrae van pastorale sorg binne 'n interdissiplinêre konteks van hulpverlening lê in die verskaffing van ondersteuning en sorg vanuit 'n teologiese perspektief. Dit skep 'n koesterende omgewing waarin die emosionele en geestelike behoeftes van die pastorant aangespreek word. Louw (2013:5) wys daarop dat moderne psigiatrie erken het dat spiritualiteit net so 'n belangrike komponent van gesondheid is as die verstand en liggaam. Charry (2011:283) streef daarna om teologie en sielkunde in gesprek te bring en beklemtoon dat albei velde, hoewel gegrond in hul eie beginsels, mekaar kan verryk. Sy verduidelik verder dat daar wedersydse respek tussen die twee dissiplines bestaan en dat juis hierdie uniekheid tot 'n holistiese benadering tot menslike gesondheid kan bydra.

In ’n poging om die doeltreffendheid van versorging te verbeter, is daar al gedeeltelik na die bevindings van sielkundiges en ander kundiges op die gebied van geestesgesondheid gaan kyk (Collins, 2005:10). Hoop speel 'n sleutelrol speel in die transformasie van die pastorant se hele lewenservaring deur 'n positiewe en holistiese benadering aan te moedig (Collins, 2005:10).

Daardeur, na die ondersoeking en vasstelling van die oorsaak/oorsake van die probleem kan hoop toegepas word op elke, geïdentifiseerde krisis en hulp verleen word om holisties te genees, groei en uiteindelik kognitief te vernuwe.

Schuhmann en Damen (2018:405) noem dat pastorale sorg deesdae nie uitsluitlik binne ’n godsdienstige konteks plaasvind nie. Hulle steun die stelling deur te verduidelik dat pastorale versorgers na korporatiewe instellings beweeg wat sorg aanbied aan godsdienstige sowel as nie-godsdienstige mense. In verskeie Westerse samelewings word die term pastorale sorg geassosieer met nie-godsdienstige (humanistiese) sorg en word die term vervang met spirituele sorg (Schuhmann & Damen, 2018:405).

Dit is dus ’n uitdaging vir pastorale versorgers om die godsdienstige kenmerk van versorging te behou en die belang en uniekheid daarvan te beklemtoon (Schuhmann & Damen, 2018:405). Daarom die belang van Schuhmann en Damen se artikel oor *“Representing the Good: Pastoral Care in a Secular Age”.* In hierdie artikel poog die skrywers om 'n konsep van pastorale sorg te beklemtoon wat nie afhanklik is van enige spesifieke wêreldbeskouing, hetsy godsdienstig of nie. Die artikel steun op die werk van Taylor (1989, 2007) en Murdoch (1970) wat pastorale sorg voorstel as die omgang met mense en die oriëntasie van mense in ’n 'morele ruimte'. Die artikel beklemtoon ook die kenmerkende kwaliteit van pastorale sorg as 'verteenwoordiger van die Goeie.' Hierdie “Goeie” verwys volgens Murdoch na 'n sekulêre idee van transendensie wat beide 'n verstaan buite die ego behels en 'n betrokkenheid by die werklikheid van menslike kwesbaarheid, lyding en boosheid (Schuhmann & Damen, 2018:405). In ’n pastorale konteks verwys die transendente na God. Schuhmann en Damen (2018:405) voer aan dat pastorale versorgers wat “die Goeie” verteenwoordig, die taak het om die eksistensiële en geestelike prosesse van individue te ondersteun, asook die bevordering van dialoog en om sosiale geregtigheid op onmenslike praktyke in die organisasies waarin hulle werk en in die samelewing te beveg.

Schuhmann en Damen (2018:406) verduidelik dat pastorale sorg, in die verlede, ’n term was wat in ’n Christelike en Joodse konteks voorgekom het. Met tyd het dit in ander gelowe ontstaan (Schuhmann & Damen, 2018:406). Dit laat die vraag na oor hoe om pastorale sorg in 'n sekulêre era te verstaan (Schuhmann & Damen, 2018:406). Die vraag is die kern van Schuhmann en Damen se artikel. ’n Verdere kommer ontstaan vanuit die vraag: wanneer pastorale sorg met godsdiens geassosieer word, is die waarde daarvan nie op toepassing van nie-godsdienstige mense nie en kan pastorale sorg beskou word as 'n verouderde praktyk (Schuhmann & Damen, 2018:406).

Schuhmann en Damen (2018:406) argumenteer dat die term pastorale sorg in verskeie Westerse lande nie meer uitsluitlik vir godsdienstige professionele persone is nie, maar word dit ook gebruik met betrekking tot nie-godsdienstige sorg wat deur humanistiese praktisyns beoefen word. Dus die dringende belang en behoefte daarvan om voldoende en oortuigende taal te ontwikkel om die unieke werk van pastorale versorgers in 'n moderne en veranderende wêreld te beskryf (Schuhmann & Damen, 2018:406). Dit is ook belangrik omdat pastorale sorg dikwels vervang word met die term "spirituele sorg" en daardeur gaan die godsdienstige kenmerk verlore, volgens Doehring (2015:406). Alhoewel spirituele sorg belangrike aspekte aanraak soos die soeke na sin en betekenis, is dit nodig dat die uniekheid van pastorale sorg nie daarin verlore raak nie. 'n Volgende uitdaging word deur Schuhmann en Damen uitgelig. Indien sorg nie meer gekoppel word aan godsdiens nie, wie kan in die posisie staan om hulp aan te bied? In Schuhmann en Damen (2018) se artikel ondersoek hulle ook die kenmerkende karakter van pastorale sorg en om die kwaliteit daarvan in 'n sekulêre era te beklemtoon. Hulle fokus op 'n inklusiewe konseptuele begrip van pastorale sorg, beide in die sin van mense van alle godsdienste en verskillende wêreldbeskouings. Hulle doen so om 'n brug te bou tussen sekulêre werke en teologie om daardeur die uniekheid van teologie te kan beklemtoon. Die werk van Schuhmann en Damen (2018) bewys die noodsaaklikheid van dié studie om die karakter van pastorale sorg in hedendaagse konteks te ondersoek om daardeur die unieke karakter en die impak van pastorale sorg op algehele menslike gesondheid te beklemtoon.

Eerstens gebruik Schumann en Damen (2018:1) die idees van Taylor (1989 & 2007) om pastorale sorg in 'n 'morele ruimte' te beskryf, wat uitbrei op die siening wat pastorale versorgers betrek met eksistensiële prosesse. Tweedens maak hulle gebruik van Murdoch (1970) se morele filosofie om die spesifieke pastorale kwaliteite van versorgers as verteenwoordigers van die Goeie uit te lig.

Om pastorale sorg in morele ruimte te verstaan, impliseer dat pastorale versorgers betrokke raak in die oriëntering van 'n goeie lewe – 'n lewe wat die moeite werd is om te leef of 'n vol lewe (Schuhmann & Damen, 2018:409). Schuhmann en Damen (2018:409) verduidelik dat in dié geval behels 'n "goeie lewe" sterk evaluering na dit wat van kardinale belang is, of van fundamentele waarde (Taylor, 1989:42) is vir mense en waarin hulle hul identiteit vind. Schuhmann en Damen (2018:409) identifiseer 'n leemte in die beskrywing van 'n goeie lewe in die konteks van pastorale sorg. Hulle argumenteer dat hierdie definisie nie die unieke kenmerk van pastorale sorg weergee nie, aangesien dit ook van toepassing is op ander beroepe. Byvoorbeeld, maatskaplike werkers, dokters en sielkundiges help individue om hul perspektiewe te heroriënteer en weer die basiese aspekte van die menslike bestaan te fokus, soos geestelike of fisieke gesondheid. Schuhmann en Damen (2018:409) vra dus dan: "wat is dan die kenmerkende pastorale kwaliteit van versorgers se betrokkenheid by mense se oriënteringsprosesse in die morele ruimte?".

Hulle antwoord die vraag deur spesifiek te fokus op die unieke uitkyk van versorging op 'n goeie lewe. Hulle noem dat selfs al kan pastorale versorgers nie die vraag beantwoord nie, hulle die pad stap saam met die

individu of gemeenskap op die soeke na die antwoord. Pastorale sorg is veral belangrik wanneer diegene hulle hoop op 'n goeie en vol lewe verloor het (Schuhmann & Damen, 2018:409).

Charry (2004a:19) se verstaan van geluk, 'n goeie lewe en om daardeur te kan floreer ondersteun die unieke uitkyk van pastorale sorg: *"To discount the importance of human flourishing is to misunderstand theology and it's purpose, since theology is first about life in this world and secondly about the enjoyment of this life in this world"* (Charry, 2004:18). Charry (2004a:19) glo dat om God te ken, geluk is. Dit is 'n unieke uitkyk op geluk en verskil van 'n wêreldse beskouing van wat geluk behels.

Pastorale sorg ondersteun ook diegene wat nuwe perspektiewe op die goeie in die lewe moet ontwikkel, as gevolg van seer of krisisse. Schuhmann en Damen (2018:409) gebruik die voorbeeld van siekte. Hulle noem dat mense dodelik siek kan word met geen vooruitsig om gesondheid te herwin nie, of die slagoffer van geweld kan wees en voel dat daar geen goed in die wêreld oor is nie. Dit is dan noodsaaklik om nuwe visioene van geluk en goed te ontwikkel.

'n Verdere uniekheid van versorging wat Schuhmann en Damen (2018:410) voorstel, is dat pastorale versorgers die moontlikheid het om met God in verbinding te tree, selfs of veral in die mees desperate situasies. Dit beteken om individue en gemeenskappe aan God te verbind en Goddelike liefde te bewys. Hierdie tipe uitkyk op versorging beklemtoon die opregte aanslag van versorgers. Dit beteken om na mense se krisisse, seer, probleme en gebrokenheid te luister, aandagtig en met empatie (Louw, 2014c:48). Dit beteken om ondersteuning te bied (diep en opregte ondersteuning). Wanneer daar hulp aan 'n individu verleen word, ontmoet die versorger die individu daar waar hulle is. Daar word gekyk na hoekom is hulle op hierdie plek in hul lewens. Hulle agtergrond en die konteks waarin hulle ontstaan word in ag geneem om sodoende hulle te help om nuwe perspektiewe te ontwikkel. Daar moet erken word dat mense nie volmaak is nie en dat mense kwesbaar is. Versorging help mense om spiritueel te floreer en om spirituele sienings te ontwikkel asook om in kontak te kom met toepaslike spirituele bronne wat kan lei tot spirituele florering en genesing. Mense wat gekonfronteer word met depressiewe gevoelens of gedagtes, as gevolg van eksistensiële krisisse, kan dit moeilik vind om met hoop te leef. Dit is om hoop te bied waar die toekoms uitsigloos lyk. Die doel is ook om menswaardigheid te bevorder of te herstel. Versorging is ook nie meer net gefokus op die individu nie, maar op die heling van strukture (byvoorbeeld die huwelik, gesin, gemeenskap). Dit is nie net op betrekking tot die individu nie, dit is sistemies van aard (Louw, 2014c:48). Daar ontstaan dus 'n heroorweging om pastorale sorg te sien as 'n praktyk om mense, organisasies en samelewings te ondersteun in die hantering van die kompleks taak om na morele waarheid te soek. Schuhmann en Damen (2018:411) noem dat dit die enorme potensiaal van pastorale sorg in 'n sekulêre era openbaar.

## 2.3 KONSEPTUALISERING VAN DIE VERSKILLENDE VLAKKE VAN HULPVERLENING

Die konseptualisering van die verskillende vlakke van pastorale hulpverlening is 'n belangrike deel van die studie van pastoraat en praktiese teologie. Hierdie vlakke weerspieël die verskeidenheid van benaderings en intervensies wat pastorale sorg bied om mense te ondersteun in hulle geestelike en emosionele behoeftes. Elke vlak het 'n eie fokus en benadering, maar dit is dikwels geïntegreer om die persoon holisties te ondersteun.

Volgens Pieterse (2017:6) bestaan daar drie paradigmas waarvolgens praktiese teologie beoefen word. Diakoniologie neem die Bybel as vertrekpunt. 'n Handelingswetenskaplike paradigma plaas fokus op die geloofshandelinge van mense in die lig van die Woord terwyl 'n post-moderne paradigma die verhale/narratiewe van mense as vertrekpunt neem. 'n Paradigma is die wetenskaplike term vir 'n verwysingsraamwerk of 'n vertrekpunt (Pieterse, 2017:6). Praktiese teologie funksioneer vanuit spesifieke paradigmas. Hierdie drie paradigmas vorm die basis waaruit 'n teorie vir pastorale sorg ontwikkel word. Die diakonologiese paradigma is byvoorbeeld duidelik sigbaar in hoe pastoraat deur Breed omskryf word:

> Pastoraal is die wetenskaplike studie van die Woord van God, die mens, die werklikheid en ander toepaslike vakdissiplines, met die oog op die ontginning van Bybelse beginsels, die ontwerp en toepassing van 'n pastorale model met die doel om gelowiges, deur die kragtige werk van die Gees, te begelei tot dieper kennis van God, hulself, tot geloofsgroei wat hulle in staat kan stel om die krisisse van die lewe met vrede te hanteer tot eer van God en tot verdere geloofsgroei binne die gemeenskap van die heiliges. (Breed, 2013:6)

Die term "pastoraal" in pastorale sorg is afgelei vanaf die Latynse woord *Pastorem* wat 'herder' beteken en daarop dui om in kwesbare mense se behoeftes te voorsien (McClure, 2012:269). Pastorale sorg se fondasie is omgee vir jou medemens gegrond op God se medelye en deernis met mense (Louw, 2014c:50). Pastorale sorg is om Goddelike liefde aan ander sigbaar te maak deur dit te beliggaam. Volgens Collins (2005:3) probeer pastorale sorg om bemoediging en leiding te verskaf aan mense wat verliese, besluite of teleurstellings in die gesig staar. Louw (2014b:iii) verduidelik verder dat pastorale sorg die pastorant toerus om toepaslike hanteringsmeganismes te ontwikkel as hulpbron tydens moeilike uitdagings. Pastorale sorg stimuleer persoonlike groei asook ontwikkeling. Dit help met die hantering van probleme, innerlike konflik en om verlammende emosies doeltreffend te hanteer (Collins, 2005:10). Die pastorale versorger poog om as mediator in mense se verhouding met God op te tree sodat verlossing en genesing by God gevind kan word. Louw (2014b:iii) steun die stelling van Collins deur te verduidelik dat 'n Christenversorger moet intree vir die pastorant, dit is die rol van die versorger om die pastorant te lei na God. Dit is ook nodig dat die berader soos 'n skaapwagter moet wees, hy/sy moet omsien na God se skape met sensitiwiteit en opregtheid. Louw (2014b:iii) vergelyk die versorger met 'n dienskneg wat moet omsien na die gelowiges se emosionele wonde en diensbaar moet wees.

In die veld van pastoraat word sorg op verskillende vlakke bemiddel. 'n Konseptualisering van pastoraat volgens hierdie verskeidenheid vorme van sorggewing dra by tot 'n meer genuanseerde verstaan van pastoraat.

### 2.3.1 Onderlinge sorg

Die Bybel leer dat gelowiges mekaar behoort te versorg. (Kolossense 3; Galasiërs 6:2). Boshoff (2016:10) verduidelik dat onderlinge sorg fokus op die geestelike, emosionele en finansiële versorging van lidmate. Volgens Van Arkel (2000:161) vorm onderlinge sorg die kern van pastorale sorg en word dit beskou as die belangrikste bousteen daarvan. Die doel is om die behoeftes van die pastorant te identifiseer en te evalueer, asook om betrokke te wees by die benutting en koördinering van bronne en dienste sodat daar in die maatskaplike en fisiese nood van die gemeenskap voorsien kan word (Boshoff, 2016:10). Dit behels die uitleef van naaste liefde deur barmhartigheid en emosionele ondersteuning te bied. Dit gaan oor die erkenning van menswaardigheid en die vermyding van skade, met 'n opregte besorgdheid vir ander. Die fokus bly altyd op Christus en die uitleef van Christelike liefde. Van Arkel (2000:157) beskryf dit as die instandhouding van die gemeente, waar gelowiges vir mekaar sorg en mekaar se laste help dra (Van Arkel, 2000:160) soos aanbeveel in Romeine 15. Die gemeente speel 'n baie belangrike rol in die ondersteuning en versorging van medegelowiges. Louw (2014b:iii) brei hieroor uit deur te verduidelik dat onderlinge sorg 'n middel is vir die mens om gesonde Godsbeelde te vorm. Dit is om bystand te ontvang deur opregte omgee en sensitiwiteit.

McClure (2012:275) se beskrywing van omgee sluit aan by Van Arkel se verstaan oor onderlinge sorg. McClure (2012:275) noem dat daar in die verlede meestal op predikante gefokus is as versorgers, maar dat sorg al meer 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid van kerklidmate word. McClure (2012:276) verduidelik verder dat sorg 'n gemeenskap bou waarin lede mekaar ondersteun deur kompleksiteite en uitdagings. Dit veroorsaak 'n verwelkomende en inklusiewe plek waar die gelowiges kan genees en groei (McClure, 2012:276). Hierdie inklusiewe model van sorg, beteken dus dat die lidmate beide sorg ontvang asook as versorgers kan optree (McClure, 2012:277).

### 2.3.2 Pastorale sorg

Volgens Pieterse (2017:6) bestaan daar drie paradigmas wat die beoefening van Praktiese Teologie rig en vorm. Hierdie paradigmas funksioneer as vertrekpunte vir die teorie en praktyk van pastorale sorg. Die eerste paradigma, die diakoniologiese paradigma, gebruik die Bybel as die primêre vertrekpunt. Dit beklemtoon die rol van diakonia, of diens, in die konteks van pastorale sorg en is sterk gefokus op die Bybelse beginsels van diensbaarheid en hulp aan ander. Die diakoniologiese benadering is duidelik sigbaar in die werk van Breed (2013:6), wat pastoraat beskou as die wetenskaplike studie van die Woord van God, die mens en ander toepaslike vakgebiede, met die doel om Bybelse beginsels te ontgin en toe te pas om gelowiges te help om deur die krisisse van die lewe te beweeg en groei.

Die tweede paradigma, die handelingswetenskaplike paradigma (Pieterse, 2017:6), plaas die fokus op die geloofshandelinge van mense. Hierdie benadering ondersoek hoe mense hul geloof in die praktyk toep en in lyn met die Woord van God leef en hoe hulle op die geloof reageer. Dit is nie net oor die teoretiese studie van geloof nie, maar oor hoe mense werklik in hul alledaagse lewe optree en optrede gebaseer op die geloof. Hierdie paradigma beklemtoon die praktiese uitvoering van geloof.

Laastens, die post-moderne paradigma (Pieterse, 2017:6) begin vanuit die ervarings en narratiewe van mense. Dit erken die subjektiewe ervaring van die individu as 'n bron van betekenis en geloof, en plaas 'n groter klem op die verhale wat mense oor hul lewens en geloof vertel. Dit is 'n meer oop benadering wat die diversiteit van ervarings en perspektiewe erken.

Volgens Pieterse (2017:6) help hierdie paradigmas die teoloog/versorger om 'n spesifieke raamwerk te gebruik in 'n pastorale konteks. Elk van hierdie paradigmas dra by tot die ontwikkeling van 'n omvattende pastorale sorgteorie wat die geestelike en praktiese behoeftes van mense in die samelewing aanspreek.

Pastorale sorg as die breë veld met die onderskeie vorme van hulpverlening het 'n bepaalde doel voor oë. Pastorale sorg speel af binne die konteks van die Christelike geloof en werk na die spirituele heelheid van mense deur middel van deernisvolle sorg. Vir Louw word die betekenis van spirituele heelheid deur die wisselwerking tussen lewensbeskouings, wêreldbeskouings en die perspektief van die Bybel bepaal (Louw, 2014b:ii).

Die vraag kan ontstaan na wat spirituele heelheid in die konteks van pastoraat beteken. Menslike gesondheid of florering beteken om in alle aspekte van jou lewe heel te wees: fisies, emosioneel, geestelik, sosiaal en spiritueel. Menslike gesondheid, vanuit 'n Christelike perspektief beteken om verlos, heel, genees en gelukkig te wees. Dit is interessant dat Louw (2015:243) argumenteer dat die objek van geloof verlossing is en dat die objek van verlossing die heelheid van mense is. Die heelwording van mense word moontlik gemaak deur God se inwonende Gees. Die praxis van pastorale sorg is gegrond in die praxis van God wat die fokus plaas op die eskatologiese verstaan van mense as nuwe skepsels in Christus. In die pastorale konteks behoort mense voortdurend as nuwe skepsels erken en bevestig te word. Hierdie lewegewende pastorale praxis is moontlik wanneer vierend omgegaan word met die opstandingskrag van die Gees wat mense bewoon en bemagtig vir lewe en voortdurende verandering (Louw, 2015:240).

Pastorale sorg wat op hoop en uiteindelik kognitiewe vernuwing gefokus is, affekteer elke aspek van die mens en het vele implikasies tot gevolg. Dit is holistiese sorg waarna in hedendaagse pastoraat verwys word (Janse van Rensburg, 2010:11).

Die doel van pastorale sorg kan opgesom word as om saam met mense te reis in hul proses van genesing tot spirituele heelheid. In daardie genesingsproses vind persoonlike en geestelike groei plaas (Charry, 2007:250). Charry (2010:245) noem dat wanneer mense God leer ken hul algehele welstand verbeter word.

Van Arkel (2000:162) is van mening dat pastorale sorg binne die gemeente gebou is op bemagtiging van die lidmate. Hy verduidelik dat om hulp te verleen aan lidmate meer vaardighede vereis as onderlinge sorg. Bezuidenhout (2015:15) definieer ook pastorale sorg as die bemagtiging van lidmate. Dit beteken om hul die nodige vaardighede aan te leer om in hul eie lewens te groei tot heelheid van elke faset van hul menswees, meer spesifiek, in die besonder 'n versterkte bewuswees van God in elke faset van hierdie menswees (Bezuidenhout 2015:15). Pastorale sorg is om leiding te bied aan die gebrokene na heelheid onder die leiding van die Heilige Gees. Louw (2014b:iii) sluit aan by Bezuidenhout se stelling deur te verduidelik dat pastorale sorg die gelowige toerus om toepaslike hanteringsmeganismes te ontwikkel as hulpbron tydens moeilike uitdagings. Deur die gelowige toe te rus met die nodige vaardighede vir krisishantering, groei die persoon spiritueel en geestelik. Dit bemagtig dus die persoon en dra by tot florering van die mens.

Pastorale sorg beteken om saam met mense deur hulle krisisse, seer, probleme en gebrokenheid te stap. Dit beteken om ondersteuning te bied (diep en opregte ondersteuning). Die pastorale bediening moet dus beskikbaar wees vir mense wat lewensprobleme ervaar, soos siekte, interpersoonlike verhoudings, bejaardheid, rou, of vir enige lewensituasie waarin mense 'n behoefte aan 'n groter mate van emosionele gesondheid ervaar (Van Arkel, 2000:159). Die fokus van pastorale sorg is om oplossings op probleme te vind (Van Arkel, 2000:162). Pastorale sorg skep 'n omgewing van omgee en liefde.

### 2.3.4 Pastorale berading

Pastorale berading dien as die derde vlak van hulpverlening. Dit is meer formeel (Van Arkel, 2000:163). Dit vind ook in 'n meer formele omgewing plaas tydens hulpverleningsessies.

Pastorale berading bied uitreiking na mense in nood op 'n unieke wyse. Collins (2005:4) is van mening dat pastorale berading 'n meer gespesialiseerde aspek van pastorale versorging is, wat te doen het met die hulpverlening aan enkelinge, gesinne en groepe mense wat druk en krisisse van die lewe moet hanteer. Die hoofdoel van berading is om beradenes te help om te genees, om te leer en om persoonlik en geestelik te groei.

Volgens Collins (2005:3) probeer berading om bemoediging en leiding te verskaf aan die persoon wat moontlike besluite of teleurstellings in die gesig staar. Louw (2014b:v) steun die bogenoemde stelling deur te verduidelik dat berading die volgende bied: heling, onderhouding deur opregte ondersteuning, leiding, versoening, bevryding en bemagtiging wat die beradene toerus met hanteringsmeganismes om moontlike krisisse te hanteer. Daar word gebruik gemaak van verskillende bronne/hulpmiddels tydens die sessies naamlik: Die Bybel as vertrek punt, gebed, modelle, teorieë, dogmatiese leerstellings ens (Van Arkel, 2000:163).

Van Arkel (2000:163) verduidelik dat pastorale berading as teologiese wetenskapsveld van dié van ander hulpverleningsvelde soos sielkunde verskil. Pastorale berading is uniek ten opsigte van die verstaan van die

mens, dit wil sê volgens 'n teologiese antropologie, en die konteks waarbinne dit plaasvind, naamlik die konteks van die Christelike geloofsgemeenskap (Van Arkel, 2000:164). Pastorale berading vind plaas binne die konteks van die Christelike geloofsgemeenskap en verskil van ander hulpverleningsvelde soos sielkunde deur sy teologiese perspektief op die mens (Van Arkel, 2000:164). Dit is gegrond op teologiese antropologie, wat die mens sien as 'n skepping na God se beeld, in verhouding met God en ander. Van Arkel (2000:164) verduidelik dat berading nie net fokus op emosionele en psigiese welstand nie, maar ook op geestelike groei en geloofsvernuwing. Dit geskied binne 'n ondersteunende geloofsgemeenskap, waar gebed, Bybelse lering en gemeenskaplike sorg deel van die proses is. Alhoewel pastorale berading en sielkunde verskil in hul benadering, kan hulle mekaar aanvul om 'n holistiese sorgmodel te vorm wat beide die menslike en geestelike dimensies aanspreek.

### 2.3.4 Pastorale terapie

Alhoewel die studie op die vlak van pastorale sorg funksioneer word die pastorale terapeutiese vlak nie heeltemal geïgnoreer nie. Van Arkel (2000:164) verduidelik dat pastorale terapie die probleem in meer diepte bestudeer en evalueer. Pastorale terapie maak gereeld staat op ander hulpverleningsvelde soos die sielkunde, mediese wetenskappe, maatskaplike werk ensovoorts, om die mens in totaliteit te evalueer (Van Arkel, 2000:164). Alhoewel die doel van die studie is om die relevansie, anders gestel die eiesoortige invloed, van hoop op hedendaagse pastoraat, binne 'n spanbenaderings konteks, te bepaal, vind daar wel integrasie plaas. Daar vind ook erkenning aan die belangrike invloed van ander hulpverleningsvelde plaas.

Pastorale terapie verwys, volgens Van Arkel (2000:164), na die gespesialiseerde pastorale behandeling van probleme wat diep gewortel is. Dit is gewoonlik kompleks en die genesingsproses duur oor 'n langer tydperk.

## 2.4 DIE KONTEKS VAN HEDENDAAGSE PASTORAAT

Wat hedendaagse pastoraat kenmerk is die interdissiplinêre aanslag daarvan (soos in die definiëring van kernkonsepte kortliks genoem is). Al meer erkenning word verleen aan die wete dat die mens kompleks is. So ook is eksistensiële en sosiale vraagstukke waarmee mense gekonfronteer word kompleks. Komplekse vraagstukke vra vir geïntegreerde response wat nie slegs deur perspektiewe van een wetenskapsveld geïnformeer word nie, maar deur 'n veelheid van perspektiewe wat verskillende wetenskapsvelde verteenwoordig. Probleme en uitdagings waarmee mense en gemeenskappe gekonfronteer word, is dus sistemies van aard. Dit vra vir 'n inklusiewe, holistiese en interdissiplinêre benaderinge.

Louw (2014b:ii) is geïnteresseerd in wat pastorale sorg uniek maak en die bydrae daarvan eiesoortig maak in die interdissiplinêre veld van menslike gesondheid en heling. Louw (2014b:ii) vra: "wat is uniek aan pastorale teologie in differensiasie van die gesondheidswetenskappe en wat is die bydrae van Christelike

spiritualiteit tot gesondheid, genesing en heling?" Hy beantwoord die vraag deur te noem dat pastorale sorg nie bloot sielkunde binne 'n Christelike raamwerk is nie, maar dat pastorale sorg 'n teologiese dissipline is, wat verbind is aan 'n unieke bron, naamlik die praxis van God (Louw, 2014b:ii).

Pastorale versorging lewer 'n unieke bydrae tot die versorging van mense binne 'n interdissiplinêre hulpverleningskonteks deur ondersteuning te bied vanuit 'n teologiese perspektief in 'n koesterende en bemoedigende omgewing. Die fokus lê op die emosionele en geestelike behoeftes van die pastorant. Louw (2013:21) wys daarop dat moderne psigiatrie erken dat spiritualiteit 'n wesenlike rol speel in 'n persoon se algehele gesondheid, net soos fisiese welstand. Charry (2011:283) poog om 'n dialoog tussen teologie en sielkunde te bevorder en beklemtoon dat, hoewel elke veld op sy eie beginsels gegrond bly, hulle mekaar kan aanvul en versterk. Sy verduidelik verder dat die wedersydse respek tussen hierdie dissiplines, juis weens hul unieke benaderings, 'n waardevolle bydrae tot holistiese gesondheid kan lewer.

'n Verdere kenmerk van die veld van hedendaagse pastoraat is die fokus op holisme. Die welstand van die mens beteken dat daar in die persoon se emosionele, liggaamlike, verstandelike en geestelike behoeftes voldoen moet word. Menslike gesondheid beteken om in alle aspekte van jou lewe heel te wees om daardeur te kan floreer. Dit beteken dat alhoewel daar gefokus word op die belang van pastorale versorging binne die multidissiplinêre span, erken die versorger die noodsaaklikheid van 'n breë en holistiese benadering tot menslike gesondheid.

Aangesien die mens kompleks is, moet die probleem vanuit 'n holistiese perspektief benader word om sodoende meer doeltreffende oplossings te bekom. Die sielkunde word tydens pastorale sessies betrek sodat beide velde op mekaar kan bou en gapings kan vul binne die konteks van menslike gesondheid en holistiese sorg.

Holisme kan dieper ondersoek word binne die pastoraat self deur te verseker dat die pastorant aandag gee aan elke vlak van spirituele gesondheid, naamlik: hoop, verlossing, genesing en nuutwording deur gebruik te maak van verskillende teologiese dissiplines.

Spiritualiteit met'n fokus op mense se subjektiewe ervaring van wie hulle voor God is en wie God vir hulle is, is 'n verdere belangrike fokuspunt van hedendaagse pastoraat. Spiritualiteit is in wese 'n reaksie van mense in hul soeke na betekenis in hul lewens. Dit is nie 'n georganiseerde stelsel soos godsdiens nie, maar eerder 'n private en individuele verhouding met God. Spiritualiteit vorm die kern van menswees en weerspieël die diepste dimensie van die self – die siel. Dit is die essensie van 'n persoon se innerlike bestaan en verbintenis met dieper betekenis en waardes. Volgens van Rooyen (2010:6) is spiritualiteit die studie van ervaring, belewenis en ondervinding.

Van Rooyen (2010:6) noem dat om 'n "Gees-persoon" te wees die basis van Christelike spiritualiteit is. Dit verteenwoordig 'n diepe hunkering na die sin en doel met die wete dat die mens tog konkreet hier en nou in sy / haar leef, wêreld wil en kan hoort (Van Rooyen, 2010:6).

Spiritualiteit verwys na die diepste dimensie van die menslike persoon, ook na die diepste waardes en betekenisse wat mense soek om te leef. Dit verwys na die volheid van die Christelike ervaring. Spiritualiteit beïnvloed die kwaliteit van jou lewe. Dit word ook beïnvloed deur jou waardes en norme en andersom. Daar is 'n verbintenis met spiritualiteit en hoe jy God sien, wat is jou Godsbeeld? Spiritualiteit verwys ook na die soeke na die sin van die lewe, doel van die lewe en betekenis van die lewe.

Spiritualiteit is inherent deel van die mens in totaliteit. Hierdie inherente spiritualiteit ontwikkel in die loop van die mens se lewensjare. Spirituele ontwikkeling dui op 'n verdieping of verryking van die bewustheid van die transendente en die relasionele verwantskap tot ander, die self, die wêreld. 'n Samevattende gedagte is dat dit gefokus is op denke, refleksie, ervaring en aksie – wanneer hierdie vier momente gelyktydig teenwoordig is, ontwikkel 'n toewyding om 'n volgehoue en lewenslange spiritualiteit te beoefen. Dit is wanneer die persoon God as middelpunt sien. Dit is wanneer 'n persoon gegrond is in God en op God se kennis en krag staat maak – vir leiding ook. Dit is wanneer 'n persoon 'n toepaslike verstaan van God het en beskik oor toepaslike geloofsinhoude. Dit is wanneer die mens hulle hoop stel in God. Dit verwys na 'n toepaslike beeld van God.

Holisme word ook aan die konsep van spiritualiteit verbind soos in die navorsing van Thesnaar (2019) gesien kan word:

> Holistiese spiritualiteit kombineer aspekte van sielkundige volwassenheid en aspekte van teologiese volwassenheid. Louw (2005:54) dui aan dat holistiese spiritualiteit daarna streef om die gehalte van menswaardigheid te verbeter. 'n Verhouding met God moet tot 'n hoë aansien van alle mense lei. Die innerlike en private dimensies moet verbind word met dimensies van publieke lewe en sosiale konteks. Dit sal meebring dat spiritualiteit nie abstrak staan van gemeenskaplike en sosiale werklikhede nie. Holistiese spiritualiteit is wenslik, want dit verhoed abstrakte en individuele spiritualiteit wat net op die siel gebaseer is, en verbreed dimensies van spiritualiteit tot totale menslike ervaring. Juis omdat die konsep van spiritualiteit breed en omvattend is, is dit oop vir Christelike interaksie en interpretasie. (Thesnaar, 2019:219)

Pastorale versorging erken die belang van 'n holistiese benadering tot hulpverlening. Hedendaagse pastoraat is gefokus op nie uitsluitlik private dimensies van individue nie. Die private domeine word juis aan die publieke domeine verbind en so ook individue met sosiale strukture en sisteme. Hedendaagse pastoraat is daarom ook gefokus op die heling van verhoudinge, sisteme en strukture byvoorbeeld die huwelik, gesin, gemeenskap. Dit is dus nie beperk tot individue nie, dit is sistemies en verhoudingsgerig van aard. Soos in Louw (2012:45) se navorsing gesien kan word, word die netwerking van die lewe of soos gestel in die werk van Miller-McLemore (1996:17) die web van die lewe die studieveld vir die praktiese teologie en pastorale sorg.

Wat hedendaagse pastoraat verder kenmerk is die eiesoortige bronne wat tydens die pastorale proses gebruik word. Die evangelieboodskap van die Goeie Nuus word aanvaar as die vertrekpunt in enige pastorale situasie. Die Bybel dien as rigtinggewende bron en Skrifgedeeltes word organies gebruik gedurende pastorale versorging. Die Bybel bied nie net insig in menslike gedrag nie, maar plaas ook lig op moeilike eksistensiële krisisse (Kotzé, 2013:91). 'n Verdere unieke bron wat tydens die pastorale gesprekke gebruik kan word, is dogmatiese hulpbronne of leerstellings. Charry (1997:1) verduidelik dat Christelike dogmatiek pastoraal van aard is. Sy noem verder dat dit menslike groei bevorder. Charry (1997:7) se mening oor dogmatiek is dat dit die gelowige vorm en leiding vir die gelowige bied omdat dit opvoedkundig van aard is. Dit help om die gelowige se identiteit in Christus te vorm. Dit verskaf ook belangrike kennis wat die gelowige benodig om God te leer ken wat na verlossing in Christus lei (Charry, 1997:4). Louw (2014c:54) verduidelik dat die basiese argument is dat die mens se beeld, verstaan en kennis van God die kwaliteit en unieke identiteit van pastorale sorg bepaal.

Pastorale sorg is ook uniek omdat die Heilige Gees die leiding bied. Deur die Heilige Gees toe te laat om deur die Bybel te lei, hoef die versorgers nie op hulle eie kennis staat te maak nie, maar eerder op God se wysheid. Dit beteken om afhanklik van God se onderrig te wees, wat dus tot doeltreffende gesprekke en oplossings lei. Die Heilige Gees maak die teenwoordigheid van Jesus Christus werklik in gelowiges en Hy troos. Pastorale sorg is ook uniek omdat Christene vergifnis ontvang vir hulle sondige gedrag. Hulle beleef dus bevryding van skuldgevoelens en kan daarom uitsien na 'n beter toekoms saam met hul Verlosser- in ander woorde, dat hul met hoop kan leef.

In 'n hedendaagse konteks van pastoraat word die pastorale bemiddelaar van sorg en die mense wat pastorale versorging kom opsoek in 'n wederkerige verhouding met mekaar geplaas. Die pastorale verhouding word nie meer vandag uitsluitlik beskryf volgens die teologiese metafoor van die Herder nie. Pastorale sorg in 'n hedendaagse konteks beteken om saam met mense deur hulle krisisse, seer, probleme en gebrokenheid te stap, teenwoordig te wees en saam as kwesbare mense in die teenwoordigheid van God te leef en sy wil te soek (Louw, 2014c:54). Wanneer daar hulp aan 'n individu verleen word, ontmoet versorgers mense daar waar hulle is en nie daar waar hulle veronderstel is om te wees nie. Daar word gekyk na mense se stories of ander gestel hul narratiewe – vir 'n dieper verstaan van hoekom is hulle op hierdie plek in hul lewens. Hulle agtergrond en die konteks word in ag geneem. Daar moet erken word dat mense nie volmaak is nie en dat mense kwesbaar is. Daarom is deernis, empatie en bewustheid van eie kwesbaarheid belangrike grondhoudings in hedendaagse pastoraat. Deernis en empatie word beskou as kernkomponente van effektiewe pastorale sorg. Hierdie eienskappe help die versorger om 'n veilige ruimte vir die pastorant te skep, waar hulle hul emosies en sorge kan deel (Van Arkel, 2000:160). Deernis help die pastoraat om nie net die persoon se lyding te verstaan nie, maar ook om daaraan deel te neem en 'n boodskap van hoop en genesing oor te dra. Van Arkel (2000:160) verduidelik dat empatie 'n sleutel rol speel in pastorale verhoudings omdat dit die versorger in staat stel om die pastorant se ervaringe en emosies in diepte te verstaan. Dit skep 'n verbinding wat verder gaan as net 'n intellektuele begrip, wat noodsaaklik is

vir effektiewe pastorale sorg. Verskeie teoloë en praktiese teologiebronne, soos die werk van Louw (2014) en McClure (2012), ondersteun hierdie perspektiewe. Deernis en empatie word gesien as fondament in die pastorale proses, wat 'n transformerende invloed op die individu kan hê, wat in lyn is met die Bybelse ideaal van liefde en diensbaarheid (Van Arkel, 2000:160).

Pastorale sorg help mense om spiritueel te floreer en om spirituele sienings te ontwikkel asook om in kontak te kom met toepaslike spirituele bronne wat kan lei tot menslike vooruitgang, genesing en kognitiewe vernuwing. Mense wat gekonfronteer word met depressiewe gevoelens of gedagtes as gevolg van eksistensiële krisisse kan dit moeilik vind om met hoop te leef. Pastorale sorg is om hoop saam met mense te ontsluit waar die toekoms uitsigloos lyk. Daarom word pastorale versorgers in hedendaagse pastoraat as agente van hoop beskryf. Die taak van agente van hoop is ook om menswaardigheid te bevorder of te herstel. Hoopvolle sorg beteken liefdevolle sorg gegrond in liefde vir mense en gedryf en gemotiveer deur 'n Godsbeskouing van 'n liefdevolle God.

Charry (2011:284) is van mening dat pastorale sorg 'n unieke vorm van hulpverlening is en verskil van sielkundige terapie in die sin dat spirituele hulpbronne gebruik word. Professionele pastorale versorging behels die pastorant se geestelike ervarings sowel as godsdienstige oortuiginge. Vir diegene wat soek na genesing in verhoudings of traumatiese veranderinge en oorgange soos egskeiding, dood, trauma, chroniese siekte, of 'n loopbaan verandering, bied pastorale versorging opregte ondersteuning, omgee en leiding. Pastorale sorg bied ook geleentheid vir nadenke vir wat 'n lewe in oorvloed in die teenwoordigheid van God beteken. Charry (2007:248) verduidelik ook dat om 'n florerende lewe te leef moet die persoon in God geanker wees. God moet die middelpunt wees. Daardeur sal die persoon 'n ewige bron van geluk hê en met hoop kan leef.

## 2.5 DIE PASTORALE PROSES

### 2.5.1 Die doel van die pastorale proses

Daar is een groot doel waarin elke pastorale versorger probeer slaag. Dit is om mense te leer hoe om oorvloedige lewens te leef en hulle te stuur in die rigting van die ewige lewe wat aan gelowiges belowe is (Charry, 2007:247). Dit verwys na menslike vooruitgang of florering. Charry (2007:250) verduidelik dat Christelike dogmatiek en die leer daarvan die pastorant kan help om te floreer. Charry (2007:250) noem ook dat die doel van Christelike dogmatiek, wat tydens die sessies gebruik word, die pastorant help om God te ken en in verhouding met Hom te leef. Om God te ken bring hoop. Daar ontstaan ook 'n sterk begeerte om te kan ervaar hoe alle pastorante dissipels van Jesus Christus word en as verlossende kinders van God leef. 'n Verdere belangrike doel is om die pastorant te begelei om hul denke te vernuwe en hul fokus op God te plaas. Die pastorale versorger poog om die pastorant tot insig te bring om verskuilde nadelige houdings te herken, om interpersoonlike vaardighede en nuwe gedrag aan te leer, om besluite te neem of hul lewenstyl te verander of om innerlike bronne van krag aan te wend om krisisse te hanteer. Die einddoel is altyd om te

verseker dat genesing en groei plaasgevind het (Lartey, 1997:21). Ook om 'n lewensverandering in die pastorant waar te neem, asook 'n vernuwing in gees en verhouding met God. Die belangrikste doel is genesing deur God. Pastorale sorg se fondasie is omgee vir jou medemens. Dit is om in ander se behoeftes te voorsien, veral geestelike behoeftes, en leiding te bied (McClure, 2012:269). Dit is om Goddelike liefde aan ander te bewys. Openbaring 21:3-4: "Hy sal die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie."

Dit is belangrik om die proses van versorging te ondersoek om daardeur die uniekheid van pastorale sorg verder te beklemtoon. Deur die proses te verduidelik word die eiesoortigheid van versorging beklemtoon. Dit dra dus by tot die verduideliking van die karakter van hedendaagse pastoraat en wat dit anders maak as ander velde in menslike gesondheidsorg.

### 2.5.2 Die sessies

Die uniekheid van pastorale versorging, soos hierbo genoem, lê daarin dat dit nie net die persoonlike behoeftes van die pastorant aanspreek nie, maar ook die hoop wat in Christus gevind word, beklemtoon. Hierdie tipe versorging fokus op die persoon in geheel, en is dit meer as net die voorsiening van fisiese of oppervlakkige hulp. Dit omvat die ondersteuning van die pastorant se emosionele en geestelike behoeftes, wat noodsaaklik is vir die heling en vernuwing van die pastorant. Deur die integrering van geestelike leiding en emosionele ondersteuning kan pastorale sorg werklik 'n holistiese benadering tot genesing en groei bied, wat in lyn is met die hoop wat Christus bied.

Die pastorale sessies bied 'n geleentheid vir die pastorant om aan sy/haar verhouding met God te bou, deur meer van God te leer en om te beleef hoe God mense deur moeilike situasies dra. Die pastorant kan tydens pastorale sessies tegnieke aanleer oor hoe om moeilike krisisse te hanteer. Die pastorant ontwikkel ook, tydens die sessies, goeie spirituele bronne wat hul deur moeilike tye kan raadpleeg. Die pastorant leer om op God te vertrou en om hoop in God en Sy beloftes te vind. Die pastorant leer dat die Heilige Gees mense elke dag moet lei, ook wanneer hulle struikelblokke of uitdagings in die gesig staar en om na God te draai vir wysheid. Tog moet pastorale berading nie in isolasie geplaas word nie, en daarom word ander hulpverleningsvelde wat kan bydrae tot die heelmaking van die pastorant, tydens die sessies geïntegreer.

Dit is baie belangrik vir die versorger om 'n veilige en warm omgewing te skep, sodat die pastorant welkom voel en die sessies sien as 'n moontlike geleentheid om te genees en te ontwikkel. Volgens Du Plessis (2013:1) kan 'n persoon van depressiewe, negatiewe gedagtes verlig word deur bloot net oor hulle emosionele gevoelens/probleme te praat. Die omgee, simpatie en empatie waarmee die versorger na die pastorant luister affekteer reeds die situasie waarin die pastorant hom/haar bevind. In die veilige omgewing kan hulle gerus voel om te praat oor hoe hulle voel of wat hulle dink - dit is terapeuties. In die begin van die pastorale proses is dit belangrik vir die versorger en die pastorant om die simptome en die oorsake van die

simptome te identifiseer. Is die simptome as gedrags, kognitief, somaties, perseptueel of emosioneel gebaseer. Die gevaartekens moet eerstens aangespreek en behandel word soos byvoorbeeld as daar tekens van selfdood is. Daar moet gefokus word op die persoon se sterkpunte, talente en vaardighede. Dit kan die persoon motiveer dat hy/sy wel goed is en 'n doel in die lewe het. Volgens Charry (2007:241) is verlossing en hoop die positiewe waarop gefokus kan word. Daar moet vir die persoon gebid word en die persoon moet weet dat God die enigste Een is wat genesing kan bring. Die persoon se verhouding met God moet herstel word (indien dit beskadig is) en hoop vind in God.

### 2.5.3 Integrasieteorie

Genesing is afhanklik van God en om in verhouding met God te leef is die weg tot verlossing en hoop, maar tog is dit belangrik om aandag te gee aan die mens se fisiese en emosionele komponente. Menslike gesondheid beteken om in alle aspekte van menswees heel te wees, daarom moet daar aandag aan elke aspek gegee word. Ellen Charry maak 'n belangrike konneksie tussen teologie en positiewe sielkunde (Marais, 2015:256). Positiewe sielkunde het te make met die ontwikkeling van die persoon se sterkpunte en teologie is nie daar om die mens se swakpunte te identifiseer nie, maar om eerder na die persoon te kyk as geskape na God se beeld. Pastorale versorging kan 'n positiewe bydra maak tot die spirituele en morele ontwikkeling van die pastorant.

Tog moet pastorale sorg nie gesien word as die enigste bron tot heling nie. Charry (2011:283) verduidelik dat pastorale sorg nie in isolasie geplaas word nie, en daarom word die bydrae wat positiewe sielkunde tot die heelmaking van die persoon kan bied, tydens die sessies geïntegreer. Indien dit die geval is, word daar op die pastorale terapeutiese vlak hulp verleen. Die wisselwerkende verband tussen positiewe sielkunde en pastoraat ondersteun die proses van genesing en groei, waarin die pastorant se denke verander en daar met hoop geleef word. Charry (2007:240) noem dat as 'n mens deur die proses van vernuwing gaan, verander 'n mens se negatiewe gemoed en perspektief na een wat te midde van uitdagings, 'n positiewe uitkyk het. Dit kan benader word deur middel van die hulp van positiewe sielkunde. Dit word volgens Charry (2007:240) die integrasieteorie genoem. Die integrasieteorie verwys na die kombinering/samewerking tussen die pastoraat en ander hulpverleningsvelde soos die sielkunde. Die teorie maak gebruik van die unieke identiteit van beide benaderings om 'n probleem vanuit 'n breër perspektief te ondersoek (Anderson & Zuehlke, 2000). Positiewe sielkunde is een van die nuutste dissiplines van sielkunde (Cherry, 2023:1). Baumgardner en Crothers (2010:1) verduidelik dat positiewe sielkunde gebou is op die idee dat 'n mens 'n meer kwaliteit lewe sal leef as die mens op positiewe emosies reageer en eerder op die positiewe van die lewe fokus as die negatiewe. Dit sluit aan by Charry (2011:286) se stelling dat menslike groei plaasvind wanneer daar op die persoon se positiewe punte gefokus word eerder as die persoon se verlede of foute. Martin Seligman is die stigter van positiewe sielkunde in 1998 (Baumgardner & Crothers, 2012:3). In 1998 was Seligman verkies as President van die "*American Psychological Association*" en positiewe sielkunde het die tema van sy termyn geword (Cherry, 2023:11). Hy bou sy teorie op die mening dat te veel klem gelê

word op swakhede en om menslike ellendes te hanteer eerder as om die klem te plaas op sterktes en die bevordering van gesondheid (Baumgardner & Crothers, 2012:3). Seligman verduidelik dat daar weg beweeg moet word van die mediese model van patologie na die bevordering van gesonde menslike funksionering. Seligman ontwikkel sewe komponente van positiewe gesondheid naamlik: geluk, positiewe emosies, karaktersterktes, veerkragtigheid, hoop, optimisme en interpersoonlike verhoudings (Peterson, 2017:28). In die hoofstuk word daar gefokus op positiewe emosies, veerkragtigheid en karaktersterkte van die pastorant om dus 'n positiewe uitkyk op die lewe te ontwikkel.

- Positiewe emosies. Baumgardner en Crothers (2010:3) verduidelik dat positiewe emosies altyd voordeel in hou vir die mens, nie net in tye van nood nie. Positiewe emosies bevat baie meer voordele as net die uitskakeling van negatiewe emosies (Baumgardner & Crothers, 2010:4). Positiewe emosies help die mens om fisiese, psigologiese en sosiale hulpbronne te ontwikkel om stresvolle situasies doeltreffend te hanteer (Baumgardner & Crothers, 2010:39).
- Veerkragtigheid. Dit is 'n patroon van positiewe aanpassing in die aangesig van betekenisvolle teëspoed of risiko (Baumgardner & Crothers, 2010:57). Dit verwys na die mate waartoe 'n persoon instaat is om na "normaal" toe terug te keer na 'n ervaring van ongemak/teëspoed of uitdaging. Dit fokus op die goeie uitkomste wat volg na 'n uitdaging (Baumgardner & Crothers, 2010:58). Dit behels die mate waartoe die persoon in staat is om aan te pas by 'n veranderde omgewing of traumatiese gebeurtenis.
- Geluk. Daar ontstaan twee tipes geluk (Peterson, 2017:35), naamlik: hedoniese geluk wat verwys na die najaag van geluk, plesier en genietinge. En tweedens: Eudiamoniese geluk, hier gaan dit oor die vervulling van jou innerlike potensiaal en self-aktualisering. Baumgardner en Crothers (2010:60) verwys na geluk as 'n toestand waar die mens welwees, vergenoegdheid en bevrediging ervaar. Om ook tevrede te wees oor die verlede, hoopvol en positief oor die toekoms terwyl jy heelhartig betrokke is in die hede. Charry (2004:20) verduidelik dat geluk 'n produk van verlossing, hoop en vernuwing is. Sy verduidelik verder dat teologie gemoeid is met die genieting van die lewe. Die doel van teologie is om God te leer ken, en om God te ken bring geluk en florering. Charry (2004a:21) lê klem op ware blydskap geanker in God, nie oppervlakkige blydskap in materialistiese aardse bevrediging nie. Volgens Charry (2004:22) bied hierdie God geankerde geluk en hoop vir die pastorant, hoop wat selfs tydens lyding seëvier.

  Volgens die "Values in action inventory of strenghts"- model, soos beskryf deur Peterson (2017:36), word positiewe karaktersterktes in ses kategorieë verdeel. Wysheid en kennis sluit kreatiwiteit, nuuskierigheid, 'n liefde vir leer, en gesonde perspektiewe in. Moed omvat dapperheid, volharding, en eerlikheid. Menslikheid sluit liefde, vriendelikheid, en sosiale intelligensie in. Geregtigheid word gekenmerk deur spanwerk, billikheid, en leierskap. Dankbaarheid sluit hoop, humor, en spiritualiteit in. Laastens behels selfregulering die eienskappe van vergifnis en nederigheid.

- Tydens die pastorale gesprek kan daar gefokus word op die persoon se karaktersterktes en bevordering daarvan. Daardeur word dit verder ontwikkel en vorm dit ’n doeltreffende hulpmiddel tydens stresvolle situasies. Deur te fokus op die ontwikkeling van die pastorant se karaktersterktes sal dit die pastorant in staat stel om te floreer en vernuwe. Harris (2012:10) verduidelik dat in hierdie praktyk van positiewe sielkunde word daar weg beweeg van die idee van patologie. Harris (2012:10) verduidelik verder dat die fokus nie langer op die tekortkominge van die mens is nie, maar eerder op die persoon se hulpbronne en sterkpunte, en hoe hierdie aspekte kan bydra tot die oorkoming van ’n probleem. Harris (2012:10) steun sy mening verder deur te sê dat daar bestaan nie iets soos geestesversteurings nie, net gesonde mense wat ’n probleem het en daardie probleem word gesien as ’n groei geleentheid.

  Harris (2012:10) maak 'n duidelike onderskeid tussen positiewe sielkunde en tradisionele sielkunde deur te noem dat tradisionele sielkunde dikwels mense in “bokse” plaas, terwyl positiewe sielkunde nie op die negatiewe as 'n probleem fokus nie, maar eerder op die positiewe eienskappe wat steeds in 'n persoon teenwoordig is. Hierdie onderskeid kan ook getref word deur die vraag te stel oor die positiewe motiewe agter gedrag, eerder as om net die gedrag self te evalueer. Harris (2012:10) eindig sy argument deur te beklemtoon dat wanneer 'n mens die positiewe in 'n situasie bou, die negatiewe as gevolg ligter en meer hanteerbaar word. Cherry (2023:1) maak dieselfde onderskeid en verduidelik dat positiewe sielkunde fokus op hoe om mense te help om gesonde, gelukkige lewens te lei en vernuwing te ervaar, terwyl ander dissiplines van sielkunde dikwels aandag gee aan disfunksies en abnormale gedrag. Die doel van positiewe sielkunde is dus om mense te help om gelukkiger te wees, te midde van uitdagings.

Die bogenoemde integrasie van positiewe sielkunde tydens die pastorale sessie, sluit aan by ’n pastorale metode in die pastorale veld naamlik die narratief. Narratief is ’n metode om wysheid in die lewens van die pastorant te vestig en verder te ontwikkel (Brunsdon, 2010:2). Dit sluit aan by Charry se leerstellings wat die pastorant met wysheid oor God toerus, ook wat die pastorant leer hoe om sy/haar identiteit in God te vind. Pastorale versorging het ’n hermeneutiese taak om die verhale/stories van die pastorant te koppel aan die stories van geloofstradisies. In hierdie verband gaan pastorale hermeneutiek oor 'n poging om die fundamentele kwessies van die lewe in terme van begrip en ervaring van God, te verstaan en te interpreteer (Louw, 2014:v). Dit kan doeltreffend in die pastorale sessies gebruik word. Brunsdon (2010:2) verduidelik dat dié metode fokus op die ontwikkeling van geestelike sterkpunte om ten einde 'n meer positiewe menslike ervaring aan te moedig, dit sluit ook aan by Charry se werk oor verlossing as genesing waar sy verduidelik dat daar op die persoon se positiewe sterktes gefokus moet word eerder as foute. Charry (1997:18) noem verder dat om wysheid te hê beteken om God te ken, wat tot uiteindelike spirituele florering en vernuwing lei. Die metode kan ook toekomstige probleme verhoed omdat dié metode nie net fokus op die behandeling van die probleem nie, maar ook op die voorkoming daarvan. Dit is self-bemagtigend. Dit rus die persoon toe

met vaardighede om probleme effektief te identifiseer en op te los. Dit help die pastorant om toepaslike spirituele bronne te vorm wat die persoon kan help tydens moeilike eksistensiële uitdagings. Dit is ook die ontwikkeling van sterkpunte en sluit daarom aan by die integrasieteorie waar die sielkunde tydens die pastorale sessie in genooi word.

Romeine 12:2 verduidelik dat gelowiges God moet toelaat om hul denkpatrone te vernuwe. Dit sluit aan by die bogenoemde tema van positiewe sielkunde. Wanneer God gevra word om denkpatrone te vernuwe, word daar wegbeweeg van 'n negatiewe perspektief op die lewe en krisisse, en eerder gefokus op die positiewe aspekte en moontlike groeigeleenthede wat daaruit kan voortvloei.

## 2.6 BELANGRIKE BRONNE IN DIE PASTORALE PROSES

### 2.6.1 Die Bybel

Wat is die Bybel? Bybel (s.nw) is die Heilige Skrif, die Woord van God. Die Bybel is God se openbaring aan die mens (in die Ou en Nuwe Testament). Die Bybel het egter nie uit die Hemel geval nie, dit is 'n boek wat oor byna 2000 jaar stelselmatig gegroei het (Van der Walt, 2003:11). Die Bybel vertel die Goeie nuus oor God (Van der Walt, 2003:11). Die Bybel is vir die Christen die fontein van kennis. Die Bybel is uniek, op sy eie, met 'n totale ander doel as enige ander boek. Die Bybel is hoe God met die mens kommunikeer en Homself openbaar. Deur die Bybel word God se doel en wil vir die lewe geopenbaar. Dit is noodsaaklik, aangesien dit die primêre platform van kommunikasie met God is. Binne die Skrif lê belangrike boodskappe en beloftes wat God openbaar, waardeur 'n verhouding met Hom gebou en verdiep kan word. Wanneer daar 'n gedeelte van die Bybel in 'n pastorale gesprek gebruik word, is dit belangrik om die Skrif- gedeelte binne konteks en ruimte te verstaan (Kotzé, 2013:92). Die kultuur, era en taal van die mense in daardie tyd moet in ag geneem word. Die Bybel is geskryf binne 'n spesifieke historiese en kulturele konteks wat verskil van die wêreld waarin mense vandag leef, daarom is dit nie maklik om net 'n teksvers toe te pas nie, refleksie is belangrik. Soos reeds genoem dien die Bybel as bron waarvolgens 'n gelowige leef. Dit is die maatstaf wat die lewe van 'n Christen bepaal en rig.. Die Bybel bevat wette, beloftes, troos, vrede, die Goeie Nuus, die Tien Gebooie en meer, wat steeds relevant is vir die hedendaagse lewe. Dit is God se boodskap aan die mensdom, waardeur Hy met mense spreek en Homself, Sy wil en doel vir elke lewe openbaar. In 2 Timoteus 3:16-17 sê Paulus: *"Al die Skrif is deur God geïnspireer en nuttig om te onderrig, om te weerlê, om te verbeter en om in geregtigheid op te voed, sodat die mens van God volkome toegerus kan wees vir elke goeie werk."* Hierdie vers herinner ons dat die Bybel ons onderrig in die Waarheid en ons lei na geestelike groei en vernuwing. Dit help ons om te onderskei wat reg en verkeerd is, en dit gee ons die nodige antwoorde op lewensvrae. Die Bybel is nie net 'n boek van kennis nie, maar 'n gids wat ons daaglikse lewe kan vorm. Dit help ons om die inhoud van die Bybel beter te leer ken en leer ons wie God werklik is, wat noodsaaklik is vir ons geestelike ontwikkeling. Hierdie beginsels kom dikwels na vore in pastorale sessies waar die doel is om die persoon te help om geestelik te groei en meer

van God se Waarheid te leer. Die volgende is voorbeelde van onderwerpe wat sterk na vore kom in die pastorale sessies: Om 'n boodskap vir elke dag te kry, om geestelik te groei en te vernuwe. Om te leer wie God werklik is. Om te kan onderskei wat reg en verkeerd is. Om antwoorde op lewensvrae te kry. Om die inhoud van die Bybel beter te leer ken.

Wysheid word gevind in die Bybel. Beraders moet hulle boodskap van 'n betroubare bron af kry, dus die Bybel. Die berader gee die boodskap van God oor aan die mens. Die boodskap van God lê binne die Bybel, daarom is die fondasie van 'n preek (of 'n boodskap aan die pastorant) die Woord van God. Die boodskap moet voorberei word onder die leiding van die Heilige Gees omdat die berader slegs die boodskapper is en die boodskap van God af kom. "Heel aan die begin het die Woord reeds bestaan. Die Woord was by God, en die Woord was God self." (Johannes 1:1). Pastorale versorging aan die pastorant kan slegs geslaagd wees indien die Woord van God en God self, 'n regmatige plek in die versorgingsproses gegun word (Minnie & Lotter, 2012:22). Dit is gevestig in die Woord van God. God self word gesien as die Berader en die versorger (menslik) as middelman tussen God en die pastorant. Die Bybel is genoegsaam (2 Timoteus 3:16). Daar staan in 2 Petrus 1:21 dat geen profesie ooit deur die wil van 'n mens voortgebring is nie. Inteendeel, dit was die Heilige Gees wat die profete God se woorde laat verkondig het. Daar staan ook in 2 Timoteus 3:16 dat die hele Skrif deur God geïnspireer is en nuttig is om te onderrig. Die menslike skrywers is deur God geïnspireer (volkome inspirasie). Dus is die Woord van God 100% Goddelik en 100% menslik (2 Samuel 23:2), beide (God en die skrywer) is aanwesig in elke woord. God is die primêre bron van die Bybel en die mens is die skrywer daarvan (Nelson & Wawire, 1998:12). Die Bybel is God se boodskap aan die mens. Dit bevat nie net die Woord van God nie; dit ís die Woord van God.

Belangrike aspekte volgens Funchtenbaum (2018:2) wat in gedagte gehou moet word wanneer die inspirasie van die Skrif bespreek word, is: Volkome (Romeine 15:4), woordelikse inspirasie (Woordelikse inspirasie beklemtoon dat die woorde deur die Heilige Gees gekies en gebruik is). 'n Volgende is: onfeilbaarheid (Psalm 19:8). Dit beteken onophoudelike akkuraatheid. Die Bybel is onfeilbaar akkuraat oor elke onderwerp waaroor dit spreek; dit maak die Bybel betroubaar en foutloos (Spreuke 30:5-6). Dit beteken dat die pastorant kan glo wat God vir hom/haar deur Sy Woord sê en op Hom kan vertrou dat dit wat in die Bybel beloof word, sal realiseer. Hoekom word die boeke van die Bybel as die Woord van God aanvaar? Wie het dit besluit en wanneer? Hoekom verstaan mense die Bybel so verskillend? Waarom sê Christene dat juis dié boeke- en nie ander nie- die enigste gesagvolle boeke is? Die gesag van die Bybel as die Woord van God word erken deur die getuigenskap van die Heilige Gees in die harte van gelowiges (Matteus 1:22, 5:17-18, Lukas 24:27). Jesus aanvaar die Ou Testament as God se onfeilbare, betroubare Woord soos dit staan in Matteus 5:8 (Nelson & Wawire, 1998:15). Jesus stel die norm vas en daarom kan die verhale oor Jesus en God as normatief gesien word (Van der Walt, 2003:15), daarom het die getuienis oor Jesus se woorde en dade (Nuwe Testament) asook die Skrifte (Ou Testament) die

norm vir die kerk geword. Die kerk leef hiervolgens, enige iets wat nie ooreenstem met wat Jesus of die Skrifte sê nie, is teëgestaan en as verdraaiing van die waarheid gesien (Van der Walt, 2003:15).

Volgens Van der Walt (2003:14) is daar verskeie redes waarom die Bybel as gesagvolle openbaring gesien word soos: die Ou Testament getuig van God se teenwoordigheid onder Sy volk. Hy is en was nog altyd daar. Die Ou Testament openbaar God soos Hy is. Deur Jesus leer mense om God te ken. Hy is die beeld van God en die openbaring van God (Nuwe Testament). Die Nuwe Testament is belangrik omdat dit die outentieke openbaring van God vertoon (Van der Walt, 2003:15). Is dit net stories? Nee, die destydse gelowiges het die dinge beleef en kon instaan vir die egtheid van hierdie boeke (Van der Walt, 2003:15). Die apostels is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hulle het saam met Jesus geleef. Dit het hulle in 'n spesiale gesagsposisie geplaas. Die Bybel se gesaghebbendheid kan ook bewys word deur profesieë wat in die Ou Testament gegee is en in die Nuwe Testament vervul is (Nelson & Wawire, 1998:15). Die Bybel word as gesagvol aanvaar, nie net omdat die kerk dit aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in die harte van gelowiges getuig dat dit die openbaring van God is. Mense se opinies en sieninge oor die Bybel bepaal nie die norm waarvolgens 'n mens leef nie, slegs die Skrif en wat daarin staan bepaal die norm.

### 2.6.2 Gebed

Pastorale versorging is gegrond in die Woord van God, met God self as die uiteindelike Berader, terwyl die menslike versorger dien as 'n bemiddelaar tussen God en die pastorant. Hierdie versorging is afhanklik van die leiding van die Heilige Gees in elke sessie, wat gebed noodsaaklik maak (Du Plessis, 2015:15). Deur gebed word die pastorant in die teenwoordigheid van God gebring. Onder die leiding van die Heilige Gees, as die immanente teenwoordigheid van God, kan die pastorant verander of vernuwe word. Gebed is die middel waardeur die berader God in die gesprek as middelpunt en anker van die proses nooi (Du Plessis, 2015:15). Dit dien as die punt van intimiteit tussen God en mens, waar die Heilige Gees die sessie oorneem, en die versorger bloot as bemiddelaar optree (Du Plessis, 2015:15). As versorger sal gebid word vir wysheid en kennis voor die sessie, en daar sal gevra word dat God die woorde in die mond van die versorger sal lê (Matteus 10:19).

Voorafgaande aan die sessie sal daar vir die pastorant gebid word, met die doel om sy of haar hart ontvanklik te maak vir wat God wil openbaar. Die sessie begin met 'n gebed, mits die pastorant daarvoor toestemming gee, waarin God doelbewus in die gesprek ingenooi word. Gedurende die verloop van die sessie is alles onder die leiding van die Heilige Gees. Indien daar gedurende die sessie 'n behoefte ontstaan aan gebed—byvoorbeeld wanneer die pastorant skuldgevoelens voor God wil bely, met God in gesprek wil tree, vir genesing wil bid, krag wil ontvang, of eenvoudig in stilte voor God wil kom—word dit in die moment aangespreek. Die sessie word ook formeel afgesluit met 'n gebed waarin die versorger vir die pastorant bid,

vir die pad vorentoe, en om die pastorant met die versekering weg te stuur dat God voortdurend teenwoordig is.

Gebed het 'n vraende dimensie tot God (Du Plessis, 2015:15). Matteus 7:7 stel dit duidelik: "Bid, en vir julle sal gegee word. Klop, en vir julle sal oopgemaak word." Die aard van gebed behels dat mense vry is om hul hartsbegeertes voor God neer te lê. Dit onderstreep die kommunikatiewe en dialogiese karakter van die gesprek tussen God en mens. Om met God te worstel beteken om in gesprek met Hom te wees oor dinge wat soms moeilik is om te verstaan. Hierdie worsteling kom voor wanneer 'n persoon sukkel om sy of haar eie wil aan God se wil te onderwerp. Dit dui daarop dat mense nie altyd God se plan verstaan nie en soms gefrustreerd raak. In gebed vra mense vrae oor wat hulle nie verstaan nie, asook hoekom sekere dinge gebeur. Die vraende dimensie van gebed beteken dat gelowiges vrymoedigheid het om met God oor hulle onbegrip en begeertes te praat. Soms is God se antwoord nee, wat lei tot verdere worsteling in gebed, veral wanneer iets negatiefs in iemand se lewe gebeur en God se plan bevraagteken word.

Gebed het egter ook 'n fundamentele verhorende eienskap, wat dui op God se betroubaarheid. Mense kan op God vertrou om hulle te lei, te bewaar en om hulle in moeilike tye te dra. Dit is 'n vorm van aanbidding (Du Plessis, 2007:15) wat nie primêr oor persoonlike voordeel gaan nie, maar oor die uitbreiding van God se Koninkryk. Gebed moet die eer en verheerliking van God dien. In gebed word God geprys vir Sy goedheid, en Hy word deur lof en eerbied aanbid.

Du Plessis (2015:15) verwys na gebed as 'n intersessie-dimensie, wat beteken dat 'n persoon namens iemand anders tot God bid. Die Heilige Gees tree tydens gebed vir mense in by God. 'n Versorger kan dus tydens 'n pastorale sessie vir die pastorant bid en intree. Dit sluit in om namens die pastorant tot God te nader, onder die leiding van die Heilige Gees, wat in elke gebed vir mense intree.

Boonop kan gebed 'n vorm van danksegging en lofprysing wees (Du Plessis, 2015:15). Deur gebed kan mense God loof en dank vir Sy seëninge. Selfs in moeilike tye, wanneer God hulle dra, word dankbaarheid uitgedruk. In gebed leer mense God ken en ervaar hulle 'n diep intieme verhouding met Hom. Gebed is 'n geskenk van genade en 'n voorreg.

Tydens 'n pastorale sessie word gebed aktief ingespan. Regdeur die gesprek word met God gekommunikeer. Die pastorant kan in gebed lei, hetsy deur skuldbelydenis, vergifnis of die worsteling met God. Die berader begelei die pastorant in gebed en kan ook leer hoe om gebed as 'n proses van selfgenesing te gebruik. Dit behels die identifisering van gebed binne die pastorant se verwysingsraamwerk: Bid die pastorant? Hoe gereeld? Hierdie vrae help om te verstaan hoe gebed 'n rol speel in die pastorant se geestelike groei en genesing.

Gebed is dus 'n noodsaaklike element in pastorale versorging en 'n kragtige manier waarop mense God se teenwoordigheid en leiding ervaar. Tweedens word ondersoek ingestel na die redes waarom die persoon bid en tot wie hy of sy bid. Dit sluit ook 'n analise in om te bepaal of daar enige verdraaiings (onegte kommunikasie) of onrealistiese verwagtings teenwoordig is. Die persoon word begelei in die Skriftuurlike beginsels rondom gebed. Dit is belangrik om 'n veilige ruimte te skep: 'n warm, rustige, stil en gemaklike omgewing waar die persoon veilig voel om te bid (Du Plessis, 2015:15).

Wanneer die gebed ondersoek word, word daar verwys na die Onse Vader (Matteus 6:5-15) in die Nuwe Testament, waar Jesus die dissipels leer hoe om tot God te bid. Hy leer hulle dat hulle voor God mag kniel en Hom enigiets in gebed mag vra, maar ook hoe om God in gebed te loof ("want aan U behoort die krag en die heerlikheid tot in ewigheid"). Jesus moedig hulle aan om meer te fokus op die eskatologiese dimensie van gebed eerder as op die onmiddellike probleem. Gebed is 'n middel om dankbaarheid teenoor God te betoon en Hom te loof. In die Nuwe Testament is die vertrekpunt van Jesus se gebed in Matteus 6:9-13 die dimensie van verlossing ("...verlos ons van die bose"). Gebed, waarin die eskatologiese perspektief uitgedruk word, handel oor die versterking van geloof en nie slegs oor die belydenis van sonde nie, hoewel die belydenis van sonde wel noodsaaklik is ("vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe"). In die Onse Vader word dit duidelik dat kennis van geloof krag in gebede genereer (Du Plessis, 2007:5). Gebed vervul ook 'n konstruktiewe funksie in die ontwikkeling van geloof en bevorder geestelike groei.

### 2.6.3 Dogmatiek

Kelsey (2005:87) bespreek die teologiese en interdissiplinêre ooreenstemming tussen Pastorale Teologie en Dogmatiek. Hy beskryf Dogmatiek as die teologie wat poog om die betekenis en waarheid van geloofs-oortuigings te verhelder, en beklemtoon dat dit nie geskei kan word van die praktyke wat die geloofsgemeenskap definieer (Kelsey, 2005:87). Dit behels 'n logiese, gestruktureerde benadering tot die komplekse idees oor God en die ander geskape werklikhede (Kelsey, 2005:87). Aan die ander kant, definieer Kelsey Pastorale Teologie as die teologie wat poog om die inhoud, rasionaliteit en kriteria van ware Christelike bediening te verduidelik (Kelsey, 2005:87). Dit behels ook 'n kritiese refleksie oor die volwasse spektrum van geloofsaktiwiteite wat die gemeenskaplike lewe van die geloofsgemeenskap en die lewens van individuele gelowiges insluit (Kelsey, 2005:87). Die oorvleueling wat hier uitgewys word, is ook van besondere waarde vir hierdie teologies-interdissiplinêre studie, aangesien dit voorkom in die verstaan van en rol van hoop.

Christelike dogmatiek is pastoraal van aard as gevolg van sy besorgdheid oor die vernuwing en groei van die mens (Charry, 2007:251). Dit leer die mens hoe om 'n God-gesentreerde lewe te leef deur riglyne oor hoe om saam met God hier op aarde te leef (Charry, 2007:248). Charry (2007:247) is ook van mening dat Christelike dogmatiek die gelowige se lewe en identiteit vorm in diegene wat God ken, geniet en lief het.

Wanneer die Bybel in 'n pastorale gesprek gebruik word, is dit van kardinale belang om die Skrifgedeelte binne sy oorspronklike konteks en ruimte te verstaan. Die kultuur, era en taal van die mense wat destyds die teks geskryf en gehoor het, moet in ag geneem word, aangesien die Bybel in 'n heeltemal ander tyd en omgewing geskryf is as wat ons vandag ervaar. Dit beteken dat dit nie eenvoudig is om net 'n spesifieke teksvers direk toe te pas op moderne situasies nie. In plaas daarvan is dit noodsaaklik om diepgaande refleksie te doen en die onderliggende beginsels van die teks in ag te neem om dit sinvol en relevant in die huidige konteks toe te pas. Dit verseker dat die Skrif nie net as 'n oppervlakkige oplossing gebruik word nie, maar dat dit 'n ware bron van leiding en genesing kan wees. Die mense was gekonfronteer met eksistensiële krisisse eie aan daardie era. Die Skrif spreek nie altyd moderne probleme direk aan nie en daarom kan dogmatiese hulpbronne doeltreffende hulpmiddels tydens die pastorale sessies wees. Deur van 'n leerstelling gebruik te maak, word die Skrif betrek, aangesien leerstellings die Skrif as vertrekpunt neem, maar word die Christelike tradisie, rede, die nadenke van gelowiges oor plekke en tye heen ook betrek.

Charry (2004c:246) noem dat Christelike dogmatiek te make het met lering en riglyne. Sy verduidelik dat die natuur van Christelike dogmatiek uit drie dele bestaan naamlik: (1) Christelike dogmatiek is pastoraal van aard, (2) Teologie en spiritualiteit loop hand aan hand en (3) God bevorder 'n florerende lewe. Charry (2004c:246) is van mening dat die toepassing van dogmatiese leerstellings in die pastorale sessies, maar ook in jou alledaagse lewe, menslike vooruitgang verseker. Charry (1997:18) verduidelik dogmatiek as die volgende: *"Christian doctrine has an overwhelmingly formative task. Christian doctrine guides and shapes believers into those who know, love and enjoy God."* Die bogenoemde stelling van Charry verduidelik hoekom sy sê dat dogmatiek pastoraal van aard is. Dit is pastoraal van aard omdat dit kennis en wysheid vir die pastorant bied oor hoe om in en saam God te leef. Dit lei gelowiges na 'n nuwe identiteit in Christus. Dit is om God te ken en om verlos te word wat lei tot genesing, vernuwing en hoop. Dit onderrig die mens om God as die middelpunt van die lewe te sien (Charry, 2004c:248).

Charry (2004c:248) verduidelik verder dat dogmatiek die siel vernuwe wat lei tot 'n wyse, goeie en produktiewe lewe. Die fokus daarvan is om genees te word deur God te leer ken. 'n Volgende belangrike stelling wat Charry maak is dat dogmatiek die mens leer om die lewe in die hede, hier op aarde, te geniet. Sy noem in haar artikel *"Happiness? Salvation as living and being well"* dat geluk 'n belangrike rol speel in die welstand van die mens. Teologie is gemoeid met die geluk van die mens in die lewe hier op aarde (Charry, 2004:245). Die geluk waarvan sy praat is 'n diep geankerde geluk in God. Geluk wat ewigheidswaarde het en wat staan ten spyte van seer of lyding. Dit is geluk wat menslike vooruitgang moontlik maak. Geluk wat die pastorant in staat stel om te kan floreer.

Charry (2004c:250) noem dat om God te ken, om in God te leef en deur Hom vernuwe te word, lei tot verlossing, genesing en hoop: *"Christian doctrine is formative, in that it guides or directs (through knowledge) and shapes or forms (through wisdom) the lives of believers. Such a description of Christian doctrine arguably provides a helpful context as to how salvation functions."*

Christelike Dogmatiek het te doen met wysheid (Charry, 2007:247). Vir Charry (2006:152) beteken Christelike leer, onderrig en leiding. Sy (Charry, 2007:247) verduidelik in 'n volgende bron dat dogmatiese hulpbronne Christene vorm en transformeer, deur God se genade. Kennis van die Christelike Dogmatiek bepaal en rig die lewe van die gelowige, maar vorm en hervorm dit ook (Charry, 2007:247). Charry onderstreep veral dat Christelike Dogmatiek nie slegs gaan oor die bestudering van leerstellings nie, maar dat die motivering van klassieke dogmatiese teologie pastoraal is, met menslike florering en hoop as die einddoel (Charry, 1997:ix).

In die studie word Dogmatiek in die refleksie oor hoop as 'n teologiese konsep gebruik.

## 2.7 ONDERSTEUNINGSISTEME

### 2.7.1 Die gesin

Goeie ondersteuningsisteme is net so noodsaaklik soos pastorale sessies. Die versorger kan 'n sessie met die pastorant se naasbestaandes reël om die belang van ondersteuning te verduidelik en om riglyne te verskaf oor hoe om opreg te ondersteun. Stabiele, liefdevolle verhoudings is noodsaaklik vir gesonde ontwikkeling en groei (Wissing *et al*., 2015:64). Navorsing toon dat individue wat blootgestel is aan veilige verhoudings met ouers, voogde, en sibbe, minimale stres-hormoon-aktivering ervaar wanneer hulle aan stresvolle situasies blootgestel word (Wissing *et al*., 2015:64). Ondersteunende en responsiewe verhoudings kan die skadelike effekte van toksiese stres voorkom (Wissing *et al*., 2015:65).

'n Gesin wat in God se liefde en teenwoordigheid saamleef, sal mekaar se harte beter verstaan, mekaar respekteer en liefhê. In so 'n gesin word daar na mekaar geluister, en elke lid word bemoedig en ondersteun, omdat hulle as spesiaal en uniek beskou word. Hebreërs 13:1 beveel ons aan: “As broers moet julle mekaar altyd liefhê.” Die gesin dien as 'n belangrike fondament en moet 'n voorbeeld stel van die Woord van God. Hebreërs 13:7 moedig aan: “Let op hulle lewenswandel tot die einde toe en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.”

Die pastorant moet aanvaar word vir wie hy of sy is, en sy of haar emosionele behoeftes moet nie afgeskeep word nie. Liefde en omgee moet teenwoordig wees, en die pastorant moet met sensitiwiteit hanteer word sodat hy of sy nie alleen voel nie. Gesondheidsorgfasiliteite is beskikbaar om in die pastorant se mediese behoeftes te voorsien, terwyl versorgers, die kerk, en geestelike leiers die pastorant en sy of haar gesin geestelik en emosioneel ondersteun. Die gesin moet hoop oor die toekoms hê en diep, egte verhoudings ontwikkel, gekenmerk deur ware kommunikasie, belangstelling, en ondersteuning.

Volgens Venter (1996:119) is die belangrikste fondament van 'n gesin om liefde te ervaar, aangesien liefde die mees basiese behoefte is. Dit is ook noodsaaklik dat die persoon sy of haar situasie aanvaar. Die persoon benodig iemand wat met simpatie, empatie, en geduld na hom of haar sal luister. Die gesin of

vriende van die pastorant moet sensitief wees vir die pastorant se "versteekte" behoeftes, die behoeftes wat hy of sy nie openlik wys nie. Dit is belangrik om vanuit die pastorant se perspektief te kyk en hom of haar in elke fase van die "nuwe" lewe te ondersteun.

### 2.7.2 Die kerk

Die Bybel onderrig gelowiges in die belangrikheid van onderlinge versorging, soos uiteengesit in Kolossense 3 en Galasiërs 6:2. Boshoff (2016:10) verduidelik dat pastorale sorg primêr fokus op die geestelike en emosionele welstand van lidmate, met die doel om hulle te ondersteun in hul geestelike reis en emosionele uitdagings. Hierdie sorg beoog om die individu in hul totaliteit te bereik, deur nie net hul geestelike behoeftes aan te spreek nie, maar ook om hulp te bied in die emosionele dimensie van hul lewens. Volgens Van Arkel (2000:161) vorm sorg die basis van die gemeente en is die belangrikste bousteen. Die doel van versorging is om behoeftes van lidmate te bepaal en te evalueer en om by die aanwending en koördinering van bronne en dienste betrokke te raak sodat daar in die maatskaplike en fisiese behoeftes en nood van die gemeenskap voorsien word (Boshoff, 2016:10). Dit beteken om jou naaste lief te hê, om barmhartigheid te wys deur emosionele ondersteuning. Dit is om menswaardigheid te erken en om nie skade aan te rig nie. Dit beteken om om te gee vir jou medemens. Die fokus is altyd Christus en om Christelike liefde te wys. Van Arkel (2000:157) verduidelik dit as die onderhouding van die gemeente. Onderlinge sorg vind plaas wanneer gemeente lede vir mekaar omgee en omsien na mekaar (Van Arkel, 2000:160). Dit is om mekaar te ondersteun en om mekaar se laste te dra (Romeine 15). " Dit beklemtoon dat gelowiges geroep is om die goeie werke uit te leef wat God vir hulle bestem het (Efesiërs 2:10). Dit vorm die kern van hul bediening en word duidelik uiteengesit in Jesus se eerste preek in Nasaret. Hierin gee Hy die raamwerk van Sy missie op aarde – dieselfde roeping wat God aan die kerk gee. Die kerk se rol is om as 'n ondersteuningsisteem te dien vir diegene wat swaarkry en leiding benodig. Dit is die primêre plek van geestelike begeleiding, waar mense begelei word om God se wil vir hul lewens te onderskei. Die veronderstelling is dat God aktief besig is met elke individu – elke persoon is op 'n reis waarin Hy Sy doel vir daardie lewe openbaar.

## 2.8 DIE KARAKTER VAN HEDENDAAGSE PASTORAAT

In die hedendaagse Suid-Afrika word daar in akademiese diskoers toenemend klem geplaas op die kompleksiteit van publieke vraagstukke en dat die bestudering en hantering daarvan nie alleenlik vanuit die perspektief van een dissipline en selfs breër wetenskapveld kan gebeur nie. Verskeie Suid-Afrikaanse teoloë erken die belang van interdissiplinariteit en stel dit as kritiese uitdaging vir 'n relevante bydrae van Teologie tot publieke Hoër Onderwys (Dreyer 2014; Schoeman *et al.,* 2012; Venter 2015).

In die hedendaagse internasionale praktyk van pastorale sorg is dit volgens Dillen (2017:3) belangrik om wanneer nodig, mense na ander professionele rolspelers te verwys, soos na maatskaplike en psigiese of

fisiese ondersteuning of regsadvies. Dillen (2017:3) argumenteer dat pastorale werk op die versorging van die totale mens gerig is, met die fokus op die spirituele elemente waarvoor pastorale versorgers spesifiek voor opgelei word. Volgens haar is ‘n groot deel van pastorale werk algemeen aangesien pastorale versorgers dikwels die eerste gespreksgenote is vir mense wat hulp benodig. Dillen stel dat pastorale versorgers oor die oordeel en vaardighede behoort te beskik om te verwys eerder as om te poog om alles self te probeer oplos en voor te gee dat hul die mees kritiese rolspeler is. Pastorale versorgers word in die hedendaagse pastorale diskoers en praktyk beskou as een van vele rolspelers in die holistiese versorging van mense. Dit is in hierdie konteks van ‘n interdissiplinêre en spanbenadering tot menslike gesondheid en heling dat die vraag na die eiesoortigheid – die teologiese karakter - van ‘n pastorale bydrae op die voorgrond geplaas word.

Wat hedendaagse pastoraat uniek maak is die teologies-interdissiplinêre benadering waarin daar hulp verleen word. Die mens word in totaliteit beskou. Wat verder bydrae tot die uniekheid van pastorale sorg is dat die Bybel beskou word as ’n belangrike hulpbron in pastorale situasies en gesprekke (Collins 2005:8).

Pastoraat is ’n teologiese dissipline wat gerig is op die versorging van mense se spiritualiteit wat gemotiveer en gerig word deur normatiewe hulpbronne in die Christelike geloof (Dreyer, 2003:5). Lee en Sharp (2019:1). Die verduidelik hulle verstaan van pastorale sorg as die handeling van goeie dade wat gevorm word deur verskillende rigtinggewende beelde en metafore. Hulle praat van “pastorale teologie” wat aansluit by die karakter van hedendaagse pastoraat waar teologiese bronne as hulpbronne gebruik word.

Lee en Sharp (2019:1) formuleer die bogenoemde “handeling van goeie dade” as: die verkondiging van die woord van God, om te onderrig, sendingswerk, berading, leiding, om te reflekteer en vrae te vra. Hulle beskou pastorale teologie as ’n vorm van aktivisme en verwys dus na die bogenoemde handelinge as vorme van aktivistiese pastorale teologie.

Hedendaagse pastoraat funksioneer met ‘n holistiese en sistemiese gerigtheid en volgens ‘n span benadering in die interdissiplinêre veld van menslike gesondheid en heling (Louw, 2014a:10). In hierdie dinamiese konteks van hulpverlening is voortdurende nadenke nodig oor wat tot die kern van die eiesoortigheid en uniekheid van ‘n pastorale bydrae lê. In hedendaagse pastoraat word die teologiese karakter van pastoraat al meer onder die soeklig geplaas.

### 2.8.1 ’n Multidissiplinêr aanslag tot hedendaagse pastoraat

Eksistensiële vraagstukke is kompleks en kan daarom nie op ’n eensydige wyse aangespreek word nie; dit vra vir ’n holistiese benadering. Meer spesifiek is dit nodig om die onderskeie dissiplines se eiesoortige bydrae in hierdie konteks van spanwerk te omskryf. Eksistensiële vraagstukke is kompleks omdat die mens kompleks is en uit vele dimensies bestaan. Daar is verskeie faktore wat bydra tot die vorming van probleme en daarom kan dit doeltreffend wees om alle aspekte van die mens in ag te neem wanneer daar hulp verleen

word, daarom die ondersoek oor die belang van 'n multidissiplinêre benadering tot gesondheid, soos voorgestel deur die karakter van hedendaagse pastoraat. Die belangrikheid van 'n teologiese begronding vir 'n holistiese aanslag is aangedui in verskeie studies oor die integrasie tussen pastoraat en psigologie, soos Jennings (2007:123), wat ook na die belangrikheid van verlossing binne die proses van groei na geestelike volwassenheid verwys en verlossing verbind met geestelike genesing (Jennings, 2007:128).

Hedendaagse pastoraat stel 'n unieke, innoverende perspektief tot hulpverlening voor. Dié multidissiplinêre benadering behels die erkenning van algehele gesondheid, terwyl die eiesoortigheid van pastorale berading die fokuspunt bly. Dit beteken dat die mens in totaliteit beskou word. Dit behels 'n in diepte kyk na individue teen die volledige konteks van bestaan. Dié span-benadering verseker dat elke vakdissipline sy uniekheid behou, maar dat integrasie plaasvind wat sal lei tot florerende menslike gesondheid. Vanuit 'n pastorale konteks beteken dit dat pastorale versorgers 'n holistiese benadering fasiliteer, terwyl hulle op die geestelike of spirituele dimensie fokus.

Pastorale sielkunde? Volgens Louw (1999:211) bestaan daar, akademies gesproke, nie so 'n dissipline of vakgebied nie. Louw (1999:211):

> "Die term verwys na pogings in óf die sielkunde óf die teologie om, in die lig van 'n interdissiplinêre aanpak, sielkundige kennis oor die mens te betrek by 'n teologiese of pastorale antropologie."

Dit kan ook verwys na 'n terapeut wat die Christelike geloofsperspektief in berekening bring tydens versorging (Louw, 1999:211). Die waarde van pastorale sielkunde is volgens Louw (1999:211) dat dit as gevolg van die intergrerende benadering, die effektiwiteit van die pastoraat verhoog, veral ten opsigte van kommunikasie- en luistervaardighede.

Die volgende belangrike vraag ontstaan: Hoe om sielkundige kennis te gebruik om die menslike "siel" in verhouding tot God (die spirituele dimensie) beter te verstaan?

Die term pastorale sielkunde beteken dus om te bepaal watter aspekte van die sielkunde toepaslik is vir die bediening. Daar word dus gepoog om 'n fenomenologiese perspektief op die mens te kombineer met 'n Christelike perspektief (Louw, 1999:211).

Brunsdon (2014:33) verduidelik in sy artikel, "*A three musketeering approach to pastoral care, narrative therapy, and positive psychology*," dat ander benaderings, soos narratiewe terapie en positiewe sielkunde, by pastoraat ingesluit kan word om 'n breër perspektief te bied. Hierdie benaderings werk saam, terwyl hulle elkeen hul unieke identiteit behou, en dra by tot 'n gesamentlike doel. Dit beteken dat pastoraat die grondslag vorm, en ander dissiplines dien as medewerkers wat bydra tot die algehele sorg van die persoon.

In die “three musketeering” benadering staan die drie vennote – sielkunde en mediese sorg – saam, met die pastoraat as die fundament, terwyl die ander twee dissiplines bydra om die individu in al hulle dimensies te ondersteun.

Charry (2004a:19) maak ’n belangrike konneksie tussen teologie en sielkunde: *“For Ellen Charry, salvation has to do with the psychological and moral wholeness and the well-being of individuals and communities.”* Charry (2004a:19) se bogenoemde stelling vorm dus die basis van die huidige studie se argument omdat ’n holistiese benadering gevolg word en die karakter van hedendaagse pastoraat daardeur beklemtoon word. Die pastorale rol, vir die doeleindes van hierdie studie, word verder begrens deur spesifiek lig te werp op die bydrae van hoop as dogmatiese hulpbron binne die hedendaagse pastoraat. Die holistiese benadering wat voorgestel word, word nie tot een spesifieke pastorale situasie beperk nie. Dit kan op verskeie situasies van toepassing gemaak word.

### 2.8.2 ’n Interdissiplinêr aanslag tot hedendaagse pastoraat

In die studie word die teologiese velde van Sistematiese Teologie, in besonder Eskatologie en Praktiese Teologie, op ‘n teologies-interdissiplinêre wyse betrek. Hierdie studie werk met die aanname dat die teologiese konsep van hoop die teologiese begronding van hedendaagse pastoraat kan informeer wanneer daar op 'n genuanseerde wyse oor die rol van hoop op vernuwing en verlossing gedink word.

McClure (2012:270) beskryf pastorale sorg deur die metafoor van die goeie herder wat omsien na sy skape. Die metafoor is gepas juis omdat versorging handel oor die omsien na die kwesbare en daardeur hoop te bring. McClure (2012:270) fokus intens op die “versorging” deel van pastoraat - die omsien na die behoeftes van die pastorant.

Kelsey (2005:87) dui op die teologies-interdissiplinêre oorvleueling tussen pastorale teologie en Dogmatiek. Kelsey beskryf Dogmatiek as teologie wat “lig wil laat val” op die betekenis en waarheid van oortuigings en dui aan dat dit onafskeidbaar is van die praktyke waaruit die geloofsgemeenskap bestaan (Kelsey, 2005:87). Dit behels ‘n logiese, formele progressie van gedagtes oor die komplekse idees oor God en alle ander geskape werklikhede (Kelsey, 2005:87). Pastorale teologie, aan die ander kant, beskryf Kelsey (2005:87) as teologie wat “lig wil laat val” op die teologiese inhoud, rasionaal en kriteria van ware getroue Christelike bediening. Dit behels weer kritiese besinning oor die hele spektrum van geloofsaksies waaruit beide die gemeenskaplike lewe van geloofsgemeenskappe en die lewens van individuele Christene bestaan (Kelsey, 2005:87).

Die uniekheid van die pastoraat is reeds beklemtoon en fokus op die geestelike welstand van die mens. Die relevansie van hoop as teologiese konsep vir hedendaagse pastoraat word dus in hierdie studie bepaal. Die vraag dan hoekom teologiese refleksie vir ons verstaan van hoop in ‘n pastorale konteks nodig is? Sou ’n deel van die probleem nie kon wees dat daar in die diskoers en praktyk van pastorale sorg heel dikwels

slegs gefokus word op hoop in die spirituele sin van die woord nie? Wanneer pastorale sorg grootliks fokus plaas op 'n piëtistiese verstaan van hoop, kan pastorale sorg maklik beperk word tot sorg gefokus op die individu – dus sonder die inagneming van die sistemiese, publieke aard van verlossing. Individuele hoop en uiteindelik kognitiewe vernuwing, asook publieke, sistemiese hoop kan gevolglik nie in die diskoers en praktyk van pastorale sorg geskei word nie.

## 2.9 GELEENTHEDE VIR HEDENDAAGSE PASTORAAT

In 'n interdissiplinêre benadering tot menslike gesondheid en heling staan pastoraat voor die geleentheid om die eiesoortigheid van 'n pastorale bydrae te konseptualiseer in onderskeiding van die ander wetenskapsvelde. Charry beweer pastoraat is om mense te leer hoe om oorvloedige lewens te leef en hulle te stuur in die rigting van die ewige lewe wat aan gelowiges belowe is (Charry, 2007:247). Dit verwys na vernuwing. Charry (2007:250) verduidelik dat Christelike dogmatiek en die leer daarvan die pastorant kan help om te groei wat weer opsigself dui op 'n geleentheid vir die pastoraat om deur Christelike dogmatiek geïnformeer te word. Charry (2007:250) noem dat die Christelike dogmatiek van hulp kan wees in die konteks van pastoraat wanneer mense begelei word om God te ken en in verhouding met Hom te leef. Om God te ken bring verlossing, hoop en uiteindelik nuutwording. Louw (2015:243) argumenteer dat die objek van geloof verlossing en hoop is en dat die objek van verlossing die heelheid van mense is. Hoop kweek nuutwording. Hedendaagse pastoraat het die geleentheid om, met 'n fokus op gesondheid en heelheid, op 'n genuanseerde wyse te werk deur die teologiese konsep van hoop in die proses te betrek en sodoende 'n deeglike benadering tot pastorale sorg te ontwikkel. Hedendaagse pastoraat kan insluit om mense tot insig te bring om verskuilde nadelige houdings te herken, om interpersoonlike vaardighede en nuwe gedrag aan te leer, om besluite te neem om hul lewenstyl te verander of om innerlike bronne van krag aan te wend om krisisse te hanteer. Verder kan dit impliseer om pastoraat te konseptualiseer volgens die sistemiese aard daarvan met 'n fokus op die netwerk of web van die lewe.

Die einddoel van pastoraat is altyd om te verseker dat genesing nie net by individue plaasgevind het nie, maar ook op strukturele vlak (Lartey, 1997:21). Pastoraat se ondersteuning van voortdurende lewensverandering – 'n vernuwing in gees en verhouding met God wat sigbaar word op private en publieke domeine van lewe - wat geïnformeer word deur God se verlossingswerk kan beskou word as 'n geleentheid vir die verdere ontwikkeling van hedendaagse pastorale diskoers en praktyk.

## 2.10 SAMEVATTING

Die voorgestelde interdissiplinêre benadering tot hedendaagse pastorale sorg bied 'n holistiese raamwerk vir die benadering van menslike gesondheid, heling en vernuwing. Hierdie benadering erken die kompleksiteit van die menslike ervaring en die verskeidenheid van behoeftes wat daarmee gepaard gaan. Die integrasie van verskeie dissiplines, soos teologie, sielkunde, en maatskaplike werk, bied 'n omvattende en holistiese benadering tot die behandeling van diepverwante eksistensiële vraagstukke.

Die benadering van pastorale sorg binne 'n interdissiplinêre konteks bring egter uitdagings en geleenthede mee. Daar is 'n risiko om die unieke karakter van pastorale sorg te verwater deur die insluiting van ander dissiplines, wat die teologiese dimensie daarvan kan ondermyn. Dit vereis 'n stewige kritiese refleksie om die balans te handhaaf tussen die teologiese grondslag van pastorale sorg en die noodsaaklikheid van interdissiplinêre samewerking vir omvattende sorg en heling.

Die skep van 'n holistiese perspektief op menslike ervaring binne 'n interdissiplinêre raamwerk is 'n bykomende uitdaging. Dit vereis 'n omvattende evaluering en integrasie van verskillende standpunte, insluitend liggaamlike, emosionele, spirituele en sosiale aspekte van menswees. Die voortdurende gesprek tussen verskillende dissiplines en 'n fokus op die bevordering van 'n geïntegreerde benadering tot menslike gesondheid en welstand kan hierdie probleme oorkom.

Dié studie wil verder ondersoek stel oor hoe die unieke karakter van pastoraat in hedendaagse konteks verder kan ontwikkel op dié vlak van versorging deur die relevansie van hoop as teologiese konsep vir die pastoraat te ondersoek.

# HOOFSTUK 3

# Hoop as teologiese konsep

*"Hope is involved in the practice of prayer. Hope is protest. Hope is behind the struggle for justice. Hope is behind every promise of peace and justice. Hope is in the strength that allows the tired to look across the border towards a country not ridden by war. Hope is in the acceptance of forgiveness. Hope is in the lovers' embrace. To believe in God is to believe in someone good, something good still to come, in something new and different. We hope for love. We hope for redemption. We hope for deliverance. We hope to be able to counter climate change. We hope for forgiveness. Hope is always for a change towards the better. Hope and the good are linked internally and intimately. Hope transforms us, and hope is about transformation. Even when some hope for things that we may disagree on, their hope is for what they assume is the better. Accordingly, hope is almost always hoping for the good. Intimately connected to our desires, hope opens us to a world where not everything is determined by violence, destruction, evil or injustice."*

**- Henriksen (2019:117)**

## 3.1 INLEIDING

In hierdie studie word die keuse gemaak om op 'n teologies-interdissiplinêre wyse die teologiese inhoud en betekenis wat aan die leer oor hoop vanuit 'n Christelike geloofsperspektief gegee word, in dialoog te bring met hedendaagse pastoraat.[3]

Die derde taak in Osmer se hermeneutiese model, bekend as die normatiewe taak, stel die vraag: "Wat behoort te gebeur?" (Osmer, 2008:8-10). Hierdie taak vorm 'n kernaspek van Osmer se benadering tot prakties-teologiese interpretasie en fokus op die identifisering van riglyne en beginsels wat in praktyk toegepas kan word. Die normatiewe taak gebruik die Skrif as primêre vertrekpunt, maar Osmer beklemtoon ook die waarde van insigte uit ander dissiplines om 'n holistiese en relevante benadering te verseker (Osmer,

[3] Daar word in hierdie studie verwys na "teologies-interdissiplinêr" om aan te dui dat twee verskillende velde binne die teologie betrek word. Dit sou ook dan as 'n intra-dissiplinêre studie beskryf kon word, aangesien dit na die oorvleueling tussen die velde van dogmatiek en pastoraat verwys. Die keuse word egter gemaak vir teologies-interdissiplinêr om die verskil in die velde te beklemtoon. Charry (1993:265) noem dat die verskillende dissiplines in akademiese teologie so gespesialiseerd geword het dat hulle dikwels heeltemal van mekaar geskei word. Dit beklemtoon ook die belangrikheid en die noodsaak vir teologies-interdissiplinêre werk. Cartledge (1999) beklemtoon ook die nuanse tussen interdissiplinêre en intradissiplinêre werk binne teologie, in besonder in Praktiese Teologie en wanneer daar van empiriese navorsing gebruik word.

2008:170). Hierdie kombinasie is van besondere belang in 'n teologies-interdissiplinêre studie soos hierdie, wat hoop as 'n teologiese konsep in pastorale sorg ondersoek.

In hierdie hoofstuk word die raamwerk toegepas om die relevansie en toepassing van hoop in hedendaagse pastoraat te verken. Die studie ondersoek spesifiek hoe hoop bydra tot temas soos verlossing, geestelike groei, spirituele gesondheid, innerlike genesing en vernuwing. Hierdie hoofstuk funksioneer as die fokuspunt van die studie deur die navorsingsvraag, wat aansluit by Osmer se normatiewe vraagstelling, te ondersoek: Hoe kan hoop as 'n teologiese konsep 'n kernrol speel in die praktyk van hedendaagse pastoraat? Die ontleding en konsepte wat in hierdie hoofstuk ontwikkel word, word in hoofstuk 4 verder bespreek deur middel van 'n uitgebreide literatuurstudie, wat 'n diepgaande insig bied op die rol van hoop in die transformasie en florering van die individu binne 'n Christelike konteks.

Teologie bestaan uit vele subdissiplines. Charry (1993:265) noem spesifiek die onderafdelings van pastorale teologie: "pastorale teologie, … asketiese teologie (spiritualiteit) en morele teologie". As 'n gevolg van die spesialisasie wat in akademiese dissiplines gebeur, ook in akademiese teologie, is daar dikwels 'n skeiding tussen verskillende dissiplines en selfs binne dieselfde dissiplines. Vir hierdie rede is interdissiplinêre gesprek, soos hierdie studie, van besondere belang. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op pastorale teologie in geheel, spesifiek op die holistiese aspek daarvan en hoe hoop as 'n teologiese konsep relevant kan wees in die konteks van hedendaagse pastoraat.

Louw (2014a:1) noem dat spirituele heling, fisiese gesondheid, geestes gesondheid en florering in verband staan met die soeke na die sin van die lewe- veral in konteks van lyding. Hy noem daarom die dringende behoefte aan "doelgerigte, volhoubare en blywende hoop". Louw (2014a:1) verwys na *"the spirit of hope."* Dit bestaan uit spiritualiteit en heling asook hoop en sin/betekenins. Louw (2014a:1) verwys na dit as *"the most decisive paradigmatic issues in life."* Hoop dra die mens deur hierdie "paradigmatiese kwessies". Louw (2014a:1) verduidelik dat sonder hoop die lewe doelloos en hooploos word. Hierdie stelling sluit aan by die mens se diepgewortelde verlange na iets groter as die self (Louw, 2014a:1).

Charry (2007:254) verduidelik dat teologie inherent pastoraal van aard is in die sin dat dit gemoeid is met die florering van die mens, m.a.w die volkome welstand van die mens. Christelike dogmatiek, waar die kennis van God tot uitdrukking kom binne die konteks van die kerk, dien as riglyn en vormingsmiddel vir gelowiges, sodat hulle hul lewens volgens Goddelike beginsels kan herstruktureer en anders kan inrig (Charry, 2010:x). Teologie bied nie net insig in vraagstukke oor die toekoms nie, maar ook oor die identiteit van die mens in verhouding tot God en die manier waarop die lewe geleef behoort te word (Charry, 2006:144). Dit weerspieël die soeke na God se kennis en wysheid, sodat Sy waarheid die grondslag van die lewe kan wees. Hierdie waarheid bring bevryding, vreugde en reinheid, en lei tot ware vryheid (Charry, 2006:145).

Eerstens word die teologiese karakter van hoop bespreek met besondere fokus op die beskrywing van eskatologiese hoop. Daarna word die wisselwerkende verband tussen lyding, hoop en verlossing ondersoek. Derdens word die belang van hoop as 'n spirituele kategorie binne hedendaagse pastoraat bespreek. Daaropvolgend word 'n interdissiplinêre benadering tot hoop ondersoek waar daar gekyk word na hoop binne positiewe sielkunde asook hoop vanuit 'n pastorale lens. Volgende word daar gefokus op die invloed van hoop op vernuwing en laastens word die hoofstuk afgesluit met 'n samevatting en geleenthede vir hoop as teologiese konsep in hedendaagse pastoraat.

### 3.2 DIE TEOLOGIESE KARAKTER VAN HOOP

Henriksen (2019:118) argumenteer dat hoop steeds vandag relevant is- inteendeel, dié onderwerp word al meer ondersoek. Hoekom is hoop vandag steeds so populêr? Henriksen (2019:118) beantwoord die vraag: "want ons het hoop nodig in tye van nood".

Hoop kan nie gevind word in die wêreld se tydelikhede nie (Charry, 2004b:292). Christelike hoop dien as 'n lewensanker (Charry, 2004b:291). In die Skrif word hoop ook verbind met ware redding m.a.w. persoonlike geloof in Jesus Christus.

Volgens Charry (2004b) kan hoop soos volg beskryf word:

- Charry (2004b:291) verduidelik dat hoop gepaard gaan met die mens se self-vernietigende aard om te sondig. Sy noem dat dit vrees by die mens wakker maak. 'n Vrees dat dit vir die mens onmoontlik is om goed te wees en dat God diep teleurgesteld is. Hierdie perspektief van hoop bring twee bekommernisse mee: eerstens oor sondigheid en dan oor hoe God daarop sal reageer. Alhoewel die sondige dade die primêre besorgdheid behoort te wees, fokus mense dikwels eerder op die vrees oor God se reaksie daarop (Charry, 2004b:292). Hierdie vrees lei tot angs. Maar daar is hoop. Charry (2004b:292) verduidelik dat God genadig is. Deur Sy genade stuur Hy Sy Seun om die individue van hierdie vrees en angs te red (Charry, 2004b:292). Daar is hoop, want alhoewel sondes nie verdwyn nie, word dit nie meer teen die individu gehou nie. Charry (2004b:292) brei uit oor die laasgenoemde deur te verduidelik dat hierdie hoop vrede bied wat alle verstand te bowe gaan. Dit is onvoorwaardelike vertroue in God.
- Charry (2004b:293) verduidelik verder hoop aan die hand van die opstanding van Jesus. Deur dit te doen verduidelik sy die verband tussen hoop en die mens se vrees vir die ewige dood. Volgens Charry (2004b:293) is dit nie God se wil dat die mens die ewige dood beërwe nie, maar dit is die gevolg van die sondige natuur van die mens (Charry, 2004b:293). Tog is daar hoop wat hierdie vrees vir die dood, oorwin. Die hoop bestaan in Christus. Christus het aan die kruis gesterf, maar

> die dood kon Hom nie oorwin nie, Hy het opgestaan en opgevaar na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit (vgl. Efesiërs 1:20). Die hoop stop nie daar nie. Daar is hoop dat Christus weer sal kom, dat Hy die mens sal verlos van die aardse lyding en seer (Charry, 2004b:293). "Hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal glad nie meer bestaan nie. Ook hartseer of smartkrete of pyn sal glad nie meer bestaan nie. Die ou dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:4).

Charry (2004b:294) verduidelik verder hoop aan die hand van transformasie. Sy stel dat die proses van transformasie hoop bring—hoop in die sin dat 'n individu beter sal word, werklik sterker deur die krag van God wat vir die persoon en in die persoon werk. Christus is die lig in die duisternis (Johannes 1:5), die pad na gesondheid, die beeld van die Vader wat die individu heel en goed kan maak (Charry, 2004b:294). "Geredding in hoop" (Romeine 8:24) beteken dat 'n wesenlike element in redding hoop is. Dit is duidelik by die vroeë Christene, wat 'n brandende begeerte (hoop) na die wederkoms van Christus gehad het. God het veel meer beloof as wat reeds beleef word. Daarom is daar "'n lewende hoop" op die erfenis wat wag, want dit is 'n "onverganklike, onbesmette, onverwelklike erfenis wat vir die individu in die hemel bewaar word" (1 Petrus 1:3-4). Egte Christelike hoop is dus gerig op die afronding en vervolmaking van die verlossing in Christus (Charry, 2004b:295).Henriksen (2019:119) maak 'n belangrike onderskeid. Hy noem dat om te hoop beteken om te onderskei tussen die hede en dit waarop daar gehoop word: *"Thus, hope is a manifestation of difference, and of absence: That which one hopes for is absent, and is only present in hope, as something not yet there"* (Henriksen, 2019:119). Henriksen (2019:119) is van mening dat hoop die persepsie van die werklikheid waarin 'n mens jou bevind, vorm. Hy verduidelik verder dat hierdie "toekomstige hoop" reeds 'n invloed het op huidige omstandighede en kan dit 'n afname in angs oor die hede veroorsaak- omdat daar gehoop word op iets beter. Hoop wat bestaan te midde van lyding, hoop op 'n nuwe lewe- selfs al hier op aarde.

Louw (2014a:7) noem drie dimensies van eskatologiese hoop. Die eerste dimensie, "perfectum", is gegrond in die opstanding van Christus en behels die sekerheid dat die individu saam met en in Christus 'n nuwe wese is, met die vermoë om in die ewigheid deel te neem. Die tweede dimensie is "praesens", wat verwys na die genootskap met God deur die Heilige Gees. Die derde dimensie, "futurum", is die hoop op uiteindelike en finale verlossing van lyding—ewige verlossing (Louw, 2014a:7). Louw som die drie dimensies op as 'n praktiese visualisering van 'n nuwe toekoms. Die vorm van Christelike hoop stel individue in staat om, ten spyte van aardse seergang, met geluk en hoop te leef—om 'n nuwe toekoms te sien, reeds hier op aarde en vir die ewigheid. Hierdie hoop begin met die erkenning dat Christus werklik die Seun van God is en dat Hy opgestaan het (Louw, 2014a:9). Hoop is dus 'n nagevolg van geloof—nie net 'n verlange na 'n

nuwe toekoms nie, maar eerder ’n oortuiging dat die nuwe toekoms reeds moontlik is (Louw, 2014:10).

Dit is dus moontlik om te sê dat die fondament van Christelike hoop is die verwagting dat God iets sal doen. Daarom is geloof gegrond in die belofte van die Skepper om die proses van nuutwording te vervul, waarby die wêreld en alles daarin betrokke is (Henriksen, 2019:123).

### 3.2.1 Die wisselwerkende verband tussen lyding, verlossing en eskatologiese hoop

Charry (2005:1) argumenteer dat dit belangrik is om te verstaan dat verlossing, genesing, florering en hoop intiem gekoppel is. Hierdie konsepte vorm 'n onverbreeklike geheel, wat die proses van spirituele en emosionele hernuwing en groei in 'n mens se lewe bemagtig.

Charry (2005:1) gebruik die werk van Don Juel om haar argument te steun. Juel (1999) kyk na die evangelie van Markus in die lig van die ander drie evangelies. Charry (2005:1) verduidelik dat die skielike einde van die Markus evangelie Juel fasineer. Hy interpreteer die verskil tussen Markus en die ander Evangeliste as 'n getuienis vir die vryheid van God. Charry (2005:1) stel voor dat die rede hiervoor is om die gelowige te herinner dat God 'n pad uitgestippel het, en dat daar op Hom vertrou moet word, al is die pad nie altyd duidelik nie. Juel beklemtoon dat dit die onvermoë van die mens is om ten volle te verstaan wat God besig is om te doen (Charry, 2005:1). God sal die individu gereeld verras, moontlik om te herinner aan wie werklik in beheer is (Charry, 2005:1). Die grondslag van hierdie stelling is verankerd in Jesaja 55:8-9, waar God leer dat Sy gedagtes nie die mens se gedagtes is nie, en dat Hy die groter prentjie beskou, selfs die dinge waarvan die mens nie eers bewus is nie. Charry (2005:2) haal die volgende stelling van Juel aan: "hoe dieper daar in die narratief gedelf word, hoe minder beheer is aan ons belowe," en met minder beheer, sal daar meer vertroue in die beloftes van God wees, wat uiteindelik daartoe lei dat die hoop op God gevestig word.

Charry verduidelik ook die konsep van hoop aan die hand van die wisselwerking tussen verlossing en lyding, wat uiteindelik tot hoop lei. Soms is verlossing en lyding aan mekaar gekoppel. Dit oortref die menslike begrip om die "hoekoms en waaroms" van die lyding in die wêreld beter te verstaan (Charry, 2005:2). Lyding en sonde kan nie altyd aan die mens se manier van lewe toegeskryf word nie. Soms word lyding in die lewe toegelaat om die individu te suiwer, te toets, te leer, of om die gees te versterk (Charry, 2005:2). Ten spyte van hierdie lyding, bly God volmaak en voldoende; Hy verdien die liefde van die individu en verlang daarna dat daar in alle omstandighede in Hom geglo, op Hom vertrou en Hom geprys word.

Job herinner die individu daaraan dat daar ‘n “kosmiese konflik” agter die skerms aan die gang is, waarvan die meeste mense nie bewus is nie. . Dikwels wonder mense waarom God iets toelaat en bevraagteken God se goedheid, sonder om die hele prentjie te sien. Job 13:15 leer dat die individu in God onder alle

omstandighede moet vertrou, nie net wanneer dit nie verstaan word nie, maar juis omdat dit nie verstaan word nie (Charry, 2005:2). Die Psalmis sê "Wat God doen, is volmaak" (Psalm 18:31). Aangesien God se manier van doen volmaak is, kan daar met volle vertroue geglo word dat alles wat God doen of toelaat, uiteindelik volmaak sal wees. Hierdie vertroue spruit voort uit die oortuiging dat God, in Sy volmaakte manier van optrede, altyd die beste vir die individu beplan, selfs wanneer die groter prentjie nie verstaan word nie. Dit mag onmoontlik lyk, maar die gedagtes van die mens is nie dieselfde as dié van God nie. Dit is waar dat die individu nie kan verwag om God se gedagtes volmaak en volledig te verstaan nie: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is My optrede verhewe bo julle optrede en My gedagtes bo julle gedagtes" (Jesaja 55:8-9). Dus, ongeag, bly die verantwoordelikheid teenoor God om Hom te gehoorsaam, Hom te vertrou en aan Sy wil te onderwerp, selfs wanneer dit nie verstaan word nie (Charry, 2005:2). Dit veroorsaak dat daar uiteindelik met hoop geleef kan word.

Verlossing en hoop is onvermydelik met mekaar verbonde, omdat dit deur verlossing is dat hoop eers moontlik word. Verlossing impliseer vrymaking – vryheid van sonde, skaamte, skuld, seergemaakte emosies, lyding, mismoedigheid en negatiewe denke. Hierdie vrymaking stel die individu in staat om hoop te ervaar, omdat dit die gelyke erkenning bied dat selfs in die aangesig van swaarkry, God die vermoë het om vernuwing en herstel te bring. Verlossing maak 'n nuwe lewe saam met God moontlik, 'n lewe waarna daar uitgesien kan word (in die nuwe Jerusalem), maar ook 'n lewe hier op aarde (Charry, 2005:3). Hierdie nuwe lewe bring hoop in die wete dat God die individu gered het. Hoop bring ook vertroue— vertroue dat God 'n uitweg sal voorsien, vertroue dat daar sal floreer en dat heling sal plaasvind. Verlossing bring hoop vir die huidige tyd sowel as die toekoms (Charry, 2004b:294).

Charry verbind ook haar verstaan van verlossing en geluk aan hoop. Sy verduidelik dat opregte, God-gebaseerde geluk wat verlossing bring, nie oppervlakkige geluk is nie, maar geluk wat diep in God geanker is. Opregte en stabiele geluk. Geluk wat nie in tydelike, aardse goed gevind word nie, maar geluk wat ewigheidswaarde het. Geluk wat te midde van lyding steeds seëvier omdat geluk hoop bring. Hoop vir die ewige einde van seer wanneer Christus weer kom. Hoop dat Christus vir die individu 'n plek in die hemel gaan gereed maak het (Johannes 14:2-4). Charry se bogenoemde verduideliking van geluk staan direk in verband met hoop, dit kan nie geskei word nie. Soos reeds genoem, verduidelik Charry dat ware geluk in God geanker is. Sy noem ook dat hierdie God-gesentreerde geluk 'n mens toerus met hoop, hoop vir die lewe op aarde en hoop vir ewige redding met die koms van Christus.

Dié geluk waarvan Charry praat is 'n innerlike anker tydens lyding. Dit bring hoop. Die verband tussen lyding en hoop gaan verduidelik word aan die hand van Charry se verstaan van en gebruik van Markus. Markus verduidelik die begrip "Evangelie" as die Goeie Nuus dat Christus red (Viljoen, 2002:456). Hierdie verlossing en hoop gaan gepaard met lyding. Charry (2005:1) verduidelik dat ten midde van lyding en onsekerheid, die

Markus evangelie die individu gerus stel dat daar op God vertrou kan word (hoop). .Sy verduidelik dit aan die hand van Don Juel se interpretasie van Markus, wat aandui dat die individu in die hande van God leef, en dat God nie net in beheer is van die wêreld nie, maar ook op 'n meer persoonlike vlak in beheer van die individu se lewe is.

Die Evangelie van Markus was geskryf aan 'n spesifieke gelowige gemeenskap. Om die stelling te verstaan is dit belangrik om die boek Markus binne konteks te lees. Viljoen (2002:455) verduidelik dat die konteks van Rome 'n relevante hermeneutiese sleutel tot die begrip van die teks van die Markus Evangelie bied. Rome het 'n tyd van angs, moedeloosheid en vrees ervaar toe hulle leier, Petrus, as martelaar gesterf het. Dit het veroorsaak dat die Christelike inwoners van Rome sonder 'n leier was. Markus skryf aan die gehoor om hul te bemoedig. Hy verduidelik aan hulle dat lyding die "weg/pad" van Jesus was en dat Christus moes ly om sodoende Sy doel te bereik. Markus verduidelik verder dat Christene geroep word om in Sy voetspore te volg – 'n handeling wat lyding en volharding impliseer (Charry, 2005:4).

Dit is belangrik dat die gemeenskap aan wie Markus die Evangelie geskryf het en hoe hy hulle bemoedig het onder sulke omstandighede, genoem word om sodoende die boek binne konteks te verstaan. Nadat die boek binne konteks verstaan is, kan die boodskap van hierdie boek vir die huidige godsdienstige gemeenskappe van toepassing gemaak word.

Om die konteks waarin Markus geskryf is te verstaan, is dit belangrik om die apokaliptiese eskatologiese perspektief in gedagte te hou. Die perspektief word verbind aan 'n spesifieke krisis binne 'n spesifieke situasie (Charry, 2005:5). Die perspektief word gebruik om hoop te verkondig aan mismoediges (Charry, 2005:5). Die hoop is 'n middel om die krisistydperk deur te kan staan en om hul omstandighede beter te kan hanteer (Charry, 2005:5).

Don Juel is van mening dat Markus die werk en lewe van Jesus op so 'n manier beskryf dat dit die lesers se gedagtes oor Jesus beïnvloed en hulle op 'n spesifieke wyse in hul eie omstandighede laat optree (Charry, 2005:6). Alhoewel die Bybel jare gelede, in 'n ander konteks en vir 'n ander gehoor geskryf is, is dit steeds vandag van toepassing. Die Woord van God is nie beperk tot tyd, plek, gehoor of kultuur nie. Markus het die boek geskryf met die doel om belangrike aspekte van daardie tyd vir daardie gehoor aan te spreek (Viljoen, 2002:457). Tog kan die boodskap van hoop, verlossing en lyding vir die eksistensiële realiteite van vandag ook relevant wees. Dit is egter ook meer as net relevant en dien ook as 'n middel van hoop – selfs vir vandag. Om die boodskap op vandag van toepassing te kan maak, is dit belangrik om die oorspronklike bedoeling van die teks vir die eerste hoorders in ag te neem. Dus moet die teks binne konteks en teen die historiese agtergrond gelees en verstaan word, voor dit geïnterpreteer kan word en op verskeie situasies toegepas word. Sodoende sal misinterpretasies van die teks vermy word.

Dit is duidelik dat die gehoor 'n diep behoefte het aan Goeie Nuus en hoop. Hierdie perspektief bied hoop vir diegene wat 'n uitsiglose toekoms ervaar. Walter en Kaiser (2003:17) verduidelik dat die betekenis van 'n teks nie net in die verlede van toepassing is nie, maar dat dit ook toegepas moet word in die huidige konteks. Dit beteken dat die boodskap van hoop en verlossing wat in Skrif gevind word, steeds relevant is en die vermoë het om 'n middel van transformasie te wees vir mense wat moeilike omstandighede beleef.

Vandag word mense met vele eksistensiële krisisse gekonfronteer. Egskeiding, siekte, depressie, die verlies van 'n geliefde, werksverlies, beproewings en nog vele meer. Die situasies veroorsaak angs en 'n gevoel van hopeloosheid. Dit steel mense se geluk en hoop. Die Evangelie van Markus en die boodskap daarvan bied hoop vir mismoediges. Dit verseker die persoon dat Christus se lyding verlossing van die seer van die huidige wêreld gee en rus vir die lewe hierna. Daar is dus hoop vir die toekoms (Charry, 2005:3). Die hoop is die tweede Koms van Christus, die Koms van die Koninkryk van God. Die hoop is dat Jesus mens moes word.. Jesus moes sterf sodat die individu kan leef. Slegs God kan so 'n oneindige groot straf namens die mens betaal (Romeine 5:8; 2 Korintiërs 5:21). Dit is nodig vir Jesus om God te wees, sodat Hy die sondeskuld van die individu vir ewig kon wegneem (Erickson, 1994:71). Verlossing wat hoop bring, is alleenlik deur geloof in Jesus Christus moontlik. Jesus se Goddelikheid is die rede hoekom Hy die enigste weg vir verlossing is, verduidelik Erickson (1994:71). Jesus se Goddelikheid is die rede waarom Hy verklaar: "Ek is die 'pad' en my Vader die 'adres'. Wie hierdie pad loop, kom by die ware lewe uit. As iemand 'n ander pad loop, sal hy nooit by my Vader uitkom nie" (Johannes 14:6).

Dit is duidelik dat die inwoners van Rome onderdruk was toe hulle leier Petrus as martelaar gesterf het. Dit is ook duidelik dat hulle die behoefte gehad het aan hoop en bemoediging (Charry, 2005:8). Christus bring verlossing. Dit was die hoop wat aan hul verkondig was deur die Evangelie van Markus. Markus verkondig dat lyding deel van Christus se doel op aarde was en dat daardie lyding verlossing en hoop inhou.

Volgens die werk van Don Juel (Datum) en die interpretasie daarvan deur Charry, is dit duidelik dat die Markus-evangelie steeds hoop bied. Dit bemoedig die individu in swaar tye en bied hoop vir 'n uitsiglose bestaan. Dit verseker die individu dat God in beheer is van die lewe en dat daar op Hom gehoop en vertrou kan word. Die individu sal nie altyd verstaan hoekom God doen wat Hy doen nie, maar kan bloot staatmaak op God se Soewereine Regering. Louw (2014a:6) verstaan dat hoop nie noodwendig die verdwyn van lyding beteken nie, maar dat oorwinning oor lyding juis verband hou met die behou van hoop in die lydingstyd. Hoop is dus nie bloot oor die toekoms nie, dit motiveer mense in hul konkrete en liggaamlike bestaan in die hier en nou (Henriksen, 2019:123). Verlossing bring hoop (Charry, 2004b:294), dit genees die siel.

### 3.3 HOOP AS 'N SPIRITUELE KATEGORIE BINNE HEDENDAAGSE PASTORAAT

Spiritualiteit verwys na hoe 'n persoon God verstaan (Louw, 2014b:ii). Louw (2014b:ii) dui aan dat spiritualiteit invloed uitoefen op 'n individu se waardes, norme, houdings en lewenstyle. Hy verduidelik verder dat spiritualiteit die soeke na betekenis en sin in die lewe bevraagteken, insluitend die rede vir ons bestaan. Dit lei tot nadenke oor die doel en bestemming van die lewe. Dit behels die proses van refleksie en konsepte rondom die doel van ons bestaan, wat die rigting en die kwaliteit van ons lewens bepaal (Louw, 2014b:ii). Dreyer (2018:482) sluit aan by Louw se siening en sê dat spiritualiteit gaan oor hoe mense betekenis aan hulle lewens maak en wat hulle ervarings beteken. Dit sluit ook die verhouding met God in (Dreyer, 2018:482). Hierdie elemente is noodsaaklik vir pastorale sorg en die praktyk van hedendaagse pastoraat.

Spiritualiteit is van groot belang in die ervaar van hoop (Dreyer, 2018:285). Die soeke na betekenis, die begrip van lewensvrae, en die verhouding met God wat deur godsdienstige of geestelike mense bewerkstellig word, kan help om hoop te bevorder en te versterk. Dreyer (2018:285) verduidelik verder dat wanneer die vlakke van hoop verhoog en wanhoop afneem, genesing en gesondheid bevorder word. Hoop stel mense in staat om potensiële groeigeleenthede te visualiseer, selfs in die teenwoordigheid van lyding.

Louw (2015:10) definieer hoop binne 'n Christelike konteks as: "*the spirituality of hope is connected to what one can call the aesthetics of a human spirit. Spiritual aesthetics and the beauty of a human soul can be rendered as an exemplificatioon of the spirit of Christ*". Louw (2015:10) haal 1 Petrus 3:4 aan om bogenoemde te steun*:* [3]"Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. [4] Nee, julle skoonheid moet van dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde."

Spiritualiteit en die ontwikkeling daarvan is die proses waar 'n persoon God as die sentrale fokus van sy of haar lewe sien. Dit behels die grondslag van 'n persoon se lewe in God, wat sy kennis en krag as die fundamentele steun gebruik. Dit is wanneer iemand 'n lewensveranderende begrip van God het en 'n stel van geloofsoortuigings wat 'n gevoel van behoort en sekuriteit bied. Dit is die hoop wat op God geplaas word. Dit is duidelik dat die leer ken van God noodsaaklik is om 'n regmatige begrip van Hom te hê. Ons kom God na deur dit wat Hy aan ons openbaar. God se Woord is die sleutel tot Sy openbaring aan die mens (Van der Walt, 2003:13). Vir die pastorant om geestelik te groei en God die middelpunt van sy of haar lewe te maak, sal hulle 'n stewige fondasie hê waarop hulle hul lewe kan bou. Charry dui aan dat om God te ken (om 'n korrekte beeld van God te hê) die sleutel is tot karaktervorming en vernuwing (Marais, 2015:257). Dit is 'n belangrike impak vir hedendaagse pastoraat in die konteks van hoop.

Louw (2015:11) verbind hoop aan nuutwording, 'n nuwe skepsel in Christus wat leef volgens die voorwaardes van die Woord en die vrugte van die Gees. Louw (2015:11) noem dat dit 'n soort heiligmaking vertoon. Die proses van meer en meer soos Jesus word, is heiligmaking. Heiligmaking is nodig as gevolg

van sonde wat die wêreld betree het met die sondeval (Mullen, 1997:41). Charry (2004a:19) noem dat dit nodig is om weg te draai van aardse valshede en die fokus te verskuif na God, wat aansluit by die idee van heiligmaking as 'n nuwe staat van wees. Heiligmaking beteken dat Christus 'n persoon rein en nuut maak (Mullen, 1997:41). Heiligmaking is van kardinale belang om die mens te red van die toorn van God, wat die tweede dood is (Romeine 5:9). Die persoon wat regverdigmaking ontvang, sal dus die ewige lewe ontvang (Titus 3:4-7). Iemand kan net deelneem aan regverdigmaking wanneer hulle die sonde afsterf en hulle lewe aan God gewy is, wat slegs deur geloof en bekering en wedergeboorte moontlik is (Du Toit, 2015:22).

Louw (2015:11) verduidelik ook dat heiligmaking veroorsaak dat daar met 'n skoon gewete en uiteindelik hoop geleef kan word, soos hy in 1 Petrus 3:16 verstaan. Hoop funksioneer dan as 'n motiverende faktor vir mense om 'n sinvolle en betekenisvolle lewe te leef (Louw, 2015:11).

Mense word dikwels gekonfronteer met eksistensiële krisisse wat betrekking het op die sin, doel, waarde, bestemming en die kwaliteit van die lewe. Hierdie krisisse weerspieël die bedreigings wat mense in die wêreld ervaar. In die proses van spirituele heling word mense gelei om die groter prentjie van hulle lewe te verstaan (Louw, 2014c:49). Charry (2004a:23) beklemtoon dat dit nie net geluk en blydskap is wat die mens se lewe verryk nie, maar dat "hartseer en wanhoop ook die lewe verryk." Louw (2014c:48) verduidelik heelheid en 'n holistiese benadering deur te sê: "Heelheid verwys na die helende dimensie van interverweeftheid, terwyl 'hole' in 'n holistiese benadering die verwantskap en verbinding tussen die verskillende dele van die geheel beklemtoon." Spirituele heling verander die pastorant se denkpatroon na een van positiwiteit en hoop, en help hulle om met hoop te leef. Dit bevorder 'n nuwe gesindheid, houding en manier van leef met vrede. Dit verskuif gevoelens van skuld en sonde na dié van bevryding, redding en verlossing. Ons ervaar gesondheid wanneer ons 'n bron van geloof het wat ons bemagtig om met hoop te leef.

## 3.4 'N INTERDISSIPLINÊRE BENADERING TOT HOOP

Die interpretatiewe taak vra die vraag: "Waarom is dit besig om te gebeur?" (Osmer, 2008:6-8). Dit word gevra om tot 'n beter verstaan te kom van die huidige situasie, asook wat daartoe aanleiding gegee het. Die tweede taak van die pastoraat volgens Osmer (2008) is die interpretatiewe taak, wat die proses behels van die interpretasie van die situasie wat die pastorant ervaar. Hierdie taak fokus op die verstaan van die spesifieke gebeure, ervarings, en uitdagings wat die pastorant deurgaan, sowel as die betekenis wat hulle aan hierdie ervarings heg. Osmer verduidelik dat hierdie taak nie net inligting insamel nie, maar ook 'n teologiese perspektief bring om 'n dieper begrip van die situasie te kry (Osmer, 2008:8). Die interpretatiewe taak behels dus die ontleding van die pastorant se situasie in die lig van Skrif, tradisie, en teologie, om sin en betekenis in die gebeure te ontdek en die pastorant te help om te verstaan wat hierdie ervarings vir hulle persoonlike en geestelike reis beteken. Osmer (2008) beklemtoon dat die interpretatiewe taak die basis is vir die pastorale sorg

en aksie wat daarop volg, aangesien dit die werklike en geestelike dimensies van die pastorant se lewe met die teologiese insigte kombineer.

Die bydrae van hoop sal in hierdie studie deur 'n literatuurstudie te bespreek word en aangedui word hoe hoop as 'n teologiese hulpbron 'n invloed sou kon hê op die hedendaagse pastoraat.Fung (2012:ii) bestudeer die konsep van hoop en beklemtoon dat dit oor die tyd heen vanuit verskillende dissiplines soos teologie, filosofie en psigologie ondersoek is. Fung (2012:ii) dui aan dat, ondanks die oorvloed van navorsing oor die onderwerp, daar min navorsing oor hoop vanuit 'n positiewe sielkundige perspektief is. Positiewe sielkunde, volgens Fung (2012:ii), is "die sielkunde van menslike sterkhede en behels die studie van die menslike natuur en gedrag vanuit die perspektief van sterktes eerder as tekorte."

Positiewe sielkunde is een van die mees onlangse dissiplines in die veld van sielkunde (Cherry, 2023:2). Baumgardner en Crothers (2010:1) verduidelik dat hierdie veld gebaseer is op die idee dat mense 'n hoër lewenskwaliteit kan bereik deur op positiewe emosies en die positiewe aspekte van die lewe te fokus, eerder as op negatiewe ervarings. Martin Seligman, wat in 1998 as die stigter van positiewe sielkunde bekend gestaan het, het tydens sy presidentskap van die "American Psychological Association" die tema van sy termyn rondom positiewe sielkunde gebou (Cherry, 2023:2). Sy teorie lê klem op die noodsaaklikheid om die fokus weg te skuif van swakhede en patologie na die bevordering van gesonde funksionering en menslike sterktes (Baumgardner & Crothers, 2012:3).

Seligman argumenteer dat sielkunde te lank vasgevang was in die mediese model van patologie, en hy stel voor dat die fokus moet verskuif na die ontwikkeling van gesonde en veerkragtige funksionering. Hy het sewe kernkomponente van positiewe gesondheid geïdentifiseer: geluk, positiewe emosies, karaktersterktes, veerkragtigheid, hoop, optimisme, en gesonde interpersoonlike verhoudings (Peterson, 2017:28). Hierdie benadering beklemtoon die belangrikheid daarvan om positiewe kragte in mense te versterk om hulle algehele gesondheid en welstand te bevorder.

Harris (2012:54) skei positiewe sielkunde van tradisionele sielkunde deur te verduidelik dat tradisionele sielkunde mense in "bokse" plaas, want deur iemand te diagnoseer plaas jy hulle in 'n spesifieke boks. Positiewe sielkunde verskuif die fokus weg van die identifisering van negatiewe aspekte soos versteurings en plaas eerder klem op die positiewe eienskappe en sterkpunte wat steeds by die individu teenwoordig is. Die skeiding kan ook gemaak word wanneer daar gevra word oor wat die positiewe intensies was agter die gedrag, eerder om die gedrag self te beoordeel. Harris (2012:61) sluit sy argument af deur te sê dat wanneer jy aan die positiewe bou, sal die negatiewe vanself verminder. Cherry (2023:2) skei ook positiewe sielkunde van tradisionele sielkunde deur te verduidelik dat hierdie spesifieke area van sielkunde (positiewe sielkunde) fokus hoe om mense te help om vooruit te gaan en gesonde, gelukkige lewens te lei. Terwyl baie ander dissiplines van sielkunde geneig is om te fokus op disfunksies en abnormale gedrag. Positiewe sielkunde is gesentreer in die doel om mense te help om gelukkiger te wees.

Louw (2015:1) sluit aan dat pastorale sorg in die eerste plek nie fokus op “krisisberading” en patologie nie. Hy verduidelik dat daar nie soveel gefokus word op dit wat fout is nie, maar eerder oor die sin en betekenis van die lewe en die waarde daarvan. Elliot (2020:118) stel hoop gelyk aan veerkragtigheid wat een van die kenmerke van positiewe sielkunde is.

Fung (2012:1) lig ’n belangrike punt wanneer sy noem dat alhoewel die dialoog tussen positiewe sielkunde en teologie reeds ’n positiewe resultaat inhou, die navorsing wat probeer om hoop in pastorale teologie en positiewe sielkunde in gesprek te bring, skaars is.[4] Fung (2012:19) verduidelik dat hoewel beide dissiplines unieke perspektiewe oor hoop ontwikkel het, daar min literatuur bestaan wat fokus op 'n interdissiplinêre bespreking van hoop binne hierdie twee velde.

Dié leemte motiveer Fung tot die idee van hoop vanuit ’n interdissiplinêre perspektief. Fung (2012:ii) verduidelik dat sy poog om 'n wisselwerkende verband te ondersoek tussen die dissiplines van positiewe sielkunde en pastorale teologie oor die idee van hoop. Haar studie is gegrond in die werk van Andrew D. Lester en Charles Rick Snyder. Sy maak gebruik van dié se werk omdat sy aanklank vind by Snyder se model oor hoopteorie. Fung (2012:1) verduidelik dat dié interdissiplinêre perspektief op hoop, die moontlikheid inhou dat positiewe sielkunde ’n unieke bydrae kan maak tot hoop in ’n pastorale konteks. Die bewering is dat hoop onder die lens van beide teologie en sielkunde beskou moet word om die kompleksiteit en noodsaaklike fondament van Christelike hoop te bewys (Fung, 2012:2). Fung se studie beklemtoon dus die uniekheid van Christelike hoop deur hoop in ’n sielkundige konteks ook te ondersoek. Fung (2012) beklemtoon deur hierdie studie die kompleksiteit/diversiteit van hoop.

Fung (2012:ii) rig haar studie deur wedersydse ooreenkomste oor die idee van hoop in die twee velde te ondersoek. Sy kyk na hoop vanuit ’n sielkundige en teologiese lens. Terwyl Fung beide velde se eiesoortige karakter van hoop ondersoek, ondervind sy dat selfs deur die sielkundige lens van hoop, word die onvermydelike karakter van teologiese hoop geopenbaar (Fung, 2012:ii). Hierdie studie bevind dat hoewel Snyder se hoopteorie bydra tot hoop in die daaglikse lewe vanuit kognitiewe perspektief, is teologiese hoop noodsaaklik veral in die eskatologiese konteks wat 'n God-gerigte hoop bied (Fung, 2012:ii).

Scioli (2020:138) is van mening dat hoop 'n potensiële morele middel is wanneer dit in lyn is met die wil van God. Scioli (2020:139) ondersoek Clarke se mening oor hoop. Clarke (in Scioli, 2020:138) verduidelik dat hoop gegrond is in geloof, in beide godsdiens en wetenskap, in God en die wette van die heelal, wat 'n nuwe wetenskap van sielkunde aantoon.

[4] “Hope is one of the topics for dialogues between psychology and theology. Psychologically, hope is one of the virtues to achieve authentic happiness in positive psychology. Theologically, hope is also regarded as one of the three theological virtues in Christian faith (i.e. faith, hope and love). Nurturing hope is considered as one of the functions in pastoral ministry” (Fung, 2012:1).

Shively (2019) gebruik ook die model van Snyder om te demonstreer hoe hoop as middel in die sielkunde en psigiatrie gebruik word en hoe hoop mediese uitkomste beïnvloed. Hy ondersoek ook hoe hoop moeilike eksistensiële krisisse binne daardie konteks beïnvloed. Shively ondersoek, net soos Fung, die verband tussen pastorale hoop en hoop vanuit positiewe sielkunde. Shively (2019:11) maak die konklusie dat hoopteorie, in die konteks van die beradingsproses, moontlikhede skep vir positiewe groei en verandering. Shively (2019:12) verduidelik verder die ooreenkoms van die verstaan van hoop tussen die pastoraat en positiewe sielkunde. Hy verduidelik dat selfs fisiese gesondheid aan hoop gekoppel word. Shively (2019:12) brei uit en noem dat die hoopteorie gebruik kan word om denkpatrone te vernuwe deur op hoop te fokus wat bydrae tot positiewe gesondheidsuitkomste. Dit sluit aan by die holistiese kenmerk van hoop: *"By constructing these two critical lenses to view the hope, a richer understanding of hope emerges"* (Fung, 2012:35).

Snyder se hoopteorie, in positiewe sielkunde, is teenstrydig met die sienings van geleerders wat hoop gelykgestel het aan die afwesigheid van emosie (Fung, 2012:38). Gevoel en emosies word dus as sekondêr beskou. Dit is dus belangriker om te fokus op die doelwit, eerder as die onmiddellike emosie. Snyder verwys na hoop as *"goal directed thoughts"* (Fung, 2012:38). Scioli (2020:147) ondersoek ook hierdie benadering tot hoop. Hy bestudeer Breznitz (1986) se werk wat hoop verstaan as 'n poging om die grense van 'n kognitiewe benadering tot emosie te toets. Snyder lewer kommentaar op die siening. Volgens Snyder is die funksie van doelwitte om die kognitiewe komponent in hoopteorie te anker. Die doel daarvan is om 'n persoon se bewuste denke te beset (Fung, 2012:38). Dit veroorsaak dat die huidige lyding, nie die einddoel te veel beïnvloed nie. Snyder lê klem daarop dat hierdie doelwitte haalbaar moet wees. Die belang daarvan is dat dit bereikbaar moet wees om dus verdere mismoedigheid te minimaliseer. Snyder brei die bogenoemde stelling uit deur te verwys na *"mental flexibility"* (Fung, 2012:39). Hy verduidelik dat dit mense in staat stel om struikelblokke te oorkom deur alternatiewe stappe te identifiseer en te volg, sodat doelwitte steeds bereik kan word wanneer uitdagings opduik. [5] Hoop is kompleks en beïnvloed die mens in totaliteit. Hoop raak elke deel waaruit die mens bestaan aan. Doelwitte kan die dryfveer wees agter hoop, maar dit waaruit die mens bestaan kan nie geïgnoreer word nie ook nie die realiteit waarin hulle hulself bevind nie. Die doelwitte moet eerder genesing en groei motiveer. Dit impliseer dat kognitiewe vernuwing nagestreef moet word as die uiteindelike uitkoms van emosionele genesing.

Volgende verwys Snyder na wilskrag, wat 'n groot rol speel in positiewe sielkunde. Dit verwys na die motivering agter die doelwit (Fung, 2012:27). Wat dryf die mens om hierdie doelwit te bereik? Volgens Scioli (2020:149) verskil Larsen van die benadering van doelwit gesentreerde hoop:

> *Denise Larsen and her colleagues at Hope Studies Central (University of Alberta) have conducted a series of interesting studies on the process of hoping within the context of*

[5] "Snyder indicated that a pathway is a 'cognitive route to a goal'." (Fung, 2012:26).

*education and counselling (Larsen and Stege 2012). Her work has included different phases of the counselling process (e.g., early versus later sessions) as well as individuals and couples, chronic pain patients, and trauma survivors. In one study, Larsen and Stege (2012) found that goal attainment is typically a minor theme in counselling, trumped by client-therapist relationship building and perspective change. Moreover, Larsen and Stege discovered that "supportive identity development," including fostering a sense of worthiness, was more critical for instilling hope in counselling sessions than goal support.*

'n Volgende uitgangspunt wat Fung navors is hoop en menslike florering. Volgens Fung (2012:37) loop hoop en menslike florering hand aan hand in die konteks van positiewe sielkunde: *"At its core, positive psychology is concerned with human flourishing and its sources."* Dit is 'n aspek van hoop waarmee teologie ooreenstem.

Fung (2012:37) verduidelik dat hoop in menslike florering, binne 'n positiewe sielkunde konteks, verwys na enige sielkundige proses wat 'n persoon se gedagtes en optrede kan beïnvloed om sodoende voordelig vir daardie persoon te wees. Snyder verduidelik ook dat hoop verband hou met die sin van die lewe en gereelde selfrefleksies oor die vordering van doelwitte. Volgens Snyder, is hoop geanker op kognitiewe vlak omdat hoop 'n nuwe perspektief op die sin van die lewe bied (Fung, 2012:38). Menslike vooruitgang en florering ontstaan wanneer die persoon aandag gee aan alle aspekte waaruit hy of sy bestaan. Dit beteken dat daar vanuit 'n holistiese perspektief na die mens gekyk word. Die mens word dus in totaliteit aanskou.

Menslike gesondheid en spirituele florering loop hand aan hand. Beide terme dui daarop om toepaslike Godsbeelde te hê, om met hoop te leef en sin in die lewe te sien. Spirituele florering moet dus gesien word binne die konteks van menslike gesondheid. Heling hou ook verband met dié terme omdat heling dui op genesing van die menswees. Dit verwys na nuwe denkpatrone en 'n positiewe houding teenoor die lewe (Romeine 12:2). Heling verwys ook na die ontwikkeling van selfkennis en liefdevolle kennis (Louw, 2014a:3). Spirituele florering is wanneer die persoon God as middelpunt sien. Dit is wanneer 'n persoon gegrond is in God en op God se kennis en krag staat maak - tydens lyding ook. Dit is wanneer 'n persoon 'n toepaslike verstaan van God het en beskik oor geloofsinhoude wat sin en betekenis ontsluit. Dit is wanneer die mens hulle hoop op God stel. Dit verwys na om 'n toepastelike beeld van God te hê. Spirituele florering beteken om jou geloofshulpbronne toe te pas op uitdagings. Dit beteken om staat te maak op hierdie geloofsinhoude om jou te lei deur moeilike eksistensiële krisisse. 'n Mens floreer wanneer jy God ken (Charry, 2004a:20).

Fung (2012:29) gebruik die werk van Lester om hoop in 'n teologiese konteks te ondersoek[6]. Lester verduidelik dat hoop te make het met geloof en die vertroue dat die toekoms goed sal wees – vertroue op God vir 'n toekoms vol geleenthede. Lester ondersoek hoop aan die hand van lyding en uitdagings (Fung,

[6] Fung gebruik die werk van Lester, "*Hope in Pastoral Care and Counseling",* om hoop te ondersoek.

2012:30). Lester verduidelik dat die kwessies wat verband hou met hoop en wanhoop twee groot gesprekke is in die sielkunde en teologie (Fung, 2012:30).

Fung (2012:30) verduidelik dat Lester se fokus op die toekoms rus - die afwagting vir 'n nuwe en beter lewe en die afwesigheid van die seer wat in die hede ervaar word. Hy definieer dit as die konsep van moontlikheid en afwagting (Fung, 2012:30). Lester is van mening dat die invloed van die toekoms op die hede, grootliks onderskat word (Fung, 2012:30)[7].

Fung (2012:31) vind belang in Lester se perspektief van tydelikheid op hoop. Hy verduidelik dat die verwagting oor die toekoms 'n invloed het op die huidige situasie en die gemoedstoestand van die individu in die hede. Lester verduidelik verder dat dit 'n rol speel in identiteitsvorming. Hy noem dat die bogenoemde idee bydra tot die bou van 'n teologiese konsep van hoop en die toepassing daarvan op spesifieke areas van pastorale sorg (Fung, 2012:31). Hy verduidelik verder dat hoop ontstaan wanneer 'n mens die verlede aanvaar, met vrymoedigheid die hede trotseer en uitsien na die moontlikhede van die toekoms (Fung, 2012:31).

*"Lester stressed that one's focus on the future can be more transforming than analyses of the past"* (Fung, 2012:32).

Die skep van hoop in pastorale gesprek is baie belangrik. Dit is belangrik want hoop, volgens Lester, is die Christelike perspektief op elke aspek van die lewe – goed of sleg (Fung, 2012:33). Dit verskaf lig in donker tye. Pastorale versorgers het 'n verantwoordelikheid om 'n positiewe perspektief oor die toekoms te vorm om daardeur hoopvolle uitkomste vir menslike welstand en groei voor te stel. Lester beklemtoon die belang van spesifieke beradingsmetodes wat hoop vir diegene wat ly skep (Fung, 2012:33).

Fung (2012:34) verduidelik dat Lester hoop koppel aan 'n spirituele ervaring. Hy verduidelik dit as die hoop dat iets goed sal gebeur, maar in dieselfde sin die geloof dat iets bonatuurlik kan gebeur. Hy brei uit dat dit die versorger se verantwoordelikheid is om dié moontlikhede aan die pastorant te stel en die teologiese konsep daaragter duidelik te maak.[8] Lester verduidelik dat hoop gegrond is in die karakter van God. Vir Charry (1997:18) beteken dit dat ware florering en geluk gevind kan word in die ken en liefhê van God; dit is die lewe van 'n verloste persoon wat met hoop leef. Dit is wanneer 'n persoon gegrond is in God en op God se kennis en krag staat maak. Dit is wanneer 'n persoon 'n lewegewende verstaan van God het en beskik oor geloofsinhoude wat 'n ervaring van behoort en sekuriteit vir mense bied. Dit is wanneer die mens hoop

[7] Lester se eksistensiële konsep van hoop het ook sy oorsprong in Soren Kierkegaard. In die artikel *Hope and Possibility: Envisioning the Future in Pastoral Conversation*, gepubliseer in die *Journal of Pastoral Care*, het beide Lester en Stone erken dat hul begrip van die aard van hoop "begin in Soren Kierkegaard se verstaan van die persoon" (Fung, 2012:30).
[8] Fung (2012:34) verduidelik dat Lester die term "transfinite hope" gebruik om hoop te beskryf wat geplaas word in subjekte en prosesse wat verder strek as fisiologiese waarneming en die materiële wêreld.

op God. Hoop is nodig, hoop dat verlossing sal plaasvind (Charry, 2004b:291). Hierdie "hoop" moet gesien word in die konteks van die individu se verhouding met God. Hoop kan nie in die wêreld se tydelikhede gevind word nie (Charry, 2004b:292). Christelike hoop is die lewensanker van die individu (Charry, 2004b:291).

Fung (2012:35) verduidelik verder dat Lester voorstel dat die versorger hoop vestig in die wete dat God alomteenwoordig is en dus die kennis het oor wat die toekoms inhou. Dit sluit aan by Jesaja 55:8, wat leer dat die mens se gedagtes nie dieselfde is as God se gedagtes nie en dat God weet van dinge waarvan die mens nie bewus is nie.[9] Lester som dit mooi op as hy beskryf dat die rol van die versorger is om die hoop te vestig op die beloftes van God soos dit in Woord staan (Fung, 2012:35). Die fokus verskuif dus van die huidige probleem na die oplossings en nuutwording wat moontlik is (alhoewel die huidige probleem nie geïgnoreer word nie).

Fung (2012:36) haal agt pastorale intervensies wat Lester voorstel aan:

> "Lester suggested eight ways to help persons focus on the future, and thus engender hope. These ways include: "reframing, storytelling, tracking and expanding future stories, envisioning the future without the problem, establishing future goals, imagining a miracle, guided imagery, and giving examples of each".

Hierdie intervensies kan 'n waardevolle rol speel in pastorale sorgpraktyke, veral wanneer mense gekonfronteer is met uitdagings of krisisse. Die eerste intervensie, *"reframing"*, behels die herinterpretasie van 'n situasie of probleem om dit vanuit 'n ander perspektief te beskou (Fung, 2012:36). Deur die situasie in 'n ander lig te sien, kan mense 'n positiewe benadering vind wat hoop en oplossings moontlik maak. Die tweede tegniek, *"storytelling"*, gebruik stories om mense te help om hul eie ervarings in konteks te plaas. Dit kan die pastorant herinner aan ander wat soortgelyke uitdagings oorkom het, en bied hoop dat hulle ook kan oorleef en herstel.

Die derde intervensie, *"tracking and expanding future stories"*, help mense om hul huidige narratief te identifiseer en uit te brei na 'n positiewe toekoms (Fung, 2012:36). Dit herinner die pastorant daaraan dat daar ruimte is vir groei en verbetering. Die vierde intervensie, *"envisioning the future without the problem*", moedig mense aan om die toekoms voor te stel sonder die teenwoordigheid van die probleem. Dit kan hul perspektief van hoop herstel, wat hulle in staat stel om buite die huidige krisis te dink.

---

[9] Jesaja 55:8-9: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes."

Die vyfde intervensie, volgens Fung (2012:36) is *"establishing future goals"*, sluit die praktiese benadering in om duidelike en haalbare doelwitte te stel wat die pastorant begelei na 'n hoopvolle toekoms. Deur die doelwitte te definieer, kan mense weer beheer oor hul situasie neem en die rigting van hul lewe beplan (Fung, 2012:36). Die sesde intervensie, *"imagining a miracle"*, Fung (2012:36) verduidelik dat dit pastorante help om die moontlikheid van 'n wonderwerk in hul situasie te oorweeg. Dit kan geloof en verwagting bou, wat noodsaaklik is vir die herstel van hoop in uitdagende omstandighede.

*"Guided imagery"*, die sewende intervensie, gebruik ontspanningstegnieke om pastorante te help om 'n positiewe, hoopvolle toekoms in hul gedagtes te visualiseer (Fung, 2012:36). Dit bevorder, soos Fung (2012:36) verduidelik, nie net geestelike genesing nie, maar versterk ook emosionele veerkragtigheid. Laastens, *"giving examples of each"*, is 'n intervensie wat deur die gebruik van voorbeelde van ander wat deur soortgelyke omstandighede beweeg het, hoop en motivering kan bring. Dit herinner die pastorant daaraan dat hulle nie alleen is nie en dat ander al deur dieselfde proses van vernuwing gegaan het (Fung, 2012:36).

Elke een van hierdie intervensies kan mense help om 'n positiewe toekoms te visualiseer, emosioneel te herstel en hoop te herwin. Dit stel die pastorant in staat om nuwe perspektiewe te kry, geloof te bou en strategies na die toekoms te beweeg.

Charry (2004a:21) stem saam dat hoop veronderstel is om 'n uitsien na die toekoms te kweek, maar noem ook dat dit geluk vir die hede bied. Charry bevraagteken of daar voldoende teologiese bronne oor geluk in die hier en nou bestaan. Haar studie vanuit Christelike teologie is tweeledig. Eerstens verduidelik Charry (2004a:21) dat geluk dikwels in verband gebring word met die toekoms (eskatologie) en merendeels geskat word as iets wat in die ewige lewe te vind is. Sy beklemtoon egter dat die mens nie net geluk in die hiernamaals moet soek nie, maar ook in die hede. Teologie is daar om die mens te help om die lewe wat God op aarde gegee het, te geniet en in te floreer. Tweedens benader sy die onderwerp vanuit 'n Protestantse perspektief wat fokus op die intellektuele inhoud van dogmatiek, eerder as vanuit 'n pastorale oogpunt. Sy verduidelik haar punt deur te sê dat alhoewel teologie betrokke is by die lewe in die hede, dit ook die belangrikheid beklemtoon om die lewe in die hede te geniet. God se wil is dat ons Hom leer ken, en deur dit te doen, vind ons geluk, verlossing en hoop in Hom. Teologie leer ons meer oor God, en deur meer van God te hoor, sal ons blydskap ervaar in dit wat Hy aan ons openbaar. Kennis van God lei tot die genot van die lewe en menslike vooruitgang (Charry, 2004a:22).

Dié geluk wat hoop bring, is nie oppervlakkige geluk nie, maar geluk wat diep in God geanker is (Charry 2010:180). Opregte en stabiele geluk. Geluk wat nie in aardse tydelikhede gevind word nie, maar geluk wat ewigheidswaarde het. Geluk wat te midde van lyding steeds seëvier omdat geluk hoop bring. Hoop vir die ewige einde van seer wanneer Christus weer kom. Hoop dat Christus vir die gelowige plek gaan gereed maak het in die hemel. Die pastorant se verstaan hiervan kan ook as *ad rem* en relevant beskou word.

Pastorale versorging is ook om hoop te bied waar die toekoms uitsigloos lyk. Dit is belangrik vir die Christen gelowige om te weet dat hoop vir die hier en nou is en nie net bedoel is vir "eendag in die toekoms" nie.

In Charry (2004a:20) se uitgangspunt oor geluk, word daar gepoog om die verband tussen goedheid en geluk te vind. Volgens Charry (2007:250) word drie foute begaan in moderne sienings oor geluk en een fout in Christelike teologie oor geluk. Hierdie drie punte hou verskeie implikasies in vir pastorale sorg: Die eerste fout is dat geluk net oor onsself gaan. Charry (2004a:20) noem dat God die bron van ons geluk is. Charry (2004a:20) verduidelik verder deur te sê dat ons is oppervlakkig as ons dink aan geluk as 'n toestand van emosionele euforie. Verder noem Charry (2004a:20) dat 'n meer aansienlike benadering is om te dink aan geluk as 'n diep gewortelde tevredenheid en genot van die lewe wat beskermd is teen die onvermydelike veranderinge: dit wil sê, dit is baie meer lonend om te dink aan geluk in teologiese terme as in emosionele terme. Die tweede fout word begaan omdat daar 'n wanpersepsie bestaan tussen welsynsgevoel en geluk. Welstand is die sleutel tot 'n gelukkige lewe (Charry, 2007:244). Tog noem Charry dat geluk in aardse dinge nie konstant is nie en smag ons na 'n onveranderlike bron van geluk. Dit is net te vinde by God, in God. God is altyd dieselfde, Hy verander nooit. Hy is betroubaar en goed. Ons Bron van geluk, sal nooit uitgeput word nie, dit is ewige geluk. Charry voel dat geluk eerder van diep binne kom (uit die siel). Die derde fout wat begaan word is dat ons weet wat ons gelukkig maak en dat ons dit sal kry. Daar word geredeneer dat ons onsself tevrede moet hou. Die self-tevredenheid word gevind in materiële besittings en eie beheer oor die lewe. Charry (2004a:22) noem dat dié verstaan van geluk nadelig is. 'n Gevolg van hierdie plat epistemologie en ontologie is sielkundig. Sonder transendensie, het die siel self geïnterpreteer geword in terme van persoonlike biografie, eerder as in terme van sy verhouding tot God. Ons kan nie ons eie bron van geluk wees nie.

Die besef dat geluk diep veranker moet word in 'n verhouding met God is 'n kragtige konsep wat die oppervlakkige begrip van geluk transformeer (Charry, 2004a:22). Dit herdefinieer geluk as 'n toestand van diep vervulling en vrede wat voortspruit uit 'n intieme verbintenis met die goddelike.

As geluk gesien word as iets wat slegs moontlik is in die konstantheid van God, word dit 'n stabiele en bestendige bron te midde van die veranderende omstandighede van die lewe. Dit bied 'n ankerpunt wat nie deur aardse tydelikhede bedreig kan word nie, en dit gee hoop aan diegene wat mag voel asof hulle in 'n uitsiglose situasie is (Charry, 20024a:22).

Die idee dat 'n lewe saam met God geluk bevorder, selfs tydens lyding, is 'n bemoedigende perspektief vir pastorale sorg. Dit bevestig die waarde van geestelike ondersteuning en begeleiding tydens moeilike tye, en dit stel die pastor in staat om 'n geestelike ankerpunt te bied aan diegene wat dit nodig het. Die implikasies van hierdie konsep vir die pastoraat strek verder as die individu en omvat ook gemeenskappe en sistemiese strukture. Dit onderstreep die belangrikheid van die heling van gemeenskappe en die bevordering van gesonde verhoudings binne 'n geestelike raamwerk.

In die geheel bied die konsep van geluk as veranker in God 'n dieper, meer beduidende benadering tot lewe en pastorale sorg. Dit herinner die individu daaraan dat ware geluk nie gevind word in materiële besittings of oppervlakkige genietinge nie, maar eerder in 'n intieme verhouding met die goddelike (Charry, 2004a:23).

Hoop is nie bloot iets wat in die verre toekoms bestaan nie, maar is in die hede teenwoordig en moontlik. Fung (2012:37) noem dat Lester van mening is dat dit moontlik is om 'n mens se toekoms verhaal te beïnvloed in die konteks van 'n gemeenskap van mense wat met hoop leef. Dit behels 'n kritiese besinning oor die hele spektrum van geloofsaksies waaruit beide die gemeenskaplike lewe van geloofsgemeenskappe en die lewens van individuele Christene bestaan (Kelsey, 2005:87). Dit is gefokus op die heling van strukture (byvoorbeeld die huwelik, gesin, gemeenskap). Dit is nie net op betrekking tot die individu nie, dit is ook sistemies van aard. Osmer verwys na Christus as die vervulling van eskatologiese hoop wat 'n nuwe gemeenskap skep (Osmer, 2008:187). Een van die belangrike kenmerke van hedendaagse pastoraat is dat dit nie slegs handel oor die individu nie, maar ook handel oor gemeenskappe. Dit sluit aan by hoofstuk 2 oor die aard van hedendaagse pastoraat, wat beklemtoon dat pastorale versorging ook handel oor die heling van strukture en die versorging van gemeenskappe.

## 3.5 HOOP AS GENESING EN DIE DRYFVEER AGTER VERNUWING

Louw (2015:35) ondersoek die herhalende vraag of hoop bloot 'n oppervlakkige oplossing vir pynlike eksistensiële realiteite is. Milona (2020:100) sluit aan by Louw en verduidelik dat meeste se opinies oor hoop verband hou met die afwesigheid van wanhoop. Die bogenoemde vraag word beantwoord deur 'n volgende vraag oor hoe hoop verandering (genesing), bemagtiging en transformasie bewerkstellig. Die uitdaging is om hoop te vestig en 'n persoon se perspektief te verander oor onverdiende lyding tydens die hantering van onvermydelike krisisse (Louw, 2015:46). Louw (2015:46) verduidelik dat pastorale sorg leiding bied op die bogenoemde uitdaging. Pastorale versorging verteenwoordig die lewendige teenwoordigheid van God binne eksistensiële realiteite. Dit is om te ondersteun deur lyding en om saam met hulle deur die seer van die lewe te reis, om begeleiding te bied en hoop te verkondig. Dit is pastorale sorg as hoopsorg.

Henriksen (2019:118) het dieselfde idee as Louw en verduidelik vanuit die oogpunt van sistematiese teologie, dat dit onmoontlik is vir hoop om bloot 'n instrument te wees vir beter menslike toestande. Hoop is vir die hele skepping, in sy verstrengeling met sy Skepper. Hoop gaan oor die individu se verhouding met God, wat moontlik gemaak is deur Christus se kruisiging en opstanding.

Louw (2014:1a) ondersoek die verband tussen hoop en die opstanding van Jesus. Hy ondersoek die betekenis van hoop in Christelike spiritualiteit en hoe dit verband hou met die opstanding. Louw (2014a:1) noem dat opstandingsleer hoop definieer as nuutwording. Hy steun die stelling deur 1 Korintiërs 15:17 *"En as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof waardeloos en is julle nog vasgevang in julle sondes*."

Louw (2014a:7) verduidelik verder dat die kruisiging en die opstanding hoop tot gevolg het in die lig van die genade van God. Die vervulling van die opstandingsbelofte gee hoop dat God sy beloftes nakom. Dit skep dus 'n verwagting vir die toekoms (Louw, 2014a:7).

Louw (2014a:1) begin sy artikel *"Cura animarum as hope care*" deur te noem dat as pastorale versorging inderdaad oor verandering en hoop gaan dan beskryf die opstanding 'n ontologie van hoop waardeur mense omskep word in 'n totale nuwe wese. Louw (2014a:1) verduidelik dat die mens se identiteit word dus nie bepaal deur aardsestandaarde soos status, geslag of ras nie, maar deur die opstanding van Jesus wat dit moontlik gemaak het vir die gelowige om nuut te word. Louw (2014a:1) beskryf hoopsorg as die middel wat die mens toerus en motiveer om nuut te word te midde van lyding.

Tydens die proses van nuutwording ondergang die mens baie verandering. Dit behels nuwe kognitiewe denke, 'n vars uitkyk op die lewe en probleme en het gedragsverandering tot gevolg. Dit is meer as bloot die wens vir 'n beter toekoms en nou (Louw, 2014a:1).

Hoop ontplooi 'n verwagting by die gelowige - 'n wag op die beloftes van God, met die wete dat van dit reeds vervul is, soos getuig deur die Woord van God. Louw (2014a:2) ondersoek verder die bydrae van 'n eskatologiese begrip van die toekoms tot geestelike groei en gesondheid. Hy vra verder of dit moontlik is om hoop aan versorging, verandering en genesing te koppel? (Louw, 2014a:2). Louw (2014a:2) ondersoek ook die unieke eienskappe van hoop binne 'n Christelike tradisie. Hy bevraagteken of hoop bloot handel op emosionele vlak met ander woorde die impak van hoop as 'n teenmiddel vir 'n negatiewe gemoed? Louw (2014a:2) ondersoek verder die uniekheid van hoop deur vas te stel of hoop bloot die wens vir 'n beter toekoms is. Louw (2014a:2) haal die werk van D. Augsburger aan wat die wese van versorging opsom: *"the purpose of counselling is threefold: choice, change and clarity*". Louw (2014a:4) noem dat teologie die ontwikkeling van 'n nuwe konseptuele, emosionele en geestelike uitkyk met betrekking tot situasies wat ervaar word, bevat. Hy verduidelik verder deur spesifiek te fokus op die opstandingsleer: *"Resurrection hope does not lead to neutral passivity but is in essence transformative".* Louw (2014a:4) verduidelik dat die opstanding nie bloot belangrik is vir die tema van hoop nie, maar dat dit die leer van God insluit, die verstaan en werk van God - dit het 'n nuwe uitkyk op die lewe en lyding tot gevolg. Louw (2014a:4) verduidelik dat die opstanding en lyding nie geskei kan word nie. Die opstanding gee hoop vir die lydingstyd. Soos aangehaal deur Louw (2014a:4), praat Moltmann (1995:12) van opstandingshoop. Christelike hoop maak 'n nuwe manier van dink en optrede moontlik. Hoop oriënteer die menslike lewe om daardeur te kan transformeer (Henriksen, 2019:118).

Aangesien die opstanding nie net oor 'n nuwe perspektief gaan nie, maar as 'n historiese werklikheid beskou moet word, het dit gevolge vir hoop (Louw, 2014a:4). Dit is dus belangrik om die fondasie van hoop in die historiese gebeure van God se beloftes te grond. Daardeur bring die opstanding hoop vir die toekoms, maar ook vir die nou (Louw, 2014a:4).

Louw (2014a:6) identifiseer verskeie gevolge van die opstanding op hoop in pastorale versorging. Eerstens beloof die opstanding oorwinning oor die dood deur Christus, wat die gelowige in staat stel om rustigheid te ervaar ten opsigte van die dood. Tweedens bemagtig dit die gelowige om aktief betrokke te raak in gemeenskap met God en mede-gelowiges, selfs ten spyte van lyding. Derdens herstel dit vertroue en bied sekuriteit deur te verseker dat God in elke aspek van die individu se lewe teenwoordig is.

Hoop in die opstanding gaan oor die vestiging van 'n nuwe identiteit in Christus, die eskatologiese identiteit van 'n nuwe wese (Louw, 2014a:8). Hoop impliseer om jouself as nuwe wese in Christus te aanvaar, om met Goddelike liefde en genade te leef (Louw, 2014a:5). Louw (2014a:7) verduidelik dat hoop vele implikasies tot gevolg het. Hy noem dat hoop te make het met transformasie, buigsaamheid en aanpasbaarheid. Hy verduidelik dat daar vanuit ’n nuwe lens gekyk word na die seer en lyding, hy verwys na ’n “nuwe realiteit”. Lombaard (2015:16) verduidelik:

> Transformasie is een van die sleutelelemente binne die menslike spiritualiteitsverskynsel en is een van die grondbeginsels van die studieveld binne die Christelike Spiritualiteitskunde. Transformasie behels betekenisvolle en diepgaande verandering in individue namate hulle deur die Heilige aangeraak word, groei in die belewenis van hulle geloof en hoe uitdrukking daaraan gegee word.

Dit is belangrik vir die pastorant om te verstaan wie hy/sy in Christus is, hoe God ons beskou en wat die Bybel oor die kinders van God leer. Hierdie kennis help die pastorant om ’n nuwe identiteit in Christus te vorm, met hoop te leef, te genees en geestelik te floreer. Louw (2012:61) beklemtoon dat identiteit verwys na die waarde van ons menswees binne die dinamika van die verhouding met God. Identiteit is kompleks en word deur verskeie faktore beïnvloed, insluitend hoe ons onsself sien, ons rolle en verantwoordelikhede, sowel as ons waardes, geloofstelsels en norme. Dit bepaal die kwaliteit van ons lewe. ’n Gesonde verstaan van identiteit voorkom patologie van geloof, soos onrealistiese selfbeelde, buite konteks sienings, kompulsiewe rituele en die onbehoorlike hantering van angs en skuld. Charry (2007:250) voeg by dat een van die belangrikste funksies van Christelike dogmatiek is om die identiteit van die gelowige in God te vestig.

Horton (1994:238) verduidelik dat die basiese komponente waaruit die mens gemaak is, is *“mind, will, body, soul and spirit”*. Dit sluit aan by die holistiese benadering van spirituele heling en verlossing deurdat dit die mens in totaliteit aanspreek. Die “*mind*” en “*will*” verwys na die persoon se denkpatrone en die vermoë om te oordeel of te onderskei tussen goed en kwaad. Die “*will*” vewys na die mens se vrye wil tot keuses. “*Body*” verwys na die fisiese liggaam (Horton, 1994:239). Die “dop” vir die siel. Siel verwys na dit binne die mens, die mens se persoonlikheid, oortuiginge en morele waardes. Die mens se siel is nie apart van die mens nie. Die mens is ’n siel en nie die mens het ’n siel nie- die siel moet nie apart van die mens beskou word nie. Horton (1994:247) verduidelik dat God vir elke individu ’n unieke siel geskep het. Hierdie begrip is belangrik omdat dit nie net die kwaliteit van menswees bepaal nie, maar ook die soeke na sin in die lewe. Dit hou ook

verband met hoe ons God verstaan (Godskonsep of Godsbeeld). Die siel is 'n lewenslange proses van leer, ervarings, groei en bloei. Lewe se krisisse daag die menslike siel uit en toets die kwaliteit daarvan (Louw, 2012:142). Louw (2012:142) verduidelik verder dat die manier waarop 'n mens 'n krisis hanteer, die kwaliteit van menswees kan bepaal. 'n Krisis moet gesien word as 'n geleentheid om oor die lewe te reflekteer, wat kan help om die negatiewe perspektief op die krisis te verander na 'n positiewe groeigeleentheid. Louw (2012:142) glo dat 'n krisis die siel kan suiwer, byvoorbeeld deur 'n nuwe perspektief te ontwikkel of om jouself weer in Christus te hervestig. Charry (2007:248) voeg by dat as 'n mens nie jou lewe in Christus herbevestig nie, jy verlore is. Dit is noodsaaklik om God as die middelpunt van jou lewe te plaas, wat jou lewe en identiteit sal vorm. Ons is afhanklik van God se genade vir verandering en die transformasie van karakter (Charry, 2007:248).

Louw (2014a:7) verwys na nog 'n implikasie van hoop, naamlik vryheid. Dit verwys na vergifnis, versoening en bevryding van die seer van lyding. Louw (2014a:7) noem ook dat hoop 'n visie vir die toekoms skep—dat, ten spyte van seer, die individu weet dat God vir hom 'n toekoms beplan (Jeremia 29:11). Louw (2014a:7) verduidelik dat daar 'n wonderbaarlike gebeurtenis plaasvind wanneer die individu besef dat daar hoop in lyding lê. Hy noem dat hoop die individu toerus om ander te bemoedig tydens hulle lydingstydperk. Hoop bring ook vertroue—vertroue dat God vir die individu 'n uitweg sal voorsien, vertroue dat florering en heling sal plaasvind. Louw (2014a:7) verduidelik dat groei en verandering plaasvind wanneer daar geloof gehou word in lyding, deur te weet dat daar steeds hoop is.

Louw (2014a:1) definieer hoop soos volg:

*"Hope as a new state of mind and being. Hope as a qualitative indication that in terms of the new eschatological reality in Christ, our new eschatological identity is an ontological fact: I am already a new creation in Christ."*

Die bogenoemde stelling van Louw is in lyn met 1 Petrus 2:9-10 wat lees dat die mens nuwe wesens in Christus is: "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het toe geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys". Om met hoop te leef verwys na 'n nuwe staat van wees (Charry, 2007:250). Verlossing wat hoop inhou verteenwoordig die feit dat enige persoon wat in Christus is, 'n nuwe skepsel is (2 Korintiërs 5:17). Dit is 'n skuif van sonde in die eskatologiese realm van verlossing (redding), bevryding en versoening. God die Vader het vir die individu 'n identiteit gegee. Hierdie identiteit kry elkeen wat glo in Jesus as Verlosser. Dit is belangrik om te weet wie die individu in Christus is, hoe God die individu sien en wat die Bybel oor die kinders van God sê. Deur dit sal die individu 'n nuwe identiteit in Christus vorm, met hoop kan lewe, genees en spiritueel floreer.

Om God te ken, bring hoop. Charry (1997:18) verduidelik dat ware wysheid ontstaan wanneer jy God ken en Hom liefhet. Deur ’n verhouding met God te bou, verbeter die persoon nie net hul welstand nie, maar ontwikkel hulle ook geestelik. Dit waarborg dat ons met vrede en hoop na die toekoms kan leef.

Om in God geanker te wees, vereis 'n fundamentele verandering in perspektief. Die fokus moet nie meer oppervlakkig en aards wees nie, maar gerig wees op God en Sy wil.. Hierdie nuwe perspektief, wat hoop en menslike vooruitgang verteenwoordig, gaan verder as bloot 'n verandering in siening (Charry, 2004a:19). Dit behels 'n totale transformasie van die mens, wat 'n nuwe denkwyse, manier van doen, en optrede insluit. Dit beteken om God te ken en te leef volgens Sy wil, en om 'n nuwe fondasie op God se ewigheid te bou—'n soliede en stabiele basis wat alle "storms" sal oorleef. Eers wanneer mense hul afhanklikheid van God en Sy genade erken, kan die proses van verandering werklik begin (Charry, 2004a:20).

Louw sluit aan by die bogenoemde stelling van Charry. Louw (2014a:2) is van mening dat dit belangrik is om van perspektief te verander. Hy verwys na ’n nuwe spirituele perspektief, om bewus te wees van dit wat die mens nie kan sien nie. Dit verwys na vertroue in God, vertroue wat bo aardse moontlikhede strek. Dit is ’n verwagting op iets nuuts, iets beter (Louw, 2014a:2).

Louw (2015:34) verbind hoop aan visie en verduidelik dat dit konstruktiewe verandering inhou. Dit veroorsaak dat daar met doel en sin geleef word. Dit verwys ook na die hoop op iets nuut - ’n nuwe uitkyk, ‘n nuwe staat van wees, ‘n nuwe gemoed. Dit is, volgens Louw (2015:34), 'n visie wat menswaardigheid kan bevorder. Dit motiveer geregtigheid, gelykheid, versoening en vergifnis. Hoopsorg wil die destruktiewe idees van 'n sinvolle lewe regstel (Louw, 2015:47). Die doel daarvan is om 'n konstruktiewe lewensbeskouing te vestig (Louw, 2015:47). Louw (2015:47) verduidelik dat konstruktiewe lewensbeskouing verwys na: onvoorwaardelike aanvaarding wat vry is van vrees, verwerping en skuld. ’n Verwagting op iets nuuts. Elliot (2020:119) se verstaan van hoop sluit hierby aan. Hy verduidelik dat hoop die individu se perspektief op lyding, moedeloosheid, onreg, tragedie en die dood verander. Hy noem dat die hoop lê daarop opgesluit dat lyding tydelik is en dat God saam met die individu deur die lyding stap. Dus is hoop vir die nou moontlik sowel as vir die toekoms - toekomstige hoop dui op die ewigheid. Hoop heg dus betekenis en doel aan die lewe. Dit motiveer die individu om sy oë op God te vestig en op Sy uiteindelike, ewige verlossing (Elliot, 2020:119).

Daar moet eerstens genesing plaasvind om met hoop te kan leef (Louw, 2015:47). Dit verwys, volgens Louw, na “*Cura Vitae”.* Daarmee word bedoel met die holistiese genesing van die lewe in al sy eksistensiële dimensies (Louw, 2015:47). Dus moet hoop bydra tot die genesing te midde van lyding en eksistensiële realiteite (Louw, 2015:47). Genesing gaan oor verandering. Om veranderd te wees beteken om dieselfde gebeurtenis vanuit 'n ander perspektief te kan sien. Dit is om hoop in die lyding te kan sien. Dit is om die doel agter lyding te kan sien - die groter prentjie. Om die groter prentjie te kan sien is 'n eksistensiële vorm van hoop (Louw, 2015:55).

Louw (2015:55) beklemtoon 'n belangrike punt. Hy noem dat hoop is nie opportunisme of positiewe denke nie. Hoop gaan oor 'n positiewe wese. Dié Christelike hoop gaan nie oor bloot 'n optimistiese houding nie en is ook nie 'n alternatief vir pessimisme nie. Dit beskryf 'n nuwe staat van wees en 'n nuwe gemoedstoestand. Dit gaan oor heiligmaking wat lei tot transformasie. Hy verduidelik dat hoop die individu toerus om die moeilikhede van die lewe te kan trotseer. Dit bied 'n sinvolle raamwerk om met lewe voort te gaan met geloof en 'n dapper gemoed (Louw, 2014a:8).

Louw (2014a:8) verduidelik die bogenoemde stelling:

*"The Christian understanding of hope does not pretend to solve all problems in life: it does not pretend to give solutions, cheap answers or promises of prosperity and instant happiness."*

Hoop wat in God geanker is, beïnvloed die individu se verhoudings met ander op 'n positiewe manier (Charry, 2004a:25). Dit is so omdat God vir die individue leer om mekaar lief te hê (1 Tessalonisense 4:9). Charry (2004a:25) verduidelik verder dat as die individu nie in God geanker is nie, hy of sy verlore is, en dit geld ook vir verhoudings. Dit beteken dat die individu nie 'n identiteit in Christus het nie en doelloos deur die lewe gaan. God gee sin aan die individu se lewe. Daar ontstaan egter 'n gevaar om die individu se hoop in die wêreld en sy tydelikhede te vestig. Die gevaar is dat daar op onsself en ons feilbare vermoëns staatgemaak word Om in God geanker te wees beteken 'n mens moet van perspektief verander. Hierdie nuwe perspektief spreek van hoop en menslike vooruitgang. Dit gaan verder as om bloot net van siening te verander (Charry, 2004a:19), dit behels 'n totale transformasie van die mens in totaliteit. Nuwe denkwyse, nuwe manier van doen en optree. Dit is om God te ken en te leef soos dit Sy wil is. Dit is om 'n nuwe fondasie op God se ewigheid te bou. 'n Soliede en stabiele fondasie wat alle "storms" sal oorleef. Eers wanneer mense hul afhanklikheid van God en Sy genade erken, sal hoop ontstaan (Charry, 2004a:20).

Die teologiese verstaan van hoop het dus 'n direkte verband met die manier waarop daar met die modus en inhoud van die pastoraat in diskoers en praktyk omgaan. Hoop as 'n teologiese konsep kan 'n bydrae lewer tot hedendaagse pastorale sorg, en een van die maniere waarop dit kan gebeur is om hoop as genesing en as dryfveer vir verandering te verstaan.

## 3.6 GELEENTHEDE VIR HOOP AS TEOLOGIESE BRON IN HEDENDAAGSE PASTORAAT

Louw (2014a:3) verduidelik dat die spirituele aspek van hoop, neuropaaie (vasgestelde idees en oortuigings) kan verander wanneer dit in gebare van versoening, empatie en deernis ingebed word. Die vernuwing sluit aan by die opdrag in Romeine 12:2 "Julle moet nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat

God julle verander deur julle denke te vernuwe." Die impak van *"neuroplasticity"* op hoop in pastorale sorg word in diepte in die volgende hoofstuk bespreek.

Daar is 'n behoefte aan meer navorsing oor die ontwikkeling van hoop. Meer navorsingsprogramme moet die grense en moontlikhede van hoop onderskei om fisiese siekte, veroudering en die sterwensproses te konfronteer (Fung, 2012:37).

## 3.7 SAMEVATTING

In die hoofstuk is daar gekyk na die teologiese aard van hoop. Die invloed van dié teologiese konsep op hedendaagse pastoraat is ook onder die lens geplaas.

Teologie het 'n kenmerkende roeping om persone aan te hits na 'n goeie en gelukkige lewe deur God te ken, lief te hê en te geniet (Charry, 2006:144). Christelike dogmatiek, waarin kennis van God gevind word, dien as riglyne om die individu se self te vorm tot wat God van hom of haar verwag. Dit vorm die mens om gelukkig en met hoop te leef. Teologie help ook om die vraagstukke oor die toekoms aan te spreek. Wie die individu is en wie hy of sy in God is, asook hoe die individu moet lewe (Charry, 2006:144), in die sin dat die individu opsoek is na die kennis en wysheid van God, sodat hy of sy in God se waarheid kan woon; want die waarheid sal die individu gelukkig en rein maak, en op dié manier vry maak (Charry, 2006:145).

Geluk gaan oor meer as bloot net "*happy*" wees. Charry maak dit duidelik dat geluk diep geanker moet word in God. Ware geluk is nie oppervlakkig nie, dit kan nie in aardse tydelikhede gevind word nie. Geluk is slegs moontlik in die konstantheid van God. God as onveranderlike bron van geluk is al wat die mens kan dra in swaartye en hoop kan bied aan mismoediges. 'n Lewe saam met God bevorder geluk, selfs tydens lyding. Dit maak menslike vooruitgang en florering moontlik en bied hoop in 'n uitsiglose toekoms.. Charry (1997:3) dui aan dat God nie net goed betoon nie, maar ook goed is vir die individu. Daarom, wys Marais uit, is die florering waarna Charry (2015:9) verwys een wat sy oorsprong het in die geniet van God en daarom het dit implikasies en gevolge nie slegs vir die individu se verhouding met God nie, maar ook die verhoudinge met ander. Een van die belangrike implikasies van hoop vir hedendaagse pastoraat is dan ook dat dit nie slegs handel oor die individu nie, maar ook handel oor gemeenskappe en sistemies van aard is. Dit sluit aan by wat in hoofstuk 2 oor die aard van hedendaagse pastoraat bevestig is, waar onderstreep is dat pastorale sorg ook handel oor die heling van strukture en die versorging van gemeenskappe.

Hoop beïnvloed die mens in totaliteit. Hoop het 'n nuwe gemoed, uitkyk en denke tot gevolg. Dit infiltreer elke aspek van die mens. 'n Nuwe identiteit in God word gevorm wanneer daar met hoop geleef word.

Hoop is kompleks. Hoop vanuit ’n teologiese lens is versterk deur die invloed van positiewe sielkunde op hoop te ondersoek. Positiewe sielkunde motiveer die afwesigheid van gevoel en emosie en beklemtoon dissipline om ’n spesifieke doel te bereik. Spirituele hoop stel die individu gerus dat, te midde van tekortkomings en menslike beperkings, daar nie op eie vermoëns staatgemaak hoef te word vir 'n goeie toekoms nie, maar eerder op God vertrou kan word daarvoor (Fung, 2012:37).

Hoop, lyding en verlossing loop hand aan hand. As gevolg van verlossing is hoop moontlik. Verlossing beteken vrymaking. Vrymaking van sonde, skaamte, skuld, seer, lyding, mismoedigheid, negatiewe denke ens. Verlossing maak ’n nuwe lewe saam met God moontlik—’n lewe waarna daar uitgesien kan word na die toekoms (in die nuwe Jerusalem), maar ook ’n lewe hier op aarde. Hierdie nuwe lewe bring hoop, gegrond op die wete dat God red en in beheer is van die lewe. Hoop bring ook vertroue—vertroue dat God ’n uitweg sal voorsien, dat groei en florering moontlik is, en dat heling sal plaasvind.

Louw (2014a:3) verduidelik dat heling 'n geestelike strewe is na onvoorwaardelike liefde en hoop wat volhard, selfs in die teenwoordigheid van lyding. Sonder hoop, ontstaan spirituele dood en vrees (Louw, 2014a:2). Hoop is fundamenteel 'n subjektiewe en normatiewe ervaring. Dit handel oor begeerte, onsekerheid en oor wat as moontlik en goed beskou word (soos gesien in Dag 1969; Webb 2007; Martin 2011). Hoop is nie bloot die vermyding van lyding nie, maar eerder die anker tydens lyding. Hoop motiveer groei, genesing en vernuwing.

Christelike hoop is 'n inklusiewe hoop vir al God se skepsels (Henriksen, 2019:128). Hoop, in die hedendaagse pastoraat, kan help om die pastorant te rig om ’n gelukkige en florerende lewe saam met God te leef. Dit bied innerlike genesing en heling. Om ten spyte van emosionele seer, met hoop te kan leef. Dit help ook om jou nuwe identiteit in God te vestig. Soos reeds genoem is hoop ’n holistiese tema en beïnvloed dit die mens in totaliteit. Hoop het ’n invloedryke bydra tot hedendaagse pastoraat. Hoop as teologiese konsep bemagtig die pastorant om te groei en vernuwe, ten spyte van of tydens lyding en moeilike uitdagings. Hoop motiveer vertroue op God in die goeie en slegte tye. Hoop bring geluk, vir die nou en die toekoms. Hoop vestig ’n nuwe identiteit en bied vryheid. Samevattend is hoop ’n belangrike bron in hedendaagse pastoraat omdat daarsonder, kan oplossings leeg voorkom.

In die volgende hoofstuk sal die implikasies van hoop vir die pastorale konsep van vernuwing, soos in hierdie hoofstuk bespreek, vir die hedendaagse pastoraat aan die orde kom.

# Hoofstuk 4

# Die relevansie van hoop as teologiese konsep vir hedendaagse pastorale sorg

## 4.1 INLEIDING

In die voorgaande hoofstuk is die konsep van hoop bespreek, en in hierdie hoofstuk word die implikasies daarvan verder uiteengesit. Hierdie hoofstuk is verweef met die derde fase van Osmer se hermeneutiese metodologie van prakties-teologiese interpretasie. Die derde taak in Osmer se model, bekend as die normatiewe taak, stel die vraag: "Wat behoort te gebeur?" (Osmer, 2008:8-10). Die navorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk gestel word, is in ooreenstemming met Osmer se vraagstelling en is geformuleer om die relevansie van hoop as 'n teologiese konsep vir hedendaagse pastoraat te ondersoek. Hierdie hoofstuk vorm dus die kern van die studie en sluit aan by die doelstelling om te illustreer in watter mate en op watter wyse hoop as 'n teologiese konsep relevant is vir hedendaagse pastoraat, veral met betrekking tot temas soos Christelike spiritualiteit, florering, spirituele gesondheid, geluk, innerlike genesing en vernuwing.

Die normatiewe taak fokus op die interpretasie van spesifieke omstandighede deur teologiese konsepte, wat dit moontlik maak om etiese norme te formuleer wat response rig en insig bied in wat goeie praktyk behels (Osmer, 2008:4). In hierdie studie word daar veral op die normatiewe taak van prakties teologiese interpretasie gefokus, aangesien dit ook die geleentheid skep vir teologiese interdissiplinêre dialoog waarin Praktiese Teologie as ‘n normatiewe dissipline in gesprek tree met ander velde (Osmer, 2008:132); in die geval van hierdie studie, met Dogmatiek.

Die vierde taak binne Osmer se hermeneutiese metodologie van prakties-teologiese interpretasie, bekend as die strategies-teoretiese of pragmatiese taak, vra: "Wat moet verander?" of "Wat behoort te gebeur?" (Osmer, 2008:10-11). Binne hierdie taak word 'n strategie ontwikkel om die probleem aan te spreek. In die konteks van hierdie studie behels dit die formulering van 'n teoretiese pastoraalraamwerk wat hoop as 'n teologiese konsep benut, tydens die pastorale genesingsproses, met die doel om vernuwing, spirituele florering, en gesondheid te bevorder. Hierdie taak sal deur 'n verklarende literatuurstudie aangespreek word en sal aangebied word as 'n deel van hierdie hoofstuk. Alhoewel die pragmatiese taak in hierdie studie nie die hooffokus is nie, sal dit op 'n indirekte wyse aangespreek word, aangesien die fokus eerder op die normatiewe taak lê.

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op pastorale teologie in sy geheel, veral op die spirituele dimensie daarvan, en hoe hoop as 'n teologiese konsep relevant kan wees vir vernuwing, met spesifieke fokus op pastorale elemente soos die vergifnis van sonde, die herstel van 'n verhouding met God (verlossing), ’n nuwe identiteit in God, spirituele heling en florering asook geluk. Daar word dus ondersoek ingestel na die

wisselwerkende verhouding tussen hoop en die genoemde pastorale kwessies. Al hierdie elemente het uiteindelik 'n verband met hoop as 'n bron van vernuwing.

Die relevansie van hoop as 'n teologiese bron vir hedendaagse pastorale sorg is van kardinale belang. Hoop dien as 'n fondasie vir dié wat worstel met uitdagings en lyding. Dit bied 'n geestelike perspektief op genesing en uiteindelik vernuwing. Hoop as teologiese konsep, verskaf 'n konseptuele raamwerk vir die interpretasie van eksistensiële uitdagings binne 'n spirituele konteks en moedig gelowiges aan om standvastig te bly in hulle geloof, selfs te midde van lyding. Hoop dien ook as 'n bron van bemoediging en troos.

Die kweek van hoop gee 'n nuwe perspektief op lewe en uitdagings. Dit verander hoe 'n individu uitdagings benader, waar die pastorant dit nie langer sien as 'n straf nie, maar 'n geleentheid vir persoonlike groei en vernuwing. Hoop bring vernuwing in die huidige lewensituasie van die pastorant en bied ook geleenthede vir toekomstige groei en verandering.

Hoop en uiteindelik spirituele groei en verandering vind hul oorsprong in die erkenning van menslike afhanklikheid van God en die noodsaaklikheid om sondes te bely en vergifnis te aanvaar—dit wil sê, verlossing. Aangesien hierdie verhandeling 'n teologiese interdissiplinêre benadering volg, is dit belangrik om in gedagte te hou dat hoop 'n implikasie van verlossing is. Die verdere impak van hoop wat voortspruit uit verlossing word ondersoek, wat verdere implikasies soos vernuwing insluit. Daarom die belang om hoop vir die hedendaagse pastoraat te bestudeer vanuit 'n holistiese en 'n teologies interdissiplinêre konteks. Verlossing is holisties (Charry, 2007:240). Jesus red liggaam, siel en mens. Verlossing is 'n dogmatiese teologiese leerstelling (Charry, 2007:247). Volgens Charry (2007:247) is dit 'n unieke Christelike hulpbron wat mense help tot genesing Die verhandeling beklemtoon die uniekheid/eiesoortigheid van hedendaagse pastoraat. Dit word beklemtoon deur te kyk na hoe Christelike spiritualiteit, florering, geluk en spirituele florering in pas in die breër veld van menslike gesondheid. Hoe dra hoop by tot spirituele florering en hoe dra spirituele florering by tot vernuwing.

Thesnaar (2019:11) verduidelik dat spiritualiteit gebonde is aan 'n betrokke konteks, in hierdie geval 'n Christelike konteks. Daar wil ondersoek word of spirituele vernuwing kan bydrae tot die mens se algehele gesondheid. "Wat is uniek aan pastorale berading in differensiasie van ander gesondheidswetenskappe en wat is die bydrae van Christelike spiritualiteit, tot gesondheid, genesing en heling?" (Louw, 2014c:49). Christelike spiritualiteit bied 'n eiesoortige benadering tot eksistensiële krisisse in hedendaagse pastoraat. Christelike spiritualiteit is om God te ken. Dit beteken om 'n toepaslike beeld van God te hê en om in verhouding met God te leef. Charry (2004a:20) noem dat spiritualiteit, en die ontwikkeling daarvan, lei tot menslike vooruitgang en vernuwing. Dit het ook te make met die vorming van 'n nuwe identiteit in Christus. Charry (2007:244) verduidelik verder dat verlossing, hoop en spirituele florering in direkte verband met mekaar staan. Verlossing bring hoop in Christus en hoe meer dit ontwikkel hoe meer sal die pastorant spiritueel floreer en daardeur vernuwe.

Een sinvolle roete om die relevansie van hoop vir hedendaage pastoraat aan te dui, word gevind in Kliniese Pastorale Opvoeding ('Clinical Pastoral Education', oftewel CPE), 'n vorm van professionele opleiding wat 'n verskeidenheid van praktiese geleenthede bied waardeur teologiese studente, pastorale versorgers, pastors in voltydse of deeltyse bediening, of ander professionele persone, in pastorale verhoudings intree en daardeur in self-kennis en self-gebruik groei (Buffel, 2022:237). Alhoewel dit in die begin gefokus was slegs op teologiese studente en slegs onderneem is by 'n psigiatriese hospitaal, het dit later ontwikkel tot die model wat in gemeentes gesetel is en gemik is op die gemeenskap (Buffel, 2022:238). Buffel dui op die potensiaal wat hierdie hierdie model bied veral vir verarmde swart gemeenskappe in Suid-Afrika (2022) en dui daardeur ook op hoe dit kan help met die vestigings van hoop binne pastorale versorging.

Die verhandeling poog om die relevansie van hoop as 'n positiewe bydrae tot die spirituele gesondheidsdimensie van die pastorant te ondersoek, met die doel om menslike vooruitgang te bevorder en vernuwing te motiveer. Menslike gesondheid bestaan uit vele dimensies (geestelik, emosioneel, fisies, spiritueel, sosiaal). Alle komponente moet aandag geniet om "gesond" te wees. 'n Geïntegreerde sistemiese benadering tot sorg, wat 'n fokus op die geestelike dimensies van die geïdentifiseerde probleem insluit, word in hierdie verhandeling bepleit. Met 'n teologies interdissiplinêre benadering tot heelheid, is dit maklik om die unieke karakter van pastorale sorg, as sub-dissipline van praktiese teologie, te verwaarloos (Louw, 2014c:49). Dit beteken dat alhoewel hedendaagse pastorale sorg die breër veld van menslike gesondheid erken, die uniekheid van dié beradingsveld gekoester moet word. Menslike vooruitgang en florering ontstaan wanneer die persoon aandag gee aan alle aspekte waaruit hy of sy bestaan. Dit beteken dat daar vanuit 'n holistiese perspektief na die mens gekyk word. Die mens word dus in totaliteit beskou.

Om die bogenoemde te bereik is dit belangrik om eerstens te fokus op spiritualiteit in die algemeen, dus as 'n inklusiewe begrip, waarna spiritualiteit begrens gaan word tot Christelike spiritualiteit. Daar word ook ondersoek in gestel oor wat 'n holistiese benadering tot spirituele florering, gesondheid en vernuwing behels. Dit is belangrik om die proses van spirituele ontwikkeling, wat uiteindelik lei na spirituele vooruitgang, te verstaan. Dit is ook belangrik om klem te lê op die uniekheid van Christelike spiritualiteit en hoe dit 'n bydrae kan maak tot die gesondheid van die mens.

Om spiritueel te kan ontwikkel, moet die pastorant God leer ken (Charry, 2004a:20), dus is dit belangrik om die pastorant te onderrig oor wat die Bybel oor God openbaar. Dit sal ook die pastorant help om sy nuwe identiteit in Christus te vorm. 'n Verdere implikasie van hoop is geluk (Charry, 2010:2), alhoewel dit nie beteken dat hoop verskraal kan word om slegs na geluk te verwys nie. Geluk hou verband met hoop (Charry, 2004a:30). Dit is daarom moontlik om te sê dat geluk, wat primêr deur verlossing bewerkstellig word, hoop bring wat menslike vooruitgang en gesondheid bevorder.

'n Belangrike implikasie van hoop is vernuwing. Vernuwing moet in 'n holistiese lig beskou word.. Wanneer daar wegbeweeg word van sonde en na God gedraai word, beïnvloed dit die mens in totaliteit.

Die proses van verandering begin met die korrigering van negatiewe en destruktiewe denke: *"If we are not content with our feelings, we need to change our thoughts. Changes begins with the thoughts and meditation of our hearts"* (Bellini, 2014:42). In die verhandeling word die werk van Bellini (2012) oor die vernuwing van denke wat na florering lei, beklemtoon.

## 4.2 DIE IMPLIKASIES VAN HOOP OP HEDENDAAGSE PASTORAAT

### 4.2.1 Christelike spiritualiteit en hoop

Thesnaar (2019:11) verduidelik spiritualiteit as volg: "Spiritualiteit is 'n integrale komponent van menswees, want elke mens het 'n bepaalde spirituele ervaring wat sin en betekenis gee aan die doel en rede vir die mens se bestaan. Dit het veral ook te make met die wyse waarop persone met hulself, andere, die omgewing en die bonatuurlike omgaan."

Spiritualiteit verwys na die mens se verstaan van God (Louw, 2014b:ii). Die stelling sluit aan by Charry (2004a:20) se verstaan van verlossing waar sy verduidelik dat om God te ken, verlossing, hoop en vernuwing navore bring. Volgens Louw (2014b:ii) het spiritualiteit 'n invloed op 'n mens se waardes, norme, gesindhede en lewenstyle. Louw (2014b:ii) verduidelik verder dat spiritualiteit jou soeke na sin en betekenis in die lewe bevraagteken, ook die rede vir jou bestaan. Spiritualiteit veroorsaak dat 'n mens nadink oor die doel van jou lewe en bestemming. Dit is die proses van konseptualisering en refleksie oor jou bestaansdoel. Hierdie refleksie en idees oor jou bestaan, rig en bepaal die kwaliteit van jou lewe (Louw, 2014b:ii). Dreyer (2018:482) sluit aan by Louw se verduideliking van spiritualiteit. Sy noem dat spiritualiteit gaan oor hoe mense sin maak van die lewe en watter betekenis hulle aan hulle lewenservaring heg. Dit gaan ook oor jou verhouding met God (Dreyer, 2018:482). Uit die aard van die saak is hierdie belangrike aspekte vir pastorale sorg en hedendaagse pastoraat. Aspekte van sielkundige volwassenheid en teologiese volwassenheid word kombineer in holistiese spiritualiteit (Thesnaar, 2019:12). Holistiese spiritualiteit streef verder daarna om die gehalte van menswaardigheid te verbeter (Louw, 2005:54).

Om God te ken is die fondasie van die vernuwingsproses (Charry, 2007:245). 'n Gesonde begrip van God vorm die basis van 'n verhouding met Hom. Dit is belangrik om 'n toepaslike beeld van God te hê om sodoende spiritueel te floreer (Charry, 2004a:21). Spiritualiteit en die ontwikkeling daarvan is wanneer die persoon God as middelpunt sien. Dit is wanneer 'n persoon gegrond is in God en op God se kennis en krag staat maak. Dit is wanneer 'n persoon 'n lewegewende verstaan van God het en beskik oor geloofsinhoude wat 'n ervaring van behoort en sekuriteit vir mense bied. Dit is wanneer die mens hoop op God. Dit is duidelik dat dit belangrik is om God te leer ken om sodoende 'n toepaslike verstaan van God te hê. Ons leer God ken in dit wat Hy aan ons openbaar. God se Woord is Sy openbaring aan die mens (Van der Walt, 2003:13). Vir die pastorant om spiritueel te verdiep en om God die middelpunt van hul bestaan te maak, sal hul 'n goeie

fondasie hê om hul lewe op te bou. Charry noem dat om God te ken (om 'n toepaslike beeld van God te hê) die sleutel tot karakterontwikkeling en groei is (Marais, 2015:257).

God is vir baie mense moeilik om "op te som". God is kompleks. Erickson (1994:2) verduidelik dat om God te leer ken, hoe God is, hoe God optree, wat God se eienskappe is, moet gesien word as positief. Dit stel die mens in staat om 'n meer toepaslike beeld van God te hê en daardeur 'n dieper verhouding met God te hê. Volgens Erickson (1994:2) word God leer ken deur wat Hy openbaar; dus deur Sy Woord, wat gesag dra.

Die begrip van God is afhanklik van Sy openbaring. Daarom is dit belangrik om voortdurend te soek na wie God is, sodat Hy, binne die verhouding met die mens, kan help om te sien wat reeds 'n werklikheid in die lewe is. 'n Toepaslike beeld van God begin met die Triniteit. Daardeur kan die gelowige God leer ken wat die begin van verlossing en spirituele verdieping is. Spiritualiteit dra by tot die ontwikkeling van die mens in totaliteit (Thesnaar, 2019:12). Om God te leer ken sal die mens se spiritualiteit ontwikkel. Dit sal lei na 'n beter verhouding met Hom en spirituele florering na vore bring. In die pastoraat is dit dan een van die aspekte wat pastorale sorg behoort te rig.

#### 4.2.1.1 Spirituele heling, florering en hoop

Menslike gesondheid, spirituele florering en vernuwing loop hand aan hand. Dié terme dui daarop om toepaslike Godsbeelde te hê, om met hoop te leef en sin in die lewe te sien. Spirituele florering moet dus gesien word binne die konteks van menslike gesondheid. Heling hou ook verband met dié terme omdat heling dui op genesing van die menswees. Dit verwys na nuwe denkpatrone (vernuwing) en 'n positiewe houding teenoor die lewe en uitdagings. Heling verwys ook na die ontwikkeling van selfkennis en liefdevolle kennis (Louw, 2014a:3).

Mense word gekonfronteer met eksistensiële krisisse. Hierdie krisisse is wyses van hoe mense in die wêreld bedreig word. Dit handel oor die vraagstukke van die sin, doel, waarde, bestemming en kwaliteit van lewe. Mense word daarom in die proses van spirituele heling begelei om die groter prentjie van hulle lewe te sien (Louw, 2014c:49). Charry (2004a:23) verduidelik dat dit is nie net geluk en blydskap wat die mens se lewe verryk nie, *"sadness and despair also enrich lifes".*

Louw (2014c:48) verduidelik heelheid en 'n holistiese benadering as volg: "Terwyl heelheid na die helende dimensie van interverweeftheid verwys, verwys die "hole" in 'n holistiese benadering na die verskillende dele as verwant en verbind tot die prent en netwerk in sy geheel; tot die volledige eenheid in al sy dimensies en funksies".

Hoop, as teologiese hulpbron, help mense om spirituele sienings te ontwikkel asook om in kontak te kom met toepaslike spirituele bronne wat kan lei tot spirituele ontwikkeling en florering. Dit is ook om hoop te bied

waar die toekoms uitsigloos lyk (Charry, 2004a:21). Spirituele heling verander die pastorant se denkpatroon na een van positiwiteit. Dit leer die mens om met hoop te leef. Spirituele heling is 'n nuwe gesindheid, houding en manier van leef met vrede. Dit verskuif gevoelens van skuld en sonde na dié van bevryding, redding en verlossing.

Spiritualiteit is 'n inherente deel van die mens in totaliteit (Lombaard, 2015:5). Hierdie inherente spiritualiteit ontwikkel in die loop van die mens se lewensjare. Spirituele ontwikkeling of florering dui op 'n verdieping of verryking van die bewustheid van die transendente en die relasionele verwantskap tot ander, die self en die wêreld. Charry (1997:22) noem dat Christelike geloofsbronne 'n persoon begelei om te verander in iemand wat God ken en lief het. Dit sluit aan by die werk van verlossing wat hoop kweek en uiteindelik spirituele ontwikkeling en vernuwing. Sy noem verder dat dit die persoon met die nodige kennis en wysheid toerus om te groei, omdat die ontwikkeling van karakter nie daar sonder sal gebeur nie. Charry (2010:157) verduidelik verder dat ontwikkeling van spiritualiteit slegs sal plaasvind indien die pastorant haar/sy afhanklikheid van God se genade erken. Dit fokus op denke, refleksie, ervaring en aksie. Wanneer hierdie vier momente gelyktydig teenwoordig is, ontwikkel 'n toewyding om 'n volgehoue en lewenslange spiritualiteit te beoefen (Charry, 2010:155).

Wat pastorale sorg uniek maak, is dat dit spesifiek op Christelike spiritualiteit fokus. Dit neem 'n omvattende benadering tot menslike heelheid van die perspektief van Christelike spiritualiteit. Volgens Van Rooyen (2010:6) is Christelike spiritualiteit die geleefde ervaring van Christelike geloof in beide die algemene en meer gespesialiseerde vorme. Van Rooyen (2010:8) is verder van mening dat binne Christelike spiritualiteit, is die vrugte van die Gees waarneembaar in die lewens van die gelowiges (Galasiërs 5:22-23); dat sonde nie meer heers nie (Romeine 6:12); gelowiges word aangemoedig om in die Gees te verkeer (Galasiërs 5:6), te leef in die Gees (Galasiërs 5:25) en om te praat in die Gees (1 Korintiërs 14:2). Die aangehaalde verse uit Galasiërs verwys inderdaad na vernuwing in gedrag.

Om God te ken is die fondasie van geloof. Die begrip van God vorm die grondslag van die verhouding tussen die mens en Hom. Dit is belangrik om 'n toepaslike beeld van God te hê om sodoende spiritueel te floreer (Charry, 1993:91). Christelike spirituele florering is wanneer die persoon God as middelpunt sien. Dit is wanneer 'n persoon gegrond is in God en op kennis van God en God se krag staat maak. Dit is wanneer 'n persoon 'n toepaslike verstaan van God het en beskik oor geloofsinhoude wat sin en betekenis ontsluit. Dit is wanneer die mens hoop op God. Dit verwys na 'n toepaslike beeld van God. Dit is duidelik dat dit belangrik is om God te leer ken en om 'n toepaslike verstaan van God te hê. God se Woord is Sy openbaring aan die mens (Van der Walt, 2003:13). Charry (1997:17) verduidelik dat: *"Proper human flourishing comes from knowing and loving God".*

Spiritualiteit verteenwoordig 'n diepe hunkering na die sin en doel van die lewe, met die wete dat die mens tog konkreet hier en nou in sy/haar wêreld wil en kan hoort (Van Rooyen, 2010:6). Dit sluit aan by Charry se

standpunt dat teologie gemoeid is met die genieting van die hier en nou, die tyd op aarde en om blydskap, ware Goddelike blydskap, te ervaar belangrik is vir heling en vernuwing. Spiritualiteit verwys na die diepste dimensie van die mens, ook na die diepste waardes en betekenisse wat mense soek om te leef (Lombaard, 2015:5). Dit is die volheid van die Christelike ervaring. Spiritualiteit beïnvloed die kwaliteit van jou lewe. Dit beïnvloed jou waardes, norme en andersom.

Spirituele florering is wanneer 'n individu God as die middelpunt beskou. Dit is wanneer 'n persoon gefundeer is in God en op God se kennis en krag staatmaak, selfs in tye van lyding. Dit is wanneer die mens hulle hoop op God stel. Dit verwys na om 'n toepaslike beeld van God te hê, soos vroeër in die hoofstuk behandel is.

Spirituele florering behels die toepassing van jou geloofshulpbronne op uitdagings, en om hierdie uitdagings as geleenthede vir groei te beskou. Dit beteken om staat te maak op hierdie geloofsinhoude om jou te lei deur moeilike eksistensiële krisisse. 'n Mens floreer wanneer jy God ken en jou hoop op Hom stel (Charry, 2004a:20).

Diegene wat weet hoe afhanklik hulle van God is, sal floreer deur God te ken en Hom lief te hê (Charry, 2004a:21). God is liefde, en omdat God liefgehad word, sal ander ook liefgehad word. Dit bring florering in jou persoonlike verhoudings navore. Verdere florering sal ontstaan indien die pastorante besef dat God nie net goed is teenoor hul nie, maar ook vir hul. As die pastorant nie in God gesentreer is nie, sal daar geen menslike vooruitgang en vernuwing plaasvind nie. Dit kan beteken dat die proses van genesing en verlossing nog nie ten volle aanvaar is deur die mens nie. Om te leef met God as middelpunt, sluit aan by Charry se verduideliking van geluk as implikasie van verlossing en hoop. Geluk verwys nie na aardse, oppervlakkige geluk nie, maar na geluk wat diep en innerlik in God geanker is. Geluk wat te midde van pyn en lyding steeds seëvier omdat dit hoop bring (Charry, 2004a:22). Hierdie God-gesentreerde geluk sal later in die hoofstuk in meer besonderhede bespreek word.

Charry (1997:18) noem in haar leerstelling oor verlossing as genesing dat om God te ken en toepaslike geloofsbronne te hê, menslike groei en ontwikkeling stimuleer. Charry (1997:18) verduidelik dat ware wysheid ontstaan wanneer jy God ken en Hom liefhet. Deur God te ken, bou die individu 'n verhouding met Hom, wat nie net die persoon se welstand verbeter nie, maar ook hul geestelike ontwikkeling bevorder. Dit verseker dat die pastorant met vrede en hoop na die toekoms kan uitsien.

Die stelling van Lombaard ([10]wat vroeër in die studie aangehaal is) sluit aan by die tema van hierdie hoofstuk dat spirituele florering daartoe lei om die pastorant te help om te "transformeer" en te groei tot genesing,

---

[10] "Transformasie is een van die sleutelelemente binne die menslike spiritualiteitsverskynsel en is een van die grondbeginsels van die studieveld binne die Christelike Spiritualiteitskunde. Transformasie behels betekenisvolle en

verlossing en om sodoende ’n nuwe identiteit in Christus te ontwikkel. Om spiritueel te verdiep beteken dat die pastorant ’n verhouding met God ontwikkel en uiteindelik ’n nuwe lewe saam met God leef. Dit sluit ook aan by Charry (1997:18) se siening: *“knowing and loving God is the mechanism of choice for forming excellent character and promoting genuine happiness.”*

### 4.2.2 Verlossing en hoop

Soos reeds genoem, is hoop 'n implikasie van verlossing. Hoop en verlossing onderhou 'n wisselwerkende verband. Die implikasies van verlossing, soos die vergifnis van sonde, die herstel van 'n verhouding met God, en 'n nuwe identiteit in God, is onafskeidbaar wanneer daar na hoop verwys word. Daarom is dit van groot belang om hierdie implikasies van verlossing wat met hoop verband hou, en verder deur hoop ontwikkel word, te bestudeer.

Christenskap bied verlossing en uiteindelik hoop (Charry, 2004b:291). Charry (2004b:291) verduidelik dat die verlange om heel, gered, herstel, bevry, verander, verlos, geregverdig en geheilig te word, aandui dat verlossing nodig is. Dit is nodig vir die mens om te besef dat die bogenoemde verlange na heel wees, nie vanuit die individu feilbare pogings kan ontstaan nie. Charry (2004b:291) noem dat pogings na “self-redding” kan lei tot uitbranding en mismoedigheid. Hoop is nodig, die hoop dat verlossing sal plaasvind (Charry, 2004b:291). Hierdie “hoop” moet gesien word in die lig van die verhouding met God. Hoop kan nie gevind word in die wêreld se tydelikhede nie (Charry, 2004b:292). Christelike hoop is die lewensanker (Charry, 2004b:291). In die Skrif word hoop ook verbind met ware redding m.a.w. persoonlike geloof in Jesus Christus.

Charry (2004b:291) verduidelik dat verlossing verband hou met die mens se self-vernietigende neiging om te sondig. Die sondige aard wek vrees, naamlik die vrees dat dit vir die mens onmoontlik is om goed te wees, en die vrees dat God diep teleurgesteld in die individu is. Hierdie begrip van verlossing bring twee groot bekommernisse na vore: eerstens die sondigheid, en tweedens die vraag oor hoe God daarop sal reageer. Alhoewel die eie sondige dade die primêre besorgdheid behoort te wees, fokus daar dikwels eerder op die vrees oor God se reaksie daarop (Charry, 2004b:292). Hierdie vrees skep angs en onrus, maar daar is hoop. Charry (2004b:292) verduidelik dat God se genade die sleutel is tot verlossing. Deur Sy genade stuur God Sy Seun om individue te red van hierdie vrees en angs. Dit beteken nie dat sondes verdwyn nie, maar dit beteken dat hulle nie meer teen die individu gehou word nie. God is nie meer kwaad nie. Hierdie begrip van

---

diepgaande verandering in individue namate hulle deur die Heilige aangeraak word, groei in die belewenis van hulle geloof en hoe uitdrukking daaraan gegee word.” (Lombaard, 2015:6).

genade bring vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dit is 'n onvoorwaardelike vertroue in God, wat die mens vrymaak van die angs en vrees wat oorspronklik die gevolg was van sonde (Charry, 2004b:292).

Charry (2004b:293) verduidelik verder verlossing aan die hand van die opstanding van Jesus. Deur dit te doen verduidelik sy die verband tussen hoop en ons vrees vir die ewige dood. Hier word die dood gevrees. Dit is nie God se wil dat ons die ewige dood beërwe nie, maar dit is die gevolg van die sondige natuur van die mens (Charry, 2004b:293). Tog is daar hoop wat hierdie vrees vir die dood, oorwin. Die hoop bestaan in Christus. Christus het aan die kruis gesterf, maar die dood kon Hom nie oorwin nie, Hy het opgestaan en opgevaar na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Die hoop stop nie daar nie. Daar is hoop dat Christus weer sal kom, dat Hy ons sal verlos van die aardse lyding en seer (Charry, 2004b:293). "Hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal glad nie meer bestaan nie. Ook hartseer of smartkrete of pyn sal glad nie meer bestaan nie. Die ou dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:4).

Laastens verduidelik Charry (2004b:294) hoop aan die hand van transformasie ('n belangrike punt vir die konteks van die verhandeling). Charry (2004b:294) verduidelik dat die proses van transformasie (vernuwing) hoop bring. Hoop in die sin dat die individu sal verbeter en werklik sterker sal wees deur die krag van God wat vir die individu werk en in die individu werk. Christus is die lig in die duisternis (Johannes 1:5), die pad na gesondheid, die beeld van die Vader wat die individu heel en goed kan maak (Charry, 2004b:294). Die individu "is gered in hoop" (Romeine 8:24). Dit beteken dat 'n wesenlike element in redding hoop is. Hierdie hoop is duidelik sigbaar by die vroeë Christene. Hulle het 'n brandende begeerte (hoop) gehad vir die wederkoms van Christus. God het soveel meer beloof as wat reeds in die huidige tyd geniet word. Daarom het die gelowige "'n lewende hoop" op die erfenis wat wag, want dit is "'n onverganklike, onbesmette, onverwelklike erfenis wat vir die individu in die hemel bewaar word" (1 Petrus 1:3-4).

Spiritualiteit speel 'n groot rol in hoop (Dreyer, 2018:285). Godsdienstige of geestelike mense se soeke na betekenis, vir die verstaan van vrae oor die lewe, en vir ons verhouding met God kan bydra tot die mens se verkryging en versterking van hoop. Dreyer (2018:285) verduidelik dat as ons vlakke van hoop kan verhoog en hopeloosheid en wanhoop kan afneem, sal genesing en gesondheid bevorder word. Hoop stel mense in staat om moontlike groei geleenthede te kan visualiseer.

Egte Christelike hoop is dus gerig op die afronding en vervolmaking van verlossing in Christus (Charry, 2004b:295). In die verdere verloop van die hoofstuk, word daar dieper ingegaan op die implikasies van hoop wat gefundeer is in verlossing. Vir die hedendaagse pastorale sorg is verlossing as 'n teologiese konsep dan een wat hoop kan bied gedurende pastorale sessies, en uiteindelik vernuwing kan teweegbring.

### 4.2.3 Vergifnis van sonde

Een van die benaderings wat tydens pastorale sessies gebruik kan word, is die noutetiese benadering wat die pastorant tot skuldbelydenis lei. In hierdie benadering is die fokus daarop om die oorsaak van die

probleem aan sonde te koppel. Daar is egter ook genoem dat binne die raamwerk van spirituele heling en vernuwing, die fokus verskuif vanaf sonde na bevryding en versoening. Dit beteken ook om 'n nuwe uitkyk op die lewe te hê, 'n nuwe positiewe houding en denkpatrone. Die verstaan van verlossing as die vergifnis van sonde is dus in besonder relevant vir die verstaan van die vergifnis van sonde in die hedendaagse pastoraat.

Sonde is enige daad, gevoel of gedagte wat nie met God se standaarde ooreenstem nie. Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Sonde is dit wat God en mens skei. Sonde is die toestand van die hart van die mens wat vervreemd is van God en dus nou sonde voortbring. Sonde is opstand teen God; om doelbewus te wandel op 'n pad wat nie volgens God se plan is nie. Dit is 'n weiering om God se genadige verlossing te aanvaar. Sonde is hoogmoed, eiesinnigheid en valsheid. Sonde het skuldgevoelens en uiteindelik die dood tot gevolg (Sawyer, 2016:7).

Genesis 3:1-24: "Die skaduwee van die sonde het oor die paradys geval". Volgens Van der Walt (2003:105) behels die eerste sonde ongehoorsame opstandigheid teen God. Horton (1994:256) stel dat sonde direk in kontras staan met wie God is. Alhoewel Adam en Eva heilig geskape is, het hulle die vrye wil gehad om te kies, wat beteken dat hulle die keuse gehad het om of aan God gehoorsaam te wees of om te sondig (Fruchtenbaum, 2005:11), in die geval het hulle gekies om te sondig. Horton (1994:257) verduidelik dat omdat die mens nie Goddelik is nie en instaat is om te sondig, is die mens deurlopend afhanklik van God. God het die slang toegelaat om Eva te verlei, omdat die mens die vrye wil tot keuses het (Horton, 1994:270). As gevolg van sonde staar die mens die dood in die gesig. Die mens is nou sterflik; die mens is uit stof gemaak en nou word bevestig dat die mens tot stof sal terugkeer (Horton, 1994: 237).

Die eerste sonde veroorsaak ook dat die mens uit die tuin van Eden weggestuur word. Die mens se bestaan in die paradys is verby en 'n lewe van swoeg en sweet lê nou voor. Nelson en Wawire (1998:42) verduidelik dat die sondeval bose in die wêreld in genooi het; sonde, siekte en dood was die mensdom se vooruitsig (Genesis 3:7-24). Nelson en Wawire (1998:43) verduidelik verder dat die mens eers liefdevol en heilig geleef het, maar dit het verander en nou neig die mens na sonde. Jesaja 5:20 verduidelik dat dit selfs soms moeilik is vir die mens of te onderskei tussen goed en kwaad.

Die sonde van Adam en Eva het nie net gevolge vir hul in gehou nie, maar vir die hele mensdom en alle nageslagte (Horton, 1994:280). Voor die sondeval het Adam en Eva ononderbroke gemeenskap met God gehad (Genesis 3:8). Na die val was die mens verwyderd van God, maar "God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16). Hierdie is die hoop wat God aan die mens gee deur Jesus Christus (Charry, 2007:261). Deur Christus se kruisdood en die oorwinning oor die dood, is die mens verlos van die mag van die dood. Die mens is nie meer onder die heerskappy van sonde nie, maar kan die ewige lewe saam met God beleef (Charry, 2007:261). Die mens het egter vrye wil van keuse en kan kies om Jesus te dien en in

Sy redding te glo of om te sterf. Nelson en Wawire (1998:44) beskryf Jesus as die totale en laaste offer vir die sonde van die wêreld - sodat die mens gered kan word. Dit is slegs uit genade van God dat redding van die dood moontlik is (Romeine 5:20).

Dit is dus duidelik dat 'n groot rede waarom die mens verlossing nodig het, is as gevolg van sonde. Sonde breek, steel en vernietig. Sonde keer spirituele florering en vooruitgang, dit steel geluk en hoop. Dit skei die mens van God. Sonde het veroorsaak dat daar skeiding tussen die mens en God kom. Versoening met God en om God te ken gee aan die mens ewige hoop en geluk (Charry, 2004a:21). Die bogenoemde effek van sonde is veral belangrik in die hedendaagse pastoraat. As gevolg van die vernietigende aard van sonde en die gevolge daarvan op die verhouding met God, onsself en ander, is dit belangrik om te beklemtoon dat dit deur Christus reggestel en genees kan word. Dit is daarom belangrik om tydens die pastorale sessies na sonde te kyk in die lig van verlossing en hoop. Daarom is hoopsorg 'n baie belangrike dogmatiese en eiesoortige bron wat die pastorant kan help om te midde van gebrokenheid a.g.v. sonde, die belofte van hoop wat vernuwing bring, te kan sien (Charry, 2007:261).

Vergifnis is die belydenis van skuld, sonde en berou en het 'n nuutgevonde verhouding met God tot gevolg, Lukas 11:4: "Vergewe ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat by ons in die skuld is". Vergifnis is die goeie nuus van God se genade en onvoorwaardelike liefde. Jesus het die prys betaal vir sonde, dit is algehele en volledige vergifnis. Dit beteken om vry te wees. Vergifnis is onvoorwaardelik. Volgens die Woord van God is vergifnis onvoorwaardelik. Jesus het aan die kruis vir die mens sesondes gesterf en dood (wat sonde tot gevolg gehad het) finaal beëindig. Sonde het dus geen meer houvas op die een wat vir God kies nie. God bied volledige en algehele vergifnis. Wanneer God vergewe, vergeet God ook. God hou geen rekord van sonde nie. God is genadig en bied die moontlikheid van 'n nuwe lewe in Hom. Dit is algehele vergifnis in Jesus. Om te vergewe en te vra vir vergifnis beteken om vrygespreek te word. Vrygespreek van sonde, seer en dood. Die bande van sonde is finaal gebreek.

Vergifnis lei tot vernuwing en verandering van gedrag (Charry, 2004a:22). Die sondige aard word gestop en gestaak. 'n Nuwe lewe in God begin saam met God. God vergewe onvoorwaardelik. Skuldbelydenis en die erkenning van die mens se afhanklikheid van God loop hand aan hand met vernuwing (Charry, 1997:20). Dit beteken om geestelik naak voor God te staan. Niks word vir God "weggesteek nie". Jy staan voor God net soos jy is, sonde en al. Dit is 'n eerlike konfrontasie en erkenning van die sonde wat gepleeg is, dit is die erkenning van die skade en seer wat ontstaan het as gevolg van die sondige dade. Dit is 'n diepe begeerte tot genesing in liefde. Dit beteken om verantwoordelikheid te aanvaar.

Berou is ook belangrik in die proses van vernuwing. Dit beteken om van denke te verander. Berou het ook 'n verandering van dade tot gevolg (Lukas 3:8-14, Handelinge 3:19). In geheel is berou die verandering van denke, wat lei tot 'n verandering van optrede. Berou beteken om innerlik jammer te wees oor die sonde, spyt te wees oor die dade en om te smag na vergifnis en heelmaking. Dit beteken dat die sondaar nie hom-

/haarself verontskuldig nie, maar erken dat hulle teen God se wil gegaan het. Egte sondebelydenis is om egte rou te wys en om die seer gevolge te dra. Dit is ook om jouself in die posisie van diegene te plaas wat deur jou sondige dade seergekry het. Dit is ook wanneer die pastorant ware berou toon en smag na herstel in liefde.

Charry verwys na Augustinus en Calvyn se besprekinge van die doop as 'n simbool van hierdie vergifnis en 'n teken van vernuwing (Charry, 2011:288). Daarmee saam word ook die pastorale spasie van doopsidentiteit beklemtoon, as die onderrig van dooplidmate om in hierdie identiteit in die groei tot volwassenheid. As 'n praktiese implikasie vir die hedendaagse pastoraat, noem Charry ook die belangrikheid van die teologiese ruimte waarbinne 'n diskoers van bemoediging kan plaasvind en die herkenning van die kerk se sakramente as die aanhoudende voed van doopsidentiteit. Hierdie sakramente, noem Charry (2011:288), bevestig die Christelike identiteit van die ontvangers en die werklike vergifnis van sonde. Verder plaas dit gelowiges binne die verlossingswerk van God, binne die lewe van God deur elkeen in die dood, opstanding en Hemelvaart van Christus in te plant en gelowiges ook binne die lewe van die Christelike gemeenskap te plaas (Charry, 2011:288). Hierdie aspek kan in pastorale sessies beklemtoon word om die spirituele florering van pastorante aan te moedig en te ondersteun.

Die bespreking van die impak van hoop op die vergifnis van sonde is van belang omdat dit 'n fundamentele rol speel in die proses van positiewe verandering en groei. Vergifnis van sonde is die eerste stap in die vernuwingsproses en is 'n kritieke element vir geestelike florering. Dit beteken dat die individu eers volle verantwoordelikheid moet aanvaar vir hul sondige dade, gedagtes, of gevoelens, maar dat daar hoop is vir 'n nuwe begin. God bied hoop deur vergifnis aan te bied en 'n geleentheid vir 'n nuwe lewe te skep. Hierdie besef van hoop kan die individu aanmoedig om hul verlede los te laat en 'n positiewe rigting in te slaan na 'n beter toekoms.

#### 4.2.4 Verlossing en die herstel van die verhouding met God

Osmer beklemtoon verlossing veral as 'n aspek van die pragmatiese taak van diensbare leierskap. Hy identifiseer Christus as die vervulling van eskatologiese verlossing wat 'n nuwe gemeenskap tot stand bring (Osmer, 2008:187).

Charry (1997:18) is van mening dat die mens se verhouding met God, essensieel is vir florering. Om God te ken is die fondasie van verlossing. Die verstaan van God vorm die basis van 'n verhouding met Hom (Charry, 1997:18). Dit is belangrik om 'n toepaslike beeld van God te hê om sodoende spiritueel te floreer (Charry, 1994:1). As 'n implikasie vir hedendaagse pastoraat, is dit belangrik om pastorante te begelei tydens pastorale sessies, om 'n toepaslike beeld van God te hê.

Die taak van teologie, voer Charry (2004a:20) aan, is om die individu te help om God beter te ken, om God beter lief te hê, en om God beter te geniet. Dit is die kenmerkende roeping van teologie om mense daartoe

te lei om 'n goeie en 'n gelukkige lewe te leef, deur God te ken, lief te hê, en te geniet (Charry, 2006:150). Om in verhouding met God te leef en om God te ken is die rede waarom die mens kan floreer (Charry, 2004a:22).

God is Drie-enig. "Daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Seun en die Heilige Gees, en hierdie drie is een" (1 Johannes 5:7). God as Skepper (Genesis 1:1–2:3) , Seun as Verlosser en Gees as Saligmaker. Die Bybel leer dat die Vader God is (Hodge, 2009:9): Die Vader is God: Johannes 6:27; Romeine 1:7; 1 Petrus 1:2. Die Seun is God: Johannes 1:1, 14; Romeine 9:5; Kolossense 2:9; Hebreërs 1:8; 1 Johannes 5:20. Die Heilige Gees is God: Handelinge 5:3-4; 1 Korintiërs 3:16.

Die Triniteit word deur Momberg (2015:11) verduidelik aan die hand van Johannes 3:3: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie". Hy verduidelik dat hierdie vers die eerste is van 'n reeks tekste in die Evangelie van Johannes waar die drie Persone van die Godheid saam in een sin genoem word:

1. "Ek sê vir jou": Hierdie Ek is Jesus in Persoon, die Een wat vroeër in die Evangelie beskryf is as die Woord wat van die begin af by God was en wat self God is en wat vlees geword het en onder ons kom woon het, die Eniggeborene van die Vader (Johannes 1:1-14).

2. Jesus praat van die Gees: En dit is die Heilige Gees deur wie se krag 'n mens wedergebore moet word. Hier noem Hy dus die Persoon van die Heilige Gees.

3. Jesus sê dat iemand deur die Gees weergebore moet word om in die koninkryk van God te kan ingaan: Daar hoor ons die derde Persoon: God, die een aan wie die Koninkryk behoort wat Jesus aankondig. Ons besef dat Jesus van God as sy Vader praat.

Volgens Erickson (1994:1) het daar vroeër onsekerhede rondom die Triniteit ontstaan, Horton (1994:145) verduidelik ook dat die Triniteit 'n "misterie" is. Dit was 'n moeilike onderwerp om te bespreek omdat God se teenwoordigheid as Skepper en verhouding met Sy Skepping bevraagteken was. Leef God in ons midde of hou Hy Homself op 'n afstand? (Erickson, 1994:1). Van Alten (2007:31) beantwoord die bogenoemde en verduidelik dat reeds in die paradys het God in verbondenheid met Adam en Eva gelewe; dus reeds voor die sondeval was daar 'n verbondsverhouding tussen God en die mens. God het die inisiatief geneem om die mens, wat Hy na Sy beeld en gelykenis gemaak het, in verhouding tot sy Skepper te plaas. Horton (1994:146) verskil van die stelling van Erickson. Horton (1994:146) verduidelik dat die fokus nie is om God te probeer opsom of verduidelik nie, maar eerder om die historiese getuienis wat die identiteit van Jesus as beide Man en God (Sy menslike handelinge asook sy Goddelike karakter) te verstaan asook Sy sy ewige verhouding met God die Vader en God die Heilige Gees.

God se "karakter" word ook bevraagteken. Is God altyd dieselfde of verander Hy soos tye verander? Psalm 102:27-28 en Hebreërs 13:8 getuig daarvan dat God altyd dieselfde is. God bly konstant en verander nooit. God verander nie soos wat mense verander nie, wat Hy duisende jare terug gedoen het, doen Hy vandag en belowe Hy om tot in ewigheid te doen. Horton (1994:151) getuig ook daarvan dat God konstant in Sy aard is. God is vir baie mense moeilik om "op te som". God is kompleks. Erickson (1994:2) verduidelik dat om God te leer ken, hoe Hy is, hoe Hy optree, wat Sy eienskappe is, moet gesien word as positief. Dit stel die mens in staat om 'n meer toepaslike beeld van God te hê en daardeur 'n dieper verhouding met God hê. Volgens Erickson (1994:2) leer mense God ken deur dit wat Hy aan hulle openbaar, dit wil sê, deur Sy Woord wat gesag dra.

Aristotle, 'n Griekse filosoof, het die klassieke siening van God beïnvloed deur Hom voor te stel asof Hy in sommige gevalle vry van enige emosie is, onbeweeglik en onbetrokke (Erickson, 1994:3). Later is die siening verander en word God beskou as konstant, betrokke en aktief (Erickson, 1994:3).

Erickson (1994:3) lig uit dat wanneer daar gepraat word van die kenmerke van God, verwys dit na die eienskappe van God. Wie Hy is, Sy aard- Die Drie-enige God- en nie na God se dade nie. Daar word dus gekyk na Elkeen van die Drie se afsonderlike eienskappe en aard om God voldoende, in geheel, te ken. Die eienskappe kan nie afsonderlik van God staan nie (Erickson, 1994:4). Tog is mense menslik en kan hulle verstand net so ver strek, wat beteken dat hulle nie God se eienskappe of Sy natuur heeltemal kan begryp nie, maar slegs dit wat God kies om aan hulle te openbaar (Romeine 11:33-36). Dus is Erickson (1994:4) van mening dat daar 'n element van misterie aangaande God se bestaan is.

Erickson (1994:4) poog om God se aard beter te verstaan deur verskeie stelsels van sy eienskappe te klassifiseer. Erickson (1994:4) verduidelik eerstens dat God spiritueel is. Johannes 4:24: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid". Die Samaritaanse vrou sê aan Jesus: "Ons vaders het gesê dat ons die Here moet aanbid in hierdie berg maar julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid in Jerusalem is. Maar Jesus sê vir haar, "Vrou glo my, daar kom 'n uur en dit is nou wanneer julle nie meer in hierdie berg sal aanbid nie ook nie in Jerusalem nie, maar die ware aanbidders die Vader sal aanbid in Gees en in Waarheid want die Vader soek ook mense wat Hom so aanbid." (Johannes 4:20-23). Met ander woorde, God is nie beperk tot een plek nie, want God is alomteenwoordig en dit is net moontlik as God Gees is (Van der Walt, 2003:7). Volgens Erickson (1994:4) beskik God nie oor 'n fisiese liggaam nie, Lukas 24:39: " want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie." Van der Walt (2003:9) verduidelik dat God is Gees, nie 'n Gees nie. In God se oneindigheid besit God nie 'n fisiese liggaam wat 'n mens kan aanraak en hanteer nie, en het ook geen sigbare vorm nie. God kan ook nie beperk word tot enige plek of tyd nie, aangesien God eindeloos is van ewigheid tot ewigheid en Hy alles vul. Tog is daar 'n fisieke dimensie aan God - Jesus wat mens geword het (Johannes 1:14). Wanneer daar na God gekyk word is dit belangrik om die Drie-enigheid in gedagte te hou (Vader, Seun en Gees). Die mens is na die beeld van God geskape

(Genesis 1:26). Jesus self verklaar dat die Vader in Hom woon: Johannes 14:7: "As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien."

In Jesaja 48:16 en 61:1 word die Seun aan die woord gestel, terwyl daar terselfdertyd na die Vader en die Heilige Gees verwys word (Hodge, 2009:9). Hodge (2009:9) verduidelik verder dat in Matteus 3:16 die doop van Jesus bespreek word, en dit is in hierdie konteks waar die Drie-enigheid duidelik gesien kan word. Daar word gesien hoe die Heilige Gees op God die Seun neerdaal, terwyl God die Vader aankondig dat Hy 'n welbehae in die Seun het. Horton (1994:152) bevestig ook hierdie verstaan van die Drie-enigheid, en verduidelik dit as volg: Die Seun het uit die water opgestaan, die Heilige Gees het in die vorm van 'n duif neergedaal, en die Vader het vanuit die hemel verklaar, "Dit is my geliefde Seun, in wie Ek 'n welbehae het" (Matteus 3:16-17). Hierdie gebeurtenis dui die samewerking en teenwoordigheid van die Drie-enige God aan in die doop van Jesus.

Horton (1994:152) gebruik ook die Skeppingsverhaal om die Triniteit te verduidelik/beskryf. Hy gebruik Genesis 1:2 om te verduidelik dat die Heilige Gees betrokke was met die Skepping, maar in Hebreeus staan daar duidelik dat God die Skepper is (Horton, 1994:153) en in Johannes 1:3 verduidelik die skrywer dat die Skepping volbring is deur Jesus Christus.

Die opstanding van Jesus Christus uit die dood is nog 'n uitstaande voorbeeld van die verhouding van die Drie-enige God (Horton, 1994:152). Horton (1994:153) sê dat Paulus verduidelik dat dit God is wat Jesus uit die dood laat opstaan het, Paulus verklaar dus dat God Jesus vanuit die dood laat opstaan het deur die Heilige Gees (Romeine 8:14). Bellini (2014:26) sluit hierby aan:

> *Christ is the fullness of Deity in human form, according to Col 2:9. He embodies the full nature of God. Christ is made for us God's* wisdom, righteousness, holiness, and redemption (1 Cor 1:30). The attributes of God are not abstractions or mere propositions, but they are embodied and made personal in Christ. Truth is a person. Where there is one, *there is the other. God's truth is holy, just, and good (Rom 7:12). Truth, holiness, justice, and goodness are inseparable in God.* (Bellini, 2014:26).

Bellini (2014:26) se aanhaling beklemtoon dat die eienskappe van God nie afsonderlik of abstrak is nie, maar eerder in die persoon van Christus beliggaam word. Christus is die volheid van Godheid in menslike vorm, en in Hom bestaan waarheid, heiligheid, geregtigheid en goedheid. Hierdie integrasie van God se eienskappe in Christus beteken dat die gelowige nie net die beginsels van God se aard in 'n teoretiese sin verstaan nie, maar dit persoonlik ervaar deur die verhouding met Christus. Gevolglik, deur die opstanding van Christus uit die dood, word die realiteit van God se waarheid, heiligheid en geregtigheid nie net aan die gelowige geopenbaar nie, maar in Christus beliggaam, wat die basis vorm van die gelowige se hoop en geloof in die proses van geestelike genesing en florering.

Jesus plaas die Drie lede van die Triniteit op die dieselfde Goddelike vlak wanneer Hy Sy dissipels beveel om te gaan en dissipels van alle nasies te maak, en om hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop (Matteus 28:19), (Horton, 1994:153).

Die Seun is die agent deur wie die Vader die volgende werke doen: 1) die skepping en instandhouding van die heelal (1 Korintiërs 8:6; Johannes 1:3; Kolossense 1:16-17); 2) goddelike openbaring (Johannes 1:1; Mattheüs 11:27; Johannes 16:12-15; Openbaring 1:1); en 3) verlossing (2 Korintiërs 5:19; Matteus 1:21; Johannes 4:42). Die Vader doen al hierdie dinge deur die Seun, wat as Sy agent funksioneer (Hodges, 2009:9).

Erickson (1994:5) verduidelik verder dat die Drie-enige God 'n persoonlikheid het. God beskik oor emosies en gevoelens en is in staat om 'n verhouding met ander te hê (God se verhouding met Adam en Eva). God openbaar Homself as die Almagtige, die groot "Ek is", dus is God nie net 'n krag nie, maar werklik. Psalm 8:2: "Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde". God se name dui op verskillende maniere om tot God te tree. Dit dui ook op die tipe verhouding. Elkeen van die Name vertel vir van 'n spesifieke karaktertrek van God of van Wie God is of wat God doen. Deur God se name leer die mens Hom ook ken, byvoorbeeld: Elohay Kedem - Ewige God - Deuteronomium 33:27, Jehovah Shalom - Die Here is vrede - Rigters 6:24, Elah Yisrael - God van Israel - Esra 5:1.. Dit is dus duidelik dat mense in verhouding met God, wat 'n verhouding met hulle wil hê, kan tree.

God is lewe (Erickson, 1994:5). God is 'n lewende God. Johannes 5:26 sê dat Hy lewe in homself het. God het nog altyd bestaan (Erickson,1994:5) van die begin af (Genesis 1:1). God sal vir altyd bestaan, tot in oneindigheid. God is onbeperk (Erickson, 1994:5). God is Alomteenwoordig en sonder enige beperkings (deur die Heilige Gees). God is nie afhanklik van tyd nie: Job 36 : 26: "God is groot, ons kan Sy grootheid nie begryp nie, Sy jare kan nie bereken word nie". Hy was, Hy is, en Hy sal altyd wees. God is Alwetend, Hy ken elke waarheid. God is Wysheid. Psalm 102 getuig daarvan dat God is konstant, onveranderd (Erickson, 1994:10). Hy het geen begin en geen einde nie en Hy verander nie. Numeri 23:19: "God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?" ook in Hebreeus 13:8: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid".

In God is daar geen kwaad nie (Habakuk 1:13). God is Soewerein. God is Heilig (Eksodus 15:11). Die Bybel is die Woord van God (van der Walt, 2003:14). Die Bybel stel die morele norm vir die lewe. Jesus se lewe straal van Heiligheid.

Die Drie-enige God is liefde (1 Johannes 4:8). Die grootste liefdedaad is bewys toe Jesus aan die kruis vir sondige dade gesterf het. Dat God Sy Seun gestuur het om ons te red "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal

hê." (Johannes 3:16). Erickson (1994:19) verduidelik dat dié wat liefde ken, ken God (1 Johannes 4:8 en 16). Erickson (1994:19) verduidelik verder dat elke "lid" van die Drie-enigheid liefde straal (soos dit in Johannes 3:16 bewys is). Daar vind liefde plaas binne Triniteit: Matteus 3:17: "Daar kom 'n stem uit die hemel wat sê: Hy is My geliefde Seun, 'n Kind na aan My hart." Asook Johannes 14:31: "Die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom nougeset doen wat die Vader aan My opgedra het". Erickson (1994:19) verduidelik laastens dat God se liefde op die fondasie van genade gebou is.

Die Drie-enige is getrou. God hou Sy beloftes (Numeri 23:19). Dit is bewys waar God Abram beloof het om vir hom 'n groot nageslag te gee, toe baar sy vrou 'n kind 25 jaar later. Jesus was getrou aan Sy bevel om onskuldig aan die kruis vir sondes te sterf.

Die Heilige Gees verwys na die "asem" van God (Erickson, 1994:12). Die Heilige Gees is God se krag in werking, sy werkende krag (Miga 3:8; Lukas 1:35). God stuur Sy Heilige Gees uit deur Sy energie na enige plek oor te dra om Sy wil te volbring (Psalm 104:30; 139:7). Die Bybel verwys ook na God se Heilige Gees as Sy "hande" of "vingers" (Psalm 8:3; 19:1; Lukas 11:20; Matteus 12:28).

"En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n Raadgewer stuur om vir altyd by julle te wees; dit is die Gees van die waarheid." (Johannes 14:16-17). Horton (1994:152) verduidelik die bogenoemde stelling deur die woorde van Jesus wat sê dat Jesus bevestig dat alles wat gesê kan word oor Sy Goddelike natuur, gesê kan word van die Heilige Gees. Petrus verwys na die Heilige Gees as God (handelinge 2) en die skrywer van Hebreërs noem Hom die "ewige gees" (Hebreërs 9:14). Net soos God, besit die Heilige Gees oor eienskappe van Godheid (Horton, 1994:152). Horton stem saam met Erickon se stelling dat die Triniteit Alomteenwoordig is. Horton (1994:151) sê dat die Heilige Gees alles weet. Die Gees ondersoek alle dinge, selfs die diep dinge van God. Niemand ken die gedagtes van God nie behalwe die Gees van God (Horton, 1994:151). Horton (1994:151) verklaar dat die Heilige Gees die "Berader" is (Johannes 14:16). Hy woon binne dié wat hom ontvang (Johannes 14:17). Sonder die deurlopende werke van God deur die Heilige Gees, sou kennis van God onmoontlik wees (Hodge, 2009:9). Horton (1994:151) steun die bogenoemde stelling deur te verduidelik dat die Bybel vir mense openbaar wie God is en wat God gedoen het, maar deur die voortgesette werk van die Heilige Gees word God se werke van vandag steeds geopenbaar.

Dit is duidelik vanuit die bogenoemde dat God kompleks is. Die verstaan van God is afhanklik van Sy openbaring aan mense. Dit is wel belangrik om 'n goeie verstaan van God te hê om in verhouding met Hom te tree. 'n Goeie, toepaslike beeld van God begin met die Triniteit, wat die besef insluit dat mense 'n Drie-enige God dien.

Momberg (2015) getuig van sy verstaan van Triniteit: **Persoonlike toewyding van Momberg (2015)**

> Ek herbevestig my geloof in die Drie-enige God. Die grote God van die hemel en die aarde het Homself in drie Persone aan my geopenbaar, daarom kan ek getuig van die genade van

> die Here Jesus Christus, die liefde van God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees (2 Korintiërs 13:13). Ek stel myself ten doel om God in al sy wonderlike hoedanighede beter te leer ken, sodat sy beeld wat deur die sondeval in mense se lewens verbreek is, ten volle in my herstel kan word. Watter hoop het daar nie vir die wêreld gekom nie dat in dié mense se lewens waar daar vroeër duisternis en wanorde was, die lig van die Here se teenwoordigheid kan opgaan om alles nuut te maak! Ek wy myself opnuut aan die opdrag om die goeie boodskap van die evangelie van Jesus Christus aan verlore sondaars uit te dra, sodat hulle uit die dood na die lewe kan oorgaan.

Die Skrif self getuig van Triniteit:

<u>Johannes:</u>

2 Johannes 1:3 "Genade, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van God die Vader en van die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader, in waarheid en liefde."

<u>Petrus:</u>

1 Petrus 1:3: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na Sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode."

<u>Jesus:</u>

Johannes 14:28: "Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg en Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek."

Samevattend, wie is die Drie-enige God? God is Gees, oneindig, ewig en onveranderd, in Sy wese, wysheid, krag, heiligheid, oordeel, goedheid en waarheid. God is Vader, Seun en Heilige Gees.

Charry (2004a:20) noem ook dat verlossing noodsaaklik is om 'n nuwe, florerende lewe saam met God te begin. Verlossing in hierdie siening het te make met genot; om gelowiges in staat te stel om, deur Christelike dogmatiek, en in hierdie geval, soteriologie, God te begeer en in God vreugde te vind sodat hulle menswaardigheid, verhoudinge tot mense en dinge, en visies van menslike uitnemendheid en 'n geregverdigde sosiale orde uit daardie genot voortvloei (Charry, 1993:102). Een van die belangrikste implikasies van verlossing is dan dat dit oorgaan tot daadwerklike aksie en veranderde lewens, en nie slegs 'n leerstelling bly wat bestudeer word nie. Hierdie aanbod van verlossing bring hoop vir diegene wat hulp ontvang. Dit skep die verwagting dat 'n gebroke verhouding met God herstel kan word deur die werk van die kruis.

Charry (1997:3) dui aan dat God nie net goed aan die mens betoon nie, maar ook goed is vir die mens. Daarom, wys Marais uit, is die florering waarna Charry verwys een wat sy oorsprong het in die geniet van God en daarom het dit implikasies en gevolge nie slegs vir 'n verhouding met God nie, maar ook verhoudinge met ander (Charry, 2015:9). Een van die belangrike implikasies van die wisselwerkende verband tussen verlossing en hoop vir hedendaagse pastoraat, is dan ook dat dit nie slegs handel oor die individu nie, maar ook handel oor gemeenskappe en sistemies van aard is.

Verlossing beteken om vergewe, geheilig, vrygespreek, vry, aangeneem en versoen te wees (sien ook Psalm 130:7-8, Lukas 2:38 en Handelinge 20:28). Dit behels dat ons deur God se genade, wat in die Bybel geopenbaar word, Hom leer ken en Sy liefde in ons lewens wys (Charry, 1997:18). Deur hoop is ons nie net gered vir die toekoms nie, maar ook vir die hede (Romeine 8:24). Charry (1993:103) voeg by dat verlossing die huidige redding sowel as die toekomstige verlossing deur Christus se wederkoms insluit, wat die mens in staat stel om reeds op aarde 'n vreugdevolle en florerende lewe saam met God te lei (Charry, 2004:20). In hedendaagse pastoraat help verlossing die pastorant om 'n nuwe identiteit in God te vorm en om, selfs in die teenwoordigheid van lyding, met hoop te lewe.

#### 4.2.5 'n Nuwe identiteit in God

> "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het toe geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys." (1 Petrus 2:9-10).

Spirituele heling, florering en verlossing verwys na 'n nuwe staat van wees (Charry, 2007:250). Die verlossing wat hoop kweek, weerspieël die realiteit dat enige individu wat in Christus is, 'n nuwe skepsel is (2 Korintiërs 5:17). Dit is 'n skuif van sonde in die eskatologiese realm van hoop, verlossing (redding), bevryding en versoening.

God die Vader het vir ons 'n identiteit gegee. Hierdie identiteit kry elkeen wat glo in Jesus as Verlosser. Dit is belangrik vir die pastorant om te weet wie hy/sy in Christus is, hoe God ons sien en wat die Bybel oor kinders van God sê. Daardeur sal die pastorant 'n nuwe identiteit in Christus vorm, met hoop kan lewe, genees, spiritueel floreer en vernuwe.

Louw (2012:61) lig uit dat identiteit na die waarde van ons menswees binne die dinamika van die verhouding verwys. Identiteit is kompleks en word deur verskeie faktore beïnvloed. Dit is die verstaan van jouself, van jou rol en verantwoordelikhede. Dit is jou waardes, geloof sisteme en norme. Dit bepaal die kwaliteit van wees. Om die korrekte verstaan van identiteit te hê, verhoed patologie van geloof (onrealistiese selfbeeld, sienings buite konteks, kompulsiewe rituele, ontoepaslike hantering van angs en skuld). Charry (2007:250)

sluit aan by die belang van die identiteit van die gelowige. Sy noem dat een van die belangrikste funksies van Christelike dogmatiek is om die identiteit van die gelowige in God te vestig (2007:250).

Om jou identiteit in God te vestig, is dit noodsaaklik om 'n duidelike begrip van wie God is te hê. Dit behels die ontwikkeling van 'n toepaslike en gesonde beeld van God, wat die basis vorm vir die manier waarop jy jouself verstaan en hoe jy in verhouding met Hom leef. Deur hierdie begrip te kweek, kan jy jou identiteit in God se waarheid en liefde vestig, wat die fondament is vir geestelike groei en stabiliteit. *"Wat is die beeld van God? Formulering van 'n definisie sal beide die interpretasie van individuele verwysings behels en die verskeie stellings sowel as verskeie verwysings en integrasies van die Skrif"* (Erickson, 2013:486).

Daar is drie algemene sienings rondom die aard van die beeld van God. Substantief, funksioneel en relasioneel. Dit is die verskillende dogmatiese interpretasies van wat die beeld van God kan beteken (Erickson, 2013:486). Sommige beskou die beeld om uit sekere eienskappe te bestaan binne die aard van die mens, hetsy fisies of sielkundig/geestelik. Hierdie beskouing is die substantiewe siening. Die substantiewe siening glo dat die beeld van God gevind word in die sielkundige of geestelike aard van die mens. "En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Genesis 1:26).

Thomas Aquinas was 'n sterk voorstander van hierdie siening, want hy het gedink die kognitiewe, serebrale aspek van die mensdom is meer soos God as enige van die diere van die skepping (Erickson, 2013:487). Irenaeus en Origen, twee vroeë kerkvaders, het ook voorgestel dat die substantiewe siening die verskil tussen die beeld en gelykenis van God verduidelik (Erickson, 2013:487). Die beeld was iets wat geskenk is aan die skepping van die mensdom, terwyl gelykenis net 'n potensiaal was van wat die mens kan word of bereik.

Toe Adam in sonde verval het, het hy die gelykenis verloor, maar steeds die beeld van God behou. Daarom glo voorstanders van die substantiewe siening dat die beste manier om God te ken is om binne onsself te kyk (Erickson, 2013:487). Ander beskou die beeld nie as iets inherent of intrinsiek teenwoordig in die mens nie, maar as die ervaar van 'n verhouding tussen die mens en God. Dit is die relasionele beskouing. Die relasionele beskouing argumenteer dat die beeld van God nie bloot gevind word in die strukturele eienskappe van die menslike natuur nie. Mense vertroon die gelykenis van God wanneer hulle in 'n verhouding met beide God en mens is. Wanneer mense na God draai en Sy natuur weerspieël, is dit soortgelyk aan die situasie waar iemand voor 'n dowwe spieël staan, waar hulle net gedeeltelik kan sien. Maar namate hulle in verhouding met God groei, word die beeld van God duideliker met verloop van tyd. Soos daar staan in 1 Korintiërs 13:12: "Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is." Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken" (1 Korintiërs 13:12). Dit beteken dat die beeld van God nie geleë is in wat

mense is nie, maar eerder in wat hulle doen. Dit sluit die skep van verhoudings in, nie net met manlike en vroulike eweknieë nie, maar ook met die Skepper van die heelal (Erickson, 2013:487).

God het die mens na Sy eie gelykenis en beeld geskape, selfs die verstand en denke (Bellini, 2014:32): *"The human mind was created to be the precious dwelling place of God's Spirit."* Die Heilige Gees infiltreer die lewe van die gelowige om die gedagtes van die hart te beïnvloed (Bellini, 2014:32). Wanneer gelowiges God toelaat en hulle gedagtes op Hom rig, is Hy in staat om hulle te vernuwe, te lei en te inspireer (Bellini, 2014:32).

Die laaste Bybelse kategorie van die beeld van God in die mens, word die funksionele siening genoem. Dit beweer dat die beeld nie een of ander aangebore gehalte binne die mens of die verhoudingservaring met God en ander is nie. Dit is 'n menslike funksie of daad - iets wat 'n mens doen. "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip" (Genesis 1:27-28). Ek glo dat al drie sienings 'n geldige argument het vir wat dit beteken om geskape te word na die beeld van God. Die verhoudingsvooruitsigte help om die teologiese belangrikheid van die Drie eenheid te illustreer. Die substantiewe siening maak dit duidelik dat alle mense geskape is na die beeld en gelykenis van God as gevolg van die mens se aangebore wil, vermoë om lief te hê, en rasionaliteit.

Laastens demonstreer die funksionele perspektief die vermoë om die natuurlike hulpbronne wat deur die Skepper aan die mens gegee is, te gebruik. Al hierdie standpunte dra by tot 'n holistiese assessering van die beeld van God in die mens. Die Bybel leer baie oor hierdie identiteit, insluitend dat mense deel het aan die Goddelike natuur (2 Petrus 1:3-4), dat die mens dood is vir sonde en lewe vir God (Romeine 6:11), en dat mense heilig, sonder smet en onberispelik voor God is (Kolossense 1:22). Dit leer ook dat die mens nie meer onder die mag van die duisternis is nie, maar onder die heerskappy van Jesus (Kolossense 1:13). Die Bybel getuig verder dat God die mens as Sy verteenwoordiger en beeld geskape het op die sesde dag (Genesis 1). Nelson en Wawire (1998:41) verduidelik dat, net soos God, die mens 'n gewete, wil en kennis besit, aangesien mense na die beeld van God geskep is.

Nelson en Wawire (1998:41) gee twee redes waarom God die mens volgens Sy beeld geskape het. Eerstens, sodat die mens vrye wil het om keuses te maak - God is 'n God van verhoudings (Horton, 1994:235). Tweedens, sodat die mens oor die lewende wese op die aarde regeer (Psalm 8:4), verduidelik Horton (1994:236). Horton (1994:250) verduidelik ook dat die doel van die mens op aarde is om God te ken, om liefde te ken en om Hom te dien. Om in verhouding met hom te tree en leef. Charry (2007:240) sluit aan by hierdie belangrike stelling dat die primêre doel van die mens se bestaan is om God te vind, om Hom te

leer ken en in verhouding met Hom te leef - dit is ook ’n baie belangrike stap in die proses van verlossing, noem Charry (2007:240).

Horton (1994:247) verduidelik dat God vir ons elkeen met ’n unieke siel gemaak het. Dit is ’n belangrike begrip wat verstaan moet word omdat dit die kwaliteit van menswees bepaal asook die soeke na sin in die lewe. Dit verwys ook na ’n bepaalde verstaan van God (Godskonsep, Godsbeeld). Siel verwys na ’n lewenslange proses van leer, ervaring, groei en florering. Verskillende krisisse in jou lewe daag die menslike siel uit en toets die kwaliteit daarvan (Louw, 2012:142).

Louw (2012:142) verduidelik verder dat hoe die mens ’n krisis hanteer, jou kwaliteit van menswees kan bepaal. ’n Krisis moet as ’n geleentheid om op die lewe te reflekteer gesien word. Dit kan nuttig wees om ‘n mens in nood se negatiewe perspektief op ’n krisis te verander na die positiewe groei geleentheid van ’n krisis. Louw (2012:142) is van mening dat ’n krisis kan funksioneer as ’n soort reiniging van die siel, byvoorbeeld om ’n nuwe perspektief te ontwikkel of om jouself in Christus te hervestig. Charry (2007:248) noem dat indien ’n mens nie jou lewe herbevestig in Christus nie, is jy verlore. Dit is nodig om God as sentraal in jou lewe te plaas, sodoende sal dit jou lewe en identiteit vorm. Ons is afhanklik van God se genade vir verandering en transformasie van karakter (Charry, 2007:248). Louw (2012:42) verduidelik dat die siel ’n aanduiding is van die mens se norme en waardes in hulle alledaagse lewe. Sielsvolheid hou verband met die mens se innerlike motivering en gedrag. Die verstaan van die siel kan help om die mens in totaliteit te aanskou.

Louw (2012:61) beklemtoon dat identiteit die waarde van menswees binne die dinamika van verhouding weerspieël. Identiteit is 'n komplekse konsep wat deur verskeie faktore beïnvloed word. Dit behels nie net die verstaan van individue nie, maar ook van hul rolle, verantwoordelikhede, waardes, geloofstelsels en norme. Dit bepaal die kwaliteit van hul bestaan en hoe hul hulself in die wêreld posisioneer. Identiteit is dus nie net 'n innerlike begrip nie, maar ook iets wat sigbaar is in die manier waarop mense met ander interaksie het en hoe hulle hul doel en plek in die samelewing sien. ’n Korrekte verstaan van identiteit is belangrik, aangesien dit help om patologieë van geloof te voorkom, soos ’n onrealistiese selfbeeld, sienings wat buite konteks is, kompulsiewe rituele, en ongesonde hantering van angs en skuld.

Die gelowige se nuwe identiteit is heilig en rein voor God. Die nuwe identiteit van die individu sê dat hy/sy 'n kind van God is, en in staat is om ander lief te hê, geduldig te wees, vrede en vreugde uit te straal, en die goeie te doen, soos God dit doen. Hierdie identiteit beklemtoon nie net 'n persoonlike verhouding met God nie, maar ook die invloed wat dit op die individu se gedrag en interaksie met ander het. Die nuwe identiteit van ’n Christen as ’n verloste is: “Ons is splinternuut” (2 Korintiërs 5:17). “Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.” Heiligmaking, dui op nuutwording. Charry noem dat nuutwording ‘n nuwe lewe saam met God impliseer (2004a:22). Ons is vergewe, “deur die bloed van Sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God.” (Efesiërs 1:7).

Verlossing is die redding van sonde en die gevolge daarvan. Voor die sondeval het Adam en Eva ononderbroke gemeenskap met God gehad (Genesis 3:8). Na die val is die mens verwyderd van God, maar God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste gebore Seun gegee het sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3:16).

Daar is hoop (Charry 2007:261), God gee vir die mens hoop deur Jesus Christus wat ons sonde vergewe. Deur Christus wat aan die kruis sterf en die dood vir ewig oorwin, is die mens gered uit die kloue van die dood. Die mens is nie meer onderdanig aan die sonde nie, maar kan ewige lewe saam met God geniet (Charry, 2007:261). Die mens is geskape na die beeld van God, Sy verteenwoordiger, geskep vir 'n taak, geskep in verhoudinge. Sonde affekteer elke dimensie van die mens, sonde affekteer die gemeenskap en geskiedenis, sonde affekteer hele omgewing en menslike lewe. Jesus Christus herstel die beeld wat deur sonde vernietig is en maak die gelowige 'n nuwe skepping. Jesus gee vir gelowiges 'n nuwe identiteit in God. Christen sielkunde speel 'n groot rol in die belang van Charry se argument. Sy voer aan dat dit 'n teologiese konteks verskaf in terme van die vorming van die self. Sy verduidelik verder dat jou identiteit nie self-gebou is nie, maar dat dit in God gevind en gesentreer word. Jou identiteit is gewortel in die wese van God (Charry, 1993:107). 2 Korintiërs 5:17: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom."

#### 4.2.6 Geluk

'n Verdere implikasie van hoop is geluk, ewige en opregte geluk. Teologie is gemoeid met die geluk van die mens (dat die mens 'n gelukkige lewe leef in die hier en nou). Om die belang van menslike geluk te ontken/onderskat, is om teologie en sy doel mis te verstaan (Charry 2004a:19). Charry (2004a:19) beklemtoon dat om met hoop te leef 'n gelukkige lewe saam God moontlik maak. Charry (2004a:20) noem dat teologie gemoeid is met geluk omdat die mens se geluk vir God belangrik is.

*"Theology is concerned with human happiness"* (Charry, 2004a:19). Charry poog om die misverstand dat teologie niks met die "geniet van die lewe" te make het nie, reg te stel. Hierdie stelling van Charry steun haar argument van verlossing wat 'n florerende lewe saam met God inhou. Hoekom maak Charry die stelling? Sy noem dat teologie nie bloot net beperk is tot poginge om die ewige lewe te erf nie, maar ook dat Teologie belangstel in die nou, die lewe hier op aarde en die geniet daarvan. Sy neem dit verder deur te sê dat dit spesifiek fokus op die genieting van die nou (Charry, 2004a:19). Hoe pas die geniet van die lewe en teologie bymekaar? Charry (2004a:20) beantwoord die bogenoemde vraag deur te sê dat die doel van teologie is om die mens van God te leer en om God te leer ken, en dit bring blydskap. Om in God te verdiep beteken om Hom te geniet. *"A God-centered life is joyous and happy",* sy verduidelik die stelling verder deur te noem dat om God die middelpunt van jou bestaan te maak, ware blydskap mee bring.

Is God se wil vir die mens dan net geluk? Gaan hoop dan net daaroor om gelukkig te wees? Wat van mismoedige/depressiewe mense wat absoluut geen geluk ervaar nie? Hoe bring mens geluk aan hulle of verkondig dat om verlos te wees geluk sal bring as Jesus sê dat "Geseënd is die wat treur…" (Matteus 5:4).

Genesis 2 noem dat dit God se wil vir die mens was van die begin af om gelukkig saam met Hom in gemeenskap te leef. Die idee van geluk het verskuif as gevolg van sonde. Daar is seer en gebrokenheid in die wêreld en min mense ervaar geluk, maar geluk moet dieper gesien word. Geluk is hoop – die hoop vir die terugkeer van die Messias, wat ewige verlossing bring en die seer herstel. Hierdie geluk maak die lyding op aarde draagsaam, omdat daar die verwagting is van 'n lewe saam met Christus, waar Hy 'n plek in die hemel gereedgemaak het vir elkeen wat Hom volg.

Geluk gaan oor meer as net bloot *"happy"* wees. Dit gaan oor om 'n opregte verhouding met God te hê, wat te midde van seer en lyding, hoop kan gee. God is dus die mens se innerlike anker van geluk (Charry, 2004a:20). Geluk word nie in aardse tydelikhede gevind nie, maar in die verskuiwing van fokus – weg van die seergemaakte wêreld na die hoop van die ewige lewe, wat God belowe.

Charry bevraagteken of daar voldoende teologiese bronne bestaan oor geluk in hierdie lewe, die hier en nou. Haar studie vanuit Christelike Teologie is tweedelig. Eerstens verduidelik Charry (2004a:21) dat geluk word hoofsaaklik gesien in terme van die toekoms (eskatologie) en dat geluk merendeels in die ewige lewe is. Sy noem dat die mens nie net geluk in die hiernamaals moet najaag nie, maar in die hede. Teologie is daar om die mens in staat te stel om die lewe wat God op aarde gegee het te geniet en te floreer. Tweedens benader Charry dit vanuit 'n Protestantse perspektief wat fokus op die intellektuele inhoud van dogmatiek, eerder as vanuit 'n pastorale oogpunt. Sy verduidelik haar stelling deur te sê dat, hoewel teologie gemoeid is met die lewe in die hede, dit verder gaan deur spesifiek die genieting van die lewe in die hede te beklemtoon. God se wens is dat die mens Hom leer ken, en deur dit te doen, sal geluk en verlossing in Hom gevind word. Teologie leer die mens meer van God, en deur meer van God te hoor, sal blydskap ervaar word in dit wat God aan die mens openbaar. Kennis van God lei tot die genieting van die lewe en menslike florering (Charry, 2004a:22).

Die teologiese siening van geluk word deur Karl Barth se siening aangewys, maar veral Barth se voortbou op Johannes Calvyn (Charry, 2004a:22). Calvyn se somberheid ondersteun 'n straf en skuldidentiteit wat Barth sien as teenstrydig met God se genade. Volgens Charry (20024a:22), meen Barth dat 'n skuldgedrewe persoonlikheid ongesond is. Hy verstaan die pastorale effek van dogmatiek, byvoorbeeld dié van sonde. Vir Charry is Barth een voorbeeld van 'n onlangse teoloog wat gemoeid is met die heilsaamheid in Christelike teologie.

In Charry (2004a:20) se uitgangspunt oor geluk, word daar gepoog om die verband tussen goedheid en geluk te verstaan. Volgens Charry (2007:250) word drie foute begaan in moderne sienings oor geluk en een fout in Christelike teologie oor geluk. Hierdie drie foute het verskeie implikasies vir pastorale sorg:

Die eerste fout is dat geluk net oor die individu self gaan. Charry (2004a:20) beklemtoon dat God die bron van geluk is. Sy verduidelik verder dat dit oppervlakkig is om geluk net as 'n emosionele euforie te beskou. 'n Meer betekenisvolle benadering is om geluk te sien as 'n diep gewortelde tevredenheid en genot van die lewe wat beskerm is teen die onvermydelike veranderinge. In teologiese terme is geluk baie meer lonend en stabiel as in emosionele terme.

Die tweede fout is die wanpersepsie tussen welstand en geluk. Charry (2007:244) stel dat welstand nie die sleutel tot geluk is nie, aangesien geluk in aardse dinge nie konstant is nie. Mense smag na 'n onveranderlike bron van geluk, wat slegs in God gevind kan word. God is altyd dieselfde, Hy verander nooit. Hy is betroubaar en goed, en sal nooit as bron van geluk uitgeput raak. Charry voel dat geluk eerder vanuit die binneste van die siel kom.

Die derde fout is die aanname dat die individu weet wat hom of haar gelukkig sal maak, en dat die individu dit sal kry. Daar word dikwels geredeneer dat self-tevredenheid gevind kan word in materiële besittings en die beheer oor die lewe. Charry (2004a:22) dui aan dat hierdie begrip van geluk nadelig is. Die gevolg van hierdie beperkte epistemologie en ontologie is sielkundig skadelik. Sonder transendensie, word die siel geïnterpreteer in terme van persoonlike biografie, eerder as in verhouding tot God. Die individu kan nie die eie bron van geluk wees nie.

Charry (2007:250) maak die stelling dat Christelike geloof ’n vormende rol in die lewens en identiteite van gelowiges speel. Dit leer dat gelowiges, deur God se genade, geleer word om te leef soos God verwag – as verlossende mense, wat Sy genade in hul daaglikse lewe weerspieël. Verder, die doel of fokus van Christelike dogmatiek is die vorming van karakter. Charry (2007:245) ontken nie die feit dat *“living well”* die sleutel tot ’n gelukkige lewe in ’n gebroke wêreld is nie, maar juis dit, die wêreld is gebroke as gevolg van sonde. Ware blydskap, bevestig Charry, is geanker in God. Sy verwys dus nie na oppervlakkige blydskap in materialistiese aardse bevrediging nie. In teendeel, Charry noem dat dit meer lonend is om aan geluk te dink in teologiese terme as in emosionele terme (2004a:20). Die Christelike doelwit is die verlossing van die mensdom (Charry, 1993:103). Charry argumenteer dat die taak van teologie is om die mens te help om God te geniet en te ken (2004a:19). Die vaardigheid om God te ken, word 'n sentrale deel van die identiteit van gelowiges (Charry, 2006:169). Teologie is gemoeid met menslike geluk omdat God besorgd is oor die geluk van die mens (Charry 2002).

Hoop kweek dus 'n diep geankerde geluk wat sy grondslag vind in God se ewigheidsbeloftes en nie in die tydelike genot van die lewe nie. Hoop verseker dat geluk te midde van onsekerhede en uitdagings gevind

kan word. Hierdie geluk verwys na 'n gevoel van tevredenheid en gevestigheid in Christus, en 'n vertroue in die besef dat God 'n plan het (Jeremia 29:11). Hoop maak dit dus moontlik om in God te jubel in elke omstandigheid van die lewe - dit is meer as net 'n emosionele geluksgevoel. Dit is 'n ewige geluk wat in die wete dat God die mens vry gekoop het.

Charry se bogenoemde verduideliking van geluk staan direk in verband met hoop, dit kan nie geskei word nie. Charry beklemtoon dat ware geluk in God geanker is. Sy noem ook dat hierdie God gesentreerde geluk 'n mens toerus met hoop, hoop vir die lewe op aarde en hoop vir ewige redding met die koms van Christus (Charry, 2004b:291).

### 4.2.7 Vernuwing

*"Ultimately the healing that God provides brings us into healthy, reconciled relationships with God, with ourselves, with one another and with God's creation. Holistic healing means healthy relationships in all these dimensions."* Bellini (2014:vii).

Bellini (2014:vii) ondersoek die impak van veranderde denke en heiligmaking op vernuwing. Hy verduidelik dat mense dikwels tot stilstand kom nadat hulle vergifnis vir hul sondes ontvang het en dan nie verder groei nie. Bellini (2014:vii) beklemtoon die belang van 'n holistiese benadering tot heiligmaking en die hoop vir vernuwing wat daarin beskore kan wees: *"a holistic approach to spiritual formation that acknowledges that reality is spiritual, physical, mental and emotional."*

Benilli verwys na die benadering as *"Truth Therapy"* en verduidelik dat dit 'n metode vir spirituele groei, heiligmaking en vernuwing behels. *"Truth therapy is a process that can help us to work with God's and transform our lives by changing the way we think. We unlearn our way of thinking and begin to see ourselves as God sees us. We begin to prioritize God's thoughts and the transformation process begins."* (Bellini, 2014:13).

'n Omvattende teologie van heiligmaking" verwys na 'n gedetailleerde en deeglike verstaan of studie van die proses van heiligmaking binne 'n godsdienstige of teologiese raamwerk. Dit omvat verskeie aspekte soos geestelike groei, morele ontwikkeling en die strewe na heiligheid in alle dimensies van die lewe. Hierdie benadering poog om heiligmaking in sy geheel te ondersoek, met inagneming van die teologiese, praktiese en ervaringsdimensies daarvan.

"*Truth therapy*" gebruik bronne soos die Woord, spirituele dissiplines, die teologie van holistiese heiligmaking en 'n kognitiewe-gedragsmodel van transformasie om genesing, persoonlike groei en transformasie te fasiliteer (Bellini, 2014: 9).

Bellini (2014:9) beklemtoon dat hoewel sy waarheidsterapie 'n holistiese benadering volg, die geestelike sentraal staan. Sy navorsing en die ondersteuning daarvan vanuit ander dissiplines word gemeet aan 'n

teologiese perspektief. Die Woord van God dien as die primêre bron in sy navorsing. God se Woord gee aan die lewe, doel, rigting en orde (Bellini, 2014:26). Die Skrif openbaar die aard en missie van God en bring die hele skepping in 'n ewige verhouding met die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Bellini, 2014:32). As iets inlyn is met God se Woord, dan is dit waar. Bellini (2014:26) verduidelik, aan die hand van Johannes 17:17 dat God se Woord gesag bo alle gesag dra. God se Woord openbaar ook God se natuur. Net soos God, is Sy Woord perfek, heilig en dien as die uiteindelike standaard van geregtigheid en regverdigheid (Bellini, 2014:26). Die Woord van God lei die mens tot verlossing in Christus (Bellini, 2014:32).

Bellini (2014:10) beklemtoon dat waarheidsterapie (*"Truth therapy"*) sy oorsprong het in die Woord van God. Die waarhede wat in die Woord gevind word, dien as die doel van die mens se lewe en vorm die beginpunt van transformasie om meer soos Christus te leef, soos aangemoedig word in 2 Korintiërs 3:18. Die doel hiervan is om die mens se perspektief te verskuif vanaf wêreldse sukses na sukses wat ewigheidswaarde inhou. Dit is dié soort "sukses" wat die individu in staat stel om met hoop te leef.

Bellini (2014:10) beklemtoon die belang dat sy waarheidsterapie nie ten doel het om mense te stuur na sukses nie, maar na vernuwing en geestelike groei in Christus, veral in denke en gedrag. Hierdie verandering lei die pastorant dan om op 'n daaglikse basis die werk van die Heilige Gees te ervaar, gegrond in liefde, geloof, en hoop.

Bellini (2014:10) verduidelik ook dat die Woord geïnspireerd is deur die Heilige Gees en dus gesaghebbend is. Dit is dus belangrik om te onthou, soos vroeë in die studie aangedui, dat wanneer daar 'n gedeelte van die Bybel in 'n pastorale gesprek gebruik word, is dit belangrik om die Skrif- gedeelte binne konteks en ruimte te verstaan. Die kultuur, era en taal van die mense in daardie tyd moet in ag geneem word. Die Bybel bied nie net insig in menslike gedrag nie, maar werp ook lig op moeilike eksistensiële uitdagings (Kotzé, 2013:91).

Afgelei vanuit Bellini se siening oor die belang van die Woord in nie net waarheidsterapie nie, maar ook alledaagse lewe, is dit duidelik dat die Woord die mag het tot vernuwing: "Want die genade van God wat heilbringend is vir alle mense, het verskyn en leer ons dat ons die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede moet verloën en in hierdie teenwoordige wêreld nugter, regverdig en godvrugtig moet lewe" (Titus 2:11-12).

Die volgende "hulpbron" in waarheidsterapie is spirituele dissipline (Bellini, 2014:11). Spirituele dissiplines is die praktyke waaraan individue deelneem om geestelike groei te bevorder (Bellini, 2014:11). Dit behels ook die verdieping van jou verhouding met God en die beoefening van die vrugte van die Gees, soos liefde vir ander, selfbeheersing, nederigheid en geduld. Hierdie dissiplines sluit aktiwiteite in soos gebed, vas, aanbidding, studie van godsdienstige tekste, om ander te dien soos God in Sy Woord beveel en afsondering (Bellini, 2014:11). Die doel van spirituele dissiplines is om geestelike groei, innerlike transformasie en vernuwing te bevorder (Bellini, 2014:11).

Spirituele dissipline begin by die ken van God (soos vroeër in die hoofstuk bespreek). Om God te ken, is ons bekend met Sy wil vir ons en sal ons lei tot meer gehoorsaamheid in Hom. Bellini (2014:11) verduidelik verder dat die doel van dissipline is heiligmaking.

Die proses van meer en meer soos Jesus word, is heiligmaking. Heiligmaking is God se wil vir mense (1 Tessalonisense 4:3). Heiligmaking is nodig as gevolg van sonde wat die wêreld betree het met die sondeval (Mullen, 1997:23). Alhoewel Charry (2004a:19) nie uitbrei oor die proses van heiligmaking nie, noem sy wel dat dit nodig is om weg te draai van aardse valshede en die fokus te verskuif na God, wat aansluit by die idee van heiligmaking as 'n nuwe staat van wees. Heiligmaking beteken dat Christus 'n persoon rein en nuut maak (Mullen, 1997:23). Alle gelowiges ondergaan hierdie proses wanneer hulle deur die Heilige Gees wedergebore is: "Dit is deur God alleen dat julle nou aan Christus Jesus behoort. Dit is deur Hom dat die Een deur wie God die mens vrygespreek en vir Homself geheilig en vrygekoop het" (1 Korintiërs 1:30). Dit beteken om vry te wees van elke sonde deur die bloed van Christus (Handelinge 13:39). Mullen (1997:23) verduidelik dat die mens nie hulself kan reinig nie, dit is alleen die Drie-enige God wat heiligmaking kan bewerkstellig. God maak die mens heilig (1 Korintiërs 1:30) deur die Heilige Gees (1 Petrus 1:2) in die naam van Jesus Christus (1 Korintiërs 6:11). Tog is geloof nie bloot passief nie. Paulus beveel wedergebore Christene om aktief gehoorsaam te bly en in God te vertrou: "Geliefdes, ons het hierdie beloftes; laat ons onsself dan suiwer van elke verontreinig van die liggaam en die gees om ons toewyding, uit eer vir God, volkome te maak" (2 Korintiërs 7:1). Petrus herinner gelowiges om ywerig te wees in hulle roeping, "Daarom, broers en susters, werk nog harder daaraan om met julle leefstyl te bewys dat God julle regtig geroep en gekies het" (2 Petrus 1:10). Heiligmaking is belangrik sodat die mens gered kan word van die toorn (tweede dood) van God – Romeine 5:9. Die mens wat regverdigmaking ontvang, ontvang dus die ewige lewe (Titus 3:4-7). Iemand kan slegs aan regverdigmaking deelneem wanneer hulle sterf vir die sonde en diensbaar raak aan God, wat slegs deur geloof en bekering/wedergeboorte moontlik is (Du Toit, 2015:10).

Niemand verdien om geregverdig te word nie - dit is slegs uit genade dat iemand geregverdig word (Romeine 3:24). Tog word die mens ook geregverdig deur die werke, sonder werke/dade is die geloof leeg. Geloof werk saam met werke en raak volkome uit die werke. Geloof sonder werke is dood (Jakobus 2:14-26). Charry (2004a:22) verduidelik dat dit nodig is vir die mens om hom/haar afhanklikheid van God en God se genade te erken, en daarsonder sal florering en vernuwing nie kan plaasvind nie.

Heiligmaking kan deur God alleen bewerkstellig word. Volgens Du Toit (2015:10) is dit 'n handeling van God alleen waardeur God diegene wat die Woord van die waarheid glo, regverdig verklaar. Dit is nie goeie werk of verdienste nie, maar God se geregtigheid alleen wat die wat geloof het, regverdig verklaar (Rom. 3:26). Romeine 8:33 getuig: "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is die God wat regverdig maak." Dit sluit aan by Charry (2004a:22) se stelling oor hoe belangrik dit is om die mens se eie feilbaarheid te erken en die noodsaak van afhanklikheid van God te besef.

Heiligmaking werk op drie vlakke (Sawyer, 2016:65): Eerstens, het God die mens eens en vir altyd verlos van die verlede (Korintiërs 1:2, 6:11). en is dus afgesonder van die straf van sonde (Hebreërs 10; 14); op die onmiddellike oomblik van verlossing; deur die dood van Christus (Efesiërs 5:25, 26); en deur geloof in Christus (Handelinge 26:18).

Tweedens, dit is 'n teenwoordige voortdurende proses regdeur die gelowige se lewe wat verwys na teenwoordige-progressiewe heiligmaking (1 Petrus 1:14, 15). Gelowiges word afgesonder: van die beherende, dominerende krag van sonde, soos daar geestelik groei plaasvind (2 Korintiërs 7:1); deur die reiniging van die woord van God (Johannes 17:17, 19); en deur gehoorsaamheid aan Christus (Romeine 6:19; 12:1).

En derdens, uiteindelik vir die toekoms, 'n heeltemal voltooide werk van God wat verwys na toekoms-perfekte heiligmaking (1 Tessalonisense 3:12-14; 2 Tessalonisense 2:13). Gelowiges sal afgesonder word: van die teenwoordigheid van die sonde; wanneer die gelowige ewig verander word (1 Korintiërs 15:51-54); deur die wegraping en opstanding by die wederkoms van Christus (1 Tessalonisense 3:12-14); en deur die huwelik (unie) aan Christus (Hebreërs 2:10-11).

Die basis waardeur die mens verlos word, is Jesus Christus. God verklaar die wat geloof het in Christus se werk op die kruis regverdig deur Sy bloed alleen. Heiligmaking gebeur deur geloof alleen. Romeine 5:9 getuig: "Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn." Hy is so goed en liefdevol dat die einste idee dat sondaars hopeloos verlore sou gaan, afstootlik was vir hom (Horton, 1994:404). Daarom is heiligmaking moontlik, deur Christus se offer en God se genade. Die genadige God regverdig die sondaar wat die versoening aanvaar, en so werk God in sy hart deur die Heilige Gees, sodat die sondaar ook sy vervreemding van God staak, en in verhouding met die Drie-enige God leef (Horton, 1994:411). God wil in verhouding met die mens leef (Horton, 1994:411). Die stelling van Horton sluit aan by Charry se verduideliking dat God omgee vir die mens as totale wese. Charry (2010:7) verduidelik dat God deur verlossing die moontlikheid skep vir 'n diep verhouding tussen die gelowige en Homself. Hierdie verhouding is nie net 'n toekomstige hoop nie, maar 'n teenwoordige werklikheid wat ons in 'n lewenslange proses van groei en transformasie in God se beeld lei.

Jesus red, maar vir wie? Die Bybel leer dat Jesus almal red wat Sy verlossing aanvaar. Verlossing is die redding van die siel van sonde en die gevolge daarvan. Dit kan ook genoem word "bevryding" of "verlossing" van die sonde en die gevolge daarvan (Goodman, 2009:43). Omdat die mens gesondig het, verdien mense om vir ewig van God verwyderd te wees (Romeine 6:23). Weens God se liefde vir mense (Johannes 3:16), het God 'n mens aangeneem en in ons plek gesterf, en het God die straf wat mense verdien op Hom geneem (Romeine 5:8; 2 Korintiërs 5:21). God belowe vergifnis van sonde en ewige lewe aan almal, wat deur genade in die geloof, vir Jesus Christus as Verlosser aanneem (Johannes 1:12; 3:16; 5:24; Handelinge 16:31).

Volgens Sawyer (2016:36) is die konsep van "nuutheid" nie net 'n toekomstige hoop nie, maar begin dit die oomblik wanneer die evangelieboodskap geglo word. Charry (2004a:22) beklemtoon dat verlossing die deurbraak na 'n nuwe lewe is, waarin die gelowige 'n nuwe verhouding met God kan ervaar. Dit is 'n lewe gevul met hoop, blydskap, vrede en 'n voortdurende groei saam met God.

Charry (2004a:20) noem ook dat heiligmaking noodsaaklik is om 'n nuwe, florerende lewe saam met God te begin. Die fondasie waarop die nuwe lewe bou is kennis van God en 'n verhouding met God (Charry, 1997:19). 'n Nuwe lewe saam met God beteken om te glo dat God die mens, deur genade, totaal verlos het van wat mense verhinder om te floreer en 'n gelukkige lewe te leef wat spreek van hoop.

*"When all things are aligned with the truth of Jesus Christ, His Word, His reign, then healing and restoration can begin (Ephesians 1)."* (Bellini, 2014:26).

Bellini (2014:11) verduidelik dat spirituele dissiplines die mens toelaat om hulself voor God te ontbloot en hul afhanklikheid van Hom te erken. Daardeur laat die mens God toe om hom/haar te vernuwe deur Sy genade alleen. Die begin van dié vernuwing is verlossing (Bellini, 2014:12). Dit behels die vernuwing van gedrag, 'n totale leefstyl verandering. Die aanvang van verlossing bestaan uit roeping, bekering en wedergeboorte (die subjektiewe aspekte) (Erickson, 2013:487) en die eenheid met Christus, regverdiging en aanneming (die objektiewe aspekte) (Erickson, 2013:488). Die voortsetting en voltooiing van verlossing behels heiliging, volharding en verheerliking (Erickson, 2013:488).

In dié studie is dit belangrik om de mens as geheel te sien en te verstaan. God gee om vir die mens as 'n holistiese wese. Heiligmaking verwys na 'n holistiese, omvattende verlossing van alles wat die mens verhinder om te floreer en gehoorsaam saam met God in verhouding te leef (Charry, 2010:7). Heiligmaking is holisties omdat dit die mens in volle totaliteit aanspreek. Dit wil sê dat heiligmaking elke terrein van die mens aanraak: fisies, emosioneel, geestelik, spiritueel, maatskaplik en sosiaal. Dit is daarom belangrik om daarna te kyk vanuit 'n breë perspektief juis omdat heiligmaking uit vele aspekte bestaan en dit die mens op verskeie terreine beïnvloed. Hiermee word bedoel dat verlossing en hoop gaan oor innerlike geluk, genesing, florering, nuwe lewe, wegvat van sondes, om God te ken, en daarom beïnvloed dit elke aspek van die mens se lewe. Bellini sluit aan by die holistiese aard van vernuwing. Bellini (2014:13) verduidelik dit soos volg: *"Biblical salvation involves the spiritual, existential, mental, emotional, volitional, physical, relational, familial, vocational, social, economic, political, ecological, and digital aspects of our lives. These aspects of our humanity cannot be separated and isolated. Reality is holistic."* Volgens Bellini (2014:13) lei die aanneming van Christus daartoe dat die gelowige in elke faset van hul lewe vernuwe word. Dit is deel van God se wil dat elke gelowige nuut gemaak word, wat beteken dat hulle in die beeld van God herskep word, wat 'n transformasie van die hele lewe impliseer.

'n Volgende belangrike dissipline wat Bellini bespreek is: geloof. *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag."* (Hebreërs 11:6). Bellini (2014:12) beklemtoon dat die kritieke aard van die geloof in Jesus se kruisiging die grondslag vorm van die gelowige se verbintenis met God. Hy verduidelik dat hierdie geloof in Jesus se opoffering—wat die gelowige vrygespreek het—van kardinale belang is vir deelname in die verlossing wat God vir die mensdom bied. Sonder hierdie geloof kan niemand deel hê aan die verlossing wat deur Christus se dood aan die kruis moontlik gemaak is nie.

Die belang van gebed as spirituele dissipline word ook deur Bellini in sy waarheidsterapie beklemtoon. Gebed is 'n geloofsreaksie eerder as blote kommunikasie (Bellini, 2014:13). Deur gebed word God in die gesprek en situasie genooi. Tydens gebed word die leiding van die Heilige Gees gevra en daardeur word daar staat gemaak op die krag en kennis van God (Bellini, 2014:13).

Gebed het 'n fundamentele verhorende eienskap wat dit moontlik maak om op God se betroubaarheid te vertrou. Dit beteken dat gelowiges God kan vertrou om hulle pad te lei, hulle te bewaar en selfs in moeilike tye hulle te dra en te vernuwe. Gebed het ook 'n vraende dimensie, soos in Matteus 7:7: "Bid, en vir julle sal gegee word. Klop, en vir julle sal oopgemaak word." Dit toon dat gebed 'n aktiewe daad van vertroue is, wat die gelowige aanmoedig om na God te draai vir leiding en vervulling van behoeftes.

Die eienskap van gebed behels die vrymoedigheid om enigiets van God te vra in gebed en om hartsbegeertes voor Hom neer te lê. Dit beklemtoon die kommunikatiewe en dialogiese aard van die gesprek tussen God en mens (Bellini, 2014:13). As 'n vorm van aanbidding beteken gebed die erkenning van God se soewereiniteit. Die doel van gebed is nie om selfbevrediging te verkry nie, maar eerder om die Koninkryk van God te bevorder, om God te verheerlik en te prys vir Sy goedheid. Gebed het 'n intersessie-dimensie waar gelowiges as bemiddelaars namens ander tot God kan bid, onder leiding van die Heilige Gees wat vir hulle pleit in gebed (Bellini, 2014:13). Dit is 'n manier waarop gelowiges die behoeftes van ander voor God kan bring en vir hulle pleit. Gebed het ook 'n dimensie van danksegging en lofprysing, wat 'n medium is waardeur gelowiges God kan loof. Dit is 'n geleentheid om God te dank vir seëninge, sowel as vir die moeilike tye wanneer God hulle dra en om te erken dat daar geleenthede vir groei en leer is in die uitdagings wat hulle ervaar (Bellini, 2014:13).

Wanneer daar gekyk word na dié voorbeeld van gebed: die Onse Vader (Matteus 6:5-15) in die Nuwe Testament leer Jesus die dissipels hoe om tot God te bid. Hy leer hulle dat hulle voor God mag kniel en Hom enige iets in gebed vra, maar ook hoe om God te loof in gebede ("want aan U behoort die krag en die heerlikheid tot in ewigheid"). Hy moedig hulle aan om meer op die eskatologiese dimensie van gebed te fokus eerder as die probleem. Gebed is 'n middel om God te dank en te loof, om dankbaarheid teenoor God te toon. In die Nuwe Testament is die vertrekpunt van Jesus se gebed die dimensie van verlossing (..." verlos ons van die bose."), gebed waar die eskatologiese perspektief uitgedruk word, gaan oor die verbetering van geloof en nie oor die belydenis van sonde nie, tog moet sonde bely word ("vergeef ons ons skulde soos ons

ook ons skuldenaars vergewe”). In die Onse Vader word daar gesien dat kennis van geloof krag genereer in gebede. Gebed vervul ook ’n konstruktiewe funksie in die ontwikkeling van geloof om geestelike groei en vernuwing te bevorder.

Vergifnis, volgens Bellini (2014:13) is ook ’n belangrike aspek in die proses van vernuwing. Lukas 11:4 “Vergewe ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat by ons in die skuld is”. Vergifnis is die belydenis van skuld, sonde en berou en het ’n nuutgevonde verhouding met God tot gevolg. Vergifnis is die goeie nuus van God se genade en onvoorwaardelike liefde. Jesus het die prys vir sondes betaal, wat beteken dat daar algehele en volledige vergifnis is. Dit bring vryheid mee. Vergifnis is onvoorwaardelik.

Die volle begrip van vergifnis vereis dat die mens nie net die ander persoon vergewe nie, maar ook vergeet. Om te vergewe, maar nie te vergeet nie, beteken dat die persoon wat die onreg aangedoen is, wel die skuldige vergewe, maar steeds die misdaad onthou, wat beteken dat daar nie werklik vergifnis is nie. Om iemand volgens God se standaarde te vergewe, beteken om dit onvoorwaardelik te doen, net soos God vergewe deur sondes weg te neem en dit so ver van die individu te verwyder soos die Ooste van die Weste (Psalm 103:12). Hierdie vorm van vergifnis is nie afhanklik van die ander se gedrag of erkenning nie, maar is 'n keuse om liefde en genade uit te strek, net soos God dit bewys het. Dit is 'n daad van gehoorsaamheid aan God, wat leer om ander met dieselfde liefde en vergifnis te behandel wat aan die individu betoon is.

Vergifnis moet gesien word as ’n nuwe begin/ weer probeer/ harder probeer. Dit lei tot vernuwing en verandering van gedrag. Die sondige aard word gestop en gestaak. ’n Nuwe lewe in God begin saam met God.

Denton (2011:10) skryf in “Benutting van vergifnis binne ’n pastorale Gestaltterapeutiese intervensie” dat vergifnis een aspek kan wees om die leemte en wisselwerking tussen pastoraat en psigologie aan te spreek. Hy noem:

> Deur die bewuswording van hul eie vergifnisproses kan persone begelei word om verantwoordelikheid vir hul nuwe gedrag te aanvaar deur die integrasie van vergifnis as ’n belangrike komponent van ’n Christelike lewenswyse. As ’n bron van die herstelervaring, kan vergifnis persone tot psigologiese en fisiese gesondheid, positiewe emosies, gesonde sosiale interaksie en hoë lewenstevredenheid begelei (Denton, 2011:10).

Denton (2011:6) noem dat daar veral twee redes vir Christene se worsteling met vergifnis is, nl. “die onvermoë om God se onvoorwaardelike genade en vergifnis te verstaan, te aanvaar en uit te leef” en “die onvermoë om hierdie onvoorwaardelike liefde, vergifnis en genade met ander te deel”. Daarom kan, binne die konteks van geloof, vergifnis mense “herinner aan hul eie behoefte aan Goddelike vergifnis en om ’n gelowige lewe in verhouding met God en ander te lei” (Denton, 2011:6).

Die basis van Bellini (2014:13) se waarheidsterapie word gevorm deur essensiële Christelike beginsels. Hierdie Christelike aspekte sluit aan by belangrike elemente vir hoop soos uiteengesit in dié verhandeling. Die primêre bronne in hierdie werk, verduidelik Bellini (2014:13), is die Skrif, tradisie en logiese redenasie. Grondliggende Christelike leerstellings, nadenke oor die name van God, met spesifieke fokus op die betekenis daarvan in die lewe, en die belydenis van sonde en die afhanklikheid van God vir vernuwing, speel 'n sentrale rol. God se Woord gee doel en sin vir die lewe. Die bevestiging van die mens se posisie in Christus word uit die Skrif afgelei om 'n raamwerk van waarheidsgebaseerde denke te vestig (Bellini, 2014:13).

Bellini (2014:13) brei uit dat die bogenoemde beginsels riglyne is tot 'n gesonde selfkonsep. Valse waarhede kan bydra tot depressiewe denke en vernietigende gedrag, verduidelik Bellini (2014:13). God beveel individue om hul kruis daagliks op te neem en Hom te volg, om gedagtes daagliks op Hom te rig en om fokus te verskuif van selfsug na vestiging in Christus. Dit behels die weerstaan van die versoeking van sonde en die verwydering van die invloed van die wêreld, terwyl die individu hulself laat vul met die Heilige Gees. Hierdie proses van daaglikse gehoorsaamheid en geestelike groei bring 'n dieper verhouding met God en die vermoë om sy wil in alle aspekte van die lewe te volg.

*"We die daily in our old ways and allow the Spirit to form the new creation in us."* (Bellini, 2014:13).

Vernuwing berus grootliks op die ontwikkeling van nuwe denkpatrone. Dit behels die transformasie van ou, beperkende oortuigings na positiewe perspektiewe wat groei en verandering bevorder. Hierdie proses help individue om die werklikheid vanuit 'n hernude, hoopvolle oogpunt te sien, wat lei tot betekenisvolle veranderinge in gedrag en lewensbenadering.

Hierdie beginsel van vernuwing word duidelik beklemtoon in die Skrif, waar Romeine 12:2 'n riglyn bied vir hoe denke en geloof hand aan hand gaan in die proses van transformasie: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is".

Gedagtes bepaal gedrag, identiteit en die oortuigings wat 'n individu koester (Bellini, 2014:20). Wat in die gedagtes gevestig is, het 'n direkte invloed op hoe 'n persoon optree, wie hulle in werklikheid is, en wat hulle in hul hart glo. Dit beïnvloed ook die mens se toekoms, verduidelik Bellini: *"God has created the mind as the cognitive processor of the human soul."* Indien 'n persoon beskik oor gesonde denkpatrone sal hul meer in kontak wees met die realiteit en God daarin kan raaksien (Bellini, 2014:20).

Bellini (2014:13) verduidelik dat denke gegrond moet wees in waarheid. Hierdie tipe denke kan bydra tot gesonde en produktiewe gedrag. Waarheidsterapie streef daarna om vaardighede van onderskeidingsvermoë te ontwikkel wat onrealistiese en onbybelse denke identifiseer. Dit is daarom van kardinale belang om die Woord as die grondslag te gebruik en om 'n intieme kennis van God te hê (Bellini, 2014:13).

Vernuwing is holisties (Bellini, 2014:15). Sy waarheidsterapie betrek die psigologie deur 'n kognitiewe gedragsmodel van transformasie te gebruik. Hierdie model is sleg bydraend tot sy studie, die Woord van God en leiding van die Heilige Gees geniet steeds die hooffokus.

Kognitiewe gedragsterapie[11] (KGT) is 'n terapeutiese benadering wat fokus op die verhouding tussen individuele denkpatrone, emosies en gedrag (Bellini, 2014:15). Dit is 'n samesmelting van twee tipes terapie naamlik kognitiewe terapie en gedragsterapie. Die doel van KGT is om negatiewe of ongesonde denkpatrone te identifiseer en te verander, met die uiteindelike doel om positiewe veranderinge in emosies en gedrag te bewerkstellig. Bellini (2014:15) verduidelik dat hierdie terapie maak gebruik van verskeie tegnieke om kliënte te help om hul denke te herstruktureer om daardeur meer gesonde en florerende gedrag te ontwikkel.

Bellini (2014:15) verduidelik dat die enigste verskil tussen KGT en sy waarheidsteorie is dat hy Christelike beginsels betrek. Alhoewel dit steeds belangrik is om die uniekheid van sy waarheidsteorie te beklemtoon (Bellini, 2014:15). Anders as KGT vind waarheidsteorie sy oorsprong in Christelike waarhede waarvan verlossing in Christus die fondasie vorm (Bellini, 2014:15). Hy verduidelik verder dat ewige verlossing nie gevind kan word in medikasie, sielkunde of gedragsverandering nie en dat gedragsverandering eerder die produk van verlossing is. Hy rond sy beklemtoning van die uniekheid van waarheidsteorie af deur te noem dat dié teorie berus op die werk van die Heilige Gees (Bellini, 2014:15).

Bellini (2014:15) verduidelik waarom hy KGT betrek in sy waarheidsteorie. Hy noem dat KGT nie verlossing bewerkstellig nie, maar eerder bydra tot die proses van verandering ná verlossing. Bellini (2014:15) maak 'n gelykstelling tussen die proses van KGT en waarheidsteorie*: "both CBT and the Holy Spirit work within the same context of human cognition and behavior."*

KGT bied 'n insiggewende begrip van die mens se denke en optrede (Bellini, 2014:15). Dit maak die persoon bewus van hul alledaagse denkpatrone en hoe positief of negatief daardie patrone is. Dit dien as 'n model van verandering en is dus van belang vir dié studie. KGT ondersoek ook die mens vanuit 'n holistiese perspektief, wat dit 'n nuttige bydrae maak tot die navorsing. Nes die holistiese aanslag van KGT, werk die Heilige Gees ook met elke aspek van die mens.. God vernuwe die mens deur die transformasie van gedagtes, wat die manier waarop uitdagings gesien word, beïnvloed. Hierdie verandering het 'n direkte

[11] Die "National Health and Mental Institute beskryf KGT as volg: "Kognitiewe Gedragsterapie (KGT) is 'n psigoterapeutiese benadering wat mense help om die vernietigende of skadelike denkpatrone te identifiseer wat 'n negatiewe invloed het op hul gedrag en emosies. Nadat hierdie denkpatrone geïdentifiseer is, word hulle aangespreek en verander. Hierdie proses behels die identifisering van onaangepaste denkpatrone, emosionele reaksies, of gedrag, en die vervanging daarvan met meer gesonde patrone. Die fokus van kognitiewe gedragsterapie is die verandering van die outomatiese negatiewe gedagtes wat bydra tot emosionele probleme, depressie en angs. Hierdie negatiewe gedagtes het ook 'n nadelige invloed op ons humeur. Deur KGT word foutiewe gedagtes geïdentifiseer, uitgedaag en vervang met meer objektiewe, realistiese gedagtes."

invloed op die gemoed en gedrag. Deur die proses van heiligmaking ontdek 'n individu hul identiteit in God. Om in God geanker te wees, vereis ’n verandering in perspektief—’n skuif van oppervlakkige, aardse dinge na ’n fokus op God en Sy wil vir die lewe. Hierdie nuwe perspektief spreek van hoop en menslike vooruitgang. Dit gaan verder as om bloot net van siening te verander (Charry, 2004a:19), dit behels ’n totale transformasie van die mens in totaliteit. Nuwe denkwyse, nuwe manier van doen en optree. Dit is om God te ken en te leef soos dit Sy wil is. Dit is om ’n nuwe fondasie op God se ewigheid te bou. ’n Soliede en stabiele fondasie wat alle “storms” sal oorleef. Eers wanneer mense hul afhanklikheid van God en Sy genade erken, kan die proses van vernuwing plaasvind (Charry, 2004a:20).

Bellini (2014:17) verduidelik verder dat KGT ook die vernuwing van denke en gedrag insluit, maar dit vanuit 'n sosiale wetenskaplike perspektief bestudeer. ’n Belangrike punt wat KGT ondersoek, is dat menslike denke verander kan word om ’n meer gesonde funksionering te bevorder, selfs al verander die omstandighede nie (Bellini, 2014:17). Die proses van KGT behels die identifisering van destruktiewe denke oor die self, die wêreld en die toekoms. Hierdie denke dra by tot depressie en angs (Bellini, 2014:17). Daarna word die individu gelei om hierdie denke te verander om die fokus te verskuif na hoop. Wanneer daar ’n gevoel van hoop ontstaan, kan verandering begin plaasvind.

*“A thought-life that is controlled by irrational and distorted ideas and perceptions can create worry, fear, depression, anxiety, and other self-destructive patterns. A thought-life that is reality based, objective, flexible and hope filled can create feelings of peace, security, confidence, and joy.”* (Bellini, 2014:17).

Bellini (2014:19) noem dat dit wetenskaplik bewys is dat as destruktiewe denke identifiseer kan word en vervang kan word met meer realistiese en hoopvol denke, dit kan bydra tot die effektiewe behandeling van depressie, angs, gedragsversteurings, verslawings en selfs kroniese moegheid. Hy brei uit deur te verduidelik dat waarheidsterapie die nodige metodes en hulpbronne (leiding) bied om hierdie destruktiewe gedagtes te verander. Dit is belangrik om die konneksie tussen die werk van waarheidsterapie en die bevel van Romeine 12:2 regdeur die verduideliking in gedagte te hou. 2 Korintiërs 10:5 sluit ook by die bogenoemde ooreenkoms aan*:* "Ons vernietig redes en elke hoogmoed wat teen die kennis van God opkom, en ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak."

Waarheidsterapie fokus ook op onwillekeurige denke of soos Bellini dit noem *“pop up thoughts”.* Hy verduidelik dat dié denke nie bloot ewekansig is nie, maar vanuit die hart vloei. Hy maak dus ’n konneksie tussen onwillekeurige denke en Matteus 12:33:

> ’n Boom word aan sy vrugte geken. ’n Goeie boom kan nie anders as om goeie vrugte te dra nie. En ’n slegte boom kan nie anders as om slegte vrugte te dra nie. Julle nes van adders! Julle is sleg. Daarom is dit vir julle onmoontlik om goeie dinge te praat. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Bellini (2014:19) ag dit belangrik om te noem dat waarheidsterapie nie oppervlakkig is en bloot "mind over matter" aanmoedig nie. Die ondersoek van gedagtes en die motiewe agter hierdie gedagtes, naamlik die intensies, is 'n deurlopende proses van selfrefleksie. Dit help om nie net die gedagtes self te verstaan nie, maar ook die onderliggende redes vir daardie gedagtes. Dit kan lei tot 'n dieper begrip van die eie innerlike wêreld, wat uiteindelik die geestelike groei en transformasie bevorder, omdat dit die individu in staat stel om in lyn met God se wil te leef. Hy verwys hier na Hebreërs 4:12 wat praat oor die bedoelings en gedagtes van die hart. Gedagtes ontstaan vanuit die hart van die Gees (Bellini, 2014:19). Bellini verduidelik dat ons hart nie net ons gedagtes rig nie, maar ook die diepste begeertes, hoop en oortuigings wat ons in die lewe dra. Dit is in die hart waar die werklike motiewe van die menslike gees gesetel is. Hierdie innerlike oortuigings en begeertes het 'n direkte invloed op hoe 'n individu die wêreld rondom hom beskou en hoe hy of sy optree. As die hart in harmonie is met God se wil, sal die gedagtes en aksies natuurlik ook reflekteer wat God vir die persoon beplan het: *"These functions of the heart correlate to the theological virtues of faith, hope and love."* (Bellini, 2014:19). Die hart bepaal wat 'n individu glo en waarvoor daar gehoop word. Die diepste begeertes en oortuigings vorm die grondslag van denke en aksies, wat beïnvloed hoe doelwitte gestel word en wat as betekenisvol en waardevol beskou word. Wanneer die hart gerig is op God en Sy wil, is geloof en hoop in Sy beloftes gewortel, wat aan die lewe 'n duidelike doel en rigting gee (Bellini, 2014:19). Volgens Bellini (2014:19) dien geloof, hoop en liefde as fundamentele elemente wat die mens se denke bepaal en rig, dus is die hart en verstand verbind. Bellini maak daardeur dus die wisselwerkende konneksie tussen waarheidsterapie en geloof. Hy verduidelik dat gedrag, denke en motiewe 'n wisselwerkende rol opmekaar uitoefen. Bellini se waarheidsteorie erken dat daar misleiding in denke kan voorkom en streef daarna om dit reg te stel deur dit te vervang met waarhede. Dit poog om die hart te vernuwe, geloofstelsel van 'n persoon reg te stel en te verander deur die verwerping van onskriftuurlike oortuigings, motiewe en gedrag (Bellini, 2014:19). Dit poog om dit te verander deur die aanneming van toepaslike, Bybelse oortuigings deur tot God te nader, Sy verlossing te aanvaar en deur die proses van heiligmaking te gaan. Vernuwing van denke kan 'n direkte, positiewe invloed hê op die mens se algehele welstand (Bellini, 2014:20).

Samevattend is Bellini se waarheidsteorie 'n geestelike benadering wat die idee van KGT benut, sowel as die krag van die Heilige Gees en die Woord van God. Die doel is om individue vry te maak van sonde en destruktiewe gedrag deur denke te vernuwe met die waarheid van God se beloftes, soos dit in Romeine 12:2 uitgedruk word. Dit bemagtig 'n mens om God en ander lief te hê met 'n volmaakte, Christus-geïnspireerde liefde (Bellini, 2014:20).

### 4.2.8 Die rol van neuroplastisiteit op vernuwing

Sielkunde plaas steeds aansienlike klem op kognitiewe prosesse, maar hierdie perspektief word aangevul deur 'n ander paradigmaskuif binne die neurologie, naamlik neuroplastisiteit. Binne hierdie raamwerk word baie aandag bestee aan die verkenning van die oorlewing- en hanteringsmeganismes wat verband hou met hoop (Scioli, 2020:149).

Neuroplastisiteit, ook bekend as breinplastisiteit, verwys na die vermoë van die brein om te verander en aan te pas deur nuwe verbindinge te vorm tussen neurone (Bellini, 2014:20). Dié teorie[12] werk met die veronderstelling dat die mens se brein se bestaande neuropaaie kan verander deur denkpatrone te vernuwe (Bellini, 2014:20). Bingaman (2014:1) noem ook dat die brein gemaak is om gedurig te verander (in struktuur asook funksie). Dit beteken dat die bewustheid[13] van denke en kontemplatiewe geestelike praktyke[14] die vermoë het om negatiewe gedagtes te neutraliseer of te balanseer (Bingaman, 2014:1). Dit beteken dat die persoon met opset stil raak en bewus word van 'n negatiewe gedagte wat gereeld herhaal word. Sodra dié gedagte geïdentifiseer is, word dit vervang met 'n positiewe, skrifgebaseerde waarheid. Dit sluit aan by 2 Korintiërs 10:5[15] waar Paulus die gelowige aanmoedig om elke gedagte in lyn te bring met dit wat God eer. Bingaman (2014:1) verduidelik dat dit sal lei tot 'n afname in vrees en angs. Deur hierdie vreesgevulde gedagtes te identifiseer en te vervang met God se waarhede wat hoop bring, sal dit die pastorant in staat stel om uitdagings vanuit 'n hoopvolle perspektief te benader.

Dit is nie alleenlik deur "anders dink" dat vernuwing kan plaasvind nie, dit het ook te make met die aanleer van nuwe gedrag en denke en die uitoefening daarvan (Bellini, 2014:20). Die brein kan deur vernuwing van denke, leer, en optrede self herskik word, wat lei tot die skep van nuwe motoriese paaie (Bellini, 2014:20). Bellini (2014:20) lê klem op die feit dat God mense so geskape het dat hulle in staat is om te groei en vernuwe: *"God has designed the brain with such resilience and flexibility that it can learn to bypass its own impediments and create new ways to solve its own problems."*

Bellini verduidelik neuroplastisiteit in 'n Christelike konteks. Hy noem dat deur waarheidsgebaseerde denke—denke wat op God se Woord gerig is binne 'n geestelike konteks—die Heilige Gees mense vorm om soos Christus te dink (Bellini, 2014:20). Bellini (2014:20) verduidelik die proses van waarheidsgebaseerde denke as volg: Eerstens word die brein gevorm en hervorm deur die mens se denkpatrone. Volgende, denkpatrone vorm die neurale strukture en motoriese paaie van die brein, wat

---

12 Bellini (2014:20) gebruik die werk van Norman Doidge om neuroplastisiteit te definieer: "The theory is that the structure of the brain is 'plastic' or malleable, changeable. Brain anatomy is not static, fixed, or permanent. Thinking, learning, and acting can turn our genes off, thus shaping our brain anatomy and our behavior."

13 *"Mindfulness"* beteken "bewustheid" of "bedagsaamheid." Dit verwys na 'n toestand van bewustheid waarin 'n persoon doelbewus aandag skenk aan die huidige oomblik, met begrip van hul gedagtes, gevoelens, sensasies en huidige omgewing (Bingaman, 2014:1).

14 Kontemplatiewe geestelike praktyke verwys na aktiwiteite of oefeninge wat ontwerp is om innerlike stilte, refleksie, en 'n bewustheid van die spirituele dimensie van die lewe te bevorder. Dit sluit dikwels meditasie, gebed, kontemplasie, en refleksie in, met die doel om 'n dieper verbinding met die Goddelike of die geestelike te bewerkstellig. Hierdie praktyke fokus op die bevordering van 'n rustige gemoedstoestand en 'n groter bewustheid van die goddelike teenwoordigheid in die alledaagse lewe (Bingaman, 2014:1).

15 2 Korintiërs 10:4-5: "Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redinasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan God gehoorsaam te maak."

gedrag beïnvloed. Die vrylating van chemikalieë[16] in die brein vorm die mens se emosionele toestand en het 'n direkte invloed op die senuweestelsel, immuunstelsel en kardiovaskulêre stelsel. As gevolg van dié impak van denke op die persoon in totaliteit, kan positiewe denke dus 'n gesonde en florerende lewe bevorder, terwyl negatiewe denke tot mismoedigheid en stagnasie kan lei (Bellini, 2014:20).

Bellini (2014:21) verduidelik verder dat toksiese, destruktiewe, stresbelaaide denke abnormale hoeveelhede van die streshormoon, kortisol vrylaat wat skadelik kan wees vir jou gesondheid. 'n Oormaat van die afskeiding oor 'n lang tydperk beïnvloed 'n mens se immuunstelsel, geheue, gewig, bloeddruk sowel as jou geestesgesondheid. Fisiese gesondheid hang grootliks af van geestesgesondheid en andersom (Bellini, 2014:21). Net soos dit belangrik is om na jou liggaamlike gesondheid om te sien deur doeltreffende oefening, gesonde dieet en voldoende rus, is dit ook noodsaaklik om aandag te skenk aan jou geestesgesondheid deur gesonde en opbouende denke, refleksie en gereelde selfondersoek wat gekoppel word aan waarhede (Bellini, 2014:21). Die versorging van gesonde denkpatrone maak deel uit van florerende bestuur oor selfsorg en algehele welsyn (Bellini, 2014:21).

Bellini (2014:21) beklemtoon die noodsaaklikheid van versigtigheid met betrekking tot die rigting van gedagtes. Dit sluit aan by Spreuke 4:23-27, waar God waarsku om waaksaam te wees oor wat in die hart aangaan, aangesien dit die hele lewe beïnvloed. Die proses begin deur destruktiewe, toksiese denke te vervang met geestelike waarhede. Bellini (2014:21) verduidelik verder dat hierdie beginsel van besondere belang is, aangesien dit die beskouing van God vorm.

Bellini (2014:21) wys daarop dat die fokus op een gedagte op 'n slag 'n effektiewe manier is om denke positief te beïnvloed. Deur gedagtes op hoop te vestig, ontwikkel die vermoë om selfs uitdagende omstandighede met 'n positiewe gesindheid te benader. Namate nuwe denkpatrone doelbewus gevorm word, speel die korrelering van denke met die Woord van God 'n sleutelrol in hierdie proses (Bellini, 2014:22).

'n Depressiewe gemoed, volgens Bellini (2014:22), kan die produk wees van jare se negatiewe, onskriftuurlik, angstige, irrasionele en onrealistiese denke. Hierdie destruktiewe negatiwiteit, wat in die denke teenwoordig is, beïnvloed en vorm oor 'n lang tydperk identiteit en perspektief op die lewe. Dit beïnvloed en bepaal ook 'n mens se besluite (Bellini, 2014:22). 'n Mens het die mag om jouself "siek" te dink. Dit ontstaan wanneer 'n mens nie die nodige vaardighede aangeleer het om uitdagings, negatiewe denke en emosies te verwerk of te oorkom nie (Bellini, 2014:22). Só 'n mens se geestesgesondheid word gekenmerk deur 'n gevoel van waardeloosheid, hulpeloosheid, hopeloosheid, verwerping en 'n lae selfbeeld (Bellini, 2014:22). Dié manier van dink getuig van geen hoop of uitkoms nie.

[16] Die stowwe wat in ons brein vrygestel word wat ons emosionele en fisiologiese funksies beïnvloed (Bingaman, 2014:14).

Omstandighede kan nie altyd verander of beheer word nie. Tog is daar 'n mate van beheer oor besluite, denke en reaksies. Transformasie vind plaas wanneer die vryheid en verantwoordelikheid besef word om te kies tussen waarheid en leuens, en tussen dit wat versterk of afbreek (Bellini, 2014:41). Wanneer vreesgevulde denke nagestreef word, sal dit lei tot 'n lewe gevul met vrees. Selfsugtige denke sal selfsugtige optrede tot gevolg hê (Bellini, 2014:41). Deur op God se waarhede te mediteer, word Sy beloftes ervaar. God het genade en vryheid gegee om weg te draai van leuens, sonde en destruktiewe denke en die waarheid te aanvaar.

## 4.3 SAMEVATTING

Die konsep van menslike gesondheid beklemtoon dat ware heling meer as net fisiese herstel behels; dit is ’n holistiese proses van restorasie en transformasie. Hierdie pad na heelheid vereis die ontwikkeling van ’n nuwe identiteit in God, die aanleer van gesonde hanteringsmeganismes, en die vorming van ’n toepaslike beeld van God wat betekenis en rigting aan die lewe gee.

As gevolg van verlossing is hoop moontlik. Verlossing maak 'n nuwe lewe saam met God moontlik—'n lewe waarna uitgesien kan word in die toekoms (in die nuwe Jerusalem), maar ook 'n lewe hier op aarde. Hierdie nuwe lewe bring hoop omdat daar sekerheid is dat God redding gee en in beheer is. Hoop bring ook vertroue—vertroue dat God 'n uitweg sal gee, dat groei moontlik is en dat heling sal plaasvind. Verlossing en vrede bring heelheid, florering en seën in alle aspekte van die lewe. Dit beteken nie net vergifnis van sondes nie, maar ook herstel, volheid en die oorvloedige lewe wat God beoog het. Dit bied hoop en verandering.

Daar kan dus afgelei word dat hoop (wat eerstens deur verlossing bewerkstellig is) vele implikasies tot gevolg het: ’n herstelde verhouding met God, ’n nuwe identiteit in God, spirituele florering en heling, geluk en die vrymaak van die band van negatiewe denke. ’n Lewe saam met God bevorder geluk, selfs tydens lyding. Dit maak menslike vooruitgang en florering moontlik en bied hoop in ’n uitsiglose toekoms.

Wanneer die pastorant die verlossing van God aanvaar en 'n verhouding met God betree, ontstaan daar hoop. Hierdie hoop kweek 'n nuwe perspektief op die lewe en uitdagings. Dit verander die gedrag, denke, begeertes, en prioriteite van die persoon. Hoop verander ook die verhouding met God en skep 'n nuwe identiteit. Dit lei tot spirituele groei en bring geluk. Verder veroorsaak hoop holistiese vernuwing.

Wanneer ’n mens hoop het, vind heling plaas. Heling dui op genesing van menswees. Dit verwys na nuwe denkpatrone en ’n positiewe houding teenoor die lewe. Mense word daarom in die proses van spirituele heling begelei om die groter prentjie van hulle lewe te sien. Louw (2014c:48) verduidelik heelheid en ’n holistiese benadering as volg: “Terwyl heelheid na die helende dimensie van interverweeftheid verwys, verwys die “hole” in ’n holistiese benadering na die verskillende dele as verwant en verbind tot die prent en netwerk in sy geheel; tot die volledige eenheid in al sy dimensies en funksies”.

Spirituele heling verander die pastorant se denkpatroon na een van positiwiteit. Dit leer die mens om met hoop te leef. Spirituele heling is ’n nuwe gesindheid, houding en manier van leef met vrede. Dit verskuif gevoelens van skuld en sonde na dié van bevryding, redding en hoop. Gesondheid is te vinde wanneer daar ’n bron van geloof is wat die mens bemagtig om met hoop te leef. Geloof bied die fondament vir hoop, en dit is deur hierdie geloof dat ’n mens die krag en die moed kry om op God te vertrou, selfs in uitdagende tye.

Dit is dus duidelik vanuit die hoofstuk dat om spiritueel te verdiep, ’n belangrike stap is in die pastorale proses van vernuwing. Dit is belangrik sodat die pastorant ’n nuwe identiteit in Christus kan vorm om sodoende oor goeie geloofsinhoude te beskik wat hom/haar sal help wanneer hy/sy moeilike eksistensiële krisisse in die lewe ervaar. Wat pastorale sorg uniek maak, is dat dit spesifiek op Christelike spiritualiteit fokus. Dit neem ‘n omvattende benadering tot menslike heelheid van die perspektief van Christelike spiritualiteit. Dit is duidelik dat om spiritueel te kan ontwikkel dit nodig is om God te leer ken en om in verhouding met God te tree. Daarom is dit belangrik om die Woord van God te raadpleeg om sodoende te verstaan wie God is en hoe Hy die mens sien. Die Bybel onthul nie net God se karakter nie, maar ook die identiteit wat Hy aan gelowiges gee. Dit is die basis van die verhouding wat met Hom gebou word.

’n Toepaslike en groeiende kennis van God is noodsaaklik vir karakterontwikkeling, geloofsverryking en spirituele florering. Hierdie florering word gekenmerk deur ’n lewe waarin God sentraal staan en waar die individu gegrond is in die kennis en krag van God. Vanuit ’n pastorale perspektief beklemtoon dit die belangrikheid van ’n korrekte beeld van God as riglyn vir pastorale sorg. Die proses van vernuwing sluit ook egte sondebelydenis in, wat nie net berou vereis nie, maar ook ’n bereidwilligheid om die gevolge daarvan te hanteer en daaruit te leer asook groei. Hierdie proses lei tot ’n dieper verhouding met God en dra by tot holistiese en ’n nuwe identiteit gevestig in God.

’n Verdere afleiding wat gemaak kan word is dat hoop geluk bewerkstellig. Geluk gaan oor meer as bloot net “happy” wees. Charry maak dit duidelik dat geluk diep geanker moet word in God. Ware geluk is nie oppervlakkig nie, dit kan nie in aardse tydelikhede gevind word nie. Geluk is slegs moontlik in die konstantheid van God. God as onveranderlike bron van geluk is al wat die mens kan dra in swaartye en hoop bied aan mismoediges. Die dae op aarde moet nie deur tydelike sorge ontmoedig word nie. Daar sal tye van swaarkry wees, maar God se verlossingskrag is groter as die pyn: Psalm 34:18 20 getuig: “As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede. Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.”

Binne die transformasionele visie van hoop, is vernuwing gegrond in die wysheid van God, en om vreugde te vind deur te verander (floreer). Vernuwing is holisties van aard, daarom is dit belangrik om te verstaan dat elke aspek van die persoon genees word, siel en gees, emosioneel, verstandelik, fisies en sosiaal. Die mens bestaan nie net uit liggaam nie, maar ook siel en gees, dus ’n persoon in geheel. God gee om vir die volle

bestaan van die mens: hart, siel, verstand en fisieke wese. Christelike geloof vier nie net die menslike lewe nie, maar poog om persone te transformeer deur die genade van God in Jesus Christus. Transformasie, beteken om te groei in die wysheid van goddelike liefde en om die proses van florering te geniet. Geloof vorm of verander die mens - die mens se denke, gevoelens, aksies. Hoop as vernuwing word waargeneem in heling, gesond word, groei in ware geluk en om genot in die lewe te ervaar. Dit word uitgebeeld/waargeneem in gesondwording, geluk en welvaart- om te groei in ware geluk.

Verandering is holisties. Dit behels die vernuwing van denke en uiteindelik gedrag: *"The Christian faith is practical and is to be applied to every area of life. God wants to inhabit every fiber of our being."* (Bellini, 2014:32). Soos dit staan in Kolossense 3:8: "Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God."

'n Essensiële praktyk om denke te vernuwe en 'n florerende lewe te lei, is om in God se Woord te verdiep. Die mens is geroep om God se Woord te hoor en daaraan gehoorsaam te wees. Geloof ontstaan en groei deur die kennis van God se Woord. Die stem van God is vol lewe en bring vernuwing. Die saad van geloof is in die Woord van God, en wat gehoor word, sal vrugte dra. Deur te luister na God se Woord, bring dit openbaring, geloof en regverdigmaking voort.

Denke wat liefde, vreugde, vrede, geduld, sagmoedigheid, goedheid, getrouheid en selfbeheersing voortbring, is van God afkomstig en verdien om aktief oor nagedink en gefokus te word. Dit is God se wil dat die mens se denke gesond en vol waarheid is. Die mens ontvang 'n gesonde verstand deur geloof.

Vir die hedendaagse pastoraat is hoop as 'n teologiese konsep dan verder een wat vernuwing kan bied op elke vlak van sy/haar menswees: emosioneel, kognitief, geestelik asook in gedrag. Dit kan dus die ervaringe van die pastorant vernuwe deur positiewe perspektiewe op uitdagings. In die volgende hoofstuk word daar gekyk na die pragmatiese taak. Dit dui die implikasies van die hoofstuk aan en behels die formulering van 'n teoretiese pastorale raamwerk aan die hand van hoop as 'n teologiese konsep.

# Hoofstuk 5

# ‘n Pastorale raamwerk vir hoop as teologiese konsep

## 5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk sal 'n pastorale raamwerk ontwerp, met 'n spesifieke fokus op hoe hoop, en die implikasies daarvan, holistiese vernuwing beïnvloed, om sodoende 'n transformerende impak te hê op die mens se denke en uiteindelik die mens in totaliteit. Die primêre doelwit is om teologiese insigte oor hoop in pastorale praktyke te integreer om vernuwing te motiveer. Die term "pastorale raamwerk" verwys na die manier waarop geestelike versorging en begeleiding gedoen word vanuit 'n teologiese en pastorale perspektief (Breed, 2013:4). Volgens Breed (2013:4) is dit gefokus op mense se holistiese welsyn, wat hul fisiese, emosionele en geestelike welsyn insluit.

Daar word ondersoek ingestel na hoe die teologiese aard van ‘n pastorale bydrae, binne die raamwerk van ‘n teologies-interdissiplinêre benadering, vernuwing bevorder en rig deur middel van die teologiese konsep van hoop. Dit is die doel van Hoofstuk 5. Dit sluit aan by die vierde pragmatiese taak van Osmer, wat daarop gemik is om riglyne vir praktiese implementering binne 'n pastorale konteks te ontwikkel:

Die vierde taak, die strategies-teoretiese of pragmatiese taak, vra: “Wat moet verander?” (Osmer, 2008:10-11). Binne hierdie taak word daar ’n strategie beplan wat die probleem kan aanspreek, in die geval van hierdie studie, om ’n teoretiese pastorale raamwerk te formuleer van hoe hoop, as teologiese konsep, gebruik kan word tydens die genesingsproses om daardeur groei en vernuwing te bevorder. Hierdie taak sal deur middel van ‘n sintese van die bevindinge van vorige hoofstukke aangepak word.

Wanneer dit by pastorale handelinge en beplanning kom, sal die volgende vraag beantwoord word: Hoe kan die teologiese karakter van ’n pastorale bydrae in die konteks van ’n teologies-interdissiplinêre benadering tot geestelike groei en vernuwing aan die hand van die teologiese konsep van hoop gemotiveer en gerig word? Soos in Romeine 12:2 gesê word: "Laat julle verander deur die vernuwing van julle denke," sal hierdie opdrag die basis vorm vir die ondersoek van hoe pastorale sorg die pastorant kan help om te vernuwe. Die gevolge hiervan sal ondersoek word, met 'n spesifieke klem op hoe hierdie vernuwing van denke 'n transformerende rol kan speel in die proses van individue se algehele genesing asook geloofspad en hoe pastorale begeleiding mense kan help om geestelik te groei.

## 5.2 PASTORALE RAAMWERK VIR HOOP EN VERNUWING

In die studie is ’n gefokusde area van pastorale sorg, namens hoopsorg beklemtoon binne ’n hedendaagse pastorale konteks. Hedendaagse pastoraat funksioneer met ‘n holistiese en sistemiese gerigtheid en volgens ‘n span benadering in die interdissiplinêre veld van menslike- en geestelike gesondheid (Louw,

2015:20). In hierdie dinamiese konteks van hulpverlening val die fokus op die bydrae van hoop as teologiese konsep vir hedendaagse pastoraat. In ooreenstemming met 'n kontekstuele verstaan van hedendaagse pastoraat, is daar in hierdie studie ondersoek ingestel na wat die bydrae van hoop as pastorale hulpmiddel binne hedendaagse pastoraat kan motiveer en rig. Die besluit is geneem om die konsep van hoop vanuit 'n teologiese perspektief te verken, met spesifieke fokus op eskatologie. Hierdie hoop word in dialoog gebring met die idee van kognitiewe vernuwing, wat uiteindelik lei tot holistiese vernuwing. Die navorsing verbind die velde van Sistematiese Teologie, veral eskatologie, en Praktiese Teologie. Hierdie interdissiplinêre teologiese benadering poog om beide die toekomstige hoop en huidige vernuwing te ondersoek en hul implikasies vir transformasie en geestelike groei te verstaan. Hierdie studie werk met die aanname dat die teologiese konsep van hoop die teologiese begronding van hedendaagse pastoraat kan informeer wanneer daar op 'n genuanseerde wyse oor die rol van hoop op vernuwing gedink word.

Hierdie pastorale raamwerk is ontwikkel met die doel om geestelike groei, kognitiewe- en uiteindelik holistiese vernuwing te bevorder deur die gebruik van die teologiese konsepte van hoop. Die raamwerk is gefokus op 'n interdissiplinêre benadering wat kognitiewe vernuwing, emosionele genesing en spirituele florering bevorder, binne 'n holistiese konteks van hedendaagse pastorale sorg.

Strong (2007:1) is van mening dat verandering noodsaaklik is vir groei, veral vir die gelowige. In 2 Korintiërs 5:17 sê Paulus: "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping. Die oue is verby, die nuwe het gekom!" Hierdie vers moedig gelowiges aan om die ou lewe, wat gekenmerk is deur sonde en gebrokenheid, agter te laat en die nuwe lewe in Christus na te jaag. Dit herinner die mens dat geloof in Christus transformasie, 'n nuwe identiteit en hoop bring (Strong, 2007:1). Hierdie uitnodiging tot vernuwing roep die mens om die seën van verlossing en geestelike groei te aanvaar en met vrymoedigheid 'n nuwe, hoopvolle toekoms te visualiseer. [17]Filippense 4:8 ondersteun die noodsaaklike verandering wat in 2 Korintiërs 5:17 genoem word deur gelowiges aan te moedig om hul gedagtes te rig op dit wat goed en lofwaardig is. Hierdie vers herinner gelowiges aan die krag van hul denke en hoe belangrik dit is om positiewe en opbouende idees in hul gedagtes te plaas. Gelowiges het die vermoë om hul lewens te verander deur bewustelik te fokus op wat goed en regverdig is, sowel as op God se waarhede. Op hierdie manier kan hulle die transformasie en vernuwing wat God in hulle werk, sigbaar maak (Strong, 2007:1). Dit sluit aan by die idee dat gedagtes verandering begin, wat lei tot 'n nuwe en hoopvolle manier van lewe.

Strong (2007:1) is van mening dat wanneer 'n gelowige se denke vernuwe word, sal sy/haar hele lewe getransformeer word. Die gelowige se perspektief verander soos sy/haar gedagtes meer in lyn kom met God se wil. Hierdie transformasie het 'n impak op elke aspek van sy/haar lewe. Strong (2007:1) verduidelik dat innerlike verandering lei tot nuwe houdings, optrede en keuses. Dit lei tot 'n lewe wat Christus se karakter

[17] Filippense 4:8: "Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenwaardig is- watter deug of loofwaardige saak daar ook mag wees- daarop moet julle julle gedagtes rig.

weerspieël. Dus, 'n verandering in denke is die basis vir voortdurende geestelike groei en florerende transformasie. Dit laat 'n gelowige leef volgens God se wil. Die enigste manier waarop die gelowige kan voortbeweeg en groei, is om te verander (Strong, 2007:1). Verandering is noodsaaklik vir ontwikkeling, beide geestelik en persoonlik. Dit is deur die proses van verandering dat nuwe perspektiewe aangeneem word, denke vernuwe word en 'n dieper begrip van self en geloof verkry word. Sonder verandering bly 'n mens vasgevang in ou patrone en gewoontes wat verhinder om die volheid van die lewe te ervaar soos God dit bedoel het. Soos die Skrif aanmoedig om die ou dinge agter te laat, word elke individu geroep tot 'n nuwe lewe van groei en transformasie (Strong, 2007:1).

Volgens Strong (2007:1) is 'n groot rede vir emosionele en geestelike probleme gebrekkige denke. Angs, wanhoop en selfs depressie kan as gevolg van hierdie verkeerde denkpatrone ontstaan (Strong, 2007:2). Dit is dus noodsaaklik dat die mens se gedagtes daagliks vernuwe word deur God se waarheid, soos Paulus in Filippense 4:8 noem, deur aandag te gee aan wat reg, suiwer en lofwaardig is.

Jesaja 26:3 beloof vrede aan dié wie se gedagtes standvastig op God gefokus is, en Kolossense 3:2 daag individue uit om hul gedagtes te rig op "die dinge daarbo." Hierdie Skrifgedeeltes moedig gelowiges aan om denke te anker in God en Sy hemelse werklikhede, wat lei tot innerlike vrede en 'n lewe van geestelike groei. Strong (2007:3) stel dat deur die fokus op God en Sy waarheid te behou, 'n mens die vrede kan ervaar wat alle verstand te bowe gaan en deur uitdagings heen steeds hoop en vreugde kan vind.

Strong (2007:17) ondersoek die werk van Nadia en Louw. Strong noem dat volgens Louw en Nadia (1988b:507) beteken die Griekse term vir *'conform'* om gedrag te vorm volgens 'n spesifieke patroon of stel standaarde. Gevolglik beteken die stelling: "Moet nie jou gedrag volgens die standaarde van hierdie wêreld vorm nie." Dit verwys na die element van verandering, naamlik om jou lewenswyse en perspektiewe te verander (Strong, 2007:17). Hierdie motiveer individue om hul lewens te verander deur die beginsels van God en sy Woord te volg, eerder as om aan die wêreld se standaarde te voldoen.

Die lewe en optrede van 'n gelowige behoort te verskil van dié van mense in die wêreld. Hierdie verskil dui op 'n nuwe identiteit in Christus, wat gelowiges inspireer om in die wêreld teenwoordig te wees, maar nie daarvan deel te wees nie (Strong, 2007:17). Dit impliseer dat gedrag, prioriteite en waardes gebaseer moet wees op geloof, en dat 'n lewe gelei moet word op 'n manier wat God se liefde en waarheid weerspieël. Strong (2007:17) verduidelik verder dat 'n positiewe impak op ander gemaak kan word en 'n voorbeeld van hoop en genade gestel kan word deur gedagtes en dade te transformeer.

Om dié nuwe manier van dink aan te leer, is dit nodig om diep in God gewortel te wees en Sy verlossing ten volle te aanvaar (Charry, 2004a:20). Dit maak dit moontlik om identiteit in Hom te vorm en hoop in God te vind. Wanneer denke gerig word op wie 'n mens in Christus is en op Sy waarhede,

verander die hele lewensuitkyk. Hierdie proses van denke vernuwing en die aanvaarding van God se verlossing maak dit moontlik om met hoop en nuwe betekenis te leef.

Die idee van neuroplastisiteit, wat beteken dat die brein in staat is om nuwe denkpatrone te skep, kan in 'n pastorale raamwerk gebruik word om pastorante te help om hul denke op Skrifgebaseerde waarhede oor hoop en verlossing te rig (Bellini, 2014:19). Romeine 12:2 beklemtoon die noodsaaklikheid van die vernuwing van denke. Versorgers kan dit toepas deur hulle te leer om negatiewe gedagtes met God se waarhede te vervang en drome vir hul toekoms in Christus te visualiseer. Hierdie raamwerk bevorder die sistematiese hervorming van gedagtes deur kognitiewe oefeninge soos die memorisering van die Skrif en gereelde refleksie op geestelike groei. Dit help pastorante om 'n positiewe, hoopvolle perspektief te ontwikkel wat gebaseer is op Christus se waarhede oor verlossing en transformasie.

Die proses van transformasie is 'n noodsaaklike komponent van florering, volgens Charry (2004b:294). Hierdie transformasie bring hoop omdat dit die moontlikheid van groei en verandering bevestig en toon dat die krag van God werklik in staat is om 'n mens sterker te maak (Filippense 4:13). Jesus Christus word beskou as die lig in duisternis (Johannes 1:5) en dien as 'n gids op die pad na geestelike gesondheid. Hy is die beeld van die Vader wat dit moontlik maak om heel te word.

### 5.2.1 Die invloed van hoop en verlossing op vernuwing

Die doel van hierdie raamwerk is om versorgers te bemagtig om hoop te gebruik as 'n belangrike deel van pastorale sorg. Hoop is diep gewortel in die teologiese konsep van verlossing (Charry, 2004a:20). Hoop bied pastorante nie net geestelike ondersteuning in tye van nood nie, maar help ook om hul verhouding met God te herstel en te versterk (Charry, 2004a:20). Dit bied 'n nuwe geestelike perspektief wat lei tot 'n herontdekking van hul identiteit in God en 'n dieper sin van betekenis en doel (Charry, 2004a:20). Om geestelike, emosionele en fisiese genesing te bevorder, integreer hierdie raamwerk die idees van verlossing en hoop.

Hoop is gegrond op die karakter van 'n betroubare God, wat die mens roep na 'n onbeperkte toekoms en wat verlossing, bevryding en redding belowe (Stone & Lester, 2001:69). Charry (1997:20) verduidelik dat verlossing twee hoofaspekte insluit: eerstens innerlike genesing en emosionele vernuwing, en tweedens menslike transformasie en vooruitgang. Om verlos te wees, beteken volgens Charry (1997:20), om kennis van God te hê en om Hom lief te hê, wat direk verband hou met spirituele ontwikkeling en florering.

Breedweg gesproke, kan 'n mens sê dat verlossing die oorheersende tema van die hele Bybel is (Charry, 1997:20). Verlossing sluit in die ewige lewe (Openbaring 5:9-10), vergewing van sondes (Efesiërs 1:7), regverdigheid (Romeine 5;17), vrymaking van die vloek van die wet (Galasiërs 3:13), aanneming in God se familie (Galasiërs 4:5), bevryding van die houvas van sonde (Titus 2:14, 1 Petrus 1:14-19), vrede met God

(Kolossense 1:18-20) en die inwoning van die Heilige Gees (1 Korintiërs 6:19-20). Die woord "verlossing" is die vertaling van die Griekse woord soteria wat afgelei is van die woord soter wat "Verlosser" beteken (Keathley, 2004:3). Die woord "verlossing" kommunikeer die gedagte van veiligheid, bewaring, nuutmaking, vrede, herstel en genesing. Aan die een kant word verlossing beskryf as die werk van God wat die mens van sy verlore stryd red. Aan die ander kant beskryf verlossing die lot van 'n man wat gered en vernuwe is (Keathley, 2004:3).

Verlossing, in die Christelike konteks, behels die bevryding van sonde, die herstel van die verhouding tussen die individu en God (Charry, 2004a:13). In Marais se werk, ondersoek sy Denise Ackermann se siening van verlossing. Sy noem dat Ackermann gekant is teen 'n "persoonlike en anderwêreldse verlossing" omdat dit "betekenisvolle verandering en die risiko van transformasie" kan uitsluit (Marais, 2014:702). Sy beweer dat verlossing eerder afhanklik moet wees van beide vryheid en genade. Om dit anders te stel, die fokus van verlossing moet nie net op 'n mens se persoonlike spiritualiteit wees nie, maar ook op sosiale geregtigheid en 'n transformasie van holistiese aard (Marais, 2014:702).

Ackermann brei uit en noem dat verlossing en transformasie onafskeidbaar is (Marais, 2014:702). Verlossing veroorsaak transformasie en transformasie is 'n bewys van verlossing. Beide eskatologie en geskiedenis hou met transformasie verband (Marais, 2014:702). Dit dui daarop dat transformasie nie net 'n toekomstige verwagting (eskatologie) is nie, maar ook 'n proses wat in die huidige realiteit plaasvind (geskiedenis). Om verandering teweeg te bring, vereis hoop en geduld (Marais, 2014:702).

In haar werk gebruik Ackermann gereeld die term "floreer" om welstand en verlossing te beskryf (Marais, 2014:702). Dit dui daarop dat verlossing verbind word met die mens se ontwikkeling en welstand, waar groei en florering die vervulling van menslike potensiaal op beide geestelike en fisiese vlak beteken. Ackermann glo dat verlossing nie net in die hiernamaals is nie, maar ook om mense se lewens te verbeter en hul heelheid in die wêreld waarin hulle leef (Marais, 2014:702).

Verlossing sluit kernkomponente in soos die vergifnis van sonde. Marais (2014:702) verduidelik dat hierdie genadewerk van God nie net skuld verlig nie, maar ook ruimte skep vir geestelike groei. Verder sluit dit die herstel van 'n persoonlike verhouding met God in, sowel as die ontvangs van 'n nuwe identiteit in God. Verlossing gee hoop vir transformasie, waar mense 'n nuwe skepping word en hul identiteit in Christus vind (2 Korintiërs 5:17). Hoop is onlosmaaklik gekoppel aan hierdie verlossingsgebeure (Marais, 2014:702). In hierdie verband funksioneer hoop as die motiverende krag wat die pastorant help om sin te maak van hul lyding en om hul toekomstige transformasie te visualiseer, noem Marais (2014:702).

Hoop op verlossing help pastorante om 'n nuwe perspektief op die toekoms te ontwikkel en hul lewens te heroriënteer na die wil van God (Marias, 2014:702). Hoop help pastorante om hul vrese oor die toekoms en

die ewige dood te oorwin. Navorsing toon dat mense met hoop beter genesingservarings het en stres verminder (Strong, 2007:17).

Hoop kan in ’n pastorale konteks as 'n dinamiese bron beskou word, wat die pastorant motiveer om sin in lyding te vind en genesing te fasiliteer. In pastorale sorg dien hoop as 'n bron van troos en vrede wat die pastorant help om te vertrou op God se genade en leiding, selfs in tye van onsekerheid en verlies.

### 5.2.2 Die invloed van hoop, florering en geluk op vernuwing

In pastorale sorg word die idee van spirituele florering beskryf as 'n omvattende toestand van menslike gesondheid waarin 'n persoon op alle vlakke van gesondheid floreer—fisies, emosioneel, geestelik en spiritueel—deur in God gegrond te wees (Louw, 1997:15). 'n Diep kennis van God en die toepassing van geloofshulpbronne, is alles komponente wat hierdie florering ondersteun, soos verduidelik deur Louw (2014) en Charry (1997, 2004). Verlossing, heling en vernuwing hou verband met spirituele welstand (Louw, 1997:15). Dit behels die ontwikkeling van nuwe strategieë om uitdagings te hanteer, sowel as die vorming van ’n gesonde en toepaslike beeld van God wat sin en betekenis aan die lewe gee (Louw, 1997:15). Dit sal lei tot innerlike vrede en geluk, selfs in tye van probleme en pyn. Volgens Louw (1997:15) is hierdie nuwe lewe en identiteit in Christus gekoppel aan die konsep van vernuwing. Deur spiritualiteit te verdiep, kan mense hul denke, houdings en lewenswyse verander, wat lei tot blywende vrede, hoop en florering.

Marais (2014:701) noem dat mense al hoe meer gemoeid raak met geluk en florering. Sy noem dat om gelukkig te wees, florering motiveer en andersom. Verskeie teologiese dissiplines ondersoek die wisselwerkende verband tussen geluk en groei (Marais, 2014:701). Sy verduidelik dat dit sistematiese teologie (soos verduidelik deur Charry 2012, Long 2012 en Strawn 2012), praktiese teologie en Bybelse teologie insluit. Marais (2014:701) brei uit en noem dat dit daarop dui dat navorsers in hierdie teologiese velde meer belangstel in hoe geloof en spiritualiteit geluk en die vervulling van die mens se potensiaal insluit en hoe dit vanuit 'n teologiese perspektief 'n rol speel in die holistiese welstand van mense.

Verlossing en eskatologie is dikwels die hoofonderwerpe van sistematiese teologie (Marais, 2014:701). Dit dui daarop dat die begrip "verlossing" in sy oorsprong gekoppel is aan die konsep van gesondheid, florering en holistiese welsyn (Marais, 2014:701).

*“Theology is concerned with human happiness”* (Charry, 2004a:19). Charry poog om die misverstand dat teologie niks met die “geniet van die lewe” te make het nie, reg te stel. Ware blyskap, bevestig Charry, is geanker in God. Sy verwys dus nie na oppervlakkige blydskap in materialistiese en aardse bevredigings nie. In teendeel, Charry (2004a:20) noem dat dit meer lonend is om aan geluk te dink in teologiese terme as in emosionele terme. Teologie is gemoeid met menslike geluk omdat God besorgd is oor die geluk van die mens (Charry, 2002:12). As Christenskap medisyne is vir die siel (Charry, 1997:11), dan staan teologie, verlossing en hoop parallel aan genesing en florering. Inderdaad, verlossing en hoop is die genesing van die

liefde wat 'n mens toelaat om in God te mag rus (Charry, 2010:xi). Geluk het te make met die mens se siel, dit is diep gewortel. *"Happiness requires a quality of the soul to know well, an ability to see beyond the self, beyond immediate desire in a certain spiritual or philosophical way. It requires largeness of the soul"* (Charry, 2004a:20).

**5.2.3 Die belang van hoop en identiteit in God vir vernuwing**

God wil die manier waarop Christene hulself sien, transformeer (Strong, 2007:31). Wanneer God die gedagtes van 'n gelowige verander, word 'n verwronge selfbeeld getransformeer na een wat weerspieël hoe God die gelowige sien. Charry (1997:18) noem dat die kennis van God is die grondslag van 'n nuwe identiteit in God. Die individu se begrip van God bepaal die aard van die verhouding met Hom (Charry, 1997:18). Dit is noodsaaklik vir die pastorant om te verstaan wie hy of sy in Christus is, hoe God na die gelowige kyk, en wat die Bybel oor die kinders van God sê. Hierdie bewustheid help die pastorant om 'n nuwe identiteit in Christus te ontwikkel, sodat hulle met hoop kan lewe, genesing kan ervaar en spiritueel kan floreer. Louw (2012:61) beklemtoon dat identiteit verwys na die waarde van menswees binne die dinamika van 'n verhouding met God.

'n Nuwe identiteit in God dui op 'n nuwe bestaansvorm (Charry, 2007:250). Enige persoon wat in Christus is, is 'n nuwe skepsel [18](2 Korintiërs 5:17). Hierdie transformasie behels 'n oorgang van sonde na die eskatologiese koninkryk van hoop en verlossing, wat redding, bevryding en versoening insluit (Charry, 2007:250).

'n Nuwe identiteit in God beteken dat die gelowige dood is vir sonde en lewe vir God (Romeine 6:11). Dit dui daarop dat hy of sy heilig, sonder smet en onberispelik voor God staan (Kolossense 1:22). Die Bybel leer veel oor hierdie nuwe identiteit in Christus, insluitend die deelname aan die Goddelike natuur (2 Petrus 1:3-4). Dit beteken dat deur die verhouding met Christus en die werk van die Heilige Gees, 'n mens geroep word om God se karakter te weerspieël en in geestelike groei te leef (Charry, 2007:250). Hierdie identiteit bevestig die waardigheid as 'n kind van God en versterk hoop, wat bydra tot innerlike genesing en spirituele florering.

Louw (2012:142) wys daarop dat verskillende krisisse in die lewe die menslike siel uitdaag en die kwaliteit daarvan toets. Hoe 'n individu 'n krisis hanteer, kan die diepte en kwaliteit van sy of haar menswees bepaal. Dit word voorgestel dat 'n krisis beskou moet word as 'n geleentheid om oor die lewe te reflekteer en om innerlik te groei. Dit is belangrik om 'n mens in nood se negatiewe perspektief op 'n krisis te verander na die positiewe groei geleentheid van 'n krisis. Louw (2012:142) is van mening dat 'n krisis kan funksioneer as 'n soort reiniging van die siel, byvoorbeeld om 'n nuwe perspektief te ontwikkel of om jouself in Christus te hervestig.

[18] 2 Korintiërs 5:17: "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Charry (2007:248) stem saam met hierdie benadering en beklemtoon dat 'n mens geestelik verlore is as jy nie jou lewe in Christus herbevestig nie. Dit is noodsaaklik om God sentraal in jou lewe te plaas, aangesien hierdie sentraliteit 'n individu se lewe en identiteit vorm. Charry wys daarop dat die mens heeltemal afhanklik is van God se genade vir die verandering en transformasie van karakter, wat tot 'n nuwe staat van wees lei en innerlike groei bevorder. Christus herstel die beeld van God wat deur sonde geskend is, en maak 'n nuwe skepping deur 'n nuwe identiteit in God te gee (Charry, 1993:107). Hedendaagse pastoraat is belangrik in die lig van Charry se argument, omdat dit 'n teologiese konteks bied vir die vorming van die self. Charry beklemtoon dat identiteit nie self gebou is nie, maar dat dit in God gevind en gesentreer moet wees. Gewortel in Sy wese (Charry, 1993:107). Dit sluit aan by [19]2 Korintiërs 5:17.

Om 'n nuwe identiteit in God te vestig, is dit belangrik om God se opdrag om meer soos Jesus te word, na te jaag. Die proses om meer en meer soos Jesus te word, word heiligmaking genoem. Dit is die proses van geestelike groei wat gelowiges bereik wanneer die Heilige Gees werk om hul gedrag en manier van dink gelyk te maak aan Christus (Charry, 2007:254). Dit behels voortdurende toewyding aan God, 'n toenemende begrip van Sy Woord en 'n poging om te lewe in ooreenstemming met Sy wil. In hierdie proses moet jy sondige gewoontes los en 'n lewe lei wat in ooreenstemming is met die evangelie. Heiligmaking is dus nie net 'n eenmalige onskuldige daad nie; dit is 'n reis van transformasie en geloofsgroei wat vir 'n mens se hele lewe duur. Heiligmaking beteken dat Christus 'n persoon rein en nuut maak (Mullen, 1997:112).

Die idee dat die mens "gered is in hoop" (Romeine 8:24) beklemtoon die belangrikheid van hoop in die reddingsproses. Dit is nie net 'n teoretiese konsep nie, maar 'n werklike en aktiewe deel van die geloofservaring. Die vroeë Christene het 'n diep begeerte gehad om die wederkoms van Christus te sien, en hierdie hoop het hulle aangespoor om volhardend in hulle geloof te bly, selfs in moeilike tye. God het meer beloof as wat in die huidige lewe ervaar word, wat die mens aanmoedig om met 'n lewende hoop te leef.

Hierdie hoop herinner die individu aan die uiteindelike beloning wat in God se teenwoordigheid sal wees, en dit motiveer die mens om te leef met die verwagting van 'n beter toekoms, een wat nie deur die omstandighede van hierdie wêreld beperk word nie. Dit is hierdie hoop wat lewens sinvol maak en florering moontlik maak, selfs in die aangesig van uitdagings.

### 5.3 PRAKTIESE RIGLYNE

Hierdie afdeling bevat 'n paar praktiese riglyne vir die toepassing van hoop in pastorale praktyke. Hierdie riglyne bestaan uit verskeie kernkomponente wat nodig is vir doeltreffende geestelike sorg en vernuwing, en sluit in:

[19] 2 Korintiërs 5:17: "Daarom- iemand wat aan Christus verbind is, is 'n nuwe skepping. Die ou dinge is verby, kyk, die nuwe is hier!".

#### 5.3.1 Identifikasie van die probleem (diagnose)

'n Deeglike diagnose van die probleme wat mense ervaar, is die eerste stap in die pastorale proses. Voordat enige pastoraat toegedien word, is dit noodsaaklik om 'n duidelike begrip van die emosionele en geestelike probleme te hê.

#### 5.3.2 Skriftuurlike en Teologiese fundering (Grondslag)

Die riglyne wat hier aangebied word, word ondersteun deur 'n stewige skriftuurlike en teologiese grondslag. Dit sluit in die ondersoek van relevante Bybelverse wat hoop en verlossing as sleuteltemas uitlig; dit versterk die teoretiese basis van die praktiese benadering.

#### 5.3.3 Empatie en Luisterende Versorging (Praktiese implementering)

Empatie is 'n noodsaaklike vaardigheid in pastorale sorg (Louw, 2014a:10). Luisterende versorging help om 'n veilige ruimte te skep waar individue hul uitdagings kan deel, wat die eerste stap is na genesing en herstel.

#### 5.3.4 Kognitiewe Vernuwing (Verandering van denkpatrone)

Die verandering van negatiewe denkpatrone en die aanmoediging van 'n hoopvolle perspektief is die primêre doelwitte van die proses van kognitiewe vernuwing (Bellini, 2014:19). Dit sluit in om mense aan te moedig om hul denke te hersien en nuwe, positiewe maniere van dink aan te neem.

#### 5.3.5 Eskatologiese Hoop en Vernuwing (Hoop in toekomstige verlossing)

Eskatologiese hoop beklemtoon die belangrikheid van die verwagting van toekomstige verlossing en die beloftes van God (Charry, 2004a:21). Hierdie hoop bied 'n bron van troos en moed, wat individue in staat stel om die uitdagings van die hede met meer selfvertroue te hanteer.

### 5.4 SAMEVATTING:

Die kennis van God lei tot transformasie. Dit wil sê, wanneer iemand God leer ken, het dit 'n groot impak op hoe hulle optree. Hierdie kennis, saam met bewustelike aksies en volgehoue praktyk, bevorder 'n strewe na 'n deugsame lewe. Hoop dien as 'n kragtige motiverende faktor vir verandering in die lewe van die gelowige. Mense is geneig om te streef na verbetering en groei wanneer hulle hoop ervaar. Hierdie hoopvol gevoel stimuleer hulle om na nuwe moontlikhede in hul huidige omstandighede te kyk. Dit kan lei tot positiewe aksies wat hul welstand en geluk bevorder. Hoop bied die selfvertroue om struikelblokke te oorkom en omstandighede te verbeter, wat uiteindelik kan lei tot 'n meer vervullende en betekenisvolle lewe. In 'n

pastorale konteks kan hoop dus 'n noodsaaklike element wees in die prosesse van genesing, verlossing en vernuwing.

Hoop is 'n noodsaaklike element in die geestelike lewe en speel 'n belangrike rol in ’n verhouding met God. Dit is nie bloot 'n optimistiese verwagting van 'n beter toekoms nie, maar 'n diepgewortelde vertroue dat God verlossing bring en lewens transformeer. Hierdie hoop is nie gebaseer op die onsekerhede en tydelikhede van die wêreld nie, maar gegrond in God se beloftes en sy troue karakter. Wanneer hoop in God gevestig is, kan uitdagings met 'n hernieude gevoel van doel en betekenis aangepak word. Christelike hoop dien as 'n lewensanker wat stabiliteit en rigting bied, selfs in tye van onsekerheid. Dit herinner daaraan dat niemand alleen in die stryd staan nie en dat daar 'n verlossing beskikbaar is wat uiteindelik bevry van sonde en die uitdagings van die lewe. Hierdie hoop help om gedagtes en dade te rig op God en sy waarheid, wat lei tot 'n dieper verhouding met Hom. Hoop wat in God se beloftes gewortel is, bied 'n veilige hawe in 'n wêreld gekenmerk deur wanhoop en onsekerheid. Dit maak dit moontlik om God se genade en liefde te weerspieël en 'n positiewe impak op ander se lewens te hê. Deur hierdie hoop te deel, kan ander aangemoedig word om op God se verlossing te vertrou, wat uiteindelik 'n gemeenskap van geloof en ondersteuning vorm.

Hierdie hoofstuk het die rol van hoop in pastorale praktyke ondersoek en die bevordering van holistiese vernuwing deur 'n teologiese raamwerk te skep. Deur die lens van 'n interdissiplinêre benadering, wat sistematiese teologie en praktiese teologie verbind, is dit duidelik dat hoop nie net 'n sentrale dogmatiese konsep is nie, maar ook 'n noodsaaklike hulpmiddel in die pastorale genesingsproses. Hoop word in die raamwerk beklemtoon as 'n transformerende komponent wat mense se denke en identiteitsbegrip kan verander, wat uiteindelik tot geestelike groei en vernuwing lei.

Die studie het aangetoon dat die integrasie van hoop in pastorale sorg nie net geestelike ondersteuning bied tydens tye van nood nie, maar ook 'n herontdekking van 'n individu se identiteit en 'n dieper sin van doel en betekenis bevorder. Dit sluit in dat hoop, in ooreenstemming met die teologiese beginsels van verlossing, geestelike en emosionele vernuwing kan bevorder en die grondslag kan lê vir 'n nuwe manier van lewe in Christus. Deur die praktiese implementering van hoop en verlossing in pastoraat, kan versorgers nie net geestelike groei bevorder nie, maar ook 'n positiewe impak hê op die lewens van die pastorante.

Die konsep van florering, wat 'n samehangende toestand van fisiese, emosionele en geestelike welstand insluit, ondersteun die idee dat vernuwing en verlossing onafskeidbaar is. Gelowiges word uitgenooi om te floreer deur hoop, wat hulle in staat stel om uitdagings met 'n nuwe perspektief te hanteer en hul verhouding met God te versterk. In 'n wêreld wat dikwels deur angs en wanhoop gekenmerk word, is teologiese insigte oor hoop noodsaaklik om 'n positiewe en transformerende benadering tot pastorale sorg te ontwikkel.

Ten slotte, deur hoop as 'n dinamiese en motiverende krag in pastorale praktyke te benut, kan versorgers effektiewe strategieë implementeer wat nie net geestelike groei bevorder nie, maar ook die holistiese welsyn

van individue in hulle sorg ondersteun. Die krag van hoop in verlossing en transformasie bied 'n vaste grondslag vir geestelike florering, wat uiteindelik lei tot holistiese vernuwing.

# Hoofstuk 6

# Bevindings en aanbevelings

## 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied ’n oorsig van die bevindinge van die studie ten opsigte van die voorafgaande hoofstukke. Dit sluit die studie af deur op die navorsingsdoelwitte en -vrae te reflekteer en die waarde en bydrae daarvan te bespreek. Aanbevelings word na aanleiding van die resultate gemaak, soos dit vanuit die navorsing na vore gekom het.

## 6.2. ALGEMENE RESULTATE MET BETREKKING TOT DIE NAVORSINGSDOELWIT EN DIE STUDIE SE OBJEKTIEWE

In hierdie studie was die keuse gemaak om op ‘n teologies-interdissiplinêre wyse die teologiese inhoud en betekenis wat aan die leer oor hoop vanuit ‘n Christelike geloofsperspektief gegee word, in dialoog te bring met hedendaagse pastoraat. Die fokus van dié studie was om die relevansie van hoop as ’n teologiese konsep vir hedendaagse pastoraat te belig. Die navorsing poog om die teologiese karakter van hedendaagse pastoraat te verhelder- wat in teorie beskryf word as interdissiplinêr en holisties- deur ’n gekose Christelike belydenis, in die geval van dié studie, hoop. Teoloë soos Louw, Dreyer, McClure en Capps se verstaan van hoop speel regdeur die verhandeling as hoofbron in die ondersoek oor die impak van ’n holistiese benadering tot vernuwing binne die konteks van hedendaagse pastoraat. Dit beteken dat hoopsorg tydens pastorale sessies as bron gebruik word om ’n unieke bydrae tot die persoon se gesondheid te maak. Daardeur is die uniekheid van hedendaagse pastorale sorg as holisties en binne ’n mutli-dissiplinêre en interdissiplinêre konteks, beklemtoon.

Die hoofdoel van die studie was om die rol van hoop as 'n teologiese konsep in hedendaagse pastorale sorg, veral met betrekking tot sy eskatologiese aspek te ondersoek. Dit was om te bepaal hoe hoop, in samehang met kognitiewe vernuwing en transformasie, pastorale praktyke kan rig en inspireer om die pastorant se geestelike, emosionele en holistiese heling te bevorder.

Die navorsingsproses van hierdie studie is deur verskeie navorsingsobjektiewe gefasiliteer om die navorsingsdoel te bereik. Eerstens is 'n kontekstuele verkenning van die karakter van hedendaagse pastoraat in Hoofstuk 2 uitgevoer, wat die metodologie vir die studie bepaal het. In Hoofstuk 3 is die teologiese rol van hoop ondersoek, met fokus op die verband tussen hoop en verlossing, asook die spirituele dimensie van hoop en sy rol in vernuwing. Hoofstuk 4 het gefokus op die relevansie van hoop as teologiese bron en die praktiese implikasies daarvan vir hedendaagse pastoraat. Laastens het Hoofstuk 5 die spesifieke

besonderhede bespreek van hoe pastorale sorg, geïnformeer deur hoop, vernuwing kan bevorder, en hoe hoop in die praktyk van pastoraat geïntegreer kan word om geestelike groei te motiveer. Hierdie fases het saam bygedra tot 'n holistiese begrip en toepassing van hoop in pastoraat, met die doel om 'n teologiese en praktiese raamwerk vir vernuwing te ontwikkel.

Die bevindinge het getoon dat hoop 'n kragtige teologiese konsep is wat 'n noodsaaklike rol speel in die leiding van pastorante na hul geestelike groei en vernuwing. Hoop, wat gebaseer is op die beloftes van God, motiveer en ondersteun pastorante in tye van uitdagings. Dit blyk dat die inkorporering van hoop in pastorale sorg die vermoë van mense om hul lyding te hanteer en betekenis uit hul situasie te put, verhoog.

Kognitiewe vernuwing, gebaseer op Romeine 12:2, is van sentrale belang vir geestelike transformasie, aangesien pastorante aangemoedig word om hul gedagtes volgens God se waarheid te hernu. Die interdissiplinêre benadering, wat teologie, sielkunde en ander velde integreer, bewys nuttig in die holistiese versorging van pastorante en dra by tot hul fisiese, emosionele en geestelike groei. Hoop dra by tot hierdie vernuwing van denke, aangesien dit ‘n nuwe manier van kyk na lewensuitdagings bied.

’n Geloofsgemeenskap beklemtoon ook die belangrikheid van gemeenskaplike empatie en aanmoediging, wat die pastorant se genesingsproses versterk. Die implementering van Osmer se pragmatiese taak in pastoraatmodelle maak dit moontlik om effektiewe strategieë te ontwikkel wat hoop en verlossing as kernkonsepte gebruik. Hierdie holistiese benadering tot pastoraat dra uiteindelik by tot die pastorant se algehele gesondheid, aangesien hulle ‘n sterker selfbegrip en ‘n dieper verhouding met God ontwikkel, wat hul emosionele stabiliteit en fisiese welstand bevorder en geluk tot gevolg het.

‘n Interdissiplinêre benadering, wat velde soos sistematiese teologie, eskatologie en praktiese teologie insluit, is gevind as noodsaaklik om die kompleksiteit van geestelike en emosionele gesondheid aan te spreek. Deur holistiese sorg te bied, versterk hierdie metode die pastorale proses. Dit bevorder die pastorant se fisiese, emosionele en geestelike ontwikkeling. Dit laat ruimte vir geïntegreerde, praktiese en geestelike oplossings.

Dit is bevind dat die gebruik van Osmer se vierde pragmatiese taak, wat fokus op die implementering van strategieë om verandering te fasiliteer, effektief toegepas kan word in die ontwikkeling van pastorale modelle wat hoop en verlossing as kernkonsepte in die vernuwingsproses kan gebruik. Dit maak dit moontlik om spesifieke strategieë te ontwerp wat pastorante lei tot geestelike groei en emosionele genesing.

Pastorante wat deur die lens van hoop geleer word, kry 'n beter begrip van hulself en hul verhouding met God. Hulle ontwikkel 'n sterker gevoel van God se teenwoordigheid en liefde. Hulle sien hul probleme as deel van 'n groter verhaal van verlossing en herstel met hierdie hoopvolle perspektief.

Die unieke bevindings van elke hoofstuk word in die volgende afdeling deeglik en omvattend bespreek, met die fokus op die kerninsigte en relevante temas wat daaruit voortvloei.

**Bevindinge van hoofstuk 2**

Die hoofstuk was as ’n deskriptiewe literatuurstudie aangebied om die ontwikkelende karakter van pastoraat binne die unieke veld van hedendaagse pastoraat te beskryf. Daar was veral gekyk na die werk van Louw. ’n Interdissiplinêre benadering tot sorg en heling is in hedendaagse pastoraat voorgestel. As gevolg hiervan was die hooffokus in hierdie hoofstuk op die noodsaaklikheid van 'n interdissiplinêre benadering wat hedendaagse pastoraat voorstel, tydens hulpverlening. Dit is maklik om pastorale sorg as 'n subdissipline van praktiese teologie te verwaarloos as gevolg van 'n interdissiplinêre benadering tot heelheid (Louw, 2014a:i). Die verskillende vlakke van sorg, waaronder onderlinge sorg, pastorale sorg, pastorale berading en pastorale terapie is ook uiteengesit. Dit dui daarop dat pastorale sorg in 'n multidissiplinêre span uniek moet bly terwyl die belangrikheid van 'n breë benadering tot menslike gesondheid erken word.

Dit is duidelik dat pastorale sorg ’n belangrike aspek binne die breër veld van Praktiese Teologie handhaaf (Louw, 2014b:i). Pastoraat fokus op die individu binne sy/haar gemeenskap of konteks en bied hulp daar waar mense is. Dit bied hoop aan diegene in nood. Dit herstel en bevorder die lewenskwaliteit van mense en herstel ook ontoepaslike Godsbeelde. As ‘n subdissipline van Praktiese Teologie, handel pastorale teologie oor die interpretasie van die ervaring van God (Louw, 2014c:47).

Die hoofdoel van pastorale versorging is om mense te help om 'n oorvloedige lewe te leef en hulle te rig op die ewige lewe wat deur geloof beloof is (Louw, 2014c:50). Dit behels menslike vooruitgang en florering in ‘n geestelike, emosionele, sosiale en fisiese konteks. Christelike dogmatiek speel 'n sleutelrol in hierdie proses omdat dit die pastorant help om God te ken en 'n lewe in verhouding met Hom te leef wat hoop bring. Die pastorale versorger lei die pastorant om negatiewe denkwyses te herken, om innerlike bronne van krag aan te spreek en om groei en genesing te bevorder (Bellini, 2014:10). Die uiteindelike doel is om vernuwing in die lewe van die pastorant te bewerkstellig, insluitend 'n vernuwing van gees en 'n verdieping van hul verhouding met God. Volgens Boshoff (2016:10) lê die fondasie van pastorale sorg in omgee vir ander, om leiding te bied en om Goddelike liefde te bewys. Hierdie unieke benadering tot versorging beklemtoon die eiesoortigheid van pastorale sorg en onderskei dit van ander gesondheidsvelde.

Die praktyk van pastorale sorg is 'n fundamentele aspek van die Christelike gemeenskap. Dit strek verder as net 'n reaksie op individuele noodgevalle, maar vorm die kern van 'n inklusiewe en ondersteunende omgewing waarin gelowiges mekaar ondersteun, bemoedig en dra (Van Arkel, 2000:161). Hierdie model van sorg bevorder nie net geestelike groei nie, maar versterk ook die band tussen gelowiges en skep 'n ruimte waarin elkeen waardeer en versorg word. In die Christelike geloofsgemeenskap is die praktyk van pastorale sorg noodsaaklik vir die geestelike herstel en groei van gelowiges (Van Arkel, 2000:161). Louw se

idee van spirituele heelheid beklemtoon die verband tussen die perspektief van die Bybel en lewens- en wêreldbeskouings. Die Christelike geloof in verlossing en die werk van die Heilige Gees om mense in Christus te vernuwe vorm die basis vir hierdie begrip van heelwording. Pastorale sorg fokus op die begeleiding van gelowiges in hul proses van genesing en geestelike groei, met die doel om hulle te help om die uitdagings wat in hul eie lewens voorkom, te hanteer (McClure, 2012:269). Daar is verskeie vorme van hierdie ondersteuning, insluitend die verskaffing van emosionele ondersteuning, die aanmoediging van 'n gevoel van gemeenskap en liefde binne die groep en die opleiding van strategieë vir die hantering van krisisse.

Die interdissiplinêre aard van hedendaagse pastoraat illustreer die erkenning van die kompleksiteit van menslike ervaring en die behoefte aan 'n omvattende benadering tot heling en ondersteuning. Louw se navorsing beklemtoon die unieke bydrae van pastorale sorg as 'n teologiese dissipline wat die praktyk van God weerspieël. Hierdie benadering versterk die verstaan van pastoraat as meer as net 'n sielkundige raamwerk, maar eerder as 'n geïntegreerde en holistiese sorgpraktyk met 'n diep spirituele dimensie (Louw, 2014a:1).

Met die integrasie van teologiese beginsels in die konteks van pastorale versorging, bied dit 'n unieke en waardevolle bydrae tot die breër veld van menslike gesondheid en heling (Charry, 2007:254). Deur die erkenning van die geestelike dimensie en die fokus op ondersteunende omgewings, kan pastorale versorging 'n belangrike rol speel in die bevordering van vernuwing en algehele welstand. Die gesprek tussen teologie en sielkunde illustreer die potensiaal vir samewerking en wederkerige versterking tussen verskillende dissiplines, wat uiteindelik kan lei tot 'n meer holistiese benadering tot gesondheidsorg en welstand (Fung, 2012:1).

Die fokus op holisme in hedendaagse pastoraat is 'n erkenning van die veelvuldige dimensies van menslike welstand. Dit sluit in die emosionele, liggaamlike, verstandelike en geestelike behoeftes van individue. Om die volle potensiaal van pastorale versorging te benut, is 'n holistiese benadering noodsaaklik, waarin al hierdie aspekte in ag geneem word. Hierdie holistiese siening erken die kompleksiteit van menswees en die behoefte aan 'n omvattende benadering tot die hantering van probleme en die bevordering van welstand. Deur die integrasie van sielkunde en pastorale versorging kan 'n meer omvattende en doeltreffende benadering tot gesondheidsorg bewerkstellig word, wat die verskeidenheid van behoeftes en uitdagings wat mense ervaar, aanspreek (Marais, 2015:256). Die studieveld vir praktiese teologie en pastorale sorg is gebaseer op die netwerke van lewe en interaksies. Hierdie studieveld bevorder die heling van individue en hul omgewing om 'n meer inklusiewe en holistiese benadering tot hulpverlening te bevorder.

Die hoofstuk beklemtoon die belangrike rol van hedendaagse pastoraat in die bevordering van algehele menslike welstand deur 'n holistiese en interdissiplinêre benadering. Hoofstuk 2 van die studie, wat in lyn is met Osmer se hermeneutiese metodologie, fokus op die deskriptiewe taak van die navorsing, wat die

huidige karakter en ontwikkeling van pastoraat in 'n hedendaagse konteks ondersoek. Deur 'n interdissiplinêre benadering te bevorder, word pastoraat as meer as net 'n subdissipline van praktiese teologie gesien, maar eerder as 'n unieke en noodsaaklike komponent wat bydrae tot 'n omvattende benadering tot menslike gesondheid, heling en florering (Charry, 2011:283).

Die studie wys dat pastorale sorg nie net op die individu fokus nie, maar die kern vorm van 'n ondersteunende gemeenskap wat geestelike en emosionele groei bevorder. Dit sluit die noodsaaklikheid in van 'n breë benadering wat die verskillende vlakke van sorg en die rol van Christelike dogmatiek in die bevordering van hoop en vernuwing erken. Pastorale sorg poog om mense te lei na 'n oorvloedige lewe en geestelike vernuwing, wat 'n fundamentele aspek van die Christelike gemeenskap is.

Die integrasie van pastoraat met ander hulpverleningsvelde soos sielkunde en mediese wetenskappe, sowel as die erkenning van die geestelike dimensie, illustreer die waardevolle bydrae van pastoraat tot 'n holistiese gesondheidsbenadering (Charry (2011:283). Hierdie benadering help om die kompleksiteit van menslike ervaring te verstaan en om te werk aan 'n meer inklusiewe en omvattende ondersteuning van individue. Die uitdagings van die hedendaagse wêreld vereis 'n balans tussen die teologiese en terapeutiese elemente van pastoraat, wat die studie bevestig as noodsaaklik vir effektiewe heling en ondersteuning.

Die bevindinge van hoofstuk 2 van die studie is dat 'n interdissiplinêre benadering tot pastoraat waardevol is omdat dit die integrasie van ander wetenskapsvelde in die helingsproses beklemtoon, wat help om die totale mens te verstaan en te ondersteun. Tog kan hierdie benadering die unieke karakter van pastorale sorg as 'n sub-dissipline van Praktiese Teologie bedreig. Daar is 'n noodsaaklike geleentheid geïdentifiseer om die eiesoortige rol van pastorale sorg te herdefinieer, met spesifieke fokus op heelheid, hoop, verlossing en kognitiewe vernuwing. Hierdie fokus beklemtoon dat ware genesing slegs deur God moontlik is en dat die pastorale sorg moet saamstem met God se werk deur sy Gees wat die inisiatief neem om te verlos en heel te maak. Die bevindinge wys op die noodsaaklikheid van hoop as 'n teologiese bron in die helingsproses, wat kognitiewe vernuwing bied. Daar word bevestig dat die integrasie van hoop help om 'n holistiese benadering tot heling te bevorder, wat die welstand van individue op geestelike, emosionele en fisiese vlakke ondersteun. Die aanbevole interdissiplinêre benadering tot hedendaagse pastorale sorg beklemtoon die belangrikheid van die teologiese dimensie in die helingsproses. Die fokus op geloof, hoop en die geestelike aspek, bied 'n unieke bydrae tot die holistiese sorgpraktyk. Dit bied 'n raamwerk vir die bevordering van geestelike groei, vernuwing en algehele welstand binne 'n interdissiplinêre konteks.

**Bevindinge van hoofstuk 3**

Hoofstuk 3 het gefokus op hoop as ‘n teologiese bron. Die bevindinge van die studie het getoon dat hoop 'n noodsaaklike komponent is van die Christelike geloof sowel as pastorale sorg. Hoop is noodsaaklik in hedendaagse pastoraat om geestelike heling, vernuwing en groei te bevorder (Louw, 2014:1). Verskeie

skrywers het die teologiese aard van hoop ondersoek en beklemtoon hoe belangrik hoop is in eskatologie, verlossing en die transformasie van die gelowige. Charry se benadering wys hoe hoop voorkom uit die erkenning van God se genade en die verlossing wat deur Jesus Christus gebring is, en hoe dit 'n kragtige bron van moed is wanneer dinge moeilik is (Charry, 2004b:291).

Die bespreking van die wisselwerking tussen lyding, verlossing en hoop bied 'n diepgaande insig in die rol wat hoop speel in die hantering van eksistensiële uitdagings (Charry, 2005:1). Charry (2005:1) verduidelik verder dat die interpretasie van die Evangelie van Markus die belangrikheid van vertroue in God se soewereiniteit en die rol van hoop in die oorkoming van vrees en angs beklemtoon.

In die konteks van pastorale sorg, is die integrasie van spiritualiteit, hoop en heling noodsaaklik vir die bevordering van geestelike welstand en veerkragtigheid (Louw, 2014a:ii). Die interdissiplinêre benadering, wat positiewe sielkunde en teologie kombineer, bied 'n holistiese perspektief wat die emosionele, geestelike en sielkundige dimensies van hoop aanspreek (Charry, 2004b:294). Die bevindinge beklemtoon die belangrikheid van hoop as 'n morele en spirituele krag wat nie slegs 'n individuele ervaring is nie, maar 'n gemeenskaplike en transformerende teenwoordigheid.

Hoop is nie net 'n idee van 'n beter toekoms nie; dit is 'n aksie wat behels om 'n nuwe lewe en identiteit in Christus te ontwikkel (Charry, 2007:250). Deur teologiese insigte oor hoop te kombineer met pastorale sorg, kan 'n ryk grondslag geskep word vir die bevordering van geestelike groei, heling en veerkragtigheid. Hierdie grondslag help individue en gemeenskappe om die uitdagings van die lewe te trotseer met 'n hernude visie en vertroue in God. Hoop is 'n noodsaaklike teologiese beginsel wat 'n belangrike rol speel in pastorale versorging (Charry, 2004b:293). Dit is die geloof en die verwagting dat God se beloftes vervul sal word, selfs te midde van uitdagings, lyding en onsekerheid. Hoop bied troos, rigting en krag vir diegene wat moeilike eksistensiële krisisse ervaar.

In die hoofstuk is die volgende bevind rakende die teologiese konsep van hoop en sy invloed op hedendaagse pastoraat:

Hoop is 'n fundamentele teologiese beginsel wat diep in God geanker moet wees om ware geluk en florering te bevorder. Geluk kan nie gevind word in aardse tydelikhede nie, maar slegs in die konstantheid van God (Charry 2010:180). Dit blyk dat hoop, wat 'n fundamentele teologiese beginsel is, 'n kernrol speel in die bevordering van ware geluk en florering. Volgens Charry (2010:180) bring hoop, wat geanker is in God, troos en krag, selfs gedurende moeilike tye en is noodsaaklik vir heling en vernuwing.

Die hoofstuk het ook die verhouding tussen hoop en verlossing ondersoek. Verlossing, wat vrymaking van sonde en lyding behels, skep die grondslag vir hoop, wat nie net 'n gevoel is nie, maar 'n belofte van 'n nuwe lewe in God (Henriksen, 2019:118). Hierdie belofte bring hoop vir die toekoms en bevorder 'n nuwe identiteit

in God wat elke aspek van die persoon se lewe beïnvloed. Verder het die hoofstuk beklemtoon dat hoop nie net 'n individuele ervaring is nie, maar ook 'n gemeenskaplike en sistemiese dimensie het. Dit het 'n invloed op die heling van strukture en gemeenskappe en is dus 'n belangrike komponent in hedendaagse pastoraat.

Hoop bevorder innerlike genesing en help mense om met emosionele seer en uitdagings om te gaan. Dit motiveer groei en vernuwing en ondersteun 'n lewenstyl wat in ooreenstemming met God se wil is. Die bevindinge dui aan dat hoop 'n kritieke komponent is in die formulering en toepassing van hedendaagse pastoraat en dat dit help om 'n betekenisvolle en holistiese benadering tot geestelike welstand te bied.

**Bevindinge van hoofstuk 4**

Hoofstuk 4 (sowel as hoofstuk 3) was belyn met die derde fase van Osmer se hermeneutiese metodologie van prakties-teologiese interpretasie. Die derde taak in Osmer se model, die normatiewe taak, vra die vraag af: "Wat behoort te gebeur?" (Osmer, 2008:10). Die navorsingsvraag wat hierdie hoofstuk gerig het is in lyn met Osmer se vraagstelling geformuleer om die relevansie van hoop as 'n teologiese konsep vir hedendaagse pastoraat te ondersoek. Hierdie hoofstuk vorm dus die kern van die studie en sluit aan by die doelstelling om te illustreer in watter mate en op watter wyse hoop as 'n teologiese konsep relevant is vir hedendaagse pastoraat, veral met betrekking tot temas soos Chirstelike spiritualiteit, florering, spirituele gesondheid, geluk, innerlike genesing en vernuwing.

Hoop kweek 'n nuwe perspektief op die lewe en uitdagings (Charry, 2007:244). Dit verander die strafbenadering na geleenthede vir persoonlike groei en vernuwing. Hierdie verandering begin met die verbetering van negatiewe en destruktiewe denke. Uiteindelik lei dit tot spirituele groei en florering. Die studie beklemtoon hoe Christelike spiritualiteit uniek is in pastorale sorg en ondersoek hoe hoop spirituele groei en vernuwing bevorder, wat uiteindelik menslike vooruitgang bevorder (Charry, 2004a:20). Die doel van die verhandeling was om te ondersoek hoe hoop positief bydra tot die pastorant se spirituele gesondheid en om menslike vernuwing en vooruitgang te bevorder deur 'n geïntegreerde sistemiese benadering tot sorg te gebruik wat fokus op die geestelike aspekte van die probleem wat geïdentifiseer is. Hierdie benadering erken die uniekheid van pastorale sorg as 'n sub-dissipline van praktiese teologie en beklemtoon die noodsaaklikheid om aandag te gee aan alle dimensies van menslike gesondheid om ware holistiese vernuwing en florering te bereik.

Heling en spirituele florering word as wisselwerkende implikasies van hoop bespreek. Die verlossing in Christus lei tot spirituele vooruitgang (Charry, 2004a:20). Spirituele heling verander 'n pastorant se manier van dink na positiwiteit (optimisme dat God Sy beloftes sal nakom). Spiritualiteit dra by tot die algehele ontwikkeling van die mens (Louw, 2014:1). Dit leer 'n mens om met hoop te leef, wat lei tot 'n nuwe houding, gesindheid en manier van lewe met vrede. Volgens (Louw, 2014:10) verander dit gevoelens van skuld en sonde na gevoelens van bevryding, redding en verlossing. Geluk, opregte en ewige geluk, is 'n bykomende

betekenis. Teologie gaan oor menslike geluk, en om die belangrikheid daarvan te ontken of te onderskat, is om teologie en sy doel te mis (Charry, 2010:2).

Die bespreking beklemtoon ook die belang van hoop as 'n kragtige middel vir positiewe vernuwing. Die besef van hoop vir 'n nuwe begin, deur die vergifnis van sonde, moedig die pastorante aan om hul verlede agter te los en hul gedagtes op 'n positiewe en beter toekoms te rig, te midde van lyding. Hierdie integrasie van hoop en vergifnis skep 'n atmosfeer van verwagting en moedig die individu aan om te strewe na geestelike florering en vernuwing (Charry, 2004b:294).

Die bevindinge van hoofstuk 4 beklemtoon dat hoop, as 'n teologiese konsep, 'n diepgaande invloed het op pastorale sorg en menslike heling. Verlossing skep die moontlikheid vir hoop, wat beide 'n nuwe lewe saam met God en 'n hernude perspektief op die lewe bring, wat lei tot 'n herstelde verhouding met God en 'n nuwe identiteit in Christus (Charry, 2004b:291). Hoop bevorder holistiese vernuwing wat alle aspekte van die persoon beïnvloed—fisies, emosioneel, geestelik, en sosiaal—en bevorder geluk, spirituele florering, en die ontwikkeling van nuwe denkpatrone. Dit beïnvloed nie net die individu nie, maar het ook implikasies vir gemeenskappe deur die heling van strukture. Die hoofstuk beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n diepgaande kennis van God se Woord en 'n toepaslike beeld van God vir geestelike groei en vernuwing. Die praktyk van hoop kan in pastorale sorg toegepas word om vernuwing te bewerkstellig en 'n positiewe verandering in die pastorant se benadering tot lewe en uitdagings te bevorder.

Die hoofstuk beklemtoon ook die noodsaaklikheid van 'n holistiese benadering tot pastorale sorg wat alle dimensies van menslike gesondheid – fisiek, emosioneel, en geestelik – integreer. Hoop, verlossing en die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit in Christus speel 'n sleutelrol in die bevordering van geestelike welstand en vernuwing.

Die konsep van neuroplastisiteit, saam met die integrasie van Christelike spiritualiteit, bied 'n praktiese raamwerk vir die hantering van eksistensiële uitdagings en die bevordering van 'n gesonde en hoopvolle lewensperspektief (Bellini, 2014:29). Dit ondersteun die idee dat die brein kan verander deur die hernuwing van denke, verduidelik Bellini (2014:29). Deur selfbewustheid en die vervanging van negatiewe denke met positiewe, skrifgebaseerde waarhede, kan individue geestelike en emosionele welstand bevorder.

Hierdie bevindinge illustreer hoe die teologiese beginsels en die integrasie van Christelike spiritualiteit kan help om 'n effektiewe en holistiese benadering tot pastorale sorg te ontwikkel.

**Hoofstuk 5**

Die navorsing wys hoe hoop as 'n teologiese idee mense help om gelukkig en gesond te wees. Dit is ook 'n belangrike deel van die pastorale proses, wat holistiese genesing en transformasie moontlik maak. Hoop kom van verlossing, wat 'n nuwe lewe en identiteit in Christus skep. Dit gee 'n nuwe siening van die lewe en

probleme. Dit is nie net individuele groei wat deur hierdie hoop bevorder word nie, maar dit het ook 'n impak op gemeenskappe deur die herstel van stelsels en die bevordering van geestelike florering (Van Arkel, 2000:161). Hoop, gekombineer met 'n diep kennis van God en 'n toepaslike beeld van Hom, bevorder holistiese vernuwing wat alle aspekte van die menslike bestaan - fisiese, emosionele, geestelike, en sosiale - beïnvloed. Dit lei tot 'n hernude gesindheid, nuwe denkpatrone en 'n positiewe benadering tot lewe (Bellini, 2014:30). Die studie beklemtoon die belangrikheid van 'n teoretiese raamwerk vir pastorale sorg wat gebaseer is op hoop en die implikasies daarvan vir die praktyk van pastorale vernuwing en heling.

Waarheidsterapie en Christelike spiritualiteit is geïntegreer deur Bellini, wat 'n stabiele en holistiese raamwerk bied vir geestelike groei en transformasie (Bellini, 2014:9). Hy baseer sy metode op die Skrif, veral met 'n klem op die vernuwing van die denke soos gesien in Romeine 12:2, en verbind kognitiewe gedragsterapie met teologiese beginsels, wat 'n unieke, multidimensionele benadering tot geestelike en emosionele welstand skep. Hierdie holistiese benadering beklemtoon dat geestelike groei nie net 'n kognitiewe proses is nie, maar ook 'n praktiese, lewensveranderende ervaring is. Dit betrek ook fisiese, emosionele en sosiale aspekte van die menslike ervaring.

Bellini ondersteun duidelik waarheidsterapie en spirituele dissiplines as 'n holistiese benadering tot geestelike groei en vernuwing. Sy benadering tot geestelike groei en transformasie is gebaseer op dissiplines soos gebed, geloof en vergifnis. Bellini beklemtoon hoe belangrik dit is om 'n deeglike begrip van die Skrif te hê en hoe dit kan toegepas word op die lewens van gelowiges. Die idee van heiligmaking, soos deur Bellini verduidelik, verteenwoordig die voortdurende proses van geestelike vernuwing en groei wat plaasvind in die lewe van 'n gelowige (Bellini, 2014:9). Heiligmaking kan deur God alleen bewerkstellig word. Volgens Du Toit (2015:10) is dit 'n handeling van God alleen waardeur God diegene wat die Woord van die waarheid glo, regverdig verklaar. Dit sluit aan by Charry (2004a:22) se stelling oor hoe belangrik dit is om die mens se eie feilbaarheid te erken en die noodsaak van afhanklikheid van God te besef. Dit strek oor verskillende dimensies van die mens se bestaan, insluitend fisiese, emosionele en sosiale aspekte. Die betrokkenheid by spirituele dissiplines, soos gebed en studie van die Skrif, dien as middel om hierdie geestelike groei te bevorder. Die begrip van vergifnis as 'n fundamentele aspek van geestelike vernuwing is ook van kritieke belang. Vergifnis bevorder nie net innerlike genesing nie, maar dit lei ook tot 'n nuwe begin en 'n dieper verhouding met God en ander mense. Hierdie begrip van vergifnis blyk die hart van Bellini se benadering tot geestelike transformasie te wees. Alhoewel Bellini se benadering diep gewortel is in Christelike beginsels en tradisies, bied hy 'n holistiese siening van geestelike groei. Deur die integrasie van waarheidsterapie en spirituele dissiplines, bied Bellini 'n omvattende raamwerk vir die strewe na geestelike vernuwing.

Die Christelike beginsel van die verband tussen geloof en praktyk word weerspieël in die holistiese benadering van waarheidsterapie, wat die gees, siel en liggaam insluit. Deur mense se denke met die waarheid van God se Woord te vernuwe en hul optrede en gedrag te verander, kan hierdie metode hul algehele welstand verbeter.

In die algemeen illustreer Bellini se waarheidsterapie 'n integrasie van die beste van psigologie met die onveranderlike waarheid van die Bybel. Dit bied 'n hoopvolle en praktiese benadering tot die bevordering van geestelike groei en welstand deur die vernuwing van denke met die waarheid van God.

Die idee dat die bewustheid van denke en geestelike praktyke die individu kan help om negatiewe gedagtes te balanseer of te neutraliseer, is 'n kragtige boodskap (Bellini, 2014:20). Dit beklemtoon die belangrikheid van selfbewustheid en die keuse om negatiewe denke te identifiseer en te vervang met positiewe, skrifgebaseerde waarhede. Hierdie proses weerspieël die uitnodiging van die Skrif om elke gedagte in lyn te bring met dit wat God eer, soos in 2 Korintiërs 10:5 genoem word.

Die konsep van neuroplastisiteit bied 'n hoopvolle perspektief op die vermoë van die brein om te verander en te groei deur vernuwing van denke, leer en optrede (Bellini, 2014:29). Dit onderstreep die idee dat God die mens geskape het met die vermoë om te groei en te vernuwe en die potensiaal het om positiewe verandering in die lewens te bewerkstellig deur die rigting van denke.

Die insig dat daar versigtigheid nodig is oor wat iemand dink, herinner ons aan die verantwoordelikheid wat elke individu het vir die inhoud van sy of haar gedagtes. Dit daag hul uit om bewus te wees van die gedagtes wat gevoed word en om doelbewus te kies om die gedagtes te rig op hoopvolle, skrifgebaseerde waarhede. Dit dien as 'n uitnodiging om denke te vernuwe en te transformeer deur die krag van die Woord van God.

Die inkorporering van neuroplastisiteit as 'n pastorale grondslag vir die vernuwing van denke versterk Bellini se model se wetenskaplike geldigheid. Dit dui daarop dat geestelike transformasie nie net 'n kognitiewe proses is nie, maar ook biologies gebaseer is op die brein se vermoë om te verander. Geestelike dissiplines soos gebed en skryfmeditasie is nie net geloofsgebaseerde praktyke nie, maar ook metodes wat die vermoë het om pastorante se gedagtes en gedrag te verander. Daarom bied hierdie model 'n deeglike teologiese raamwerk vir geestelike groei en hoe menslike bestaan op alle vlakke verander word as gevolg van verandering in denke. Bellini se metode kan 'n waardevolle bydrae tot die veld van hedendaagse pastoraat lewer.

Ten slotte toon die resultate dat hoop 'n noodsaaklike rol speel in menslike heling en pastorale sorg, met diepgaande gevolge vir geestelike en holistiese vernuwing.

## 6.3 BYDRAE VAN DIE STUDIE TOT DIE VELD VAN TEOLOGIE

Die bydrae van die studie is om grootliks die rol van hoop op kognitiewe vernuwing, binne hedendaagse konteks, te bepaal en hoe dit die proses van holistiese nuutwording en florering kan motiveer.

Hierdie studie het die potensiaal om waardevolle bydraes te lewer tot die veld van teologie, beide op teoretiese en praktiese vlak. Teoreties kan dit die rol van hoop as 'n teologiese konsep in pastorale sorg verder verduidelik en verbeter, veral met betrekking tot geestelike groei en vernuwing. Prakties kan dit ook riglyne verskaf vir pastorale versorgers oor hoe om hoop as 'n hulpmiddel in die genesingsproses te gebruik, wat direkte implikasies vir pastorale begeleiding en sorg kan hê. Hierdie studie verbeter die begrip en toepassing van teologiese leerstellings in pastorale situasies.

## 6.4 VOORSTELLE VIR VERDERE STUDIES

Vir verdere studies oor die tema van pastorale sorg en die rol van hoop op vernuwing en geestelike groei, kan die volgende navorsingsidees bestudeer word:

**1.** Die rol van hoop in verskillende pastorale kontekste

'n Verdere studie kan fokus op hoe die konsep van hoop in spesifieke pastorale kontekste toegepas kan word, soos trauma-berading, verslawing of siekte. Dit sal waardevol wees om te verstaan hoe hoop in verskillende situasies die pastorant se geestelike groei en herstel kan beïnvloed.

**2.** Die effektiwiteit van 'n hoop-gebaseerde pastoraat in praktiese toepassing

Met 'n fokus op meetbare geestelike, emosionele en fisiese uitkomste, kan hierdie ondersoek die werklike impak van hoop-gebaseerde pastoraat in gemeentes of beradingsentrums ondersoek. Dit het die vermoë om data in te samel om te demonstreer hoe hoop transformasie en vernuwing bevorder.

**3.** Die impak van gemeenskapsbetrokkenheid op hoop en vernuwing

'n Verdere navorsingsdoel kan fokus op hoe gemeenskapsondersteuning en sosiale betrokkenheid pastorante help om hoop te ontwikkel en holistiese vernuwing te bevorder. Dit kan die rol van familie, geloofsgemeenskappe of beradingsgroepe insluit.

**4.** Kognitiewe vernuwing en hoop: 'n interdissiplinêre benadering

'n Interdissiplinêre studie kan fokus op hoe kognitiewe gedragsterapie en pastorale sorg oorvleuel, spesifiek deur die lens van hoop en verlossing. Die studie kan ondersoek hoe die sielkunde en teologie saam kan werk om diepgaande geestelike en emosionele verandering te fasiliteer.

**5.** Verlossing en trauma: Pastorale sorg vir trauma

'n Verdere studie kan fokus op hoe die leer van verlossing pastorante wat deur ernstige trauma gegaan het, help om heling te vind. Die doel kan wees om te ondersoek hoe verlossing as 'n transformasieproses kan werk binne traumaberading deur hoop vir genesing in gedagte te hou.

**6.** Vernuwing van geestelike praktyke binne die pastorale konteks

'n Studie kan ondersoek instel na hoe die konsep van geestelike vernuwing, gebaseer op hoop en verlossing, geestelike praktyke soos gebed, bediening of aanbidding kan beïnvloed en verdiep. Dit kan gemeentes help om nuwe vorme van geestelike oefeninge te ontwikkel.

**7.** Die betekenis van eskatologiese hoop in pastorale sorg

'n Verdere studie kan die unieke rol van eskatologiese hoop in pastorale sorg ondersoek en hoe die verwagting van toekomstige vervulling of verlossing mense in die hede kan help om hul lyding beter te verwerk en geestelik te groei. Hierdie idees kan lei tot die verdieping van pastorale praktyke, beter begrip van die rol van hoop en verlossing in geestelike versorging en die ontwikkeling van nuwe strategieë vir versorging en ondersteuning in verskeie pastorale kontekste.

Om die unieke aard van pastoraat in die moderne wêreld te versterk en te ontwikkel, sal toekomstige navorsing die belangrikheid van hoop as 'n teologiese bron verder kan ondersoek.

Toekomstige navorsing sou ook 'n meer diepgaande begrip van die invloed van hoop as teologiese bron op die hedendaagse pastoraat kon ondersoek. Toekomstige studies wat ook oorgaan tot die vierde taak van Osmer se hermeneutiese metodologie van prakties-teologiese interpretasie sal verdere bydrae tot hierdie studieveld kan lewer. Hierdie toekomstige studies sal pastorale raamwerke kan formuleer wat erns maak met hoop as 'n teologiese konsep tydens die pastorale genesingsproses om sodoende holistiese vernuwing te bevorder.

## 6.6 SLOT

Hoop is noodsaaklik vir die ontwikkeling van innoverende denke deur 'n kragtige motiverende en transformasieproses te stimuleer. Wanneer 'n mens hoop koester, skep dit 'n geestestoestand wat jou help om probleme, struikelblokke en moeilikhede te oorkom. Hierdie hoop is gekoester in die waarhede van God.

Die teenwoordigheid van Goddelike hoop, moedig mense aan om positief te dink en die moontlikheid van sukses, geluk en verbetering te sien, selfs te midde van uitdagings en swaarkry. Dit kan 'n positiewe impak

hê op die manier waarop mense die lewe sien, sowel as die manier waarop hulle hul omstandighede, hulself en hul toekoms sien.

Hoop speel 'n groter rol in die aanmoediging van nuwe denke vanuit 'n Christelike perspektief. Christene verstaan hoop nie net as 'n optimistiese houding nie, maar as 'n vaste hoop wat gebaseer is op geloof en veral geloof in God se beloftes. Omdat dit gebaseer is op die trouheid en liefde van God, bied die Christelike geloof altyd hoop.

Die rol van hoop in die bevordering van nuwe denke, vanuit 'n Christelike perspektief, behels die erkenning dat God se beloftes waar en betroubaar is, selfs te midde van menslike twyfel en onsekerheid. Dit moedig gelowiges aan om hul denke te rig op die waarhede van God se Woord en om in ooreenstemming daarmee te leef.

Die Christelike geloof bied 'n dieper geestelike dimensie aan nuwe denke deur te erken dat ons nie alleen in ons probleme is nie, maar dat God ons help en begelei deur elke struikelblok. Dit gee ons die moed en vertroue om ons denke te herleef en te fokus op die dinge van bo, wat onverganklik en ewige is.

Hedendaagse pastoraat bevorder 'n interdissiplinêre benadering tot menslike gesondheid en heling, wat die mens in sy geheel erken en die betrokkenheid van ander wetenskapsvelde waardeer. Pastoraat het beide 'n uitdaging en 'n kans om sy unieke funksie te konseptualiseer, met 'n klem op heelheid, hoop, verlossing en kognitiewe vernuwing. Die uiteindelike bron van genesing is God, en die proses van sorg moet deur sy Gees gedryf word.

Die studie bevestig dat hoop, binne 'n teologies-interdissiplinêre pastorale raamwerk, betekenisvolle en diepgaande effekte het op die geestelike, emosionele en holistiese gesondheid van individue. Dit bied 'n pad na vernuwing, transformasie en geestelike groei, terwyl dit ook praktiese riglyne bied vir pastorale versorgers om mense in hierdie proses te ondersteun.

## BRONNELYS


Anderson, N.T. & Zuehlke, J.S. 2000. *Christ-centered therapy: a practical integration of theology and psychology.* Grand Rapids: Zondervan Bible Publisher.

Ballard, P., Pattison, S. & Lartey, E.Y. 2001. *Spiritual dimensions of pastoral care: practical theology in a multidisciplinary context.* Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Baumgardner, S.R. & Crothers, M.K. 2010. *Positive Psychology*. Upper Saddle River: Pearson Educational Publishers.

Bingaman, K.A. 2014. *The power of neuroplasticity for pastoral and spiritual care*. New York: Lexington Books.

Bellini, P.J. 2014. *Truth therapy: renewing your mind with the Word of God*. Oregon: Wipf and Stock Publishers.

Bezuidenhout, R. 2015. Pastoraat in 'n gemeenskapskerk. http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Pastoraat%20in%20n%20gemeenskapskerk.pdf Datum van toegang: 16 Sept. 2022.

Breed, G. 2013. Metateoretiese vertrekpunte ten opsigte van wetenskaplike navorsing in kinder- en jeugbediening. *In die Skriflig/In Luce Verbi,* 47(1):1-11.

Brunsdon, A.R. 2014. A three musketeering approach to pastoral care: reflections on collaboration between pastoral care, narrative therapy and positive psychology. *Verbum et Ecclesia*, 35(1):1-40.

Brunsdon, A.R. 2010. 'n Narratiewe benadering tot die pastoraat: kritiese opmerkings na aanleiding van die huidige teologiese debat. *HTS*, 30(2):1-20.

Bosch, I. 2014. *Pastorale sorg en berading*. Kaapstad: WordPress.

Boshoff, F. 2016. Onderlinge sorg. http://www.nghelder.co.za/index.php/2016-01-19-13-40-27/onderlinge-sorg Datum van toegang: 16 Mrt. 2022.

Buffel, O.A. 2002. 'The Potential of Clinical Pastoral Education in Facilitating Contextual, Effective and Affordable Pastoral Ministry for Impoverished Black Communities in South Africa'. *Black Theology* 20(3):235-250.

Bybel. 1933. *Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat*. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

Bybel. 1983. *Die Bybel.* Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Capps, D. 2001. *Agents of hope: A pastoral psychology.* Eugene: Wipf & Stock.

Capps, D. 1999. From mystical moment to therapeutic method: connections between psychology of religion and pastoral counseling. *Pastoral Psychology*, 48:23-44.

Cartledge, M.J. 1999. Empirical Theology: inter- or intra-disciplinary? *Journal of Beliefs and Values,* 20(1):98-104.

Charry, E.T. 2012. The necessity of divine happiness: a response from systematic theology. In Strawn, B.A., ed. *The Bible and the pursuit of happiness: what the Old and New Testaments teach us about the good life.* New York: Oxford University Press. pp. 229-248.

Charry, E.T. 2011. Positive theology: an exploration in theological psychology and positive psychology. *Journal of Psychology and Christianity*, 30(4):284-293.

Charry, E.T. 2010. *God and the art of happiness.* Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Charry, E.T. 2007. Happy pursuits: a Christian vision of the good life. *The Christian Century, 24 July*. https://www.christiancentury.org/article/2007-07/happy-pursuits Date of access: 29 Oct. 2023.

Charry, E.T. 2006. Walking in the truth: on knowing God. In: Padgett A.G. & Keifert, P.R., eds. *But is it all true? The Bible and the question of truth*. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company. pp. 114-169.

Charry, E.T. 2005. Following an unfollowable God. In: B.R. Gaventa, D. Juel & P.D. Miller. *The Ending of Mark and the Ends of God*. Louisville: Westminster John Knox.

Charry, E.T. 2004a. On happiness. *Anglican Theological Review,* 86:19–33.

Charry, E.T. 2004b. While visions of salvation dance in our heads. *Theology Today*, 61:291-296. http://dx.doi.org/10.1177/004057360406100301 Date of access: 22 Oct. 2023.

Charry, E.T. 2004c. Virtual Salvation. *Theology today,* 61:334-346.

Charry, E.T. 1997. *By the renewing of your minds: the pastoral function of Christian doctrine*. New York: Oxford University Press.

Charry, E.T. 1993. The case for concern: Athanasian Christology in pastoral perspective. *Modern Theology,* 9(3):265-283.

Cherry, K. 2023. Can positivie psychology make you happy? *Verywell mind psychology*, 1:1-10.

Clebsch, W. & Jaekle, C., 1975. *Ministers of Christ: A Model for Theological Reflection*. New York: Seabury Press.

Clinton, T., Hart, A. & Ohlschlager, G. 2005. *Caring for people God's way: personal and emotional issues, addictions, grief, and trauma*. Tennessee: Nelson Books.

Clinton, T. & Ohlschlager, G. 2005. *Competent Christian counselling.* Colorado Springs: Waterbrook Press.

Collins, G.R. 2005*. Die A tot Z van berading*. 2[e] uitgawe. Kaapstad: Christelike Boeke.

Damen, A. & Schuhmann, C. 2018. Representing the good: pastoral care in a secular age. https://doi.org/10.1007/s11089-018-0826-0 Date of access: 23 Feb. 2024.

De Klerk, W.J. 1985. *Rousmart: die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare.* Johannesburg: Boekhandel De Jong (Edms) Bpk.

Denton, R.A. 2011. Benutting van vergifnis binne 'n pastorale gestaltterapeutiese intervensie. *HTS,* 67(3):1-11.

Dillen, A. 2017. Beyond a sacrificial spirituality: enhancing flourishing pastoral ministers. *HTS,* 73(4):1-6.

Doehring, C. 2015. *Pastoral Care and Counseling: A Handbook for the Ministry*. New York: Oxford University Press.

Du Plessis, A.L. 2013. Meditasie: Bybelgefundeerd of 'n vermening van gelowe? 'n Pastorale ondersoek. *HTS*, 69(2):1-8.

Du Plessis, A.L. 2015. *Die rol van gebed by die proses van innerlike genesing: 'n pastorale studie.* Potchefstroom: North-West University. (Thesis- PHD).

Du Rand, J.A. 2014. Die Christelike hoop: 'n Bybels eskatologiese belydenis? *In die Skriflig* 48(1):1-10.

Du Toit, J.M. 2015. Terwyl die ketel kook (1946). http://www.dieweg.co.za/boodskappe/dieweg2015boodskap2310.html Datum van toegang: 21 Aug. 2022.

Dreyer, Y. 2018. Transcending fear and anxiety: the great cleanup. *Pastoral Psychology,* 67:475-491.

Dreyer, Y. 2016. *Reframing youth: a narrative and the dream of a South African idol.* 5de uitg. New York: Springer.

Dreyer, J.S. 2014. *Global developments: South Africa*. (In Miller-McLemore, B.J.). The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology. West Sussex: Blackwell Publishing Limited, 505-514.

Dreyer, Y. 2003. Beyond psychology: Spirituality in Henri Nouwen's pastoral care. *HTS,* 59(3):715-733.

Elliot, D. 2020. *Historical and multi-disciplinary perspectives on hope.* Manhattan: Springer International Publishing.

Erickson, M.J. 2013. *Christian Theology.* Michigan: Baker Academic Publishers.

Erickson, M.J. 1994. *The greatness of God*. Springfield: Logion Press.

Fruchtenbaum, A. 2018. Die inspirasie van die Bybel. https://faithequip.co.za/artikels/ Datum van toegang: 14 Sept 2022.

Fung, M. 2012. *The Notion of Hope in Pastoral Care and Positive Psychology: A Comparative Study of Andrew D. Lester's Hope Model and Charles Rick Snyder's Hope Theory.* The Chinese University of Hong Kong. (Thesis- PHD).

Gerkin, C.V., 1997. *Theological Reflection: Methods*. Nashville: Abingdon Press.

Goodman, C. 2009. *Consequences of Compassion.* London: Oxford University Press.

Green, G. 1998. *Imagining God.* Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Grung, A.H. 2023. *Complexities of spiritual care in plural societies: an introduction*. 8ste uitg. Leck: CPI Books.

Guthrie, D. 1981. The Lamb in The Structure of the Book of Revelation. Vox Evangelica: 64-71.

Harris, J. 2012. Positiewe Sielkunde. http://www.jorganharris.co.za/portfolioitem/positiewe-sielkunde/ Datum van toegang: 13 Sept 2023.

Heitink, G. 1993. *Praktische Teologie* (Praktiese Teologie). Kampen: Kok Boekencentrum.

Henriksen, J. 2019. Hope: a theological exploration. *Studia Theologica: Nordic Journal of Theology*, 73(2):117-133.

Hervieu-Léger, D. 2000. *Religion as a Chain of Memory*. Cambridge: Polity Press.

Hodge, C. 2009. *Systematic Theology.* 3de uitgawe. Louisville: GLH Publishing.

Horton, S.M. 1994. *Systematic Theology: A Pentecostal perspective*. Missouri: Logion Press.

Hvidt, N.C. *et al*. 2020. 'What is spiritual care? Professional perspectives on the concept of spiritual care identified through group concept mapping'. *BMJ Open* 10:e042142. doi:10.1136/ bmjopen-2020-042142

Janse van Rensburg, J. 2010. A holistic approach to pastoral care and poverty. *Verbum et Ecclesia,* 31(1):1-7.

Jennings, T.R. 2007. *Could it be this simple? A Biblical model for healing the mind*. Hagerstown: Autumn House Publishing.

Juel, D., 1999. *The Gospel of Luke: A Commentary*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Keathley, H. 2004. Salvation and the sovereignty of God: the great commision as the expression of the divine will. *Journal of the Grace Evangelical Society,* 22:1-22.

Kelsey, D.H. 2005. *Imagining Redemption.* Louisville: Westminster John Knox Press.

Kotzé, M. 2013. Beyond Verhey: reading and using the Bible in Christian Bioethics. *Journal of Theology for Southern Africa,* 147(1):90-105.

Larsen, D.J. & Stege, R. 2012. Client accounts of hope in early counseling sessions: A qualitative study. *Journal of Counseling & Development*, 90(1):45–54.

Lartey, E.Y. 1997. *Historical developments in pastoral care*. Michigan: Cambridge University Press.

Lester, A.D., 2005. *Pastoral Care and Counseling: A Handbook for the Health Professions*. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Lombaard, C. 2015a. Biblical spirituality and transformation. *In die Skriflig,* 49(2):1-6.

Louw, D.J.  2015b.  *Wholeness in hope care: on nuturing the beauty of the human soul in spiritual healing.* Zürich: LIT Publishers.

Louw, D.J. 2014a. Cura animarum as hope: towards a theology of the resurrection within the human quest for meaning and hope. *HTS Teologiese studies*, 70(1):1-10.

Louw, D.J. 2014b. Editorial note. *The pastoral journal for life care and spiritual healing,* 1(1):i-vi.

Louw, D.J. 2014c. Theory formation within the interplay between pastoral theology and practical theology. Towards a hermeneutics of care and counseling. *The Pastoral Journal for Life Care and Spiritual Healing,* 1(1):47-72.

Louw, D. 2013. *Cura Vitae: Illness and the healing of life.* Kaapstad: Lux Verbi Publishers.

Louw, D. 2012. *Network of the human soul*. 2e uitgawe. Kaapstad: Sun Press.

Louw, D.J. 2010. Pastoral anthropology beyond the paradigm of medieval thinking: from cura animarum (the anthropology of substantial thinking and nous) to cura vitae (the anthropology of systems thinking and phronēsis). *Scriptura,* 104:352-366.

Louw, D.J. 2005. *Ratwerke van die menslike siel: oor volwassenheid en lewensvaardighede*. Kaapstad: Sun Press.

Louw, D.A. 2003. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika*. 2$^{e}$ uitgawe. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Louw, D.J. 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: 'n Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Wellington: Lux Verbi Publishers.

Lee, S. & Sharp, M. 2019. Awakening forms and transformations of activist pastoral theology. *Journal of pastoral theology*, 29(1): 1-4.

Marais, N. 2015a. Happy? A critical analysis of salvation in Ellen Charry that portrays human flourishing as healing, beauty and pleasure. *Verbum et Ecclesia*, 36(1):1-10. http://dx.doi. org/10.4102/ve.v36i1.1359 Date of access: 1 Feb. 2023.

Marais, N. 2015b. *Imagining human flourishing: a systematic theological exploration of contemporary soteriological discourses*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Dissertation – PhD).

McMahon, C. 2020. Psyche, Soul, and Salvation: the science of the human and its place in Theology. *Journal of Moral Theology*, 9(1):203-221.

Meyer, J. & Fourie, H., 2019. Exploring a narrative approach through music as a pastoral care means to human flourishing. *Verbum et Ecclesia,* 40(1):1-8.

Miller-McLemore, B.J. 1996. *The living human web: Pastoral Theology at the turn of the Century*. (In Stevenson Moessner, J.). *Throuogh the eyes of women: Insights for pastoral care.* Minneapolis: Fortress Press, 9-26.

Milona, M. 2020. *Historical and multi-disciplinary perspectives on hope*. Manhattan: Springer International Publishing.

Minnie, F. & Lotter, G. 2012. Pastorale berading aan persone geaffekteer deur MIV. *Koers: Bulletin for Christian Scholarship,* 77(2):1-8.

McClure, B. 2012. *Pastoral care*. (In Miller-McLemore, B.J). The Wiley Blackwell Companion to Practical Theology. New Jersey: Blackwell Publishing Ltd, 269-278.

Moltmann, J. 1995. *Child and childhood as metaphors of hope*. America: The American Theological Library Association.

Mullen, B. 1997. The impact on postmodern thinking on evangelical hermeneutics. *Journal of the evangelical theological society*, 40(10): 20-122.

Nelson, P.C. & Wawire, P. 1998. *Bible Doctrines: Africa's hope discovery series*. Springfield: Africa's Hope.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology: an introduction*. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Pattison, Stephen. 2000. *A Critique of Pastoral Care*. Londen: SCM Press.

Pieterse, H.J.C. 2017. Praktiese Teologie. http://cke.christians.co.za/2016/03/25/praktiese-teologie/ Datum van toegang: 15 Aug. 2022.

Sawyer, V. 2016. *Salvation: Soteriology*. New York: Faith Bible institute.

Schoeman, K., Laubsher, M., Pali, J. & Van den Berg, J.A. 2012. Practical Theology at a Public University: the road travelled and the road ahead at the University of the Free State. In

Venter, R & Tolmie, F. (reds.). *Transforming Theological knowledge: essays on theology and the university after apartheid*. Bloemfontein: Sun Press, 127-146.

Scioli, A. 2020. *Historical and multi-disciplinary perspectives on hope*. Manhattan: Springer International Publishing.

Shively, J.M. 2019. *Interrogating hope theory*. Mississippi State University: Preprints.

Snyder, C.R., 2002. *The Psychology of Hope: You Can Get There from Here*. New York: Free Press.

Stone, H. & Lester, A. 2001. Hope and possibility: envisioning the future in pastoral conversation. Journal of pastoral care and counselling, 55(3), 50-71.

Strong, P. 2007. *Romans 12:2 As an important paradigm for transformation in a Christian: A practical theological study*. Potchefstroom: North-West University. (Thesis - PhD).

Speelman, G.E. 2023. *Shifting concepts of pastoral care in the Christian tradition: from the past to the present to the future*. 8ste uitg. Leck: CPI Books.

Tieleman, D., 1995. *Geloofscrisis als gezichtsbedrog: spiritualiteit en pastoraat in een postmoderne cultuur*. Kok.

Thesnaar, C. 2019. Holistiese Christelike Afrika-spiritualiteit tydens siekte en krisis: 'n Pastoraalhermeneutiese perspektief. *LitNet Akademies,* 16(3):213-234.

Tucker, T.L. 2021. *An evangelical pastoral theology derived from the life and works of John R.W. Stott*. Texas: Southwestern baptist theological seminary. (Thesis – PhD).

Van Arkel, J.D. 2000. Recent movements in Pastoral Theology. *Religion and Theology,* 7(3):142-168.

Van Koetsveld, E. 1978. *Schetsen uit de pastorij te Mastland: Ernst en luim uit het leven van de Nederlandse Dorpsleraar*. Wageningen : L.J.Veen

Van Rooyen, J. 2010. Spiritualiteit: 'n Teologiese Paradigma. Ongepubliseerde M.A. tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Walt, J. 2003*. Die Bybel A-Z*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Venter, R. 2015. Transformation, Theology and the public University in South Africa. *Acta Theologica,* 35(2):173-203.

Venter, C. 1996. *Uitkringende Liefdesbetoon: Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk*. Pretoria: RGN Books.

Viljoen, F.P. 2002. Mark, the Gospel of the suffering Son of Man: an encouragement directed to a despondent religious minority in the city of Rome. *In die Skriflig,* 36(3):455-474.

Walter, C. & Kaiser, J.R. 2003. *Preaching and teaching from the Old Testament*. Michigan: Baker Academic.

Wissing, M., Potgieter, J., Guse, T., Kumalo, T. & Nel, L. 2015. *Towards flourishing*: contextualising positive pscyhology. Pretoria: Van Schaik Publishers.

# Addendum A

Etiekklaring

Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: 018 299-1111/2222
Fax: 018 299-4910
Web: http://www.nwu.ac.za

**Senate Committee for Research Ethics**
Tel: 018 299-4849
Email: rsdethics@nwu.ac.za

24 April 2023

## ETHICS APPROVAL LETTER OF STUDY

Based on approval by the **Theology Research Ethics Committee (TREC)** on 24-04-2023, the Theology Research Ethics Committee hereby **approves** your research as indicated below. This implies that the North-West University Senate Committee for Research Ethics (NWU-SERC) grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the study may be initiated, using the ethics number below.

**Research title: Remain for Mission: Die rol van "hoop" as teologiese konsep binne hedendaagse pastorale sorg**

**Study Leader/Supervisor (Principal Investigator)/Researcher:** Dr Hannelie Yates & Prof Manitza Kotzé

**Post doctoral student: Van Biljon, L = #2629971**

**Ethics number:**

| N | W | U | - | 0 | 0 | 8 | 6 | 5 | - | 2 | 3 | - | A | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Institution — Study Number — Year — Status

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

**Application Type: Single Study**

**Commencement date: 2023/05/01** **Risk Category:** Low risk

**Expiry date: 2024/04/30**

**Approval of the research is initially provided for a year, after which continuation of the study is dependent on receipt and review of the annual (or as otherwise stipulated) monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation.**

**Special in process conditions of the research for approval (if applicable):**

**General conditions:**

*While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, the following general terms and conditions will apply:*

- *The study leader/supervisor (principle investigator)/researcher must report in the prescribed format to the TREC:*

1

- *annually (or as otherwise requested) on the monitoring of the study, whereby a letter of continuation will be provided, and upon completion of the study; and*
- *without any delay in case of any adverse event or incident (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the study.*

- *The approval applies strictly to the proposal as stipulated in the application form. Should any amendments to the proposal be deemed necessary during the course of the study, the study leader/researcher must apply for approval of these amendments at the TREC, prior to implementation. Should there be any deviations from the study proposal without the necessary approval of such amendments, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.*
- *Annually a number of studies may be randomly selected for an external audit.*
- *The date of approval indicates the first date that the study may be started.*
- *In the interest of ethical responsibility, the NWU-SCRE and TREC reserves the right to:*
  - *request access to any information or data at any time during the course or after completion of the study;*
  - *to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process;*
  - *withdraw or postpone approval if:*
    - *any unethical principles or practices of the study are revealed or suspected;*
    - *it becomes apparent that any relevant information was withheld from the TREC or that information has been false or misrepresented;*
    - *submission of the annual (or otherwise stipulated) monitoring report, the required amendments, or reporting of adverse events or incidents was not done in a timely manner and accurately; and / or*
    - *new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.*
- *TREC can be contacted for further information or any report templates via* Rudy.Denton@nwu.ac.za.

The TREC would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your study. Please do not hesitate to contact the TREC or the NWU-SCRE for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof Rudy Denton
Chairperson NWU Theology Research Ethics Committee (TREC)

Original details: (22351930) C:\Users\22351930\Desktop\ETHICS APPROVAL LETTER OF STUDY.docm
8 November 2018

File reference: 9.1.5.4.2